# DANS MET TRINITEIT

deur

Leon J Venter

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier: Prof. Jurgens Hendriks

Desember 2010

# VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie oorspronklike werk is, dat ek die outeursreg-eienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 12 November 2010

Kopiereg 2010 Stellenbosch Universiteit
Alle regte voorbehou

# OPSOMMING

In 1990 het H.S. Spies navorsing gedoen oor die praktyk en toekoms van die NG kerk in Parow. Sy bevinding was dat die NG kerk in Parow se lidmaattalle teen ŉ baie vinnige tempo daal en dat heelwat van die gemeentes nie finansieël sal oorleef nie. Hy het voorgestel dat daar ŉ paradigma skuif moet kom in die wyse waarop gemeentes funksioneer in die Ring. Hierdie studie som Spies se studie-bevindinge op en bespreek die reaksie van die geestelike leiers in Parow daarop. Dit vra die vraag waarom die Ring van Parow nie daarin kon slaag om die uitdagings van demografiese veranderinge in Parow aan te spreek oor die periode van twintig jaar nie.

Die Ring van Parow het groot erns gemaak met die bevindinge van Spies se studie en het beplanning gedoen om die uitdaging van demografiese verandering in Parow aan te spreek. Hulle het voorstelle ontwikkel wat daarop neerkom dat die gemeentes in die Parow Ring moet saamsmelt in een groot makro-gemeente. Dit het nooit gebeur nie en die situasie het bly versleg. Slegs ses gemeentes uit die twaalf wat in 1990 bestaan het, is nog onafhanklik. Ses gemeentes het vanweë finansiële druk met ander gemeentes saamgesmelt in die periode tussen 1990 en 2002. Die omgewing het demografies baie verander en daar woon meer mense as ooit tevore in Parow, maar dit is nie tradisionele wit, Afrikaans sprekende, NG kerkmense nie.

Die studie bespreek ook die wyer konteks van verandering waarin die gebeure in Parow Ring afspeel, naamlik, globalisasie, post modernisme en post Christendom. Dit toon aan dat die kennis, gedrag en gewoontes wat die leiers in ŉ vorige periode aangeleer het, nie genoegsaam is vir die uitdagings van die veranderinge.

Die studie beskryf twee paradigmaskuiwe wat kan help om ŉ nuwe ekklesiologiese praktyk in Parow te bevorder. Die eerste paradigmaskuif hang saam met nuwe teologiese insigte wat die afgelope sestig jaar ontwikkel het rondom die begrip missio Dei. Die tweede paradigmaskuif wat in die studie uitgelig word, het te doen met vaardighede van geestelike leiers in die hantering van verandering. Die studie se uitgangspunt is dat die veld en wêreld waarin geestelike leiers moet optree sodanig verander het, dat daar net een manier is om dit te hanteer en dit is die transformasie van die geestelike leiers se eie voorveronderstellings, kennis, idees en praktyke. Die ontluikende leierskapsvaardigheid waardeur ons leer om transformerend aan te pas by die veranderinge deur in pas te kom met missio Dei, is geloofsonderskeiding.

Geestelike leiers moet geloofsonderskeiding as leierskapvaardigheid aanleer en gemeente-praktyk maak, omdat dit die wyse is waarop die geloofsgemeenskap vanuit luister en doen-spasies, na die wêreld gelei word om daar saam met missio Dei te werk. Dit is in luisterende, gehoorsame doen-spasies, en in groeiende bewussyn van die teenwoordigheid van Triniteit, waar transformasie van die geloofsgemeenskap plaasvind.

Die fenomenologiese beskrywing deur Otto Scharmer van wat hy noem die ontluikende leierskapsvaardigheid van *presencing*[1] help om die proses van geloofsonderskeiding beter te begryp.

Die studie eindig met drie nuwe hipoteses.

[1] *Presencing* is ‘n nuut ontluikende leierskapvaardigheid volgens Otto Scharmer. Dit is die vaardigheid om vanuit die opdagende toekoms te leer, eerder as slegs reflekterend uit die verlede.

# SUMMARY

In 1990 H.S. Spies did research on the praxis and future of the DRC churches in Parow. He found that the membership of the DRC in Parow was declining at a very fast rate and that many congregations would not survive financially. He proposed that a new paradigm was needed for the ministry in Parow. This study makes a summary of his thesis and discusses the reaction of the leaders in Parow on his study. It asks the question why the Circuit of Parow could not in their context address the challenge of changing demographics over a period of twenty years.

The Circuit of Parow took the findings of Spies very serious and planned to address the challenge of changing demographics in Parow. Their proposal founds its culmination in the idea that all the Parow congregations must become one big mega-church. It never became a reality and the situation worsened. In fact, only six of the twelve congregations that exist in 1990 are still independent and alive. The other six congregations dissolved and became part of stronger congregations between 1990 and 2002.

The area of Parow has changed demographically. There are more people living in the area, but it is not traditional white, Afrikaner, DRC, people. The congregations in the circuit could not cross the borders of race, colour, language and culture to include others.

This study also discusses the wider context in which the story of Parow is playing out, namely the three storms of change, globalisation, post modernism and post Christianity. The knowledge, habits and actions that the leaders employed in the past are not helpful in the changing world.

The study describes two paradigm shifts that are taking place in the church that could help to develop a new ecclesiological practice in Parow.

The first paradigm shift relates closely with the theological insights that developed in the past sixty years around the concept of missio Dei.

The second paradigm shift that is brought forward in this study relates with the skills of spiritual leaders in managing change. The study maintain, that in light of the changes in the world and the field in which spiritual leaders operate, the only way to handle the new challenges is by the transformation of the spiritual leader's own pre-conceptions, knowledge, ideas and practices. The leadership ability, by which we learn to understand how God is already present in the world according to the insights of missio Dei, is faith discernment. Discernment is the process whereby Christians step into listening and doing spaces as a faith community.

Spiritual leaders will have to learn discernment and how to make it an ecclesiological practice. It is in the listening and doing spaces and in growing consciousness of the presence of Trinity, where transformation of the faith community takes place.

The phenomenological description by Otto Scharmer of what he calls the new leadership skill of *presencing*[2] helps to understand the process of faith discernment better.

The study ends with three new hipotheses.

[2] *Presencing* is a description of an emerging leadership skill according to Otto Scharmer. It means the ability to learn from the future instead of concentrating one-sidedly on the past.

# INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1 ..... 1

1. HIPOTESES EN NAVORSINGSMETODIEK ..... 1

1.1 BIOGRAFIESE AGTERGROND ..... 2

1.2 AGTERGROND OOR PAROW RING ..... 2

1.3 PROBLEEMSTELLING ..... 3

1.4 SENTRALE NAVORSINGSVRAAG ..... 3

1.4.1 Spesifieke navorsingsvrae ..... 3

1.5 DOEL VAN STUDIE ..... 3

1.6 DOELWITTE ..... 3

1.7 METODOLOGIE ..... 4

Hoofstuk 2 ..... 5

2. BEVINDINGE VAN H.S. SPIES SE PRAKTYK-TEOLOGIESE ONDERSOEK IN DIE RING VAN PAROW IN 1990 ..... 5

2.1 DOEL VAN HOOFSTUK ..... 5

2.2 BEVINDINGE VAN SPIES ..... 5

2.3 WERKLIKE SITUASIE VAN RING VAN PAROW IN MAART 1990 ..... 5

2.4 SPIES SE GEVOLGTREKKING ..... 6

2.5 SPIES SE NAVORSINGSVRAE ..... 6

2.6 SPIES SE BASISTEORIE ..... 7

2.7 LEEMTES IN RING ..... 7

2.8 SPIES: ’n PARADIGMA SKUIF IN DENKE IS NODIG ..... 7

2.9 VYF KENMERKE VAN GEMEENTES MET DALENDE LIDMAATTALLE ..... 7

2.10 SPIES SE PRAKTIESE VOORSTELLE .................................................... 8
2.10.1 Persoonlike kerklike visitasie .................................................... 8
2.10.2 Hulpverlening op finansiële gebied .................................................... 8
2.11 EVANGELISASIE .................................................... 8
2.12 Toerusting van gelowiges (leierskap) .................................................... 9
2.13 Gereelde opsporingsveldtogte .................................................... 9
2.13.1 Samewerking en samesmelting .................................................... 9
2.13.2 Hersiening van die stelsel van eweredige bydraes .................................................... 10
2.14 VYF NUWE HIPOTESES .................................................... 10
2.15 OPSOMMENDE OPMERKINGS .................................................... 10
Hoofstuk 3 .................................................... 11
3 BEPLANNING EN OPTREDE VAN RING VAN PAROW OP UITDAGINGS VAN DIE VERANDERINGE .................................................... 11
3.1 DOEL VAN HOOFSTUK .................................................... 11
3.2 RINGSITTING: 1990 .................................................... 11
3.3 VRAE OOR MAKROVLAK TENDENSE .................................................... 12
3.4 STRATEGIES TEOLOGIESE BEPLANNING BY DIE 1990 RINGSITTING .................................................... 12
3.5 INSIGTE VAN DIE RING OOR DIE SITUASIE EN UITDAGINGS IN PAROW IN 1990 .................................................... 12
3.6 LYS VAN TENDENSE .................................................... 13
3.7 VIER VERWAGTE VERANDERINGE IN PAROW .................................................... 13
3.7.1 Verwagte demografiese veranderinge .................................................... 13
3.7.2 Verwagte ekonomiese veranderinge .................................................... 14
3.7.3 Verwagte veranderende tegnologie .................................................... 14
3.7.4 Verwagte / Waardesisteme /Godsdienspatrone .................................................... 14
3.8 SWOT ANALISE BY 1990 RINGSITTING .................................................... 14

3.9 BESLUITE VAN DIE RINGSITTING VAN 1990 ...................................... 15
3.9.1 Ringskommissie vir leer en aktuele sake ................................................ 15
3.9.2 Ringskommissie vir diens van barmhartigheid........................................ 16
3.9.3 Rings fondse kommissie ......................................................................... 16
3.9.4 Rings jeugkommisie................................................................................ 16
3.9.5 Ringsbeplanningskommissie .................................................................. 16
3.9.6 Die rings kommissie vir ampsbediening en evangelisasie (AKAE) .......... 17
3.9.7 Oor die evaluering en implementering word die volgende besluit geneem ................................................................................................. 18
3.10 OPMERKINGS OOR 1990 RINGSITTING ............................................. 18
3.10.1 Sentrale navorsingsvraag ....................................................................... 19
3.11 RINGSITTING: 1992................................................................................ 19
3.11.1 Opmerkings oor 1992 ringsitting ............................................................ 20
3.11.2 Spesiale ringsitting: 1995......................................................................... 21
3.11.3 Besluite van die ringsitting ...................................................................... 21
3.11.4 Opmerkings oor 1995 ringsitting ............................................................ 21
3.12 RINGSITTING: 1997................................................................................ 22
312.1 Opmerkings oor 1997 ringsitting ............................................................ 23
3.12.2 Ringsitting: 1999 ...................................................................................... 24
3.12.3 Verhaal van beplanning en retraits word vertel....................................... 24
3.12.4 ’N droom het begin ontwikkel in die retraites .......................................... 25
3.13 OPMERKINGS OOR 1999 RINGSITTING ............................................. 26
3.14 RINGSITTING: SEPTEMBER 2001........................................................ 27
3.14.1 Jurgens Hendriks se paradigmaskuiwende insigte ................................. 27
3.14.2 Besluit oor eenwording by ringsitting 2001 ............................................. 29
3.14.3 Opmerkings oor 2001 ringsitting ............................................................ 30

3.15 RINGSITTING: 2002 .......... 30
3.15.1 Gemeentes se reaksie ten opsigte van eenwording .......... 30
3.15.2 Verslag van die rings kommissie vir Getuienis .......... 32
3.16 DIE GELEENTHEID VAN PAROW SUID .......... 34
3.17 OPMERKINGS OOR DIE RINGSITTING VAN 2002 .......... 35
3.18 OPMERKINGS OOR DIE REAKSIE VAN DIE GEESTELIKE LEIERS VAN PAROW OP DIE UITDAGINGS VAN DIE VERANDERINGE SEDERT 1990: .......... 37
Hoofstuk 4 .......... 40
4. DIE VOLMAAKTE STORM .......... 40
4.1 DOEL VAN HOOFSTUK .......... 40
4.2 PLAASLIKE UITSPEEL VAN ŉ WêRELDWYE STORM .......... 40
4.3 EERSTE STORM: GLOBALISASIE .......... 41
4.3.1 Wat is globalisasie? .......... 41
4.3.2 Drie prosesse van globalisasie wat die sosiale sisteem beïnvloed .......... 41
4.3.3 Globalisasie beïnvloed vier lewensfere .......... 43
4.3.4 Globalisasie het twee groot temas .......... 44
4.3.5 Manuel Castells: Effek van globalisasie op identiteit .......... 45
4.4 BELANGRIKHEID VAN IDENTITEIT VIR DIE KERK .......... 49
4.5 UITDAGING VAN GLOBALISASIE AAN DIE KERK .......... 50
4.6 TWEEDE STORM: POSTMODERNISME .......... 53
4.7 SENTRALE NAVORSINGSVRAAG EN UITDAGING VAN POSTMODERNISME .......... 55
4.7.1 Sentrale navorsingsvraag en post christendom .......... 57
4.8 OPSOMMENDE OPMERKINGS .......... 57
Hoofstuk 5 .......... 59
5 GEESTELIKE LEIERSKAP IN DIE STORMS VAN VERANDERING .......... 59

5.1 DOEL VAN HIERDIE HOOFSTUK ... 59

5.2 DRIE FOUTE WAT LEIERS MAAK IN DIE HANTERING VAN GROOT VERANDERINGE ... 59

5.2.1 Eerste fout: Leiers reageer tipies met Westerse bestuursdenke op die uitdaging van veranderinge ... 59

5.2.2 Tweede fout: Leiers leer uit die verlede hoe om vir die toekoms te beplan ... 60

5.2.3 Derde fout: Leiers hanteer komplekse en grootskaalse verandering simplisties ... 62

5.3 WAT MOET LEIERS DOEN IN VERANDERINGSPROSESSE? ... 65

5.4 LEIERS MOET LEEF IN 'n LIMINALE VERHOUDING MET TRINITEIT ... 66

5.5 LEIERS SKEP *COMMUNITAS* ... 70

5.5.1 Leiers moet geloofsgemeenskap begelei ... 71

5.5.2 Leiers moet konsentreer op innerlike oorgange van mense ... 72

5.5.3 Leiers lei die geloofsgemeenskap in 'n voortgaande reformasie ... 74

5.5.4 Leiers laat vaar beheer oor verandering en vertrou die geloofsgemeenskap ... 75

5.5.5 Leiers vertel die ware bybelse sisteemstorie waaruit identiteit en roeping herontdek word ... 76

5.5.6 Leiers moet 'n koherente bybelse verstaansraamwerk bou ... 77

5.5.7 In ware bybelse sisteemstorie is nuwe spelreëls opgesluit ... 78

5.6 LEIERS SKEP 'n PRAKTYK VAN LUISTER EN GELOOFSONDERSKEIDING IN DIE GEMEENTE ... 79

5.7 Leiers skep ruimte vir die Heilige Gees ... 80

5.8 OPSOMMENDE OPMERKINGS ... 80

Hoofstuk 6 ... 82

6. MISSIO DEI: BASIS VAN 'n NUWE SISTEEMSTORIE ... 82

6.1 DOEL VAN HIERDIE HOOFSTUK ........................................................ 82

6.2 ONVOLHOUBAARHEID VAN DIE CHRISTENDOM PARADIGMA......... 82

6.3 AGTERGROND VAN DIE BEGRIP MISSIO DEI .................................... 83

6.4 MISSIO DEI IS ’n PARADIGMASKUIF .................................................... 84

6.5 SKADUKANTE VAN MISSIO DEI AS PARADIGMASKUIF ..................... 85

6.6 MISSIO DEI AS BASIS VIR ’n KOHERENTE BYBELSE SISTEEMSTORIE VIR DIE KERK ......................................................... 85

6.7 IMPLIKASIES VAN MISSIO DEI TEOLOGIE VIR EKKLESIOLOGIE...... 89

6.8 LIMINALITEIT: VRA VAN GODSVRAE IS VERTREKPUNT VIR AANSLUITING BY MISSIO DEI.............................................................. 91

6.9 OPSOMMENDE OPMERKINGS ............................................................ 91

Hoofstuk 7 ........................................................................................................ 93

7. GELOOFSONDERSKEIDING AS ROETE TOT TRANSFORMASIE EN DEELNAME AAN MISSIO DEI ............................................................... 93

7.1 DOEL VAN HIERDIE HOOFSTUK ........................................................ 93

7.2 GELOOFSONDERSKEIDING EN MISSIO DEI ....................................... 94

7.3 GELOOFSONDERSKEIDING AS ONTLUIKENDE VAARDIGHEID........ 95

7.4 WAT IS GELOOFSONDERSKEIDING? ................................................ 96

7.5 GELOOFSONDERSKEIDING IS KORPORATIEWE LIMINALITEIT ....... 96

7.5.1 Godsvrae is die vertrekpunt ..................................................................... 97

7.6 GELOOFSONDERSKEIDING IS ’n COMMUNITAS GEBEURE .............. 99

7.7 Dit vorm identiteit ....................................................................................... 99

7.8 GELOOFSONDERSKEIDING HERONTDEK DIE BYBELSE ROEPING EN SISTEEMSTORIE ....................................................... 100

7.9 GELOOFSONDERSKEIDING IS ’n PRAKTYK VAN LUISTER.............. 101

7.9.1 Implikasies vir kerklike bestuur en vergaderings.................................... 102

7.10 OPSOMMENDE OPMERKINGS .......................................................... 104

Hoofstuk 8 .......................................................................................... 106

8. ONTLUIKENDE LEIERSKAPVAARDIGHEID:PRESENCING: LEER UIT DIE TOEKOMS SOOS DIT AANBREEK .................................................... 106

8.1 DOEL VAN HIERDIE HOOFSTUK ..................................................... 106

8.2 *PRESENCING* BETEKEN LEIERS GEBRUIK ŉ TWEEDE BRON VAN LEER: DIE ONTLUIKENDE TOEKOMS .............................................. 108

8.3 DIE PROSES VAN SOSIALE WERKLIKHEIDSFORMASIE: BEWUSSYN EN WIL ........................................................................... 109

8.3.1 Primêre weet *(presencing*) (vlak 4 kennis)........................................... 111

8.4 HOE BEWEEG JY NA DIEPER VLAKKE VAN KENNIS? DEUR AANDAG TE VERSKUIF ....................................................................... 113

8.4.1 Aandag buigpunt 1: Suspensie van oordeel .......................................... 115

8.4.2 Aandag buigpunt 2: Laat nuwe moontlikhede toe ................................. 115

8.4.3 AANDAG BUIGPUNT 3: LAAT VAAR *(“Letting Go”)* ............................ 115

8.4.4 Aandag buigpunt 4: Kristalisering: *(“letting come”)* ................................ 116

8.4.5 Aandag buigpunt 5: Bring voort / beliggaming *(“Turning outward”)*........ 116

8.4.6 Aandag buigpunt 6: Vassluit / institusionalisering (“institutional embodiment”)........................................................................................ 116

8.5 BETEKENIS VAN AANDAG BUIGPUNTE VIR VAARDIGHEID VAN GELOOFSONDERSKEIDING ............................................................ 116

8.6 ALGEMENE BEGINSELS VAN DIE ONTLUIKENDE LEIERSKAP-VAARDIGHEID: *PRESENCING*........................................................... 118

8.7 BEGINSEL EEN: VOORRANG VAN PRAXIS ...................................... 118

8.8 BEGINSEL TWEE: OMKEER VAN HOUER EN INHOUD.................... 118

8.9 BEGINSEL DRIE: INVERSIE............................................................. 119

8.10 BEGINSEL VIER: MIKRO / MAKRO SKUIF *(Gaan deur die oog van die naald)* ........................................................................................ 119

8.11 BEGINSEL VYF: SISTEEM AANVOELING: DIE OPDAAG VAN DIE GEHEEL ("The Coming-into-Presence of the Whole") ... 120

8.12 BEGINSEL SES: ALGEMENE WIL: DIE MAG VAN INTENSIE ... 121

8.13 BEGINSEL SEWE: DIE FEILBARE SELF (Die Mag van Liefde) ... 121

8.14 GEREEDSKAP VAN DIE VAARDIGHEID PRESENCING: *LUISTER EN DIALOOG* ... 122

8.15 GEREEDSKAPSTUK 1: LUISTER ... 122

8.16 GEREEDSKAP STUK 2: DIALOOG ... 125

8.17 TAAL-GEE: VIER VELDE VAN DIALOOG ... 125

8.18 TAAK VAN LEIER RONDOM GESPREK / DIALOOG ... 127

8.19 KONKLUSIE: PRESENCING: 'n ONTLUIKENDE SESDE DISSIPLINE? ... 128

Hoofstuk 9 ... 130

9. GEVOLGTREKKINGS VAN DIE STUDIE ... 130

9.1 DOEL VAN HOOFSTUK ... 130

9.2 EERSTE PARADIGMA SKUIF: MISSIO DEI ... 131

9.3 TWEEDE PARADIGMA SKUIF: GEESTELIKE LEIERSKAP SE ROL EN TAAK IS GELOOFSONDERSKEIDING ... 131

9.4 DRIE NUWE HIPOTESES ... 134

BIBLIOGRAFIE ... 136

# Hoofstuk 1

## 1. HIPOTESES EN NAVORSINGSMETODIEK

In hierdie hoofstuk beskryf ek die hipoteses waarmee ek as navorser die studie aangepak het:

Die Ring van Parow het goeie ontledingswerk en beplanning gedoen na aanleiding van die MTh studie van Spies in 1990. Hulle het baie erns gemaak om die uitdagende veranderinge wat die Ring beleef, te verstaan, te beskryf en het na moontlike oplossings gesoek. Met die voordeel van terugskou is dit duidelik dat die Ringsleiers die klassieke fout van modernistiese *Mainline Churches* begaan het, naamlik ŉ oorbeklemtoning van bestuur, organisasie en tegniek in hul poging om die probleem van dalende lidmaattalle in Parow aan te spreek.

Die ekklesiologiese basisteorie is in gemeente-praktyk steeds ŉ herder-kudde verstaansraamwerk van kerkwees en na twintig jaar steeds oorheersend in die gemeente-praktyk van die NG kerk in Parow, ten spyte daarvan dat huisbesoek nie meer so ŉ hoë prioriteit geniet nie. Eredienste en gemeentepraktyke weerspieël na twintig jaar steeds nie die diversiteit wat die demografiese verskuiwings in die gebied meegebring het nie. Daar is nie genoeg aangepas by die veranderende omgewing nie en ook nie genoegsaam aangepas vir ŉ interkulturele en diverse samelewing nie. Die praktyk van gemeentewees in Parow ontbloot ook steeds die gebrek aan betrokkenheid van die NG gemeentes by die nood van mense in hul onmiddellike omgewing.

Daar is reeds in Spies se studie geïdentifiseer dat die kerk in Parow paradigmaskuiwe sal moet maak in hul verstaan van kerk en gemeente-wees. Dit het nog nie gebeur in die gemeente-praktyk van die gemeentes in die Ring van Parow nie, waarskynlik omdat daar nog nie helderheid is oor wat die nuut opdagende paradigmaskuiwe is nie.

Die gebeure in die Ring van Parow die afgelope twintig jaar is die plaaslike uitspeel van ŉ universele drama en gebeure wat groter is as die individuele rolspelers in Parow. Met terugskou kan die globale drama wat Parow beïnvloed het, beskryf en die uitdagings wat dit bied, verwoord word.

Missio Dei teologie bied die basis vir die teologiese paradigma-skuif en nuwe ekklesiologiese raamwerk waarna die NG kerk in Parow die afgelope twintig jaar aan die soek was. Transformasie in die kerk sal slegs begin as die geestelike leiers vanuit ŉ missio Dei paradigma of ongereduseerde Bybelse sisteemstorie begin opereer.

Geloofsonderskeiding is die ontluikende leierskapvaardigheid waarlangs die gemeentepraktyk verander en in lyn gebring kan word met missio Dei en die nuwe werklikhede van Parow. Die uitdaging vir die geestelike leiers in Parow is nie beplanning, strategie en strukture nie, maar persoonlike transformasie en "wag op die

opdaag[3] van Christus" wat die transformasie teweegbring. Die wag op die opdaag van Christus in bewussyn, geskied individueel en in *communitas* en is ŉ luisterende, geloofsonderskeidende, transformerende proses!

Die fenomenologiese beskrywing van die ontluikende leierskapvaardigheid *"presencing*" deur Otto Scharmer is ŉ goeie fenomenologiese beskrywing van die ontluikende leierskapvaardigheid van "geloofsonderskeiding" wat geestelike leiers moet ontwikkel om die sosiale transformasie te begelei. Dit is die beskrywing van die praktyk-paradigmaskuif wat nodig is in die NG kerk in Parow.

## 1.1 BIOGRAFIESE AGTERGROND

Die navorser is leraar in Parow Vallei Oos (een van ses gemeentes in die Ring van Parow) sedert Julie 2008 en is dus midde in die problematiek van kwynende gemeentes in Parow.

Die navorser was tussen 1988 en 1997 leraar van ŉ nuwe voorstedelike gemeente in Sonstraal, Durbanville. In 1997 het hy ŉ aanbod gekry om deel te word van ŉ bestuurs-en-leierskap-ontwikkeling-span by Ou Mutual. Die aanbod het hy aanvaar en het die bediening in 1997 verlaat. ŉ Aansoek om tentmakerstatus by die Ring van Durbanville is nooit hanteer nie en die navorser het sy status as predikant verloor. In 2000 het die navorser, wat ŉ sterk entrepreneuriese ingesteldheid het, Ou Mutual verlaat en die sakewêreld betree. In 2002, na die dood van sy twaalfjarige seun het hy ŉ aansoek gedoen om herstel van status as predikant. Tydens die aflegging van die *Colloqium Doctum* eksamen was daar ŉ misverstand oor eksamentye en het hy slegs een van die twee sessies bygewoon. Sy aansoek het misluk en hy is versoek om beter akademies voor te berei en weer aansoek te doen. In 2007 het hy weer aansoek gedoen en is toegelaat na Colloqium Doctum.

## 1.2 AGTERGROND OOR PAROW RING

Die problematiek van kwynende NG gemeentes in Parow is in 1990 deur Spies in sy MTh studie uitgespel en het die agenda van die Ring die afgelope twintig jaar bepaal en oorheers.

Die gebied van Parow het die afgelope twintig jaar teen ŉ toenemende tempo divers geraak wat bevolking betref. Daar was ŉ groot uittog van tradisionele wit Afrikaanse lidmate uit die area. Dit is ŉ gebied waar integrasie van die bevolking duidelik gesien kan word in die woongebiede en skole. Almeer woonstelgeboue verrys tussen be-

[3] Ek werk deurentyd met die teologiese waarheid dat Christus altyd en oral teenwoordig is. Die praktiese waarheid is egter dat ons 'n **swak ontwikkelde, individuele en kommunale bewussyn** van Christus se teenwoordigheid het. Met die begrip "opdaag van Christus," of "opdaag van Triniteit," bedoel ek die "opdaag van Christus" se mistieke teenwoordigheid in ons individuele en kommunale bewussyn. Die opdaag van **Christus se teenwoordigheid in dieper vlakke van bewussyn is lewenstransformerend.** Met die begrip "opdaag" word nie bedoel dat Christus nie teenwoordig is, tot Hy opdaag in ons bewussyn nie. Dit beteken wel dat ons meestal, ten spyte van Sy teenwoordigheid, nie bewus is van Hom nie. Die basiese uitgangspunt van hierdie studie is dat ons die vaardigheid moet aanleer om vanuit dieper bewussyns-vlakke van Christus se teenwoordigheid te leef en werk, sodat Sy transformerende krag almeer in ons lewens en gemeentes na vore kan kom. Die teologiese basis vir Sy teenwoordigheid is missio Dei en die leierskapvaardigheid wat ons moet ontwikkel om dieper bewussyn van Sy transformerende teenwoordigheid te beleef, is geloofsonderskeiding.

staande huise, tradisionele NG lidmate trek steeds uit die gebied, verouder en verarm wat ernstige druk plaas op die oorblywende gemeentes.

Die finansiële vermoë van die gemeentes het sodanig afgeneem dat slegs drie van die ses oorblywende gemeentes (van twaalf in 1990) nog in staat is om hul finansiële verpligtinge na te kom deur die bydraes van gemeentelede. Die ander drie is in toenemende mate afhanklik van rente en huur inkomste. Die aantal predikante het sedert 1990 afgeneem van twintig tot sewe in 2010, waarvan een ŉ tentmaker is.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

In1990 het Spies tot die gevolgtrekking gekom dat ŉ hele aantal van die gemeentes in Parow nie ekonomies sal oorleef nie. Die gevolgtrekkings en voorspellings van sy studie is grotendeels die afgelope twintig jaar bewaarheid. Ses van die twaalf gemeentes het reeds verdwyn die afgelope twintig jaar.

Dit is duidelik dat die tradisionele NG Kerk benadering tot gemeente bediening in die area nie bydra tot enige groei nie. Dit is ook duidelik dat die NG kerk steeds sal voortgaan om te kwyn as die bestaande bedieningspraktyk voortgesit word. Die vraag in hierdie studie is of die tendens van kwynende NG gemeentes omgekeer kan word.

## 1.4 SENTRALE NAVORSINGSVRAAG

Die sentrale navorsingsvraag van die studie is: Waarom kon die Ring van Parow in die afgelope twintig jaar, sedert 1990, nie die uitdagings van die groot demografiese verskuiwings in sy konteks, Parow, hanteer nie?

Hierdie navorsing wil ŉ bydrae lewer in die soeke na ŉ antwoord op die sentrale vraag deur die volgende vier spesifieke vrae te beantwoord:

### 1.4.1 Spesifieke navorsingsvrae

- Wat was die inhoud en gevolgtrekking van Spies se 1990 studie wat oor die Ring van Parow gedoen is?
- Wat het in die Ring van Parow gebeur na aanleiding van Spies se studie, d.w.s. watter pogings is aangewend om die uitdagings van verandering soos beskryf deur Spies aan te pak?
- Wat is die nuut ontluikende teologiese denkraamwerk of paradigmaskuif wat nuwe perspektiewe kan gee op kerkwees in Parow?
- Watter praktiese paradigmaskuif is nodig vir geestelike leiers om ŉ sosiale transformasie te ontsluit in die Parow gemeentes?

## 1.5 DOEL VAN STUDIE

Om die reaksie van geestelike leiers op die uitdaging van grootskaalse verandering in die Parow Ring sedert 1990 te beskryf, ŉ beknopte literatuur studie te doen oor die aard van die uitdagings vir geestelike leiers en om nuwe teologiese perspektief te bring op die praktyk van gemeente-bediening in die toekoms.

## 1.6 DOELWITTE

Om die Parow Ring te beskryf t.o.v. hul reaksies op die uitdagings van die problematiek van dalende lidmaattalle soos beskryf in Spies se studie in 1990.

Om ŉ literatuurstudie te doen oor die implikasie van die versnelde sosiale veranderinge wat regdeur die wêreld woed.

Om die ekklesiologies-hermeneutiese perspektiewe wat missio Dei teologie bied en die paradigmatiese en praktiese uitdagings wat hierdeur vir geestelike leiers na vore kom, te beskryf.

## 1.7 METODOLOGIE

Dit is ŉ beskrywende kwalitatiewe studie, prakties-teologies van aard, wat ondersoek doen na die aksies van die Ring ten opsigte van die uitdagings van verandering soos beskryf deur Spies in 1990. Die Rings-verslae word daarvoor as bron gebruik.

Daar word ook ŉ literatuurstudie gedoen om die nuwe ontluikende teologiese denke van missio Dei en die implikasies daarvan vir gemeente bedieningspraktyk te beskryf.

Die studie val uiteen binne die raamwerk van Richard Osmer (2008) se model van prakties teologiese interpretasie waarin vier vrae gevra word, naamlik:

1. Die deskriptief-empiriese taak wat vra: Wat gaan aan? *In die deel word die geskiedenis van die Ring van Parow tussen 1990 en 2002 kortliks beskryf.*

2. Die interpretasie taak wat vra: Waarom gaan dit aan? *In die deel word die breë agtergrond van lewensveranderende gebeure in die wêreld beskryf.*

3. Die normatiewe taak wat vra: Wat moet gebeur? *In die deel word die nuwe denke oor God soos dit na vore kom in mission Dei teologie beskryf.*

4. Die pragmatiese taak wat vra: Hoe kan ons reageer? *In die deel word die ontluikende vaardigheid van geloofsonderskeiding as beskryf.*

# Hoofstuk 2

## 2. BEVINDINGE VAN H.S. SPIES SE PRAKTYK-TEOLOGIESE ONDERSOEK IN DIE RING VAN PAROW IN 1990

### 2.1 DOEL VAN HOOFSTUK

Hierdie hoofstuk is ŉ opsomming van Spies se MTh studie in 1990. Dit is ŉ belangrike studie, want sy beskrywing van die tendense in die Ring van Parow het die agenda en werksaamheid van die Ring sedert 1990 beslissend bepaal.

### 2.2 BEVINDINGE VAN SPIES

In die MTh studie het Spies (1990:9) ŉ praktyk-teologiese ondersoek gedoen na die daling in lidmaattalle van die Ring van Parow in die Ned. Geref. Kerk deur middel van empiriese ondersoeke.

Die resultate wat die empiriese ondersoek uitgewys het, was insiggewend. Drie duidelike tendense het uitgestaan:

Dit het getoon dat die lidmaattalle van die Ring van Parow beduidend gedaal het in die navorsingsperiode tussen 1980 en 1989.

Die pro rata aantal inwoners wat aan die Ned. Geref. Kerk behoort, het in die spesifieke geografiese gebied gedaal, terwyl die totale populasie gegroei het.

Sekere gemeentes se voortbestaan is as gevolg van die daling in lidmaattalle bedreig (Spies, 1990:100).

Spies het na aanleiding van die problematiek van dalende lidmaattalle wat deur sy empiriese ondersoek uitgewys is, ŉ basisteorie ontwikkel oor wat die rol van die Ring is om die probleem van dalende lidmaattalle en die voortbestaanskrisis van sekere gemeentes teen te werk (Spies, 1990:108).

Hy het in sy studie gepoog om ŉ nuwe bedieningspraktyk vir die funksionering van die Ring te ontwerp. Sy uitgangspunt was dat die Ring gestalte moet gee aan die liggaamskarakter van die kerk. Dit het ingehou dat Ringsgemeentes verantwoordelikheid vir mekaar moet aanvaar en dat daar sekere praktykveranderinge moet kom wat die liggaamskarakter van kerkwees in Parow moet vergestalt. Die praktiese bedoeling was dat die Parow Ring moes ontwikkel na ŉ tipe makro gemeente, naas die bestaande gemeentes (Spies, 1990:110).

### 2.3 WERKLIKE SITUASIE VAN RING VAN PAROW IN MAART 1990

In Maart 1990 toe Spies sy studie voltooi was daar 12 Parow gemeentes. Hy het die jaar 1989 se getalle soos weergegee in Ringsvorms gebruik as basis vir sy navorsing (Spies, 1990:10). Die getalle en syfers wat in onderstaande tabel weergegee word, kom uit sy MTh tesis. Toe Spies in 2000 die werklike tendense in terme van lidmaattalle en inkomste per lidmaat in ŉ kort navorsingsprojek nagaan om sy projeksies te toets, het dit byna 98% akkuraatheid getoon.

Uit die onderstaande tabel is dit duidelik dat Spies se aannames korrek was. Die lidmaattalle vir 1999 is bygevoeg uit inligting in die laaste kolom soos verkry in die Ring statistiek van daardie jaar (Kerkjaarboek 1999).

**LIDMAATTALLE 1989 EN 1999**

| | 1989 | | | 1999 |
|---|---|---|---|---|
| GEMEENTE | DOOP LIDMATE | BELYDENDE LIDMATE | TOTAAL LIDMATE | TOTAAL LIDMATE |
| PAROW WES | 568 | 1156 | 1173 | 930 |
| PAROW MOEDER | 277 | 863 | 1140 | 860 |
| PAROW SENTRAAL | 133 | 604 | 737 | 533 |
| PAROW SUID | 91 | 550 | 641 | 376 |
| TYGERBERG | 155 | 718 | 873 | 667 |
| PAROW OOS | 171 | 596 | 767 | 403 |
| PAROW VALLEI OOS | 313 | 911 | 1224 | 715 |
| PAROWVALLEI MOEDER | 299 | 911 | 1210 | 845 |
| PAROWVALLEI WES | 228 | 579 | 804 | 453 |
| PAROW NOORD | 247 | 1115 | 1362 | 1364 |
| OOSTERSEE | 323 | 1151 | 1474 | 1174 |
| DE TYGER | 312 | 932 | 1244 | 1176 |
| | 3117 | 10086 | 13193 | 9496 |

## 2.4 SPIES SE GEVOLGTREKKING

Spies se gevolgtrekking in sy feitelike studie was:

Dat ŉ aantal van die Ringsgemeentes ŉ bestaanskrisis in die gesig staar vanweë die daling in lidmaattalle en die gepaardgaande verslegtende finansiële toestand (Spies, 1990:107).

Die kerk verloor markaandeel aangesien sy eie lidmate, Afrikaans-sprekend en blank, al meer uit die verstedelikende Parow-area wegtrek (Spies, 1990:107).

## 2.5 SPIES SE NAVORSINGSVRAE

Spies se navorsingsvrae na aanleiding van die gevolgtrekking was:

“Watter rol behoort die Ring en Ringsgemeentes te speel in ŉ situasie waar sommige van die gemeentes in die ringsverband ŉ bestaanskrisis ondervind?” (Spies, 1990:107).

“Watter taak het die Ring in ŉ situasie waar die kerk sy “markaandeel” in die samelewing verloor en waar sekere gemeentes die nood in ŉ groter mate ervaar as ander?” (Spies, 1990:107). Dit is dus ŉ vraag na die aard van die onderlinge verhouding tussen gemeentes binne dieselfde kerkverband (Spies, 1990:107).

## 2.6 SPIES SE BASISTEORIE

Spies het in sy navorsing ŉ basisteorie ontwerp vir die onderlinge verhoudinge van gemeentes. Hy lig die volgende teologiese oriëntasiepunte uit:

Die Ringsgemeentes is ŉ eenheid en moet gesamentlik verantwoordelikheid aanvaar vir die roeping van die kerk in die wêreld (Spies, 1990:148).

Die gawes in die Ring moet tot voordeel van die liggaam van Christus in die Ring beskikbaar wees (Spies, 1990:148).

Die gemeentes in die Ring het ŉ lotsverbondenheid en daarom moet die gemeentes in nood gehelp word (Spies, 1990:148).

Gemeentes in die Ring het ŉ doelgebondenheid, hulle werk vir dieselfde doelwit, naamlik om die kerk uit te bou (Spies, 1990:148).

## 2.7 LEEMTES IN RING

Spies skryf dat die leemtes in die 1990 Ringspraktyk die volgende is:

- Gebrekkige kerkvisitasie.
- Ontbreking van ŉ liggaamsbewussyn in die funksionering van die Ring.
- Institutêre oorbeklemtoning.
- Independentalisme van gemeentes (Spies, 1990:148).

## 2.8 SPIES: ŉ PARADIGMA SKUIF IN DENKE IS NODIG

Spies stel voor dat nuut oor gemeente en kerk gedink moet word.

Daar moet eerstens ŉ liggaamsbewussyn oor die kerk en die gemeentes in die Ringsgebied ontwikkel word, wat volgens Spies ŉ paradigmaskuif sal verg (Spies, 1990:151).

Die rede daarvoor is gewoon omdat die grondliggende kerkbegrip by leraars en gemeentes op die herder kuddemodel geskoei is (Spies, 1990:173).

Die onvermoë om in ander metafore oor kerkwees te dink verarm en vang gemeentes vas in ŉ eensame oorlewingstryd wat die plaaslike gemeente as institusie wil handhaaf (Spies, 1990:173).

Sonder ŉ paradigmaskuif sal die probleme in die Ring nie hanteer kan word nie (Spies, 1990:151).

## 2.9 VYF KENMERKE VAN GEMEENTES MET DALENDE LIDMAATTALLE

Spies noem vyf kenmerke wat gemeentes wat ŉ tendens van dalende lidmate en getalle beleef, vertoon, en wat bogenoemde paradigmaskuif en die ontwikkeling van ŉ liggaamsbewussyn teëwerk (Spies, 1990: 151-152):

Gemeentes bestaan uit gemeentelede met ŉ sentimentele band met die gemeente, maar wil nie deelneem aan evangelisasie en ander bedienings programme nie.

Gemeentes is in ŉ negatiewe kringloop en dit demper entoesiasme.

Leierskap word ernstig benadeel en mettertyd vernietig in die negatiewe kringloop.

Gemeentes het ŉ traagheid om te reageer op die veranderinge wat plaasvind in die gemeenskap waarbinne hulle funksioneer.

Daar is nie ontwikkeling van nuwe leiers nie en bestaande leiers raak selfgesentreerd en beskou hul leierskap as lewenslank.

## 2.10 SPIES SE PRAKTIESE VOORSTELLE

Spies maak ŉ aantal praktiese voorstelle wat kan bydra tot ŉ nuwe bedieningspraktyk in die Ringsgebied van Parow (Spies, 1990: 153-156):

### 2.10.1 Persoonlike kerklike visitasie

Hy bepleit die ontwikkeling van ŉ deeglike stelsel van kerkvisitasie.

### 2.10.2 Hulpverlening op finansiële gebied

Hy voer redes aan vir onderlinge hulpverlening op finansiële gebied, soos dat dit armer mense is wat hulself in verstedelikte gebiede vestig vanweë goedkoper huisvesting en vervoerbehoeftes. In plaas van geld vir aksies buite die gemeentegrense kan dit eerder na ander Ringsgemeentes gekanaliseer word.

## 2.11 EVANGELISASIE

Spies noem dat die feit dat die Ned. Geref. Kerk haar markaandeel in die Ringsgebied verloor, ŉ bepaalde prioriteit plaas op evangelisasie. Tog kon nie een van die gemeentes in die 1989 ringsitting rapporteer dat hulle ŉ opgeleide evangelisasie span het nie. Myns insiens vra Spies dan een van die belangrikste vrae in sy tesis (Spies, 1990:156):

"Die vraag kan gevra word wat is die verband tussen die afwesigheid van ŉ evangelisasie gerigtheid en die feit dat die kerk sy markaandeel in die plaaslike samelewing verloor."

Spies noem dat daar in 1989 nie minder as 2976 woonstelle, duplekse en dorpshuise in die Ringsgebied was wat evangelisasie teikens is.

Spies haal vir Hendriks (Hendriks 1988:41-54) aan wat die kerklike getalle groei by "*Evangelicals*" bespreek teenoor die dalende lidmaattalle van die tradisionele "*Mainline Churches"* (Spies, 1990:157). **I**n sy ontleding toon Hendriks aan dat een van die grootste oorsake vir bogenoemde tendens die "*Mainline Churches*" se oorbeklemtoning van "organisasie en tegniek" is (Hendriks,1988:42). Volgens Hendriks beteken dit dat die hoofstroomkerke so opgaan in organisasie en bestuur dat hulle die kerk soos ŉ sake-onderneming wetenskaplik en organisatories bestuur, maar nie by die nood van mense uitkom nie. Daarteenoor is een van die kenmerke van die "Evangelicals" die feit dat hulle diens lewer aan hulle lidmate. Hulle leuse is: "Find a need and fill it, find a hurt and heal it" (Hendriks,1988: 42). .

Spies haal ook vir Louw aan (Louw, 1980:140) wat skryf oor die kerk in die stad (Spies, 1990:157):

“Dit is lewensbelangrik dat die kerk as instituut – ook die Ned. Geref. Kerk – radikaal haar bedieningspatroon in die stad sal moet hersien tot ŉ dienende (nie heersende) liggaam van Christus” (Louw, 1980:140). “Slegs as die kerk ŉ dienende gemeenskap word, sal die kerk die mens in die stad kan bereik” (Louw, 1980:140).

Spies haal verder vir Smith aan (Smith, 1984:155-156) wat noem dat die kerk “urban eyes” moet ontwikkel wat die nood, probleme en behoeftes van die stadsmens sal raaksien en verstaan. Volgens Smith beteken dit dat daar ŉ balans moet wees tussen sosiale betrokkenheid en evangelisasie. “Sielesoek alleen” is nie genoeg nie en die mentaliteit hoort nie in die kerk se bedieninge nie (Smith, 1984:156). Daarom stel Smith voor dat die kerk moeite sal doen met die nood van die stadsmens. Om dit te bereik sal dit dalk nodig wees om ŉ span professionele mense te kry wat die stadsmens ken en die kerk kan begelei om met hulle te werk. Spies kom tot die gevolgtrekking (1990:158):

“Die Ring sal met nuwe oë kyk na die aanbieding van eredienste, jeugaksies, bewaarskole, belangegroepe, en vele ander bedieninge binne die Ring wat daarop ingestel is om die stadsmens in sy nood te ontmoet en sy behoeftes te verlig.”

## 2.12 TOERUSTING VAN GELOWIGES (LEIERSKAP)

Spies lê sy vinger op die pols wanneer hy verder konkludeer dat daar ŉ groot behoefte aan leierskap is in die gemeentes:

“Stedelike gemeentes kan nie voortbestaan alvorens die liggaamsmodel van die kerk nie realiseer nie. Om dit te doen is daar geestelike leiers in die gemeente nodig wat ander gemeentelede vir hul taak as gelowiges toerus” (Spies, 1990:158).

Spies se voorstel is dat gemeentes waar leierskap beskikbaar is, van daardie leiers beskikbaar stel aan gemeentes waar leierskap nie beskikbaar is nie. Volgens hom sal dit uitdrukking gee aan die eenheid van die kerk in die Ringsgebied.

## 2.13 GEREELDE OPSPORINGSVELDTOGTE

Spies haal Kerkspieël (1986:10) aan wat aantoon dat die 1985 kerksensus 50 000 lidmate opgespoor het waarvan die kerk nie bewus is nie. Die mense is in stedelike komplekse gevind. Die aanname is dat indien doelbewuste pogings aangewend word om lidmate op te spoor, dit goeie resultate kan lewer.

### 2.13.1 Samewerking en samesmelting

Spies vra ook die vraag of dit nie meer effektief sal wees indien gemeentes saamsmelt nie, veral in die lig daarvan dat sommige slegs enkele straatblokke van mekaar af geleë is, of samewerking ten opsigte van dienste en gemeentelike strukture. So kan die effektiwiteit van gemeentes verhoog word en duplisering van dienste uitgeskakel word. Samewerking kan ook as voorbereiding vir samesmelting dien. Hy wys ook op die gevare van samesmelting, naamlik dat tot vyf en twintig persent van lidmate verloor kan word in die proses.

### 2.13.2 Hersiening van die stelsel van eweredige bydraes

Spies sluit sy hoofstuk oor voorstelle vir die nuwe bedieningspraktyk af deur Louw aan te haal. Volgens Louw is die probleem is ŉ totale probleem wat die kerk in sy totale organisasie raak. Dit is ŉ strukturele probleem wat die kerk vanaf die sinode, dwarsdeur die ring tot by die plaaslike kerkraad raak. Die bestaande bedienings-patroon beantwoord nie meer aan die eise van die veranderde omstandighede nie (Louw, 1980:143).

## 2.14 VYF NUWE HIPOTESES

Spies sluit sy tesis af met die vyf nuwe hipoteses wat hy maak op grond van sy studie van die Ringsgemeentes (Spies, 1990:175).

Die daling in lidmaattalle in die Ned. Geref. Kerk in die Ring van Parow word veroorsaak deur sosio-maatskaplike faktore.

Daar is behoefte aan ŉ voltydse evangelisasie bediening, veral in sekere areas.

Die verlaging in dooplimate voorspel verdere dalings in lidmaattalle.

In die toekoms kan daar ŉ verjonging van lidmate ervaar word wat lidmaattalle kan laat styg.

Alternatiewe vir die tradisionele Ned. Geref. Kerk bediening sal gesoek moet word.

## 2.15 OPSOMMENDE OPMERKINGS

Spies se tesis in 1990 het die ervaring van gemeentes en geestelike leiers in die Ring van Parow verwoord en ŉ prentjie geteken van hulle omstandighede wat hulle gelaat het met die besef het dat hulle met ernstige probleme te make het. Die uitdaging van dalende lidmaattalle het die Ring aangespoor om die saak ernstig te ondersoek en met strategiese beplanning die uitdagings sistematies en gekontroleerd aan te pak.

Spies het die tema van paradigma-skuiwe oopgemaak. Hy het ŉ bewussyn geskep van uiters ernstige probleme wat op die geestelike leiers en gemeentes van die Ring van Parow wag. Die uitdagings is op die tafel gesit, die problematiek is uitgespel.

Sou die geestelike leiers die uitdagings van groot demografiese veranderinge en die impak daarvan op hul eie roeping en bedieningspraktyk verstaan?

Sou hulle bereid wees om die praktiese bedienings-veranderinge wat daardeur genoodsaak word, te maak?

Die volgende hoofstuk gee ŉ kort oorsig oor die reaksie van die geestelike leiers van die Ring van Parow op die uitdagings soos deur Spies beskryf.

# Hoofstuk 3

## 3 BEPLANNING EN OPTREDE VAN RING VAN PAROW OP UITDAGINGS VAN DIE VERANDERINGE

### 3.1 DOEL VAN HOOFSTUK

Hierdie hoofstuk maak ŉ opsomming van die reaksie van die Ring van Parow op die insigte wat Spies se MTh studie in 1990 uitgelig het. Dit beskryf die belangrikste gebeure, prosesse en besluite van die Ring om die probleem van dalende lidmaattalle wat die sluit van gemeentes in die Ring sou veroorsaak, aan te spreek. Uit die beskrywing sal gesien word dat die Ring groot erns met Spies se studie gemaak het en baie tyd spandeer het aan oplossings vir die uitdaging van die veranderinge en dalende lidmaattalle. Om in ŉ paar bladsye ŉ objektiewe opsomming te maak van die gebeure in Parow Ring oor ŉ periode van twintig jaar is moeilik. Daarom is dit hoogstens ŉ baie breë oorsig.

Die hoof navorsingsvraag van waaruit die Ring se reaksie belig word, is om vas te stel waarom die Ring oor ŉ periode van twintig jaar nie daarin geslaag het om die groot demografiese veranderinge wat deur Spies voorspel is, te hanteer nie. In die oorsig oor die reaksie van die geestelike leiers in Parow sal ons voortdurend evalueer of hulle hierdie uitdaging aanspreek.

Die hoofstuk reflekteer oor die reaksie en optrede van die geestelike leiers op die uitdagings waarmee hulle gekonfronteer is in die studie van Spies. Die bedoeling is nie ŉ kritiese beoordeling van dit wat hulle gedoen of nagelaat het nie, maar om in hooftrekke te beskryf wat gebeur het en om die lesse daaruit te leer wat nodig is in die veranderende wêreld. Die demografiese veranderinge gebeur steeds daagliks en die gepaardgaande uitdagings is steeds net so intens teenwoordig as in 1990.

Die beskrywing word gedoen deur kortliks ŉ paar hoogtepunte in die twintig jaar geskiedenis van die Ring aan te toon.

### 3.2 RINGSITTING: 1990

By die Ringsitting van November 1990 is daar met groot erns werk gemaak van die bevindinge van Spies in sy MTh tesis. Verskillende kommissies het voorleggings gemaak aan die Ring. Dr. Jurgens Hendriks het ŉ strategies-teologiese beplannings werkswinkel gelei tydens die ringsitting.

Uitgangspunte vir die beplanning

- Alle kragte en magte word geïdentifiseer wat ŉ rol speel in die probleem van dalende lidmaattalle.
- Bepaal duidelik huidige situasie.
- Besluit oor doelwitte in lig van die Woord.
- Verwerk inligting deur biddend te luister, te dink, te praat en te wag.
- God alleen bou Sy kerk deur Sy Woord en Sy Gees.

Indien bogenoemde nie gebeur nie, “verval ons in organisatoriese retorieke” (Ringsverslag, 1990:90).

## 3.3 VRAE OOR MAKROVLAK TENDENSE

Watter “geleenthede” vir die koninkryk van God, vir die werk van die Here is hier in die veranderende omstandighede te bespeur? (Ringsverslag, 1990:90).
Watter bedreiginge is hier aanwesig? (Ringsverslag, 1990:90).

## 3.4 STRATEGIES TEOLOGIESE BEPLANNING BY DIE 1990 RINGSITTING

- Sewe aspekte van inligting is in die diagnose van die Ring se situasie gebruik:
- Ring statistiek (Spies – MTh Tesis)
- Stadontwikkelings-projeksies van Parow (Stad en Streek beplanner Parow)
- Oorhoofse tendense in die NG kerk.
- Lewensiklus van kerke.
- Makro tendense in SA.
- Vergelykende tendense in Amerikaanse hoofstroom kerke.

Faktore wat ŉ gemeente/kerk siek maak en laat kwyn of sterf (Ringsverslag, 1990:93).

## 3.5 INSIGTE VAN DIE RING OOR DIE SITUASIE EN UITDAGINGS IN PAROW IN 1990

Die volgende aanhalings dui op die waarnemings van die Ringsbyeenkoms oor die werklike stand van sake in die Ring:

“Die dalende lidmaattal in die periode tussen 1980 en 1990 het ongeveer 3875 lidmate beloop. Dit is soveel as 5 gemeentes met 775 lidmate elk. Dit is net in die ou deel van Parow, d.w.s. Parow Noord, Oostersee, en De Tyger uitgesluit. Die daling in lidmaattalle is nie aan slopings toe te skryf nie, want in die afgelope twee jaar het slegs 37 slopings in die ou deel van Parow plaasgevind, terwyl 332 nuwe erwe uitgesit is” (Ringsverslag, 1990:93-94).

“Wanneer die Groepsgebiede afgeskaf gaan word, sal ŉ tweede kultuurverskuiwing eweneens groot effek hê op die markaandeel van die NG kerk. Hierop moet ons bedag wees” (Ringsverslag, 1990:95).

Die Ring was reeds bewus daarvan dat die area verengels en dat met die afskaffing van die Groepsgebiede wet ŉ tweede kultuurskuif op pad was.

## 3.6 LYS VAN TENDENSE

Die Ring het die volgende tendense gelys by die 1990 Ringsitting:

- Die daling in lidmaattalle is groter as voorspel.
- Die kerk verloor sy markaandeel.
- Nuwe uitdagings (Mikro-vlak)
- Verswakkende ekonomie (styging in lewenskostes – groot effek op bejaardes)
- Verslegtende maatskaplike toestande.
- Groter kultuurverskuiwing.
- Groter sekularisasie.
- Groter bedieningsnood.
- Blanke groeikoers daal.
- Jeug verminder en seniors neem drasties toe (Ringsverslag, 1990:95-96).

Opsommend:

- Die verliese aan lidmate is toegeskryf aan sekularisasie. Daar is ook daarop gewys dat dit 'n standaardverskynsel is in alle kerke (Ringsverslag, 1990:99).
- Wat makro-tendense aanbetref het die Ring kennis geneem van die politieke veranderinge en dat die toekoms heeltemal anders sal wees as waaraan lidmate gewoond was.
- "Regering en Christelike beginsels is nie noodwendig sinoniem nie. Sekerhede al minder op wette en meer op Christenwaardes" (Ringsverslag, 1990:99).
- Die breër NG kerk is ook besig om lidmate te verloor. Volgens statistiek bekend gemaak by die Ringsitting deur Hendriks het die NG kerk sedert 1980 21 945 lidmate verloor plus 74 024 dooplidmate (Ringsverslag, 1990: 95-97).

Volgens die inligting het die situasie in Parow goed vergelyk met die situasie in die land waar die NG kerk ook markaandeel verloor het. Die volgende vier veranderinge wag op die Parow-area in die negentiger jare volgens die Ringsverslag: (1990: 99-102)

## 3.7 VIER VERWAGTE VERANDERINGE IN PAROW

### 3.7.1 Verwagte demografiese veranderinge

- Blanke groeikoers stagneer, swartes verhoog.
- Blanke onderwys getalle daal, swartes styg.
- Massale verstedeliking.

IMPLIKASIES:

- Stabiele/dalende lidmaattalle.
- Minder kind-gesentreerd (Minder kinders)
- Kampterreine/ Kategese lokale minder beset.
- Beperk teologiese studentegetalle.
- Vrouediens moet verander.

- Opvoeding breër as kategese.
- Betrokke by sosio-ekonomiese verstedelikingsprobleme: Die probleme van bruin en swartmense raak blankes (Ringsverslag, 1990:99).

### 3.7.2 Verwagte ekonomiese veranderinge

- Herverdeling van rykdom van wit na swart.
- Hoë inflasie.
- Verswakkende inkomste.

IMPLIKASIES:

- Gemeente aksies moet geprioritiseer word.
- Tentmaker bediening nie oplossing van probleme nie.
- Gedeelde fasiliteite en makro-gemeentes.
- Stygende las van maatskaplike en bejaardesorg (Ringsverslag, 1990:100).

### 3.7.3 Verwagte veranderende tegnologie

IMPLIKASIES:
Gemeentelike administrasie moet gerekenariseer word.

### 3.7.4 Verwagte / Waardesisteme /Godsdienspatrone

- Uiteenlopende waardesisteme.
- Diversiteit in blanke waardes.
- Jongmense se soeke na sin.

IMPLIKASIES:

- Noodsaak van diversiteit van lidmaatbenaderinge en bedieningspatrone.
- Diversiteit in gemeentebouprogram / uitleef van Christenskap (Ringsverslag, 1990:102).

## 3.8 SWOT ANALISE BY 1990 RINGSITTING

Met hierdie inligting tot hul beskikking het die Ringsitting 'n swot-analise gedoen van die makrotendense in die Ringsgemeentes gedoen, naamlik 'n ontleding van sterk en swakpunte, bedreiginge en geleenthede.

Positiewe faktore:

- Baie geleenthede vir evangelisasie. (Baie woonstelle, kerk-vervreemdes, leiers wat kan toerus, baie materiaal beskikbaar)
- Baie materiaal beskikbaar vir toerusting van gemeentes en kerkraad.
- Uitstekende makro-samewerkings moontlikhede.
- Toerustings geleenthede t.o.v. visie rondom ampte, doel van kerk, taak van kerk, gawe bedieninge, spesialisasie moontlikhede.
- Openheid om Woord te hoor.

- Makro samewerkings geleenthede.
- Uitreik na ander kulture moontlik.
- Baie kerklos mense in Ringsgebied.
- Daar is behoeftes aan meer sinvolle koinonia.
- Kampterrein in besit van Ring.
- Goeie teologiese onderbou.
- Moontlike ondersteuning uit sinodale kantoor.
- Uitstekende gemeente strukture (Ringsverslag, 1990:112).

Negatiewe faktore:

- Dalende markaandeel.
- Geestelike onvolwassenheid van lidmate.
- Gebrek aan diversiteit.
- Onvoldoende aantal geestelike werkers.
- Gebrek aan evangelisasie visie en projekte.
- Klein gemeentes kan nie spesialiseer nie.
- Etniese georienteerdheid van gemeentes.
- Huisbesoek verwagtinge onvervulbaar en oneffektiewe model.
- Gebrek aan ekumeniese betrekkinge.
- Gebrek aan sendingprojekte en gemeente betrokkenheid.
- Diversiteit in waardesisteme.
- Gebrek aan rentmeesterskap.
- Onbetrokkenheid van die jeug.
- Gebrek aan liefdesgemeenskap.
- Gesinsbediening kom nie tot sy reg nie.
- Johannes sindroom. (Nominale lidmaatskap)

Op grond van swot analise en na ŉ bespreking van die verskillende kerkmodelle neem die Ring ŉ aantal besluite in ŉ poging om die sake wat uitgelig is aan te spreek.

## 3.9 BESLUITE VAN DIE RINGSITTING VAN 1990

Van die belangrikste sake waaroor besluite geformuleer is, is die volgende (Rings-verslag,1990:124-128):

### 3.9.1 Ringskommissie vir leer en aktuele sake

Begelei gemeentes ten opsigte van arbeids-beskouings en verhoudings.

Die eenheid van NG Kerkfamilie.

Hantering van veranderende omstandighede in SA.

### 3.9.2 Ringskommissie vir diens van barmhartigheid
Om 'n lys te maak van die bestaande diensaksies aan bejaardes en lidmate aan te moedig om betrokke te raak daarby (Ringsverslag, 1990:124).

### 3.9.3 Rings fondse kommissie
Om die lidmate op te roep tot beter rentmeesterskap.

Begeleiding van gemeentes in verantwoordelike en doelmatige beplanning (Ringsverslag, 1990:124).

### 3.9.4 Rings jeugkommisie
Om op rotasie basis maandelikse jeugdienste te hou in die Ring (Ringsverslag, 1990:125).

Om twee ekumeniese byeenkomste te hou asook 'n musiekfees (Ringsverslag, 1990:125).

### 3.9.5 Ringsbeplanningskommissie
Die kommissie het 'n **ingrypende voorstel** gemaak:

"In die lig van:

- Die situasie van die Ring, verwysende na die negatiewe tendense en bedreiginge, asook die noodsaaklikheid van groter Ring samewerking.
- Die belangrikheid van die amp van die gelowige binne die liggaamstruktuur van die kerk en m.a.w. gemeentelike deelname in Ringsbesluite.
- Die noodsaaklikheid om weg te beweeg van 'n predikantskerk en die aanvaarding van medeverantwoordelikheid deur gelowiges.
- Die oorlading van die leraarsamp ten koste van die toerustings funksie.
- Die noodsaaklikheid van 'n "van onder af" organisasie styl."

"sal Ringskommissies soos volg saamgestel word:

- Die betrokke leraars en Rings-afgevaardigdes wat deur die Ring verkies is.
- Verteenwoordiges van elke betrokke gemeentelike kommissie. Elke gemeente sal vir die betrokke Ringskommissie sy betrokke afgevaardigde aanwys.
- Waar gemeentes om een of ander rede nie afgevaardigdes kan stuur nie, word 'n reëling met die voorsitter getref.
- Ringskommissie vergaderings word gehou wanneer die werkende lede dit kan bywoon (bv. Weeksaande / Sondae)" (Ringsverslag, 1990:127).

FUNKSIE:

Die kommissies moet in die vervulling van hul taak veral konsentreer op gesamentlike Ringsprojekte ten einde die "makro-karakter" van die Ring te dien en te bevorder.

Die volgende besluite word geneem met spesifieke doelwitte:

Die Ring besluit om met behulp van ŉ vraelys in elke gemeente binne die volgende ses maande die verskillende talente, gawes en belangstellings van ten minste die helfte van elke gemeente se lidmate vas te stel met die doel dat hulle binne twee maande na die opname ŉ spesifieke verantwoordelikheid sal aanvaar (Ringsverslag, 1990:127).

Die Ring besluit om binne die volgende drie maande vas te stel wat die administratiewe fasiliteite is wat elke gemeente eenheid met die doel om administratiewe dienste in die Ring te sentraliseer na drie bedieningspunte (Ringsverslag, 1990:127).

Die Ring besluit om binne die volgende drie maande die knelpunte en bekommernisse van elke Ringsgemeente vas te stel sodat die Ringsgemeentes mekaar binne die volgende ses maande d.m.v samewerking en spesialisasie van leraars, gesamentlike projekte en beplanning, kan bystaan om die volle potensiaal van elke gemeente tot sy reg te laat kom (Ringsverslag, 1990:127).

Die Ring besluit om binne die volgende ses maande rekenaars te sentraliseer na 3 bedieningspunte in die Ring sodat elke gemeente in staat gestel kan word om, binne een jaar daarna sy gemeentelike gegewens te rekenariseer ten einde meer effektiewe bediening te bewerkstellig (Ringsverslag, 1990:127).

Die Ring besluit dat Ringskommissies jaarliks tydens September hul beplanning t.o.v. byeenkomste en projekte wat vir die daaropvolgende jaar in Ringsverband beoog word, aan die Ringsbeplanningskommissie deur sal gee met die oog op koördinering van sodanige projekte/byeenkomste sodat die Ring/Gemeentes dit op hul jaarprogramme kan aanbring (Ringsverslag, 1990:127).

### 3.9.6 Die rings kommissie vir ampsbediening en evangelisasie (AKAE)

Die Ring besluit dat:

- "Ringsgemeentes aangemoedig word om met mekaar in gesprek te tree rondom groter samewerking tussen gemeentes ten einde duplisering van bedieninge en groter benutting van gawes te bewerk" (Ringsverslag, 1990:128).

Die gemeentes word veral aangemoedig om in die volgende groepe te vergader:

- Die Vallei Gemeentes
- Parow Oos, Tygerberg
- Parow Sentraal, Parow Suid, Parow Moeder
- Parow Wes, Parow Noord
- Oostersee, De Tyger (Ringsverslag, 1990:128).

### 3.9.7 Oor die evaluering en implementering word die volgende besluit geneem

"Die verskillende kommissies moet self verantwoordelikheid aanvaar vir die implementering van die voorgenome goedgekeurde doelstellings/doelwitte. Die verdere verloop van die strategiese teologiese beplanningsproses op Ringsvlak sal o.l.v. die Beplannings-kommissie van die Ring gemonitor, geëvalueer en bestuur word. Deur middel van visitasie sal die implementering daarvan in die gemeente gemonitor en geëvalueer word" (Ringsverslag, 1990:128).

## 3.10 OPMERKINGS OOR 1990 RINGSITTING

Die Ring het deeglike werk gedoen en skerp en krities na die bedieningswerklikhede gekyk. Daar is eerlik na realiteite gekyk en dit is behoorlik beskryf. Binne die insig en ervaringswêreld van 1990 moet erken word dat hulle die beste gedoen het wat menslik moontlik was. Vanuit die perspektief van die lesse wat die afgelope twintig jaar geleer is, sou mens kon oordeel dat die besluite wat geneem is by die strategies teologiese beplannings konferensie van 1990, nie regtig korrespondeer met die swak of sterkpunte wat in die swot analise genoem is nie. Die waarheid is dat twintig jaar later sal ŉ swot analise in Parow Ring naastenby dieselfde resultaat oplewer. Soos wat uit die verdere beskrywing sal duidelik word, lyk dit of die Ring onbewustelik tog wel verval het in "organisatoriese retoriek." Dit is te wyte aan verskeie faktore. Die situasie was reeds uiters kritiek. Geen korttermynplanne sou werk nie. Soos baie ander leiers het die geestelike leiers in Parow ook gedink dat die probleem objektief buite hulself lê, en dat iets daaraan gedoen kan word met goeie analise, bestuursbesluite en organisasie. Dit was algemene wysheid in 1990 dat organisasie, bestuur, beplanning en tegniek goeie verandering en antwoorde bring.

Dit was ook ŉ tyd toe makrogemeentes in Suid Afrika ontwikkel het en ŉ opbloei beleef het. Die verleiding van die sukses van makrogemeentes sou verseker ŉ effek gehad het in die denke van die geestelike leiers in hul soeke na oplossings vir die problematiek in Parow. Die volgende twee aanhalings onderstreep dit:

"Makrobediening binne ŉ verstedelikte samelewing het, van die verskillende gemeente-strukture, die meeste potensiaal vir die Koninkryk as die balans tussen skaalvergroting en desentralisasie gehandhaaf kan word en as die verbindingslyne tussen die strukture so kort as moontlik gehou kan word" (van Rensburg & Hendriks, 1994:8).

"Dit lyk of die makrogemeente finansieel en struktureel, met sy spesialiseringsmoontlikhede, die beste daartoe in staat is om die diversiteit onder lidmate doeltreffend aan te spreek. Hiermee is by verre na nog nie alle implikasies van die gedwonge samelewingsveranderinge deurdink en afgehandel nie. Dit sal ŉ voortgaande proses bly" (Hendriks, Makrobediening, 1992:30).

Van die "ingrypende voorstel" wat aanvaar is by die 1990 beplanningskonferensie van die Ring het nie veel gekom nie. Hiervoor was die kragte en magte aan die werk in Parow eenvoudig net te groot en sterker as enigiets waarmee die geestelike leiers al gekonfronteer was in hul ervaring en ondervinding. Maar dit sou net tyd vir hulle kon leer. Mens moet dit ervaar en ondervind om te weet…

Dat die Ring egter groot erns gemaak het met die uitdaging van dalende lidmaattalle soos beskryf in Spies se tesis en alles in hul vermoë gedoen het om te analiseer, te beplan en te herorganiseer sal duidelik blyk uit die verdere verloop van die werksaamhede van die Ring vir die volgende twaalf jaar.

### 3.10.1 Sentrale navorsingsvraag

Oor die vraag waarom die Ring nie die uitdagings van die groot demografiese verskuiwings kon hanteer nie, moet die volgende opgemerk word: By hierdie Ringskonferensie oor Spies se tesis en die Ring se reaksie op die uitdagings was dit uit die staanspoor duidelik dat die oorheersende bewussyn was dat daar “laer getrek” moet word. Dit was die oorheersende paradigma waaruit onkrities en onbewustelik geopereer word. Ten spyte van Spies se vyf nuwe hipoteses waaronder sy opmerking dat daar behoefte is aan ŉ “voltydse evangelisasie bediening” en ook sy hipotese “dat alternatiewe vir die tradisionele Ned. Geref. Kerk bediening gesoek sal moet word”, dui die besluite van die Ring nie op enige kreatiwiteit of beweging om vanuit nuwe paradigmas te opereer nie (Spies, 1990:175). Die besluite wat die Ring geneem het in 1990, dui op herstrukturering ter wille van oorlewing en instandhouding en nie ŉ aanpak van die uitdagings nie.

Ek beskryf baie oorsigtelik oor sommige van die vernaamste Ringsittings na 1990 en hul besluite. Die doel is om die Ring se idees en aksies te belig wat betrekking het op die oplossing van die problematiek van groot demografiese verskuiwings in Parow.

## 3.11 RINGSITTING: 1992

By die Ringsitting van 13 September 1992 en daaropvolgende dae te Oostersee word die volgende besluit geneem:

- “In die lig van die voortdurend drastiese daling in lidmaattalle:
- Die feit dat die NG kerk se “markaandeel” in die stad (Ringsgebied) verminder.
- Die bywoningstatistieke van eredienste.
- De gebrek en onvermoë om die kerkvervreemdes en die buite-kerklike effektief te bereik en in te skakel.
- Die toenemende aantal vakature in geestelike leierskap, met spesifieke verwysing na die ampte van ouderlinge en diakens:

Erken die Ring van Parow dat hy probleme ondervind om die mens in en van die stad effektief met die Evangelie te bereik en in die aktiwiteite van die gemeente in te skakel” (Ringsverslag, 1992:198).

By dieselfde Ringsitting word ook die volgende besluite geneem:

- Die Ring besluit dat:
- ŉ Fasiliteringspan byeengebring sal word om die Ring by te staan in die hantering van die aangeleentheid en toekomstige beplanning.
- Die beplanningskommissie van die Ring gevra word om die leiding in die verband te neem en deel te vorm van die fasiliteringspan. Die kommissie word verder versoek om Dr. Jurgens Hendriks in die verband te nader as deel van die fasiliteringspan.

- Gemeentes word versoek om die week van 1-4 Maart 1993 te reserveer vir indringende samespreking en beplanning (INDABA) in die verband.
- Gemeentes versoek word om die volgende persone in hul afvaardiging in te sluit: Die voorsitters van die onderskeie kerkraadkommissies, leierouderling en diaken (Ringsverslag, 1992:204)**.**

Die volgende belangrike besluit word ook geneem:

- In die lig van die tendense besluit die Ring dat die agenda van die INDABA die volgende sake ook sal insluit:
- Die rol van die leraar binne die stadskonteks en sy taak as toeruster. Hierbinne sal die aangeleentheid van tradisionele huisbesoek en gemeenteverwagtinge aandag kry.
- Die stand van die erediens en veral gemeentesang.
- Gemeente-grense en makro-gemeente gedagte.
- Tekort aan geestelike leiers.
- Rentmeesterskap en die finansiële krisis in die Ring (Ringsverslag, 1992:219).

### 3.11.1 Opmerkings oor 1992 ringsitting

Dit is positief dat die Ring erken dat hulle ŉ ernstige problematiek ervaar en dat hulle probleme ondervind.

Dit is insiggewend dat hulle ŉ Rings-beplanningskommissie in die lewe geroep het. Dit is tekenend van die modernistiese Westerse sisteem storie[4] wat later verder belig sal word. Daarmee word bedoel dat ons Westerlinge glo dat ons enige probleme reg kan beplan, struktureer en bestuur.

Dit is ook insiggewend dat die gedagte van ŉ makro-gemeente reeds sterk gevorm is en dat ook ŉ fasiliterings span op die been gebring word om die Ring en die beplanningskommissie by te staan.

Sentrale navorsingsvraag

Oor die vraag waarom die Ring van Parow nie daarin kon slaag om die groot demografiese verskuiwings in sy konteks te hanteer nie sien mens die volgende: Dit is twee jaar later en daar is steeds geen sprake van evangelisasie, oor grense beweeg, of nuwe bedieningsplanne op die agenda nie. Die gesprek handel steeds oor die ou temas van die NG kerk, huisbesoek, toerus van geestelike leiers, gemeentesang, rentmeesterskap en die finansiële krisis.

ŉ Besonder hoopvolle element is die erkenning van die NG kerk se onvermoë om kerkvervreemdes en buitekerklikes te bereik. Geen planne word egter gemaak of besluite geneem om die onvermoë aan te spreek nie. Iets wat juis deur Spies bepleit is. Daar is nie energie, motivering, teologiese intensie of wil om deur die grense te breek nie.

[4] Met Westerse sisteemstorie bedoel ek Westerlinge se onkritiese geloof in rasionaliteit, kennis, beplanning, organisasie en kontrole om enige probleem op te los.

### 3.11.2 Spesiale ringsitting: 1995

Die tema van die Ringsitting in Oktober 1995 is: "Kort en medium termyn strategiese beplanning met die oog op 2005."

Dr. Jurgens Hendriks is weer ŉ inleier, saam met ds. C. Alheit van die Sinodale Kantoor en mnr. Loof, bestuurder van Volkskas.

By die geleentheid word daar ernstig gevra waarom die eenheidsgesprekke in die Ring nie vorder nie.

Die Ringsitting word weer gewy aan gesprek oor en soeke na oplossings vir die probleme in die Ring. ŉ Paar oplossings wat deur kleingroepe voorgestel is, is in vyf groepe verdeel:

- **Predikant:** Meer huisbesoek, moet begin spesialiseer op ringsvlak, kyk na verskillende bedieningstyle, prediking meer ernstig van aard wees, predikante meer informeel by mekaar kuier, sterker leiding neem in die regte dinge, meer konsentreer op bestuurstyl, deelnemend en bestuurder wees. Salarisaanpassing in lyn met heersende ekonomie.
- **Diensbaarheid:** Herderlike sorg as lidmate teenoor mekaar, kundigheid op ringsvlak vir alle gemeentes aanwend, gawebediening op die been kry, nuwe intrekkers betrokke maak, ingestel wees op mekaar se behoeftes.
- **Eenheid:** Groter eenheid tussen ringsgemeentes en ook met die dogter en susterkerke.
- **Bediening:** Ingestel op jeug en op evangelisasie, nuwe metodes van dankofferinsameling, verdieping van die geestelike vlak van lidmate, heiligmaking, beter benutting van/of verkoop van kerkeiendomme, toerusting van gelowiges.
- **Hantering van pluriformiteit en spesialisasie**: Die wye verskeidenheid van behoeftes moet erken word en moet d.m.v. spesialisasie aangespreek word (Ringsverslag, 1995:211).

### 3.11.3 Besluite van die ringsitting

Die Ring aanvaar onder andere die volgende aanbevelings:

Die vorming van groep-gemeentes:

Die Ring keur die huidige vorming van groepgemeentes goed en gee aan Kerkrade opdrag om doelgerig na maniere van samewerking en eenwording binne die groepgemeente te soek. Gemeentes is in groepe gedeel vir moontlike samewerking en eenwording. Leiers is aangewys om die prosesse te begelei (Ringsverslag, 1995:214).

### 3.11.4 Opmerkings oor 1995 ringsitting[5]

Dit is duidelik dat vyf jaar later, sedert 1990, die Ring niks gevorder het op die pad van ŉ makro-gemeente soos voorsien in die ingrypende voorstel van die beplanningskonferensie in 1990 nie.

---

[5] Stephan Spies het in Mei 1995 bedank as leraar van die gemeente Parow Wes en 'n betrekking aanvaar by Lux Verbi, uitgewer van Christelike boeke.

Tog bly die tema deurlopend dat daar struktuurveranderinge moet kom en dat die rigting vir moontlike oplossings op die uitdagings vir die NG kerk in Parow dui in die rigting van ŉ "makro-gemeente."

Ook interessant is die "oplossings" wat voorgestel word, meer huisbesoek, meer spesialisasie, ernstiger prediking, meer konsentreer op bestuurstyl wat dui daarop dat in vyf jaar daar geen vordering was in die rigting van ŉ paradigma skuif rondom die gemeente-bediening in Parow soos voorgestel deur Spies nie. Die leiers moet net harder en meer dieselfde doen as in die verlede.

Sentrale navorsingsvraag

Oor waarom die Ring nie daarin kon slaag om die uitdagings van demografiese verskuiwings in sy konteks te hanteer die afgelope twintig jaar nie, is nou reeds duidelik. Dit is gewoon nie op die agenda van die Ring nie.

Die tema van hierdie Ringsitting is weer strategiese beplanning. Die strategiese beplanning van vyf jaar gelede in 1990 het niks opgelewer nie. Hierdie keer word die strategiese beplanning duidelik baie halfhartig gedoen, met min ywer of intensie. Die temas bly dieselfde, huisbesoek, finansies, opleiding van geestelike leiers, nuwe temas kom by soos, groter samewerking tussen gemeentes en spesialisasie van predikante. Ook daarvan kom niks tereg in praktyk nie. Daar is geen sprake van enige paradigmaskuiwe of nuwe kreatiewe denke nie.

## 3.12 RINGSITTING: 1997

By die Ringsitting in September 1997 doen die Beplanningskommissie verslag dat daar reeds drie van vier beplande Rings-retraits gehou is rondom die tema: "Kerkwees in die 21ste eeu" (Ringsverslag, 1997:5)**.**

Beplanningskommissie verslag

"Kerkwees in die 21ste eeu":

> "In die lig hiervan is kreatief en nuut aandag gegee aan nuwe bedieningspatrone, moontlike kerkordelike implikasies, administratiewe en finansiële aspekte en jeugbediening binne die groter opset" (Ringsverslag, 1997:5).

Die kommissie beskryf die volgende insigte van *A New Face for the Church* van L.O. Richards wat opgekom het by hul retrait op 5 Maart:

> "There are only two options open to the church today, one is to struggle to patch up the contemporary church, retaining all we can of traditional forms and patterns of life, resisting with all our might the forces that demand change until the whole edifice crumbles as a new generation rejecting empty form and seeing no meaning abandons our churches, leaving them to die as gracefully as possible" (Richards) (Ringsverslag, 1997:5).
>
> "The other option is to accept the challenge of change, and to channel it, to seek to build together a church which will be a true expression of the Church, yet uniquely suited to our $21^{st}$ century world" (Richards) (Ringsverslag, 1997:5).

Die kommissie skryf verder (Ringsverslag, 1997:5):

> "Opvallend was dat talle skrywers wat aangehaal is voortdurend praat van nuwe strukture om effektief te wees, aanpassings in ons bedieningsmetodes, bedieningspatroon wat hersien moet word."

En ook:

> "Ons het verder gekyk na 'n paradigma-verskuiwing wat tans waarneembaar is in die kerk. Die vraag kan gevra word of ons gerat is om die veranderinge die hoof te bied. Verder is gekyk na die sogenaamde "paradigm effect" wat mense kan verblind vir nuwe geleenthede en verhoed dat hulle effektiewe strategiese beplanning doen. Hier is sprake van "paradigm paralysis" waar mense sodanig verblind word deur die paradigma verskuiwings dat hulle net by die oue of vorige paradigma wil bly" (Ringsverslag, 1997:5).

Hulle beskryf verskillende idees en gedagtes wat op die retraites bespreek is. Ek noem net enkele uitstaande idees:

> Een groot gemeente met een kerkraad.
> Uitreikaksies. Aktiewe hulpverlening buite gemeente. Kan beter gedoen word deur groot gemeente.
> Regstellings ten opsigte van lidmate se kerkbegrip en siening van hul lidmaatskap:
> Rol van lidmaat: Die lidmaat is nie iemand wat die "reg" sou hê om bedien te word nie, maar iemand wat deur sy geloof 'n gawe ontvang het om te dien.
> Rol van predikant: Iemand wat ooreenkomstig sy gawes 'n toerustende rol in die gemeente vervul.
> Rol van gemeente: Dit is 'n geloofsgemeenskap wat nie op eie versorging ingestel is nie, maar wat ooreenkomstig 'n visie vir missionêre betrokkenheid buite die gemeente leef en werk. Hulle haal Jurgens Hendriks aan:

"'n kerk wat getrou aan die voorbeeld van Christus (Mark 10:44-45 en Joh. 13) sy diepste identiteit in sy diensaard en dienswerk vind. Die kerk was in die verlede te veel kerk vir onsself en te min kerk vir ander" (Hendriks, 1992:21).

## 312.1 Opmerkings oor 1997 ringsitting

Dit is duidelik dat die retraits gehelp het om dieper insigte te bring. Daar is helderder formulerings en elemente wat belangrik is vir die paradigmaskuiwe wat Spies in 1990 al bepleit het. Iets het gebeur in die gesprekke en afsondering.

Die ekklesiologies-teologiese insigte is uitstekend. Daar word geskryf van die uitdaging van verandering, 'n kerk wat saam gebou moet word tot (Ringsverslag, 1997:5):

"a true expression of the Church, yet uniquely suited to our 21ste century world."

Daar word geskryf van 'n paradigma verskuiwing wat besig is om plaas te vind en ook is daar 'n bewuswording van die "sogenaamde "paradigm effect" wat mense kan verblind vir nuwe geleenthede en verhoed dat hulle effektiewe strategiese beplanning doen" (Ringsverslag, 1997:5).

Wanneer hulle egter kom by praktiese voorstelle, dan is die eerste voorstel een groot gemeente waar die nuwe dinge moet gebeur. Die gedagte van een groot makro-gemeente en herstrukturering blyk onnadenkend en onkrities die oorheersende paradigma te wees, die sogenaamde *"paradigm effect".*

Sentrale navorsingsvraag

Ook by hierdie Ringsitting word dit duidelik waarom die Ring nie daarin kon slaag om die uitdagings van die groot demografiese verskuiwings in sy konteks te hanteer nie. Dit is regtig nie 'n vraag of probleem nie. Daar is nie leiers wat dit op die tafel plaas nie. Dit lyk of die retraites reeds vanuit 'n bepaalde oplossing gewerk het, naamlik 'n groter eenheid tussen Rings gemeentes. Al wat moes gebeur is om dit teologies te verantwoord en te motiveer. Daarom is daar die byna onverstaanbare sprong van puik ekklesiologies-teologiese insigte na die voorstel van eenwording van Rings gemeentes. Om oor grense te gaan na die nuwe mense in die area en hul bedieningsbehoeftes vas te stel en daarin te voorsien is nie op die tafel nie ten spyte van die erkenning dat daar nie uitreik na die gemeenskap is nie. Die groter eenheidsgemeente sal dit beter kan doen!

## 3.12.2 Ringsitting: 1999

Die Tema is vir die Ringsitting in Augustus 1999 is: **Kerkwees in die 21ste eeu!**

## 3.12.3 Verhaal van beplanning en retraits word vertel

By hierdie geleentheid word die verhaal van Parow se beplanning en retraits vertel sedert 1990 se Ringsitting. Die volgende was die hoogtepunte: (Ringsverslag, 1999:2-5)

Leraarskonferensie op 4 November 1991:

- Nie veel het gebeur nie, maar gesprek was belangrik.

Ondersoek na menings van lidmate in Ring in 1992:

- Lidmate het geen begrip van die krisis van die kerk in Parow nie en stel net belang in hul eie voor en afkeure!

Ringsindaba 1993

- Elna Mouton fasiliteer en Jurgens Hendriks is konsultant. Stukke word deurgegee aan kerkrade n.a.v. hierdie konferensie.
- Buitengewone Ringsitting 1995
- Jurgens Hendriks is fasiliteerder. Gemeentes word aanbeveel om in groepe te begin saamgesels oor die toekoms.
- Besigheidsplan vir die ring van Parow word in 1995 opgestel deur ds. Jurie Groenewald
- Eenwording van Parow moedergemeente en Parow Sentraal op 1 Des. 1996

Opstel van gedeelde Ringsvisie 1997

“Die Ring van Parow streef daarna om met die Woord van God as basis, as ŉ span uit te reik na die gemeenskap in liefde, d.m.v. geestelike toerusting van sy lidmate en personeel en d.m.v. gesonde bestuur van sy aktiwiteite en fasiliteite” (Ringsverslag, 1999:4).

- Eenwording van Parowvallei Moeder en Parowvallei Wes op 1 November 1997

- Vier Rings retraites in 1998

## 3.12.4 ŉ Droom het begin ontwikkel in die retraites

Die Rings-beplanningskommissie het ŉ verslag van ses en twintig bladsye geskryf vir die Ringsitting van 1999. Hierdie volg ŉ uiters verkorte opsomming:

In die verslag word daar die volgende geskryf as insigte komende uit die retraites:

- Onderliggend by gemeentes is die begeerte om op hul eie aan te gaan (Ringsverslag, 1999:6).
- Die konteks van die NG kerk in SA het dramaties verander. Die NG kerk in SA bestaan nie in isolasie van gebeure en tendense in ander lande in die wêreld nie. Net so bestaan die Ring van Parow ook nie in isolasie van gebeure en tendense in Suid Afrika of in Wes Kaapland nie (Ringsverslag, 1999:7).
- ŉ Paradigma verandering is waarneembaar in die kerk as gevolg van die groot veranderinge wat plaasgevind het. Menslike verhoudings het al meer onpersoonlik geraak. Die mens het eensaam geword te midde van die massa. Die gevolg was dat daar ŉ skerp behoefte ontstaan het aan intimiteit (Ringsverslag, 1999:11).
- Ons sal moet besef dat ons hier te doen het met ŉ saak wat ons kerk nog nie werklik hanteer het nie. Dit verskil radikaal van die verstedeliking van die vroeë dertigerjare. Daar was gemeentes in armoede-nood, sonder die effek van sekularisasie (Ringsverslag, 1999:12).
- Die kerk moet opgebou word sodat:
- lidmate mense kan wees wat die boodskap dra dat Christus oor alles en almal Koning is (Ef. 1:10, 22).
- hulle Christenskap voor almal in die wêreld uitleef (Ef. 5:6-17).
- met liefdesdiens en getuienis die buitestaanders kan bereik (1 Tess. 1:6-8).
- Dit is gelowiges wat die diens in die gemeente moet verrig.
- Dit is gelowiges wat die gemeente moet opbou.
- Dit is die ampsdraers wat die gelowiges vir hierdie werk moet toerus (Ringsverslag, 1999:14).
- Die verslag vra of gemeentes besig is met uitreik aksies en noem dat die *American Church Growth Data Bank* die ideaal stel dat ŉ gemeente minstens een tiende van hul begroting buite die gemeente spandeer om te keer dat hulle selfgerig raak (Ringsverslag, 1999:14).

Interessant is die aanhaling in die verslag van ŉ opmerking in die Kerkbode van 6 Februarie 1998:

“Die NG kerk sal goed doen deur wetenskaplik ondersoek in te stel na die en ander redes vir die afname in sy lidmaattal… en om maniere te vind om die stroom wat uitvloei, om te keer. Want ŉ kerk mag nie krimp nie.”

Die Rings-beplannings kommissie se voorstel is dan:

> "Een groot gemeente vir die hele Ring van Parow met nuwe organisasie strukture" (Ringsverslag, 1999:23).
> Daar kan gedink word aan ŉ paar bedieningspunte, met spesialisasie en gawe bediening, sowel as beter diversiteit bediening (Ringsverslag, 1999:26).

## 3.13 OPMERKINGS OOR 1999 RINGSITTING

Na nege jaar begin die insigte rondom die inhoud en omvang van die problematiek in die Ring van Parow dieper en duideliker raak. Dit is baie insiggewend dat die insigte duideliker raak in luister geleenthede wat tydens retraites buite die werksomgewing gehou is. ŉ Ontluikende nuwe ekklesiologiese raamwerk begin in die luister na mekaar in die retraites vorm aanneem. Die beskrywing van die insigte uit die retraites is dat die gemeentebedienings praktyk dramaties anders sal moet lyk in die toekoms. Rolle moet omgekeer word, "gelowiges moet diens verrig", "leraars moet toerus". Die omvang van die gebeure in Parow is ŉ "nuwe situasie". ŉ Paradigma skuif is waarneembaar in die kerk en dit wat in Parow gebeur, gebeur elders ook.

Die insluiting van die Kerkbode se aanhaling oor "wetenskaplike ondersoek" oor redes vir afname in lidmaattalle en "om maniere te vind wat uitvloei keer" is insiggewend. Dit is ŉ uitstekende voorbeeld van die paradigma van Westerse modernistiese bestuursdenke wat die periode oorheers het. Navors, beplan, struktureer, organiseer en bestuur was die oorheersende paradigma vir die aanpak van probleme.

Daarom is dit nie verrassend dat die voorstel in 1999, (selfs na die retraites), met ŉ verslag wat dui op paradigmatiese transformasie-prosesse wat gevolg moet word op soek na nuwe identiteit vir die kerk en meer intimiteit wat geskep moet word, dat die kommissie se voorstel vir die oplossing van die problematiek in Parow Ring steeds struktuurverandering en die ontwikkeling van een groot makro-gemeente vir Parow is. Hierna sou die Ring met groter dringendheid probeer om die strukturele eenwording te bewerkstellig.

Sentrale navorsingsvraag

Nege jaar na die eerste indringende gesprek oor die problematiek van verskuiwende demografie in Parow is daar steeds geen vordering in die Ring om hierdie uitdaging aan te spreek nie. By hierdie Ringsitting bring die Rings-beplannings kommissie wel die uitdaging gedeeltelik tafel toe, maar hul oplossing is dat daar eers eenwording moet plaasvind voordat dit aangespreek kan word.

Die rede vir die onvermoë van die Ring om die uitdaging van verskuiwende demografie aan te spreek moet waarskynlik gesoek word in die feit dat die geestelike leiers onkrities en onnadenkend vanuit ŉ NG kerk en rasioneel-Westers, ekklesiologiese paradigma werk. In die NG kerk paradigma is die kerk ŉ rasbepaalde wit, blanke kerk en Gereformeerd wat ŉ spesifieke bedieningspatroon en styl van erediens het. Wie nie hierby inpas is nie, is buite-kerklik! Solank die NG kerk in staat is om haarself in stand te hou, is daar geen behoefte om te verander om die "vreemde" te laat tuis voel nie. Ander moet by haar inpas! Die NG kerk paradigma veroorsaak

dat haar geestelike leiers ŉ onvermoë het om gasvry te wees en te assimileer, daar is ook ŉ gebrek aan teologiese wil en intensie om oor grense te gaan.

Ten spyte van ŉ puik ontluikende ekklesiologiese raamwerk en die gebruik van die woord paradigma, is daar geen beweging in die rigting van praktykverandering in gemeente-wees nie.

Ten diepste is dit waarskynlik ŉ leierskapsprobleem, ŉ gebrek aan profetiese en apostoliese visie by die leraars. Geestelike of geloofsonderskeiding vind nie plaas nie. Sou die nood van die omgewing nie op God se hart wees nie of kon niemand in die gemeentes dit hoor nie? Indien laasgenoemde, hoekom nie?

## 3.14 RINGSITTING: SEPTEMBER 2001

By die Ringsitting van 11 September 2001 lei prof. Jurgens Hendriks die Ringskonferensie in met ŉ insiggewende oorsig oor die groter konteks waarin die kerk in die Weste haarself bevind. Hy verwoord die broodnodige paradigmaskuiwe duideliker as ooit tevore.

### 3.14.1 Jurgens Hendriks se paradigmaskuiwende insigte

Hendriks bring uiters belangrike, paradigma-verskuiwende insigte na die tafel by hierdie Ringskonferensie.

"Die globale paradigmaverskuiwings en die plaaslike gestalte daarvan, help ŉ mens om teologies te begryp voor watter omvattende uitdagings die kerk tans staan" (Ringsverslag, 2001:38).

"Die kerk het reeds ŉ suiweringsperiode ingegaan waarin die kaf van die koring geskei word. Ons is aan die begin van ŉ nuwe Reformasie wat niks minder ingrypend as die Reformasie van die groot Hervorming gaan wees nie. Die Reformasie gaan, in soverre as wat ons dit kan sien, sy wortels hê in klein geloofsgemeenskappe. Die klein geloofsgemeenskappe kan natuurlik ge-netwerk wees in enige vorm van gemeente" (Ringsverslag, 2001:38).

"Meer genuanseerd wil dit voorkom of daar ŉ groep tradisionele lidmate van die Afrikaanse kerk is wat, veral na aftrede, opnuut hulle volle gewig wil ingooi by die kerk. Hulle energie vloei in verskillende bedieninge" (Ringsverslag, 2001:40).

Hy beskryf die bedieninge as eerstens ŉ oplewing in die sending "daar ver", ywer om tradisies te handhaaf en nie die veranderinge in Suid Afrika te aanvaar nie (ŉ tipe retireer aksie) en derdens diegene wat progressief en eksperimenterend te werk gaan met nuwe bedieningspatrone en aanbiddingswyses (Ringsverslag, 2001:40).

Hendriks waarsku teen twee gevare wat hy sien gebeur, naamlik:

"Ons verloor ons jeug. Dit is myns insiens die moeilikste sendingveld in SA. Die postmoderne Suid Afrikaanse jeug is in reaksie teen die verlede, hulle vertrou nie die kerk of selfs hulle ouers nie" (Ringsverslag, 2001:40).

ŉ Tweede gevaar is dat kerke vir te lank hulself probeer verskans vir een bepaalde kultuurgroep en nie oor kultuurgrense wil uitreik na ander kultuurgroepe nie (Ringsverslag, 2001:40).

Hendriks maak by die Ringskonferensie die volgende belangrike stelling:

“Die veranderings in die kerk in die Weste word verklaar deur die afsterwe van die periode bekend as die Christendom paradigma. Gedurende die periode het die kerk-staat verhouding die kerk kultureel-polities geborg of ondersteun. Die kerk se invloed en waardes is erken en het gegeld. Die sekularisasieproses het dit egter geleidelik ondergrawe totdat die kerk ŉ randverskynsel geword het” (Ringsverslag, 2001:40).

Hendriks wys die Ring by die konferensie op ŉ artikel wat hy in die Nederduitse Gereformeerde Tydskrif geskryf het in 1997 met die titel: Kerklike megatrends: bedienings-implikasies: In die artikel maak hy sewe belangrike stellings en gee hy praktiese raad vir gemeentes. By die konferensie voeg hy drie nuwe stellings by. Agt van hierdie tien stellings word deur hierdie studie beskou as paradigmaties en wesensbelangrik (Ringsverslag, 2001:44):

- “Die lidmaat wat geestelik gaan oorleef, is die betrokke, roepingsbewuste lidmaat wat in sy gewone wêreld as Christen leef.
- Die plaaslike gemeente is die beste daartoe in staat om die aanpassings in die bedieningspraktyk te ontdek en uit te werk.
- Lidmaatskap verlies sal nie bekamp word deur programverbeterings of beter prosesbestuur nie, maar deur ŉ herontdekking van ons identiteit in Christus.
- Leierskapstyl word in die proses van verandering herdefinieer.
- Die hantering van diversiteit en pluralisme is een van die grootste uitdagings waarvoor die kerk in SA staan.”
- Die drie nuwe stellings wat Hendriks by die Ringskonferensie byvoeg is (Ringsverslag, 2001:44):
- “Ek meen ons het op ŉ punt gekom dat as die kerk wil missionêr wees en die postmoderne jongmens en ander subkultuurgroepe wil bereik, **nuwe Gemeente-Ontwikkeling** as ŉ ernstige opsie oorweeg moet word. Sodanige gemeentes moet ontwikkel rondom die kultuur van nuwe inkomelinge in bepaalde gebiede en moet leraars hê of beroep wat met die gebied se mense kan kommunikeer en hulle vertroue kan win. Dit sal beteken dat ras en kultuurgrense oorbrug moet word.
- Ware aanbidding in die erediens. Oorgangstye word gewoonlik gekenmerk deur *“worship wars”* as gevolg van die verskuiwende paradigmas. Die lidmaat en kerk wat egter nie die misterie van ŉ lewensveranderende ontmoeting met God beleef nie, het geen motivering of energie om in ŉ gesekulariseerde wêreld hom met godsdiens besig te hou nie. En. Ek dink ons moet van ons beheptheid met *“die ek”* bevry word deur *“die ander”* te begin raaksien.
- “Die gebrek aan bestendigheid in die kerk is vir baie lidmate ŉ groot probleem. In so ŉ situasie is die integriteit van die leierskap eintlik al oplossing. Persoonlik verhoudinge is belangrik. Sonder onderlinge vertroue, kan geen geloofsgemeenskap funksioneer nie.”

Prof. Hendriks het in sy inleiding tot die Ringskonferensie die pad helder uitgestippel in die rigting van ŉ paradigmaskuif. Roepingsbewustheid, belang van plaaslike gemeente, herontdekking van identiteit, nuutgedefinieerde leierskapstyl, diversiteit, nuwe gemeente-ontwikkeling, ware aanbidding, integriteit van leierskap.

Die Ring het egter niks van hierdie paradigma-skuiwende temas opgetel in hul besluite nie. Hulle besluite is steeds toegespits op die proses van die vestiging van ŉ makro-gemeente en strukturele eenwording.

### 3.14.2 Besluit oor eenwording by ringsitting 2001

Die Ring besluit dat kerkrade gemeentelede vereers inlig en motiveer rakende die aangeleentheid van eenwording en voor 31 Mei 2002 ŉ besluit neem om sy gemeente te verbind tot eenwording. Kerkrade word versoek om voor 31 Mei 2002 aanbevelings te maak oor hoe so ŉ eengeworde gemeente behoort te lyk. Hierdie besluit en aanbevelings word tydens die Ringsvergadering van September 2002 verder bespreek en beplan. Kerkrade wat hulself hiertoe verbind gaan voort met die eenwording. Kerkrade wat hulself nie verbind tot eenwording nie, word later tyd gegun om tot die proses toe te tree volgens die prosedure wat reeds gevolg is (Ringsverslag, 2001:25).

Die Rings-beplannings kommissie stel voor dat die gemeentes wat positief gereageer het oor eenwording na afloop van die Ringsitting met ŉ proses van eenwording begin volgens voorgeskrewe prosedure van die kerkorde. Hulle neem ook die volgende besluite wat op niks uitloop nie, volgens die notule van die Ringsitting in 2002. (kursief gedruk).

> "Die Ring besluit dat alle aksies, bv. kategese, vrouediens, jeugaksies, ens. tot 31 Mei 2002 gevra word om insette te lewer oor samesmelting en eenwording. Indien enige aksies reeds voor die tyd wil een word, staan dit hulle vry" (Ringsverslag, 2001:25).

ŉ Jaar later, in 2002 rapporteer die RBK soos volg:

"Geen reaksie in ontvang nie. Dit wil voorkom of gemeentes maar wag vir die gemeentelike proses van eenwording. Kategete skoling, jeugdienste, ŉ vrouekamp en Woordskool word egter reeds gesamentlik onderneem" (Ringsverslag, 2002:36).

> Die Ring versoek gemeentes om voor die einde van 2001 die RBK te adviseer ten opsigte van hul sterk punte (bv. Bedieninge wat effektief funksioneer) sodat ŉ strategie uitgewerk kan word ten opsigte van gedesentraliseerde bedieninge (Ringsverslag, 2001:25).

ŉ Jaar later, in 2002 rapporteer die RBK soos volg:

"Geen gemeente het op hierdie versoek van die Ring gereageer nie. Die saak is egter op ŉ Ringsleraars-byeenkoms bepreek en elke leraar het die sterk punte van sy gemeente gestel en verduidelik. Leraars was waarskynlik onder die indruk dat hierdie versoek van die Ring daarmee afgehandel is" (Ringsverslag, 2002:36).

> "Die Ring dra dit aan die RBK op om ŉ deeglike omgewings-verkenning te doen binne die Ringsgebied met die oog op strategiese beplanning" (Ringsverslag, 2001:25).

ŉ Jaar later, in 2002 rapporteer die RBK soos volg:

“Twee gemeentes, nl. Parowvallei Oos en Oostersee, het nie die opname gedoen nie (met opgawe van hul redes). As gevolg daarvan kon daar nie ŉ geheelbeeld van die Ring gevorm word nie. Dit is baie jammer want die RBK oordeel dat sodanige gegewens en verdere beplanning daaruit van baie groot belang is vir die Ring van Parow “ (Ringsverslag, 2002:35).

> “Die Ring versoek kerkrade om voor 21 Mei 2002 strategieë/aksies/planne aan die RBK voor te lê hoe om meer effektief kerk van Jesus Christus te wees. Die RBK sal in hierdie onderneming die leiding neem in samewerking met die ander kommissies van die Ring (Ringsverslag, 2001:25).

Die RBK doen soos volg verslag by die Ringsitting in 2002:

“Geen rapport is van enige kerkraad in hierdie verband ontvang nie. Die RBK beoordeel dat die Ring dieselfde opdrag aan die nuut saamgestelde kerkrade moet gee” (Ringsverslag, 2002:74).

### 3.14.3 Opmerkings oor 2001 ringsitting

Die paradigma-skuiwe wat die kerk moet implementeer het elke jaar duideliker geword. Dit is duidelik dat die “*paradigm effect*” wat die Rings-beplannings kommissie al in 1997 geïdentifiseer het, sy merk op die Ring laat. Niks van die uiters belangrike insigte wat Hendriks na vore bring, help om nuwe insigte na vore te bring in die besluite van die Ring nie. Die doel is eenwording en die vorming van ŉ makro-gemeente. Die vraag is net hoe dit gedoen moet word. Beplanning, struktuur en strategie is oorheersend in die besluite en werksaamheid van die Ring.

Sentrale navorsingsvraag

Die rede vir die onvermoë van die Ring van Parow om na elf jaar steeds nie eens te begin om die uitdagings van die groot demografiese verskuiwings in sy konteks te hanteer nie, moet na die 2001 Ringsitting met sy duidelike uitgespelde ekklesiologiese paradigmaskuiwe en insigte, vierkantig voor die deur van geestelike leiers gelê word. Daar is of gebrek aan teologiese intensie en wil, of ŉ onvermoë om teologiese intensie om te sit in ekklesiologiese praktyk. Of ŉ nuwe teologiese intensie is nodig, of nuwe geestelike leierskaps vaardighede.

## 3.15 RINGSITTING: 2002

By hierdie Ringsitting in Parow Noord gemeente is die proses rondom eenwording en die vorming van ŉ makro-gemeente op ŉ spits gedryf. Die gebrek aan vordering met strukturele eenheid na ŉ makro-gemeente in Parow is weereens oorheersend op die agenda. Die verskillende gemeentes se houding en reaksie op moontlike eenwording word bespreek:

### 3.15.1 Gemeentes se reaksie ten opsigte van eenwording

PAROW VALLEI OOS:

“Nadat die kerkraad weer indringend oor die saak van eenwording gesels het, het die kerkraad besluit om te volstaan met sy besluit dat ons nie deel sal wees van die

beoogde eenwordingsgemeente nie. Die kerkraad het reeds die gemeente getoets en met ŉ oorweldigende meerderheid is daar gevoel dat ons met die hulp van die Here as ŉ gemeente selfstandig wil voortbestaan, soos tans" (Ringsverslag, 2002:13).

PAROW WES:

"Op haar buitengewone kerkraadsvergadering gehou op 29 Julie 2002, het die Kerkraad van Parow-Wes JA gestem vir die proses van eenwording / samewerking" (Ringsverslag, 2002:13).

PAROW NOORD

"Hierdie gemeente kerkraad het op sy vergadering van 30 Julie 2002 die volgende besluit ten opsigte van eenwording geneem: Die kerkraad van Parow Noord besluit dat hy deel wil wees van die proses van eenwording" (Ringsverslag, 2002:13).

OOSTERSEE

"Die Kerkraad volstaan by sy verslag aan die Rings-beplannings kommissie wat op 18 April 2002 die kommissie gelewer is " (Ringsverslag, 2002:13).

Die gemeente Oostersee het ŉ brief aan die beplannings-kommissie geskryf waarin o.a. die volgende sake genoem word (Ringsverslag, 2002:15-16):

Hulle skryf: "Oostersee is deel van die Ring en die afgelope paar jaar self ook ervaar dat iets drasties gedoen moet word om die proses van agteruitgang te keer. Ons het daarom biddend introspeksie begin hou en die uitdaging om die proses om te keer strategies benader. Ons uitgangspunt was dan ook om nie herstrukturering as doel te stel nie, maar net as een middel tot ŉ doel. Daarom is eers gekyk watter aktiwiteite die visie sou dien en eers daarna watter gemeentestruktuur die aktiwiteite die beste sou dra. Ons glo egter ook dat so ŉ strategiese benadering ŉ voortgesette proses is en sal nie huiwer om ook struktureel verder aan te pas indien nodig nie. Die grootste uitdaging bly egter om al die lidmate aktief betrokke te kry om brandend te wees vir die Here. Ons moet dus nie net die geestelike behoeftes van al ons lidmate opvang nie, maar in gehoorsaamheid aan die opdrag van die Here aan alle gelowiges, mekaar aanmoedig om diensbaar te wees en Sy Naam op terreine groot te maak en te eer.

Ons bediening is ook nie meer net beperk tot ons gemeentegrense nie. Enige Christen wat tuis voel by ons, kan ook saam met ons die Here aanbid en deel hê aan ons gemeente aksies en samekomste.

Die beginpunt, glo ons, is dus nie groter sentralisasie deur herstrukturering in die Ring van Parow nie, maar groter beklemtoning van aksieplanne ter uitbreiding van God se koninkryk wat onder leiding van die Heilige Gees bepaal word.

Ons bid egter die seën toe indien die ander gemeentes van die Ring dieselfde uitdaging op ŉ ander manier wil aanpak" (Ringsverslag, 2002:15-16).

DE TYGER

"Die kerkraad het op sy vergadering van 27 Augustus 2002 met ŉ meerderheid van een stem Ja gestem vir eenwording" (Ringsverslag, 2002:14).

PAROW NUUTBEGIN:

“In beginsel steun ons die gedagte van eenwording. Met die aanvang van die samesprekinge om die ter stigte gemeente saam te stel, sal ons graag wil deelneem aan die proses van onderhandeling” (Ringsverslag, 2002:14).

PAROWVALLEI:

“Die kerkraad bevestig sy besluit geneem op kerkraadsvergadering 18 Maart 2002 naamlik: Die kerkraad verbind homself opnuut tot die proses van samewerking en moontlike eenwording in die Ring van Parow” (Ringsverslag, 2002:14).

TYGERBERG

“'n Bespreking is tydens die erediens van 23 Junie 2002 gehou aangaande die eenwording van die Ringsgemeentes. Die gemeente is rustig oor die besluit en die gesprek was positief en die gemeentelede is versoek om 'n positiewe beeld van die gemeente uit te dra” (Ringsverslag, 2002:14).

### 3.15.2 Verslag van die rings kommissie vir Getuienis

Die kommissie bring sommige van die paradigmatiese insigte van Hendriks wat by die 2001 ringsitting na vore gekom het, weer op die Ring se agenda in hul 2002 verslag: Hier is enkele uittreksels daaruit:

“Dit is duidelik dat die meeste Ringsgemeentes in die afwaartse kurwe van hul bestaan is. Dit lyk asof die meeste energie / tyd aan oorlewing spandeer word. Waar lê die probleem en in watter rigting lê die oplossing? Hoe gaan die negatiewe prentjie omgeswaai word. Lê die antwoord in kleiner dinamiese gemeentes of in groter samewerkingsverband? Een ding is reeds lank duidelik. Daar skort iets drasties met ons as Rings-gemeentes. Iets sal nou gedoen moet word” (Ringsverslag, 2002:42).

Die Kommissie doen verslag oor 'n ondersoek na **Nuwe Bedieninge** (Ringsverslag, 2002:44). In hul verslag word aangevoer dat 'n **paradigma skuif nodig is om dinamies en innoverend nuwe gemeentevorme en bedieninge** daar te stel.

Onder die opskrif: “Die herdefiniëring van 'n gemeente” word die volgende in die verslag gemeld**:**

> “Ons sal weer na die Skrif moet teruggaan en die gemeente herdefinieer soos dit in die Nuwe Testament ontstaan, veral uit die boek Handelinge en Paulus se sendingreise en die briewe wat hy aan die gemeentes skrywe. Hieruit blyk dit dat die leraar as sodanig nooit 'n deurslaggewende rol in die bestaan van 'n gemeente speel nie. (Woordbediening wel) Uit hierdie gegewens lyk dit asof 'n gemeente 'n groep gelowiges is wat deur Christus geroep en saamgevoeg word in 'n gemeenskap wat saam God dien, mekaar ondersteun en die koninkryk van God dien en bevorder. Hierdie groep gelowiges vorm 'n samehorigheid en 'n samewerkende gemeenskap wat gevoed word deur die Woord en sakramente en die dinamika ontwikkel om Jesus te verkondig deur woord en daad” (Ringsverslag, 2002:48).

Die kommissie maak die volgende gevolgtrekking:

> “As ons weer daarin kan slaag om gemeentes geestelik te definieer en nie materieel nie, sal dit nie in die eerste plek saak maak of ’n gemeente finansieel die mas kan opkom volgens ons standaarde nie, maar of dit ’n groep gelowiges is wat funksioneer volgens die Nuwe Testamentiese beeld. So kan ons kwynende gemeentes (stadsgemeentes van die NGK) en permanente vakante gemeentes (platteland, veral VGK) wat nie eie voltydse leraars kan bekostig nie, nie meer sien as ’n kerkregtelike verleentheid of “probleem” nie, maar ’n geleentheid tot opwindende nuwe bedieningstyle en nuwe gemeentevorme. Dit kan kwynende gemeentes in staat stel om op te hou om al hulle energie op oorlewing in te stel en om self die paradigma skuif te maak om toekomsgerig te begin beplan en leef” (Ringsverslag, 2002:48).

Hulle skryf verder:

> “Daar sal oorweeg moet word om innoverend, maar Bybels weer te dink oor alternatiewe gemeente-vorme. Dit moet as ’n moontlikheid ontwikkel word dat ’n gemeente kan ontstaan, bestaan en funksioneer sonder om ’n voltydse leraar te dra. Sulke gemeentes kan “Gemeentes in verband” genoem word en nie “vakante gemeentes” asof die afwesigheid van ’n voltydse eie leraar ’n gemeente diskwalifiseer om volwaardig gemeente te wees” (Ringsverslag, 2002:48).
> Die RKG skryf dat daar nuut gekyk moet word na die rol van gemeenteleiers en vra die vraag waarom ’n ouderling wat die gawe van verkondiging het nie ook die onder die toesig van die kerkraad die sakramente kan bedien nie. “Die skeiding van Woordbediening en Sakramentbediening kan nie gehandhaaf word nie” (Ringsverslag, 2002:48).
> “Die Bybel lê ’n groot klem op die gawes van lidmate tot nut van die gemeente wat nie altyd by ons kerk tot hul reg kom nie, onder andere moontlik omdat die leraarpos so ’n buitengewone sterk klem gekry het. Dit sluit in die ontsluiting en bemagtiging van gawes soos leierskap, getuienis, organisasie vermoë, versorging, verkondiging, voorbidding, berading, ens” (Ringsverslag, 2002:48).

Die verslag meld verder:

> “Die voorveronderstelling is dat die kerk in sy wese missionêr is en as sodanig moet uitreik na die nood van mens en samelewing. Gemeentes wat dit nie doen nie, “vervlak” in ’n na binne gerigtheid en ’n besigwees met hulleself (finansies en eiendomme). Oor ’n geslag of drie kies hulle kinders ’n ander koers. Die patroon is vir meer as ’n eeu in die Weste sigbaar en kan tans ook in gevestigde kerke in SA waargeneem word.”

Daarom is die gedagte dat gemeentes ook aan nuwe kerkplanting moet dink. Daar word bedoel:

> “Die stigting van nuwe gemeentes wat met ’n nuwe identiteit en styl gerig word op ’n nuwe geslag mense wat anders leef en funksioneer. Dit kan steeds gedoen word met behoud van teologiese identiteit, maar terselfdertyd dien as nuwe katalisator en stimulus vir groei” (Ringsverslag, 2002:50).

NAVORSINGS OPMERKING
Die kommissie het ’n uiters belangrike verslag gelewer wat al die elemente bevat het om die Ring te help om vars en nuut te dink. Vir die eerste keer kom die begrip mis-

sionêr na vore in verband met die kerk. Ten spyte van die uitstekende ekklesiologiese denke, gebeur daar steeds niks in die praktyk nie. Ten spyte van hierdie insigte het geleenthede soos Parow Suid gemeente uit die Ring se hand geglip. Die verslag van die Rings-kommissie vir Getuienis het ook nie gekeer dat die Ring finaal besluit het om met ŉ proses van eenwording te begin tussen die ses gemeentes wat positief gereageer het.

## 3.16 DIE GELEENTHEID VAN PAROW SUID

Daar was pogings aan die einde van 2001 om ŉ nuwe interkulturele bediening in Parow Suid te begin tydens onder leiding van ds. McKay van die VGK. Dit het plaasgevind net voor die finale eenwording tussen Nuutbegin en Parow Suid vroeg in 2002.

Daar is onder andere ŉ brief geskryf aan die moderator Dr. JJE Koornhof op 8 November 2001 waarin hy versoek word om hulp te verleen om die geleentheid te help benut om die geboue van Parow Suid te behou met die oog op so ŉ nuwe bediening.

"Met die besluit van Parow Suid en Nuutbegin om saam te werk het Parow Suid se gebouekompleks beskikbaar geraak vir ŉ moontlike sentrum waaruit hierdie evangelisasie geloods en ŉ nuwe gemeente gebou kan word" (Brief aan moderator deur Ringsvoorsitter 8 Nov. 2001) (Ringsverslag 2002:71)**.**

In die memorandum van ooreenkoms word gemeld dat Parow Suid se kerk kompleks, kerk en pastorie verkoop sal word vir die bedrag van R500 000 (Memorandum van ooreenkoms Parow Suid, Nuutbegin) (Ringsverslag 2002:72).

"In die lig hiervan verneem die RK graag van die Moderatuur of daar nie van breë kerkweë, finansies vir die doel beskikbaar gestel kan word om die Ring se visie te laat realiseer nie. Daar is heelwat lidmate van die VGK wat tans ook binne die grense hul intrek geneem het. Die VGK het ook die droom begin droom" (Brief aan moderator deur Ringsvoorsitter 8 Nov 2001) (Ringsverslag 2002:71).

Die poging tot ŉ nuwe interkulturele bediening het nie geslaag nie, vanweë prosedurele en orde-reëlings wat nie betyds en behoorlik hanteer kon word nie. Uit ŉ brief van die kerkraad van die NG Gemeente Parow Suid gedateer 4 Februarie 2002 blyk dit dat ds. Willie McKay van die VGK se bediening deur ŉ besluit van die VGK, Ring van SA Gestig, verhinder is om met die kerk voort te gaan, deur beperkings op sy rol in die gemeente te plaas. Die kerkraad van Parow Suid het aan die Ring van Parow geskryf:

"Die besluit bring egter noodwendig mee dat die kontinuiteit in bediening waarop daar gehoop is, nie sal kan realiseer nie" (Brief van Parow Suid kerkraad aan voorsitter van Ring 4 Feb. 2002) (Ringsverslag 2002:72)**.**) .

Op ŉ kerkraadsvergadering van 3 September 2001 besluit die kerkraad van Parow Suid om te ontbind as selfstandige gemeente en deel te word van Parow Nuutbegin vanaf 1 Maart 2002. Parow Nuutbegin se kerkraad gee op 31 Oktober 2001 toestemming tot hierdie stap (Brief van konsulent van NG Parow Suid aan voorsitter van die Ring. 25.01.2002) (Ringsverslag 2002:72)**.**

Die eenwording tussen Parow Suid en Parow Nuutbegin word ŉ werklikheid op 1 Maart 2002. Parow Suid se eiendomme word verkoop en die moontlikheid van ŉ nuwe bediening met inagneming van die nuwe demografiese werklikhede van Parow bly in die slag.

BESLUITE VAN RINGSITTING 2002

> Die Ring besluit dat die proses van eenwording voortgesit word met die ses gemeentes wat positief gereageer het (Ringsverslag, 2002:6).

Die Ring taak die Rings beplanningskommissie om die bedinging en onderhandelinge met die oog op die sluiting van eenwordings-ooreenkomste te begelei (Ringsverslag, 2002:6).

## 3.17 OPMERKINGS OOR DIE RINGSITTING VAN 2002

Die verslag van die Rings Kommissie vir Getuienis (RKG) en hul ruim gebruik van die Kommissie vir Getuienis van die Algemene Sinode (KGA) se verslag het puik insigte rondom ŉ ontluikende nuwe ekklesiologiese raamwerk bevat. Dit is egter nie gehoor nie, net soos die uiters belangrike insigte van Hendriks by die 2001 Ringskonferensie nie gehoor is nie.

Die Ring het oor ŉ periode van twaalf jaar probeer om die uitdagings soos verwoord in Spies se studie in 1990 aan te pak deur die herstrukturering van die Parow gemeentes se bediening. Algaande, in die prosesse en gesprekke het ŉ nuwe ontluikende ekklesiologiese raamwerk na vore gekom. Die ekklesiologiese paradigmaskuiwe het egter nêrens neerslag gevind in die Rings-besluite of in die praktyk van die Parow gemeentes nie. Daarom is die uitdagings van die demografiese verskuiwings nooit aangespreek nie. Dit was nooit behoorlik in die visier van die geestelike leiers nie.

In 2002 het dit duidelik geword dat strukturele eenheid of ŉ makro-gemeente in Parow Ring nie maklik sal gebeur nie, ten spyte daarvan dat ses van die gemeentes (behalwe Parow Vallei Oos en Oostersee) ja gestem het vir eenwording. Tog was die dryf na eenwording en die vorming van ŉ makro-gemeente so sterk dat daar eenvoudig voortgegaan is met pogings om dit te laat gebeur.

Eenwording en die vorming van ŉ makro-gemeente was nooit teologies goed gemotiveerd nie. Die nuwe ekklesiologiese insigte wat na vore gekom het, het voortdurend op die teendeel begin wys. Daar was nie eenstemmigheid dat dit die antwoord vir die problematiek is nie. Tog is die proses voortdurend gedruk. Daarom is die eindresultaat nie verbasend nie.

Na die 2002 Ringsitting het uiteindelik slegs drie gemeentes saamgesmelt, naamlik Parow Wes, Nuutbegin en Tygerberg gemeentes. Die res van die gemeentes wat op een of ander wyse nog finansieel onafhanklik kon funksioneer, het op hul eie voortgegaan.

Die gemeentes wat saamgesmelt het, het dit uiteindelik uit praktiese nood en nie om teologiese redes gedoen nie. In die proses het ses Parow gemeentes verdwyn.

Die geval van Parow Suid bevestig die waarneming dat institusionele denke so oorheersend was dat praktiese paradigma-bedieningskuiwe nie uitvoerbaar was nie.

Die brief van die kerkraad van Oostersee aan die Ring is 'n besondere ligpunt en spesifiek die volgende sin verwoord die nuut aanbrekende ekklesiologiese raamwerk soos volg:

"Die beginpunt, glo ons, is dus nie groter sentralisasie deur herstrukturering in die Ring van Parow nie, maar groter beklemtoning van aksieplanne ter uitbreiding van God se koninkryk wat onder leiding van die Heilige Gees bepaal word" (Ringsverslag, 2002:15-16).

Sentrale navorsingsvraag

Die Ring van Parow het in twaalf jaar sedert 1990 nie daarin geslaag om eens te begin om die uitdagings van die groot demografiese verskuiwings in sy konteks te *hanteer* nie. Die redes daarvoor het algaande duidelik begin word. In die eerste plek is daar gefunksioneer vanuit 'n raamwerk waarin onbewustelik en onkrities die voortsetting van die NG kerk se identiteit as die hoogste waarde gesien is. Dit kon beskerm word deur die moontlikheid om al die gemeentes in een groot makro gemeente saam te snoer. Dit behoort met nabetragting vir almal duidelik te wees, dat een groot gemeente nie die NG kerk sou help om skielik oor grense te beweeg na die nuwe mense wat in die gebied begin inbeweeg het nie. Tweedens het dit natuurlik ook duidelik geword dat die geestelike leiers wat oor so 'n lang periode nie daarin kon slaag om ten spyte van indringende gesprekke, baie harde werk en goeie ekklesiologiese insigte, self vasgevang was in 'n bepaalde denkraamwerk wat verlammend was. Hulle was vasgevang in 'n paradigma waaruit hulle nie kon breek nie.

Die enigste manier om in die toekoms wel die uitdagings te begin aanpak is dus persoonlike transformasie van die geestelike leiers. Hulle sal hul eie paradigmas en verstaansraamwerke sowel as hul praktyk van bediening moet aanpas. Die aanpassing, soos in hierdie studie later aangetoon sal word, geskied in egte dialoog, nie net met ander nie, maar veral met die Gans Andere.

**TABEL VAN WERKLIKE LIDMAAT SITUASIE IN PAROW RING SEDERT 1984**
In die onderstaande tabel kan die verlies van lidmate en gemeentes in die Ring van Parow duidelik gesien word in die periode tussen 1984 en 2010.

| Jaar | Gemeentes | Predikante | Belydend | Doop | Totaal | Gedoop | Belydenis |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1984 | 13 | 23 | 13811 | 5340 | 19151 | 313 | 391 |
| 1986 | 13 | 23 | 13694 | 4727 | 18421 | 280 | 369 |
| 1988 | 12 | 25 | 13623 | 4598 | 18221 | 296 | 321 |
| 1990 | 12 | 18 | 13132 | 3165 | 16297 | 200 | 253 |
| 1992 | 12 | 17 | 10246 | 2938 | 13184 | 149 | 183 |
| 1994 | 12 | 17 | 9473 | 2464 | 11937 | 182 | 242 |
| 1996 | 12 | 15 | 8658 | 2372 | 11030 | 182 | 242 |
| 1998 | 11 | 14 | 9252 | 2003 | 11255 | 97 | 151 |
| 2000 | 8 | 15 | 7381 | 1818 | 9199 | 97 | 130 |
| 2001 | 8 | 14 | 7443 | 1848 | 9291 | 102 | 120 |
| 2010 | 6 | 7 | 5406 | 782 | 6188 | | |

## 3.18 OPMERKINGS OOR DIE REAKSIE VAN DIE GEESTELIKE LEIERS VAN PAROW OP DIE UITDAGINGS VAN DIE VERANDERINGE SEDERT 1990:

Die Ring was voortdurend deeglik bewus van die verskeurende en vernietigende impak wat die demografiese veranderinge in Parow op die NG kerk en haar bedieningspraktyk het. Die impak van demografiese veranderinge het mense se lewens in Parow dramaties beïnvloed en verskeie leraars is uit die bediening uit of moes noodgedwonge ander lewensmoontlikhede en beroepe aanneem.

Die resultaat van die demografiese veranderinge is dat van die twaalf gemeentes in Parow in 1990 daar slegs ses selfstandige gemeentes oorgebly het teen 2010, met ses voltydse predikante en een tentmaker. Elke gemeente het hul sake so begin reël dat hulle na die beste van hul vermoë finansieel kan bly voortbestaan. In drie gevalle met ŉ baie groot afhanklikheid van rente en huurinkomstes.

Die Ring en gemeenteleiers het met die beste van hul kennis en vaardighede en binne die beperkende strukture van die Ring pogings aangewend om die problematiek te verstaan en aan te spreek. Spies het reeds begin praat van paradigmaskuiwe wat die kerk sal moet maak. Dat ŉ heel nuwe verstaansraamwerk van kerkwees nodig is breek deur na die retraites van 1999 en word duidelik verwoord in die verslag van die KGA wat by die Ringsitting van 2002 voorgehou word. Die pogings wat aangewend is om ŉ ommekeer te bring, het egter meestal slegs gefokus op eenwording en samesmelting van gemeentes, d.w.s struktuurverandering. Na 2002 het die Ring begin berus dat eenwording en die vorming van ŉ makro-gemeente nie gaan plaasvind nie. Die drif vir eenwording en die intensiteit van gesprekvoering en beplanning daarvoor het afgeneem. Die droom van ŉ makro-gemeente met sy oorsprong by die Ringsitting van 1990 is hierna langtand laat vaar. Die Ring is na twaalf jaar se ernstige pogings tot eenwording van die Rings-gemeentes gelaat sonder enige duidelike antwoorde op die uitdagings op die veranderinge in Parow.

Die behoefte aan ŉ nuwe bedieningstyl en ŉ nuwe verstaansraamwerk vir gemeentes is telkens gesuggereer, maar kon nêrens in die Ring grondslag kry nie. Na twintig jaar se pynlike ervaring van verlies en agteruitgang is daar steeds min tekens van vernuwing, ŉ nuwe paradigma of radikale omdraai van gemeentes. Die agteruitgang het verstadig, maar is nog nie omgekeer nie.

ŉ Baie bemoedigende ontdekking was dat daar beweging en belangrike insigte gekom het in die proses van luister tydens die retraits. Dit kon egter nie verder ontwikkel deur die normale Ringsprosesse, Ringstrukture of Ringsvergaderinge nie. Dit het telkens weer uitgeloop op voorstelle tot strukturele veranderinge.

Die probleme en uitdagings in die Ring was van meet af aan nie oorkombaar deur strukturele veranderinge nie. Geen struktuurveranderinge sou die demografiese veranderinge in die Ring stuit of omdraai nie. Dit sou ook nie die erfenis van die Christendom paradigma waarin die NG kerk se bediening in Parow ingebed is verander nie. Geen struktuurveranderinge sou die institusioneel en kultuurbepaalde kerkbegrip van sowel geestelike leiers en gemeentelede verander nie.

Die vraag wat reeds gevra is en hier herhaal word is of die Ring nie beïnvloed en verlei was deur die oënskynlike sukses van makrogemeentes in die periode in Suid Afrika nie, asook die *Church Growth* beweging se klem op getallegroei en spesialisasie moontlikhede vir leraars nie.

In dieselfde periode het minstens drie Charismatiese gemeentes (waarvan die navorser bewus is) uitstekend gevaar en baie goed gevestig geraak, te wete die AGS Goodwood, die Lighuis in Parow, en His People in Goodwood. Hulle bedieninge hou rekening met die demografiese skuiwe wat in die area plaasgevind het, en hulle opereer vanuit ŉ ander teologiese basis en sisteemstorie as die geestelike leiers van die NG kerk.

Dit het die afgelope twintig jaar in Parow duidelik geword dat die teologiese basis en sisteemstorie wat die gemeente-praktyk van die NG kerk in Parow voed en instandhou nie die geestelike leiers en gemeentes help om die nodige aanpassings te maak om die uitdagings van ŉ veranderende wêreld suksesvol aan te pak nie.

Die NG kerk het ten spyte van sogenaamde "goeie teologie" nie daarin geslaag om oor grense te gaan te midde van die verskuiwende demografiese veranderinge in die gebied nie. Hulle kon nie die nuwe mense wat in die area ingetrek het, verwelkom en ŉ geestelike tuiste bied nie. Dit is asof hulle na twintig jaar steeds in ŉ kleiner wordende laer sit. Eilande in ŉ oseaan. Die een geleentheid wat opgekom het vir ŉ nuwe bediening in Parow Suid is nie benut nie en kerklike burokrasie het dit stomp en voortydig beëindig.

Die dryf na ŉ makro-gemeente deur die Ring het na twaalf jaar om verskeie redes begin versand, maar nie heeltemal gesterf nie, ten spyte daarvan dat begrip vir en die inhoud van ŉ nuwe ekklesiologiese paradigma duidelik begin vorm aanneem het. Dit dui daarop dat geestelike leiers ŉ goeie ekklesiologiese begrip kan hê, maar ŉ onvermoë om dit praktiese gestalte te gee.

Natuurlik is daar by ons Westers gevormde, rasionele denke, ŉ diep onbewuste geloof nog dat as ons net die struktuur kan verander, sal alles regkom.

Hierdie studie wil die teendeel aantoon, naamlik dat transformasie nie in struktuurverandering lê nie, maar in die transformasie van die leiers self. Dit is ŉ baie moeiliker proses as om die strukture te verander. Die plek vanwaar leiers opereer, moet skuif, d.w.s. hul voorveronderstellings waaruit hul onnadenkend opereer moet in die spel gebring word en geskuif word. Daarsonder is geen transformasie moontlik nie. Daarby moet ook ernstige aandag gegee word aan die praktiese vaardighede van geestelike leiers om transformasie te begelei en te bestuur.

Soos reeds gesê, is die probleem ten diepste ŉ leierskaps-probleem, ŉ gebrek aan profetiese en apostoliese visie by die leraars. Geestelike onderskeiding of geloofsonderskeiding vind nie plaas nie. Sou die nood van die omgewing nie op God se hart wees nie of kon niemand in die gemeentes dit hoor nie? Indien laasgenoemde, hoekom nie?

Dit is uit die beskrywing van die reaksie van die geestelike leiers die afgelope twintig jaar duidelik dat ŉ baie diep paradigmaskuif die enigste moontlikheid vir verandering en vernuwing in Parow is, dit wil sê geestelike leiers wat nuut en vanuit ŉ heel ander

plek dink en opereer. Hierdie studie fokus juis op die teologiese paradigmaskuiwe rondom ŉ nuwe Bybelse sisteemstorie en ŉ paradigmaskuif rondom ontluikende leierskapvaardighede wat die geestelike leiers in Parow sal moet maak om ŉ kans op langtermyn-oorlewing of groei te hê.

Ek wil twee sake belig voordat ek kom by die beskrywing van missio Dei[6] as basis van die teologiese paradigma skuif vir die bediening in Parow.

Dit is nodig om die groter konteks en agtergrond waarin die gebeure in Parow afspeel te beskryf sowel as die rol en taak van geestelike leiers in tye van veranderende omstandighede. Dit doen ek in die volgende twee hoofstukke.

---

[6] Missio Dei is 'n Latynse begrip wat beteken, "sending van God". Dit word nie kursief gedruk nie omdat dit beskou word as deel van die algemene teologiese taal in Afrikaans. Missio Dei word later in breë trekke beskryf in hoofstuk ses van hierdie studie. Hierdie studie gaan uit van die standpunt dat dit die teologiese paradigma skuif is wat nodig is vir die NG kerk in Parow.

# Hoofstuk 4

## 4. DIE VOLMAAKTE STORM

### 4.1 DOEL VAN HOOFSTUK

Hierdie hoofstuk beskryf in breë trekke die agtergrond waarteen en waarin die plaaslike veranderinge in Parow Ring die afgelope twintig jaar afgespeel het. Die wêreld en sy spelreëls het verander.

### 4.2 PLAASLIKE UITSPEEL VAN ʼn WÊRELDWYE STORM

Wat Parow se gemeentes en geestelike leiers die afgelope twintig jaar beleef het, is plaaslik gekleur en intens persoonlik ervaar, maar die werklikheid is dat dit ʼn plaaslike ontvouing is van ʼn baie groter storm wat besig is om steeds af te speel. Die ervaring en gebeure van die afgelope twintig jaar in Parow is ʼn gevolg en reaksie op ʼn baie groter storm wat regdeur die wêreld woed. Die storm is nie verby nie en is besig om die wêreld soos ons dit geken het onherroeplik te verander. Dit is belangrik om hierdie veranderinge te verstaan sodat die uitdaging vir en reaksie van die geestelike leiers teen die agtergrond van die ontvouende storm verstaan kan word. Stephan Joubert beskryf die storm soos volg (2007:8):

“Die storm is reeds agter ons, rondom ons, bo-op ons – ʼn perfekte kategorie 5 storm. Hierdie perfekte storm tref ook die kerk, juis die kerk. Dit is ʼn storm wat so gevaarlik is dat niemand wat hulleself Christene noem dit ongeskonde sal oorleef nie. Kerke gaan wegwaai, mense gaan verdrink terwyl kerkleiers met hulle gewone sake voortgaan, irrelevansie gaan selfs nog langer skadu’s oor sterwende gemeentes gooi… Kerklike noodplanne wat in vorige krisisse gebruik is, sal die keer nie werk nie. Daar is regtig geen wegkomkans nie.”

Dit is belangrik om die gebeure in Parow in die groter prentjie van die storms van verandering te plaas. Dit is nodig sodat mense verlig kan word van die gevoel van mislukking. Parow se geestelike leiers het nie misluk nie. Hulle beleef wel die grootste storm wat die wêreld ooit beleef het. Dit kan beskryf word as die volmaakte storm wat ons lewenswêreld en lewenservaring onherroeplik verander. Hulle ervaring is ʼn gedeelde ervaring van geestelike en sekulêre leiers (as so ʼn onderskeid moontlik sou kon wees!) regdeur die wêreld. Die volmaakte storm bring ʼn radikaal nuwe aanbrekende wêreld teen verbysterende spoed.

Walter Brueggemann beskryf die nuwe werklikheid soos volg in sy boek Hopefull Imagination (1986:45-46):

“I believe we are in a season of transition, when we are watching the collapse of the world as we have known it… the value systems and the shapes of knowledge through which we have controlled life are now in great jeopardy. We can paint the picture in very large scope, but the issues do not present themselves to pastors as global issues. They appear as local, even personal issues, but they are nonetheless pieces of a very large picture. When the fear and anger are immediate and acute, we do not stop to notice how much of our own crisis a part is of the larger one, but it is.”

Nelus Niemandt beskryf dit as (2007:13):

“Stormwinde waai oor die kerklike toneel in Suid-Afrika. Baie gemeentes ervaar die ruk en pluk van woeste winde en is soos ŉ skip wat besig is om water in te neem. Ons leef in stormagtige tye en niks gaan dieselfde bly nie. Eintlik leef ons in ŉ heel nuwe wêreld. Ons groot uitdaging is juis om die tekens van die tyd te lees en die wêreld waarin die kerk hom bevind te probeer verstaan. Feit van die saak is dat die kerk vasgevang is in ŉ moeilike situasie en dat die voortbestaan van kerke soos ons dit nou vir byna 2 000 jaar gewoond geraak het, in gedrang is.”

Leonard Sweet beskryf dit as:

“Christene trotseer vandag een van die grootste kultuurstorms ooit: die eerste “perfekte storm” in die Christendom se geskiedenis” (Joubert, 2007:17).

En. “Hierdie tyd is een van die mees opwindende, uitsonderlike en kairos-belaaide tye wat die kerk nog ooit beleef het. Kairos-tyd bring leiers in beweging, leiers wat bereid is om hulle gemaksones en konvensionele gebruike te verlaat en agter te laat” (2007:19).

Daar is drie gelyktydige storms wat veroorsaak dat die kerk in Parow haarself saam met die breë kerk in die wêreld midde in ŉ volmaakte storm bevind. Niemandt beskryf die volmaakte storm as drie gelyktydige storms, naamlik globalisering, postmodernisme, post Christendom (2007:10).

## 4.3 EERSTE STORM: GLOBALISASIE

Globalisasie bied ŉ verstaansraamwerk vir snellerwordende sosiale veranderinge regdeur die wêreld

### 4.3.1 Wat is globalisasie?

Globalisasie is ŉ begrip wat ŉ voortgaande proses beskryf waardeur streeks-ekonomieë, gemeenskappe en kulture almeer geïntegreer word deur groeiende wêreldwye netwerke. Dit is die proses waardeur nasionale en plaaslike ekonomieë almeer geïntegreer raak deur ŉ groeiende internasionale ekonomie. Die globalisasie-proses vind plaas deur handel, buitelandse beleggings, kapitaalvloei tussen lande, en die verspreiding van inligting en tegnologie. Hoewel die ekonomie die grootste dryfveer agter globalisasie is, word globalisasie herken en waargeneem as ŉ mengsel van ekonomiese, tegnologiese, politieke en biologiese faktore. Die begrip globalisasie verwys verder ook na die vermenging van idees, taal en populêre kultuur wêreldwyd (Schreiter, 1999:10).

### 4.3.2 Drie prosesse van globalisasie wat die sosiale sisteem beïnvloed

Globalisasie is ŉ reeks ingewikkelde prosesse wat versteurings bring in sosiale sisteme wêreldwyd. Daar is veral drie groot prosesse wat ŉ rol speel in sosiale veranderinge waarop die kerk bedag moet wees.

Proses van modernisasie:

Reg deur die ontwikkelende wêreld word beleef dat verandering en spesifiek modernisering vinniger en sneller plaasvind.

Kuns kritikus Nestor Garcia Ganclini noem **vier bewegings wat modernisme definieer** (Mockler & Sachs, November 2006:2).

Die eerste is ŉ emansipasie **beweging** wat lei tot groter individualiteit en behoefte aan self ekspressie, veral in stede. Die tweede beweging is ŉ die **"ekspansie" beweging**, die voortdurende interesse om meer te produseer, meer wetenskaplike ontdekkings te maak en meer ekonomies te ontwikkel. Die derde is ŉ **innoverings - beweging** wat gaan om renovasie, verbetering, verandering, ŉ beweging wat verandering onvoorwaardelik en onkrities sien as die konstante verbetering van die gemeenskap. Die vierde en laaste beweging wat modernisme kenmerk is die **demokratisering-beweging**, dus 'n demokratisering van die politiek, opvoeding en die kunste. Modernisme word hiervolgens gekenmerk deur emansipasie, uitbreiding, renovasie en demokratisering. Hierdie bewegings is inherent deel van die globalisasie storm en het ŉ effek op geloofsgemeenskappe (Mockler & Sachs, November 2006:2).

Moderniteit as ŉ gevolg van globalisasie gebeur nie eenvormig nie. Mens kan selfs in dieselfde stad vind dat pre-moderne, moderne en post-moderne patrone saam bestaan, selfs in dieselfde familie en gesin. Die proses van modernisasie wat teweeg gebring word deur globalisering bring bepaalde neigings na vore waarop die kerk bedag moet wees. Die verskille tussen individue in dieselfde omgewing en huis kan lei tot baie spanning en konflik waarvoor gemeentes bedag moet wees. Meer as ooit moet die kerk help om diversiteit te verstaan en verdraagsaamheid te kweek. Geestelike leiers moet dit verstaan en bedag wees op groeiende diverse behoeftes binne voorheen eenvormige gemeenskappe (Mockler & Sachs, November 2006:2).

Proses van groeiende verbruikersmentaliteit:

Die tweede proses wat deel is van globalisasie, waarop die kerk bedag moet wees, het te doen met groeiende verbruikersmentaliteit en hedonisme.

"It seems as though after a long struggle to achieve social change, a population will try to forget the struggles and traumas of the past by immersing itself in mindless activity with immediate gratification" (Schreiter, 1999:8).

Proses van soeke na nuwe waardes:

Die derde en laaste kenmerk van globalisasie kom van ŉ studie van 43 gemeenskappe wat deur snelle veranderinge gegaan het. Die Amerikaanse sosioloog Ronald Inglehart het ŉ studie gedoen sedert 1980 waarin hy mense se waardes nagevors het in gemeenskappe wat hy definieer as "post-survival". D.i. mense wat ŉ ekonomiese vlak van bestaan bereik het dat hulle ekonomiese voortbestaan nie meer daagliks bedreig word nie. Drie waardes begin by sulke mense na vore kom (Schreiter, 1999:8):

- ŉ behoefte en soeke na sin en betekenis,
- ŉ gebrek aan vertroue in sosiale instellings, en
- ŉ omgee vir die omgewing (ekologie).

Die **eerste waarde, naamlik die soeke na sin en betekenis**, reflekteer die beweging weg van pre-okupasie met materiële oorlewing. Dit kan ook ŉ dissatisfaksie met materiële eksistensie reflekteer.

Die **tweede waarde, naamlik gebrek aan vertroue in sosiale instelings**, reflekteer die groeiende individualisme, sowel as die luuksheid wat ŉ welvarende stabiele samelewing bied, naamlik om krities te wees teenoor sosiale institusies. Indien die institusionele karakter van lewe as vanselfsprekend beleef word, kan mens leef asof dit nie belangrik is nie. Groot sosiale skokke soos 9/11 in die VSA bring weer perspektief en help mense om anders na hulself en hul lewe te kyk (Schreiter, 1999:8).

Die **derde waarde, naamlik die omgee vir die omgewing** is kompleks en het te doen met ŉ egte omgee vir die voortbestaan van die planeet aarde, maar dit hou ook verband met die soeke na sin en heelheid in ŉ nie-religieuse, post-metafisiese sosiale omgewing. Ten diepste gee die derde waarde ook uitdrukking aan die menslike behoefte aan spiritualiteit wat ŉ venster van geleentheid vir die kerk van Jesus Christus bied (Schreiter, 1999:8).

### 4.3.3 Globalisasie beïnvloed vier lewensfere

Kommunikasie en vloei van inligting.

Globalisasie demokratiseer kommunikasie en gee vrye en onbeperkte toegang tot kennis en inligting. Dit is onmoontlik om inligting en kennis hiërargies te beheer. Die internet en die selfoon is die magtigste tegnologiese spronge wat die mens ooit geneem het en die gevolg en effek daarvan word letterlik daagliks gevoel deurdat mense wat inskakel by hierdie kommunikasie netwerk bemagtig word soos nog nooit in die geskiedenis van die wêreld nie. Magspatrone is deurbreek en sal nooit weer dieselfde wees nie. Die kerk moet die tegnologiese kommunikasie revolusie verstaan en benut (Schreiter, 1999:12).

EKONOMIE

Die tweede sfeer wat globalisasie beïnvloed en dalk ook die mees sigbaarste, is die ekonomie. Met die toenemende interkonnektiwiteit verander die wêreld almeer in een enkele ineengewikkelde ekonomiese sisteem. Die huidige wêreldwye resessie en die samewerking tussen sentrale banke, sowel as die spoed waarop markte en ekonomieë wêreldwyd gereageer het op die bankrotskap van Lehman Brothers in 2008, is bewys daarvan. Die ineengeskakelde ekonomie skep grootskaalse verandering wat uitdagings aan bestuur en werkers, politici en sentrale bankiers stel. Dit kan nie gestop of omgekeer word nie en die uiteinde van al die veranderinge is nog nie sigbaar nie. Inligting en die vloei van inligting het die basis geword van die ekonomie. Landbou of industriële vervaardiging is lankal nie meer die basis van die ekonomie nie (Schreiter, 1999:12). Die effek hiervan is dat mense wat nie geskool is vir die inligtings ekonomie nie, dit al moeiliker vind om werksgeleenthede te vind, wat ŉ effek het op hul inkomste en stabiliteit.

POLITIEK

Die derde sfeer wat geraak word deur globalisasie is die politieke arena. Die nasiestaat idee is ernstig verswak deur globalisasie en die groeiende interkonnektiwiteit en vloei van idees. Die nasie staat is egter nie naby daaraan om te verdwyn nie. Balans is versteur tussen politieke magte en hoewel die VSA die sterkste nasie op aarde is, kan hulle ook nie meer langer mag uitoefen soos tevore nie. Politieke leiers

staan voor die uitdaging om beter balans in die wêreldpolitiek te bewerk. Globalisasie beperk ook die vermoë van plaaslike politici om politieke opinies eenvormig te beïnvloed en te mobiliseer. In Suid Afrika met die politieke oorgange van die wit Nasionale Party na die swart ANC nog vars in ons kollektiewe geheue is hierdie waarheid ŉ belangrike gebeure wat die blankes help om makliker saam te leef met die uitdagings van die oorgange. Die hoop is dat ewewig behou kan word vanweë die interkonnektiwiteit wat globalisasie meegebring het (Schreiter, 1999:13).

SOSIO KULTURELE SFEER
Die laaste sfeer wat beïnvloed word is die sosio-kulturele sfeer. Met die toenemende interkonnektiwiteit het ook hier ŉ konsentrasie van mag gevorm. As die land met die grootste produsente van nuus-rapportering, asook ontspannings-produkte soos films het die VSA die grootste invloed op mense op sosio-kulturele gebied. Hierdie produkte word gedryf deur markkragte en winsbejag. Soos Clem Sunter opmerk in sy boek: *The Mind of the Fox* (Sunter & Ilbury, 2001:67):

“Globalisation at the moment could be renamed Americanisation because America sucks the brains from the rest of the world. The end result is that everybody regards America as the winner. This belief feeds on itself and makes America even more powerful in the global economic game and the rest less powerful.”

Derhalwe is daar nie ŉ waardering vir die feit dat die produkte plaaslike gemeenskappe se kulturele identiteit beïnvloed en verander nie. Die effek van films, nuus, reklame, musiek, ensovoorts is enorm en word grootliks onderskat en nie genoeg in berekening gebring nie. Dit is ŉ fenomenale krag in die skep van identiteit by individue en gemeenskappe (Robertson, 1992:5).

### 4.3.4 Globalisasie het twee groot temas

Globalisasie het twee groot temas, naamlik ŉ toenemende interkonnektiwiteit en verskuiwende identiteit.

TOENEMENDE INTERKONNEKTIWITEIT:
Die bekendste simbool en skeppende beliggaming en waarmaker van die fenomeen van interkonnektiwiteit is die internet. Die geweldige tempo van ontwikkeling in kommunikasie- tegnologie sowel as die groeiende bekostigbaarheid en gemaklike bruikbaarheid het dit moontlik gemaak dat kommunikasie netwerke ontwikkel het wat gewone mense en organisasies met mekaar verbind op ŉ wyse wat nooit voorsien is nie. Hierdie interkonnektiwiteit maak die vloei van informasie, tegnologie en kapitaal vinnig en maklik. Dit is tegelyk bemagtigend en gelykmakend (Schreiter, 1999:4).

IDENTITEIT:
Die ander tema van globalisasie is identiteit. Saam met globalisasie loop hand aan hand temas soos verstedeliking en massiewe verskuiwings van mense vanaf die platteland na die stede. Hierdie proses bring ŉ **verskuiwende identiteit** mee waarmee politici en die mark-ekonomie rekening moet hou. Ook die kerk het ontdek dat globalisasie en ŉ verskuiwende identiteit **massiewe uitdagings** vir die kerk en haar toekoms bied. Uitdagings wat nog nie bedink, aangespreek of verstaan word nie (Schreiter, 1999:4).

In die gobalisasie-storm het twee ander storms nuwe krag ontwikkel en met intensiteit toegeneem wat die Christelike geloof op haar agtervoet dwing en diepe in-

trospeksie vra. Die ou antwoorde het skielik geen krag meer nie. Die twee storms is postmodernisme en post Christendom. Globalisasie voed hierdie twee storms, wat beide ŉ baie spesifieke invloed uitoefen op die verskuiwende identiteit van individue en gemeenskappe en het so ŉ wesenlike effek op hoe geloofsgemeenskappe funksioneer. Identiteit het ŉ uiters belangrike tema vir die kerk geword. Die sosioloog Manuel Castells se ontleding van die effek van globalisasie help om die redes daarvoor te verstaan.

### 4.3.5 Manuel Castells: Effek van globalisasie op identiteit

Een van die mees invloedrykste denkers rondom die magte van globalisasie en die gevolge vir die gemeenskap is die sosioloog Manuel Castells. Hy skryf:

"In a world of global flows of wealth, power, and images, the search for identity--collective or individual, ascribed or constructed -- becomes the fundamental source of social meaning" (Mockler & Sachs, November 2006:2):

Volgens Castells beteken dit dat globalisering en al die gepaardgaande invloede lei tot ŉ herdefiniëring of herbevestiging van identiteit in lokale sosiale groeperings. Hierdie sosiale bewegings of groeperings word in die inligtings era gebou rondom kulturele waardes. Die werklike stryd om mag is die stryd oor betekenis, oor die mag van die denke, verstand, bewussyn van mense. Dit is die setel van identiteit en sosiale bewegings.

"In a so-called information society, minds are not only the most important economic asset -- companies with minds make money; companies with money and no minds lose the money -- it's the same thing in everything. The networks are not programmed by technology; technological tools are programmed by minds. So the human consciousness is the source, because everything now depends on our ability to generate knowledge and process information in every domain and activity. Knowledge and information are cognitive qualities from the human mind. Yes, human minds usually are connected to bodies, which mean that you have to take into consideration the overall system of human existence, social services support, etc. But fundamentally, the human mind has always been, but more than ever now, the source of wealth, power, and control over everything." (Castells, 2004:10)

Volgens Castells leef ons in ŉ wêreld vol simbole wat geskep en geprosesseer word deur ons denke. Hierdie simbole en die voortdurende prosessering van die betekenis daarvan is besig om ons konstant te vorm en omvorm. Dit vorm ons in terme van wat ons doen, in terme van ons invloed, en dit verskuif die kategorieë waardeur ons onsself en ons wêreld verstaan. Die stryd tussen hierdie simbole en hul betekenis is die **"**battle of the minds" (Castells, 2004:2).

As voorbeeld skryf Castells oor een van die mees duidelikste kulturele revolusies in die geskiedenis, naamlik die posisie en rol van die vrou.

In die laaste dertig jaar het vroue anders oor hulself begin dink. Die besef het gegroei dat patriargale denke verkeerd is, dat mans en vrouens gelyk is. Sedert die denkskuif gekom het, het alles verander. Die familie, die sosialisering van kinders, persoonlikheidsontwikkeling, seksualiteit, ensovoorts. Ook die verskuiwing in denke oor die omgewing het ŉ radikale nuwe beweging op die been gebring. Hierdie denk-

skuiwe is nie maar net klein, lokale debatte nie, maar vind uiteindelik neerslag in ŉ proses van groot veranderinge in die samelewing.

Hoe mense hul denke verander bepaal hoe hulle gedrag sal wees en verandering van gedrag verander die sosiale organisasies.

“how people change their minds determines how they change their behaviour and the change of behavior would, ultimately, translate into changes in the overall social organization” (Castells, 2004:3).

Castells maak ook die opmerking dat dit nie klakkeloos aanvaar moet word dat groot korporasies die alleen-mag het om die wêreld te beïnvloed nie. Hulle is belangrike rolspelers, maar dit moet in gedagte gehou word dat hulle afhanklik is van ŉ onbeheerbare sisteem, naamlik die globale finansiële sisteem. Groot korporasies is geheel en al afhanklik van hoe beleggers hulle beoordeel en waardeer. Daarom het ekoloë, feministe, religieuse fundamentaliste en lokale leiers baie mag wat hulle kan gebruik, veral met die interkonnektiwiteit wat die globale tegnologie bied. Hulle kan met denkskuiwe kom wat die denke en reaksie van mense beïnvloed, ook die beleggers in groot korporasies. Daar is ook ander sosiale bewegings, pro-aktiewe bewegings soos omgewingsbewustes, vroue ens. wat die agenda van politici en groot korporasies bepaal (Castells, 2004:10).

Castells se belangrike bydrae is dat hy die aandag vestig op die kwessie van identiteit van groepe mense wat verskuif as gevolg van die prosesse wat met globalisering gepaard gaan. Vir die kerk wat ten diepste ŉ identiteits- gemeenskap is, is dit belangrik om die insigte van Castells te verstaan en te benut in haar bediening en werk.

Volgens Castells is daar twee belangrike aspekte van identiteit wat ons moet verstaan, naamlik:

Identiteit is vloeiend, ambigieus en gefragmenteerd:

Identiteit is dinamies, nie staties nie, dit is **ontluikend** *(“emergent”)* (Mockler & Sachs, November 2006:2).

Identiteit is vloeiend eerder as gekompartementaliseerd. Castells is van mening dat daar ŉ aantal verskillende identiteite vir die individu kan bestaan wat gesentreer is rondom ŉ primêre identiteit wat al die ander identiteite omraam en rolle vir die individu voorskryf, sodat die individu ŉ aantal rolle gelyktydig kan speel en elk so kan internaliseer dat dit ŉ onderdeel vorm van die individu se primêre identiteit (Mockler & Sachs, November 2006:2).

- Daar is ander sosioloë soos Basil Bernstein en Etienne Wenger wat van mening is dat identiteit ook retrospektief en prospektief verstaan kan word. ŉ Retrospektiewe identiteit is gebou op die verlede en ŉ prospektiewe identiteit is gebou op die toekoms. Castells gebruik die begrip projek-identiteit wat ooreenkom met ŉ prospektiewe identiteit. Wenger som die teorieë op deur identiteit te beskryf as (Mockler & Sachs, November 2006:2):
- fundamenteel tydelik,

- voortgaande werk,
- gekonstrueer in sosiale tekste
- Identiteite word gedefinieer deur die interaksie van ŉ aantal identiteite.

Daarom beskryf Wenger die proses van identiteit-vorming as die rekonsiliasie van multi-lidmaatskap, waardeur die individu tot selfverstaan kom deur verskillende rolle en identiteite in homself te versoen. Castells stem hiermee saam, behalwe dat hy groter klem lê op identiteit wat gevorm word deur die dominante sosiale diskoers (Mockler & Sachs, November 2006:2).

Die tweede belangrike kenmerk van identiteit volgens Castells is:

- Identiteit ontluik as ŉ kontra-punt of respons.

Castells argumenteer dat geskiedenis, aardrykskunde, biologie, institusies, geheue, mag en godsdiens elk ŉ sekere rol speel in die ontwikkeling van drie soorte identiteite, naamlik:

- **bevestigde-identiteit** wat deur die gemeenskap se bestaande institusies gebou word,

- **weerstand-identiteit** wat geskep word deur persone en aksies wat opstaan teen die gemeenskap se bevestigde identiteit en laastens:

- **projek-identiteit** wat ŉ nuwe identiteit is wat geskep word deurdat individue en bewegings hulself herposisioneer in die samelewing en struktureel-sosiale veranderinge begin afdwing (Mockler & Sachs, November 2006:4).

Die kern van Castells se ontleding van die Westerse samelewing in die informasie era soos beskryf in sy boek *"The Power of Identity"* is dat die groei van Westerse kapitalisme en die golf van globalisasie oor die laaste vyftig jaar ŉ krisis rondom identiteit in burgerlike samelewings gebring het. Die krisis gee volgens hom aanleiding tot die disintegrasie van die burgerlike samelewing. Dit het ook aanleiding gegee tot die oplewing van ŉ reeks van weerstand identiteite wat onder andere uitloop in die opkoms van bewegings soos Christelike en Islamietiese fundamentalisme en ook regsgesinde nasionale bewegings.

Castells argumenteer dat die meeste potensiaal vir sosiale vooruitgang lê in die ontwikkeling van projek-identiteit soos gebeur in bewegings rondom feminisme en omgewingsbewaring (Mockler & Sachs, November 2006:6).

Die konsep van **projek identiteit** as verskynsel wat ontwikkel rondom **gedeelde waardes** is ŉ wegwyser na geleenthede om die waardes van Jesus Christus deur ŉ proses van herwaardering en kommunikasie aan die wêreld voor te stel. Die sukses wat Rick Warren beleef met sy boek, *"Purpose Driven Life",* wat ook deur sommige globale maatskappye gebruik word vir leierskap en bestuursontwikkeling is ŉ voorbeeld van hoe geleenthede vir die kerk van Jesus Christus ontstaan.

ŉ Uiters belangrike insig van Castells bou op insigte van sosioloë soos Pecheux (1982), en filosowe soos Derrida. In kort kom dit daarop neer dat die **vorming van**

**identiteit ’n evolusionêre proses van identifikasie, kontra- identifikasie en dis-identifikasie met die dominate sosiale diskoers is** (Mockler & Sachs, November 2006:3).

Dit beteken dat individue en groepe in hul vorming van identiteit altyd hulself afgrens van en opstel teenoor ’n ander, gewoonlik, dominante identiteit. Dit is kontra-identifikasie. Dis-identifikasie beteken weer die ontwikkeling van ’n nuwe identiteit as resultaat van die kontra-identiteit, individueel en kollektief. Voorbeelde hiervan kan gesien word in die feminisme/chauvinisme konflik, die wit/swart konflik, waar identiteite teenoor mekaar opgestel word. Ras, kleur, klas en geslag speel alles ’n belangrike rol in hierdie identiteit-konflikte (Mockler & Sachs, November 2006:3).

Anderkant identiteit

Manuel Castells is van mening dat dit eventueel moontlik is dat die identiteit-konflikte oorwin sal word deur die opkoms van projek-identiteite. Castells glo hierdie nuwe (projek) identiteite sal groei uit weerstand-identiteite wat in opstand is teen gelegitimeerde identiteite. Dit kan lei tot nuwe sosiale orde in die toekoms. Sulke projek-identiteite sal ontwikkel rondom ’n duidelike doel en gedeelde waardes (Mockler & Sachs, November 2006:4).

Bourdieu beskryf identiteite as sosiale velde met ’n eie interne logika en kultuur. So is enige komplekse gemeenskap opgebou uit ’n aantal relatiewe outonome mikro-gemeenskappe elk met ’n eie identiteit, so is byvoorbeeld kuns, godsdiens, of selfs die ekonomie relatiewe onafhanklike identiteitsvelde met ’n eie logika en kultuur. Dit is bo en behalwe die meer duidelike identiteite wat saamhang met taal en kultuur en ras (Mockler & Sachs, November 2006:4).

Nie een van hierdie identiteitsvelde of hul rolspelers funksioneer in ’n vakuum nie, en daar is ’n definitiewe interspel tussen hierdie velde en hul rolspelers.

As mens identiteit verstaan soos Bourdieu as ’n veld, kom daar ook die besef hoe belangrik dit is om in jou identiteitsveld bewustelik te werk aan die bou van ’n groter identiteit wat die samelewing in geheel kan baat. Dan verstaan mens ook **die belangrikheid om die leiers in enige speelveld bewustelik te ontwikkel en aan te wend as effektiewe meningsvormers en identiteitbouers tot voordeel van die geheel** (Mockler & Sachs, November 2006:4).

Fundamenteel hiervoor is die ontwikkeling van ’n gedeelde taal vir die verstaan van hul identiteitsveld sodat effektiewe dialoog kan plaasvind. Daarmee saam ook ’n belangrike klem op die ontwikkeling van volgelinge wat moet begin deelneem aan die gesprek rondom identiteit in die veld, sodat die beweging momentum kan kry. ’n Paar waardes in so ’n proses is (Mockler & Sachs, November 2006:4):

- Gekonnekteerdheid met gemeenskap
- Omgee vir gemeenskap
- Gemeenskaplikheid, vertroue en respek
- Verbintenis aan kritiese nadenke oor status quo

## 4.4 BELANGRIKHEID VAN IDENTITEIT VIR DIE KERK

Die ontleding van identiteit deur Castells werp lig op die verstaan van die NG kerk in Parow. Die NG kerk kom uit ŉ era van ŉ **bevestigde identiteit**. Die kerk was verbind aan die Nasionale Party wat aan bewind was. Die kerk was en is steeds verbind aan die wit Afrikaanse sprekende mense. In die opsig was die NG kerk se identiteit vas en seker. Dit het vir mense geborgenheid gegee. Met die politieke oorgange, tesame met die globalisasie storms en post modernisme en post Christendom het baie mense hulself begin losmaak van die bevestigde identiteit van die NG kerk. In ŉ nuwe vry samelewing was daar geen sosiale voordele meer om aan die NG kerk te behoort nie. Inteendeel.

Die probleem is dat die NG kerk onnadenkend ŉ bevestigde identiteit het wat gebou was en steeds gebou is op Afrikanerskap en ras, eerder as ŉ identiteit gebou op navolging van Christus. Nou tref die probleem van ŉ gebrekkige verbintenis aan Jesus Christus die kerk.

Enige poging om te skuif na ŉ nuwe identiteit word heftig teë gestaan deur mense wat nie ŉ sterk verbintenis aan Jesus Christus het, behalwe in naam nie. **Hulle verstaan nie die problematiek of behoefte aan verandering nie!**

Uitdaging vir kerk in Parow

Die uitdaging vir die kerk is om ŉ geloofsgemeenskap te word gebaseer op ŉ persoonlike verbintenis aan Jesus Christus en die waardes van die koninkryk van God. Die kerk moet ŉ **projek identiteit skep** wat nuwe lewensmoontlikhede en lewensruimtes open. Ons het **nooit geleer hoe om dit te doen nie**. Die geestelike leiers in die NG kerk weet net hoe om geloofsgemeenskappe met bevestigde identiteite te lei. Hulle beskik nie oor die vaardighede om geloofsgemeenskappe in projek identiteite te lei soos wat nou nodig is is nie.

Sentrale navorsingsvraag

Uit bostaande bespreking is dit duidelik dat die Ring van Parow die **gevestigde identiteit** van die NG kerk onbewustelik beskerm het. Daarom het die vraag oor hoe om die uitdagings van die demografiese veranderinge in Parow aan te spreek, voortdurend geëindig in voorstelle tot strukturele eenheid en om een groot makrogemeente te vestig in Parow. Die ontwaking van ŉ nuwe ekklesiologiese begrip wat die boustene van ŉ nuwe projek identiteit vir die NG kerk in Parow bevat, kon nooit ontwikkel nie, omdat die kragte wat die gevestigde identiteit in stand hou net te sterk was en steeds is. **Om uit te breek uit ŉ gevestigde identiteit vra na besondere teologiese intensie en wil sowel as spesiale leierskapsvaardighede.**

Brain McLaren lewer ŉ belangrike bydrae in sy boek: *"Everything Must Change".* In die boek wend hy ŉ poging aan om die boodskap van Jesus te her-interpreteer om dit relevant te maak vir die uitdagings en geleenthede wat globalisasie meebring. Die belangrikheid van McLaren lê daarin dat hy poog om nuut na Jesus Christus te kyk en Sy persoon, waardes en boodskap te her-interpreteer in die lig van die uitdagings wat globalisasie aan die wêreld bied. Hy sê dit nie, maar die dialoog rondom die herinterpretasie van Jesus Christus is uiters belangrik ten einde ŉ relevante deelnemer te wees in die dialoog om gedeelde waardes te vind vir die projek-identiteite wat volgens Castells besig is om in elk geval plaas te vind in die soeke na nuwe

identiteit vir die toekoms van ŉ wêreld wat radikaal anders gaan lyk as die een waaruit ons kom en waaraan ons gewoond geraak het (McLaren, 2007:46).

McLaren wys daarop dat die fundamentalistiese verstaan van Jesus nie help om die globale uitdagings aan te spreek nie en stel voor dat daar ŉ ernstige dialoog moet ontwikkel rondom die betekenis van Jesus vir ons tyd. McLaren is van mening dat ons die evangelie van Jesus afgewater het en dit ŉ evangelie ***oor*** Jesus gemaak het, i.p.v. die evangelie ***van*** Jesus. (McLaren, 2007:47)

Die uitdaging is om die relevansie van Jesus se boodskap te hervertolk en in die breër konteks van ons teenwoordige wêreld te verstaan eerder as net teen die histories-kulturele agtergrond waarin Jesus gebore is en geleef het.

As Hy die Seun van God is, die Seun van die Skepper van die heelal en as Hy teenwoordig was by die skepping, van altyd en tot altyd, is dit van kardinale belang dat ons Hom ernstig neem en diep nadink en diep luister en leer, terwyl ons hierdie wêreld en die aarde wat Hy ons gegee het ook ernstig neem.

Ten diepste is wat McLaren voorstel ŉ **paradigmaskuif van ons verstaan van Jesus**, ŉ herontdekking en herwaardering en herinterpretasie van wie Jesus is en dus ook wat dit beteken om Hom te volg en Sy dissipels te wees. Deur die radikale waardes van Jesus te verstaan en te integreer in die lewe en praktyk van die kerk sal **ŉ nuwe "projek-identiteit"** geskep word wat ŉ bydrae kan lewer ten opsigte van die uitdagings wat die globalisering van die wêreld meebring. **Veral in ŉ wêreld waar dit meer as ooit ŉ stryd om bewussyn geword het, en die waardes wat in die bewussyn leef.**

Vir gelowiges wat glo dat hierdie wêreld God se wêreld is en dat Jesus die hemel en die aarde en die ganse skepping met God versoen het, raak dit ŉ avontuur om elke dag te soek na nuwe moontlikhede en maniere om God se hand raak te sien in wat gebeur, en om aan te sluit by die bewegings van die Gees wat ongetwyfeld nie beperk is tot die kerk se vier mure of Sondag- eredienste nie. God is besig, en ons kan saam met Hom werk om die wêreld en Sy mense te help om te stop om van die aarde ŉ selfmoordtuig te maak, soos McLaren in sy boek dit verwoord, en eerder ŉ aarde help vorm waar ons versoend leef met God, onsself, mekaar en die ekologie. (McLaren, 2007:47)

Die insigte van Castells en McLaren is belangrik vir die Ring van Parow en die NG kerk, aangesien die uitdaging dringend voor die deur van die NG kerk is, om ernstig te besin oor haar diepste identiteit. Die identiteit moet verskuif van ŉ gevestigde identiteit wat almeer uitgedien raak en nuwe lewe kry deur ŉ eksistensiële verbintenis aan Jesus Christus se boodskap van nuwe lewe en nuwe waardes, die waardes van die koninkryk van God wat teenwoordig en werksaam is. Dit is die taak van die geestelike leiers in die kerk om hierdie skuif te laat gebeur!

## 4.5 UITDAGING VAN GLOBALISASIE AAN DIE KERK

Globalisasie vorm die raamwerk waarbinne die snel sosiale veranderinge wêreldwyd verstaan moet word. Dit het bepaalde gevolge wat die kerk en haar roepings-uitlewing beslissend raak en waarvan die kerk en haar leiers deeglik moet kennis neem.

Koherente geestelike pad

Die kerk sal ŉ koherente geestelike pad moet aandui vir Christene en ander soekende mense om in ŉ vinnig veranderende wêreld te leef. Mense soek na lewensmoontlikhede wat vir hul vastigheid en sekerheid op koherente en volhoubare wyse kan gee. Die kerk met die boodskap van Jesus Christus se aanbrekende koninkryk met die waardes van geregtigheid, genade, nuwe lewe, sorg en liefde en die potensiaal van versamelde gemeenskappe van gebed, aanbidding en diens kan so ŉ antwoord bied.

Verbruikerskultuur

Globalisasie bring groter welvarendheid en meer onafhanklikheid. Mense is bereid om meer te waag in hul eie spirituele soeke en het meer konnektiwiteit en toegang tot inligting as ooit tevore in die menslike geskiedenis. Dit het ŉ effek op mense se verbintenis aan gemeentes en kerke. Kerke sal dus gewoon baie meer gasvry moet wees met mense wat hul besoek voor hul besluit om deel van die kerk te wees. Die kerk/gemeentes sal moet saamleef met ŉ verskillende graad van toewyding van lidmate. Mense leef in ŉ verbruikerskultuur en die kerk sal in die spanning moet funksioneer van mense wat ook die kerk sien as ŉ winkel wat godsdienstige produkte verkoop. Dit het implikasies na verskeie kante toe.

Verbintenis

Nie almal sal ewe veel bereid wees om deel te word van die gemeente en hul roeping nie. Die Christelike kerk, by name die NG kerk is nie gewoond aan of goed met swak verbintenisse van mense nie. NG kerk leiers is gewoond aan ŉ duidelike en vaste verbintenis van lidmate met ŉ duidelike afkeur van alle ander verbintenisse, ŉ eksklusiewe verbintenis, maar die verwagting sal in die toekoms moet verander. Die eerste kerk het ook met sulke mense te doen gehad, met nie-Jode wat deel van die kerk geword het.

Gasvryheid skep sosiale konteks

In onseker tye met verskuiwende identiteite sal die gasvryheid van Christene ŉ sosiale konteks moet skep vir mense wat moontlik die Christelike geloof wil aanneem. Die kerk sal haarself moet herposisioneer as gasvrye, geestelike leier in die moeilike tye. Dit kan gedoen word op die vlak van gasvryheid, spiritualiteit, gebed en meditasie, aanbiddingstyle en geestelike dissiplines. Hierdie is ŉ belangrike wyser na moontlike wegwysers oor waar die kerk ŉ rol kan speel in ons snel veranderende wêreld.

Die kerk sal in die tyd van verskuiwende identiteit ook moet vrede maak dat mense nie altyd met hulle sal kan identifiseer nie en nuwe gemeentes sal gaan soek waarbinne hul hul geloof kan uitleef.

Missionêre gemeenskap

In die NG kerk in Parow sal ŉ verskuiwing  weg van die beskerming en behoud van die gevestigde identiteit van wit Afrikaner Christendom na gehoorsaamheid aan die roeping van die lewende Jesus Christus en Sy missie om Sy koninkryk te vestig,

spanning skep en lei tot verliese en winste! Die kerk sal moeite moet doen om ŉ missionêre, versoende en versoenende gemeenskap te stig en te bou, waar verhoudinge ontwikkel en gekoester word. So kan die kerk ŉ bydrae maak tot versoening in die groter sosiale konteks en kan die koninkryk van God deurbreek.

Magteloses en uitgeslotenes

Kerke moet nie hul primêre rol vergeet om te luister na die armes, magteloses en uitgeslotenes, sowel as om ŉ profetiese stem te wees teen ongeregtigheid op alle vlakke. Die kerk moet dit en ook die volgende doen ten einde mee te werk om die geleenthede te benut en uitdagings van globalisasie te hanteer.

## SENTRALE NAVORSINGSVRAAG EN UITDAGING VAN GLOBALISME

### Uitdaging aan Ring van Parow

Die demografiese verskuiwings in Parow het die effek van globalisasie reg in die gesig van die NG kerk van Parow gebring het. Die Ring van Parow is reeds sedert 1990 pynlik bewus van die uitdagings van ŉ verskuiwende demografie in hul midde. Manuel Castells se ontleding oor sosiale identiteite help om begrip te ontwikkel vir die reaksie van die geestelike leiers en die wit NG gemeentes van Parow. Aan die een kant het hulle ŉ gevestigde identiteit waaruit hulle leef en wat hulle nie wou prysgee nie.

Aan die ander kant is hulle ook ŉ geloofsgemeenskap wat leef vanuit ŉ verbintenis met Jesus Christus wie se koninkryk teenwoordig is, binne in die drama van verskuiwende demografie en binne die storm van globalisasie. Sy koninkryk is en bly ŉ teenwoordige werklikheid. Die twee identiteite het duidelik gebots en die geestelike leiers se onvermoë om die geloofsgemeenskap te help transformeer vanuit die gevestigde NG kerk, wit, Afrikaner identiteit na ŉ koninkryks-identiteit is duidelik sigbaar.

Die uitdaging bly na twintig jaar steeds staan. Hoe gaan die gemeenskap van Afrikaanse, NG kerk Christene wat bely dat hulle vanuit ŉ persoonlike geloof in en verhouding met Jesus Christus leef, in Parow hul roeping uitleef en die veranderde demografie en nuwe mense in die area hanteer? In die afgelope twintig jaar was die reaksie om laer te trek. Dit is nou onweerlegbaar duidelik dat so ŉ houding en benadering geen langtermynkans op oorlewing het nie. Of die NG kerk moet verander vanaf bewaring van ŉ gevestigde identiteit na die ontwikkeling van ŉ koninkryks-projek- identiteit, of daar moet ŉ lang stadige begrafnis gevier word.  Die transformasie-proses vanaf die bewaring en instandhouding van die gevestigde NG kerk identiteit na ŉ nuwe projek-identiteit, gebou op die waardes van Jesus Christus se koninkryk, stel hoë eise aan die verstaansraamwerk, roeping, praktyk en vaardighede van geestelike leiers werksaam in hierdie gemeentes.

Hierdie studie stel ŉ teologiese-paradigma skuif voor in selfverstaan, sowel as ŉ paradigma-skuif wat betref die praktiese vaardighede van geestelike leiers, sodat die transformasie proses kan gebeur. Die NG kerk se geloofsgemeenskap het ŉ unieke roeping om die evangelie in die unieke omstandighede in Parow uit te leef en oor grense van demografiese verskuiwings te gaan. Hoe moeilik dit ook al mag wees.

Dit is ook duidelik dat die aard van hierdie sikliese omgewingsveranderinge met globalisasie sal versnel. Dit wat die Ring van Parow en die NG Kerk hier konfronteer sal in verskillende gestaltes alle kerke konfronteer. Hoe hanteer enige kerk, enige gemeente verandering? Hoe leer leiers om transformasie te hanteer? Dié vrae is meer as ooit aan die orde van die dag.

## 4.6 TWEEDE STORM: POSTMODERNISME

Postmodernisme is ŉ reaksie op die modernistiese denk en verstaanraamwerk. Om postmodernisme te verstaan is dit dus nodig om enkele opmerkings te maak oor premodernisme en modernisme.

**Pre Modernisme** is ŉ beskrywing van ŉ periode in menslike geskiedenis toe die gesag van die leiers in die samelewing onaantasbaar was en sonder teëspraak aanvaar is. Die mag en gesag van adelikkes, konings, biskoppe en die priester was onaantasbaar. Klasseverskille tussen ryk en arm was vanselfsprekend aanvaar as deel van Gods verorderinge. Daar was nie vryheid van spraak of denke nie en die klem op individualisme het nie bestaan nie. Selfs die moontlikheid om jou eie lewensmaat te kies in vryheid sonder inmenging van gesagsfigure was ondenkbaar. Die ekonomie was gebou op die landbou en ruilhandel en was meestal ŉ bestaans-ekonomie. In die premoderne tyd is emosie en intuïsie die manier om deel te hê aan God, want kennis is die voorreg van die priesters en biskoppe. Daarom was die belewing van die nagmaal die hoogtepunt in die aanbidding. Die eet en drink van die boord en wyn is beleef as werklik en reël. *“BEHOORT AAN*” is die magswoord van die Pre Modernisme.

**Die Modernisme** is ingelei deur Descartes se Cogito Ergo Sum: “Ek dink, daarom is ek.” (Niemandt, 2007:16) Niemandt skryf in sy boek: *Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede* soos volg (2007:16):

“ŉ Woord wat baie gebruik word om die Modernisme te beskryf is rasionalisme: die oortuiging dat alles verstaan en bedink kan word.”

Saam met die uitvinding van die boekdrukkuns deur Guttenberg se drukpers het filosowe en denkers hul idees begin versprei en het die Verligting ontstaan, ŉ tyd van die ontwaking van die sluimerende individu en die afbreek van absolute gesag. Die individu en sy behoeftes en vermoëns is op die voorgrond gebring. Die kragte in die ekonomie het verskuif van die bestaans-ekonomie van die landbou na industrieë. Beheer en kontroleer het slagspreuke geword.

Universiteite het ontstaan en kennis is versprei na gewone mense. Klem het toenemend geval op logiese denke en argumentering, en die verwerwing van wetenskaplike kennis. Emosie en intuïsie is verdring deur ŉ klem op logika en wetenskaplike denke. Die wetenskap se reuse spronge in kennis en ontdekkings het groot magsverskuiwings meegebring.

“Kennis is mag. Selfs die misteries van die lewe moet beheer word” (Niemandt, 2007:17).

Mag het geskuif van die adelikkes, konings, biskoppe en die priesters na die filosowe en wetenskaplikes met hul logiese kennis en bewyse deur eksperimente. Wat nie bewys kan word nie is vals! Die kerk is gekenmerk deur groter soberheid en ŉ klem

op kennis wat deur die prediking oorgedra is. In die modernisme is die analitiese vermoë van die mens ongelooflike moontlikhede oopgemaak. (Niemandt, 2007:17) Die rede en verstand en logika is ook in die erediens verhef bo belewing en ervaring. Die belewing van die nagmaal as die liggaam en bloed van Christus is as onwetenskaplik, bygelowig en irrasioneel gesien en moet eerder as simbole gesien word wat verwys na die liggaam en bloed van Jesus. Die verstaan van die simboliek is belangriker as die belewing daarvan. Die belangrike saak in die erediens is die oomblik van prediking, wanneer kennis of insig oorgedra word (Joubert, 2007:22). Die kenners, teoloë wat teologie wetenskaplik beoefen is die gesagdraers, net soos die wetenskaplikes in die natuurwetenskap. Geloof is redelik en ŉ vaste kennis. *"KENNIS"* is die magswoord van die modernisme (Niemandt, 2007:17).

Saam met hierdie verskuiwings het individualisme gegroei. Die individu en sy uniekheid het almeer op die voorgrond getree en sy regte en behoeftes moet erken en eerbiedig word (Niemandt, 2007:17).

Dit is belangrik om te noem dat die kerk ŉ rol gespeel het in die ontwikkeling van modernisme en die gepaardgaande sekularisasie wat saamgekom het. So het sending na vreemde volke en kulture gepaard gegaan met die afbreek van premoderne denke by primitiewe volke. Sistemies het die afbreek van inheemse kulture en die vervanging daarvan met die Westerse denke en kultuur waarin die Christelike geloof aangebied is, bygedra tot groeiende sekularisasie. Die positivisme van die Modernisme het aan die begin van die 20ste eeu hoogty gevier. Die kerk het in die optimisme gedeel (Niemandt, 2007:17).

"Looking backward from the perspective of the year 1900, the churches of the West had good reason to praise God and enter confidently into the new century" (Guder, 2000:5).

Die Eerste en die Tweede Wêreld oorloë het die modernisme se positivisme gekelder, tesame met die ongelooflike ontwikkeling van die mens se tegnologiese vermoë. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die mensdom is die mens in staat om die aarde te vernietig en menslike lewe uit te wis. Die mens se karakter, sy morele wil het nie gegroei saam met sy tegnologiese vermoëns nie. Dit het die saad gesaai vir die opkoms van Postmodernisme.

**Postmoderniste** is mense wat die verleiding van logika, vooruitgang, wetenskaplikheid beleef het en diep in hul vertroue geskend is in die modernisme. Post moderniste beleef verlies. Hulle vertrou nie die moderniteit se rasionele beredeneringsvermoë of denkvermoë nie. Nog minder vertrou hulle die gesagsfigure of kenners wat hulself aanstel in die modernisme.

Postmoderniste sal nie sê: "Aha, Nou verstaan ek. Ek het dit uitgeredeneer," nie. Hulle sal eerder sê: "Aha, Nou voel ek dit. Ek verstaan presies waarvan jy praat" (Niemandt, 2007:22).

Postmoderniste het geen erg aan gesagsfigure of wetenskaplike kennis as finale waarheid nie. Hulle is geneig om sinies te wees. Hulle voel in die steek gelaat deur die "rede", deur die "wetenskap", deur die "kerk", deur "politieke leiers" (Niemandt, 2007:22). Postmoderniste wil nie terugkeer na pre-moderne denke of lewe nie, maar is bewus van ŉ ernstige tekort in die moderne mens se benadering tot die lewe op

aarde. Daarom is die postmoderne mens ernstig ingestel op spiritualiteit. Ongelukkig nie noodwendig ingestel op Christelike spiritualiteit nie, want die kerk het mense ook teleurgestel.

Postmoderniste glo waarheid word in verhoudings gevind, daarom is gesprek en dialoog belangik. Om jou hart te volg is om jou waarheid te volg. Alle stemme is gelyk, en almal is geregtig daarop om vir jou iets te leer, net soos jy vir enigiemand iets kan leer (Joubert, 2007:23).

"Die oorheersing van enkeles op die skip – die adellikes en verhewenes binne die ampte van die godsdiens en die wetenskap – word vervang deur die priesterskap van almal" (Joubert, 2007:23). *"WEES"* is die magswoord van die Postmodernisme.

Individualisme is steeds belangrik, maar die besef het in postmodernisme gegroei dat waarheid nie net deur rede en kennis en rasionaliteit en die individu kom nie, maar ook deur intuïsie, netwerke, kommunikasie, dialoog (Niemandt, 2007:17).

## 4.7 SENTRALE NAVORSINGSVRAAG EN UITDAGING VAN POSTMODERNISME

Daar is besondere geleenthede wat vir die Ring van Parow oopgaan met die ontwikkeling van postmoderne denke. Nie net is daar groter ruimte vir nuwe bedieningstyle nie, maar die deurbreking van starheid van rasionalisme en die groter klem op ervaring en emosie, bring nuwe moontlikhede. Mense is meer oop om te luister na ander, veral na nuwe stemme. As geestelike leiers hulself oopstel om in dialoog te gaan met ander, veral andersdenkendes en doelbewus netwerke bou met die oog op persoonlike leer en groei, is daar nou meer potensiaal en geleentheid as tevore dat nuwe moontlikhede kan oopgaan. Die uitdaging om betekenisvol met die uitdaging van die verskuiwende demografie in Parow om te gaan is steeds groot, maar postmodernisme is 'n potensiële bondgenoot vir die NG kerk in Parow om oor die eng grense van Afrikaans, NG kerk en wit te beweeg, weg van die eendimensionele, eksklusiewe NG kerk bedieningstyl na nuwe en meer inklusiewe bedieningstyle wat grense kan oorsteek.

DERDE STORM: POST CHRISTENDOM

Ek is van mening dat die begrip *post Christendom* twee betekenisse het:

In die eerste plek beteken dit dat die Weste nie meer vanselfsprekend met die Christelike geloof ge-assioseer kan word nie.

In Brussel word 50% van babas wat gebore word in Moslem huise gebore. In Engeland is daar meer praktiserende Moslems as Anglikane. Islam is in getalle groter as die Rooms Katolieke kerk in Europa (Joubert, 2007:24). Die Christendom sterf uit in die Weste en groei in die Ooste. Die grootste taal van die Christendom is Spaans. Daar is meer Christene in Indië as in die VSA (Robinson & Smith, 2003:204). Teen 2025 sal twee derdes van die Christene in die wêreld in Latyns Amerika woon. Christenskap is aan die uitsterf in die Weste (Murray, 2004:20). Volgens Murray beteken post Christendom die skuif van meerderheid na minderheid, van setlaars na reisigers, van bevoorregting na diversiteit, van beheer na getuig, van onderhou na sending, van institusie na beweging. Ons het in 'n nuwe wêreld inbeweeg, 'n nuwe

kultuur ontwikkel rondom ons, in ons agterplaas, wat ons ŉ post Christendom kan noem (Murray, 2004:20).

In sy boek The Death of Christian Britain skryf Callum Brown dat dit verskeie eeue geneem het om Brittanje tot die Christendom te bekeer, en net minder as veertig jaar om die Christendom te versaak (Brown, 2000:1).

As deel van die post Christendom is daar nie net skeptisisme oor die Christelike geloof nie, maar ook aktiewe anti-Christelike sentiment wat toenemend opbou. So is die amper gelyktydige publisering van vier boeke in die jaar 2006 ŉ teken van ŉ opbloei in ateïsme. Die vier boeke is Sam Harris se "The End of Faith, Richard Dawkins se "The God Delusion", Daniel Bennet se "Breaking the Spell" en Frederick Crews se "Follies of the Wise" (Joubert, 2007:26).

Die tweede betekenis van post Christendom het te doen met die breek van die noue band wat tussen kerk en staat ontstaan het sedert Konstantyn die Grote. Die ideologiese droom van ŉ Christelike staat en samelewing het verdwyn. Die Christelike geloof word nou gemarginaliseer en sou mens kon sê, geprivatiseer. Die verhouding tussen kerk en staat is losgemaak en daar word nie meer gepraat van ŉ Christelike staat nie, maar ŉ sekulêre staat.

Leonard Sweet is van mening dat post Christendom nie die Christelike geloof se grootste vyand is nie. Die grootste vyand van die Christelike geloof is wat hy noem die "Christendom denkpatroon."[7] Daarmee bedoel hy dat baie mense nog leef vanuit ŉ Christelike lewensbeskouing en nog deelneem aan die kerk, maar nie meer ŉ persoonlike verhouding of verbintenis aan Christus het nie. Hulle ken die stories van Jesus, maar leef nie die etos van Christus nie. Hulle leef in die verstaanraamwerk van die Christelike geloof, sonder die innerlike krag daarvan. Daarom vind hulle die oorgange en veranderinge moeilik en begryp hulle dit nie" (Joubert, 2007:26).

Post Christendom dui nie noodwendig op verlies nie, eerder ŉ wins, want post Christendom dui ook op ŉ herlewing in die rigting van ŉ egte verhouding met Jesus Christus. Dit hang saam met die postmodernisme se soeke na egtheid, integriteit en belewing. Bostaande insig is van wesenlike belang vir hierdie studie, aangesien die rigting waarin die kerk moet verandering, is die van "innerlike oorgange" wat individuele gelowiges elkeen moet maak in hul persoonlike verhouding met Jesus Christus. Sonder hierdie "persoonlike, innerlike oorgang" in navolging van Jesus Christus, en oorgang na nuwe denke en ŉ verstaansraamwerk oor gemeentewees (nuwe identiteit) is transformasie in die gemeentes van Parow onmoontlik.

Die probleem lê lankal nie meer op die vlak van organisasie en tegniek of harder en werk nie, maar in dieper, individuele, persoonlike transformasie. Die uitdagings vir geestelike leiers is dus die vraag:

"Hoe lei ek ŉ gemeenskap van gelowiges, spesifiek die gelowige Afrikaanse, ouerwordende NG Kerk gemeenskap van Parow tot innerlike persoonlike transformasie en ŉ nuwe verstaan van die lewe, die wêreld en Jesus Christus?"

---

[7] Ek skryf ook in hoofstuk 6.1 oor Christendom denkpatroon.

Beter gestel:

- Hoe lei ons mense om Jesus persoonlik te ontdek en te ontmoet?

- Dit is waar die transformasie gebeur. Die belangrike punt is: Die Christendom era is verby. ŉ Nuwe era is hier. Ons moet dit begryp en daarmee deel.

- "Erens tussen 1960 en 1970 het ŉ ou en onbekookte wêreld tot ŉ einde gekom en het ŉ vars, nuwe wêreld begin. Al het almal nog nie die nuus gehoor nie is dit die reine waarheid – ŉ moeë ou wêreld het tot sy einde gekom en ŉ opwindende nuwe wêreld wag om raakgesien te word" (Hauerwas, 1990:15).

### 4.7.1 Sentrale navorsingsvraag en post christendom

Die Christendom paradigma soos gedefinieer deur Leonard Sweet is steeds oorheersend in Parow. Die gebrek aan gemeenskapsbetrokkenheid en oor grense gaan, wat reeds in Spies se studie in 1990 aangetoon is, het nie verander nie. Die klem in die NG kerk is op instandhouding en oorlewing. Die predikant se werk is die van herder en versorger. Slegs ŉ diep intensionele teologiese wilsbesluit van geestelike leiers, ŉ duidelike visie en transformasie-vaardige leiers sal gemeentes help om deur die Christendom paradigma te breek. Dit is moontlik. Dit is God se mense. Die uitdaging is vir die geestelike leiers om uit hul eie Christendom paradigma denke en bedieningspraktyke te breek en die vaardigheid te ontwikkel om die geloofsgemeenskap ook daaruit te lei.

Die aanvaarding van die uitdaging om die werklikhede van die verskuiwende demografie in Parow te hanteer hang ten nouste saam met die transformerende uitbreek uit die Christendom paradigma van die geloofsgemeenskappe in Parow.

## 4.8 OPSOMMENDE OPMERKINGS

Niemandt sluit sy boek *Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede* af met die woorde:

"Dit is duidelik dat die kerk ŉ volmaakte storm binnevaar. Maar storms is vol energie – winde waai en die landskap verander. Ek is oortuig dat die krag van die Gees self besig is om die kerk nuut te vorm en radikaal aan te pas by die uitdagende omstandighede. Ek is oortuig dat ons die geboorte van ŉ nuwe missionêre era voor ons en tussen ons sien gebeur. Die kerk is mos nie iets wat in onveranderlike vorms of onbuigbare instellings vasgevang is nie. Nee, die kerk ontstaan elke keer nuut in die kragveld van die Gees. Nuwe moontlikhede ontluik en nuwe gemeentes groei. Nuwe leiers lê waagmoed aan die dag en droom nuwe drome..." (Niemandt, 2007:163).

Die kerk in Parow in is ŉ radikaal nuwe omgewing, ŉ letterlik nuwe wêreld. Ons moet nou hierdie nuwe wêreld begin verstaan en omhels en soos Jesus oor grense begin gaan oor die grense van ons eie identiteit na die ruimte en identiteit wat God ons gee. Ons moet transformeer, inbeweeg in ons goddelike identiteit. Ons eie grense oorsteek. Veral ons eie innerlike grense.

Jesus sal immers buite die NG kerkmure op die strate van Parow wees. Letterlik. En uitreik na Sy skape wat buite die kraal is. Dis waarheen Hy die NG kerk, Sy mense stuur.

Ons gaan rustig voort met die idee dat ons Sy skape is wat elke Sondag kraal toe kom om gevoer te word en water te kom drink.

En al die tyd is ons die priesters, die gestuurders, die gesalfdes…

Dit is die teologiese paradigma-skuif van missio Dei! Voordat ons die paradigmaskuif van missio Dei beskryf is dit egter belangrik om eers begrip te ontwikkel vir die uitdagings en problematiek van die rol van geestelike leiers in die tyd van die groot en ontwrigtende veranderinge wat ons beleef. Dit doen ek in die volgende hoofstuk.

# Hoofstuk 5

## 5 GEESTELIKE LEIERSKAP IN DIE STORMS VAN VERANDERING

## 5.1 DOEL VAN HIERDIE HOOFSTUK

Hierdie hoofstuk bespreek die rol van geestelike leiers in tye van versnelde diskontinue verandering. Dit is ŉ poging om perspektief te kry op die reaksie van die geestelike leiers in die Ring van Parow op die veranderinge en uitdagings sedert 1990. In sy boek *The Sky is Falling* beskryf Alan Roxburgh die reaksie van die leiers op verandering baie goed. Dat dit vir Roxburgh moontlik is om die algemene reaksie van die geestelike leiers wat met verandering werk, so raak te beskryf, (ook die leiers in Parow se reaksies) is tekenend van die feit dat ons paradigmaties vanuit ŉ modernisties Westerse raamwerk[8] dink, terwyl ons dink ons is oorspronklik en vars met ons denke. Dit onderstreep die feit dat geestelike leiers baie meer krities moet omgaan met hul eie voorveronderstellings en idees.

Die uitdaging van die geestelike leiers in Parow was om die uitdagings van die verskuiwende demografie in die area te hanteer. Die sentrale navorsingsvraag van hierdie studie is waarom hulle dit nie kon doen in die afgelope twintig jaar nie. Hierdie hoofstuk help om beter te begryp waarom die Ring van Parow so ŉ onvermoë getoon het om die sentrale tema van Spies se tesis, naamlik die uitdaging van die groot demografiese verskuiwings, aan te spreek en te hanteer.

Die hoofstuk dui aan watter uitdaging op ŉ persoonlike vlak vir geestelike leiers voorlê om die veranderende omstandighede waarin die kerk haar bevind, te begryp en hul eie aandeel in die onvermoë van die geloofsgemeenskap om te help transformeer, te verstaan en te begin aanspreek.

Ek hanteer ŉ aantal riglyne uit die literatuur oor die algemene houding, gesindheid en gedrag van geestelike leiers in tye van oorgang en verandering. Daarmee beskryf ek die omvang en aard van die uitdaging vir geestelike leiers wat verandering moet hanteer. Die uitdaging word in die opvolgende hoofstukke verder ontleed en beskryf as die ontwikkeling van ŉ Bybelse verstaansraamwerk of sisteemstorie met missio Dei as basis en die ontwikkeling van die leierskapsvaardigheid van geloofsonderskeiding.

## 5.2 DRIE FOUTE WAT LEIERS MAAK IN DIE HANTERING VAN GROOT VERANDERINGE

### 5.2.1 Eerste fout: Leiers reageer tipies met Westerse bestuursdenke op die uitdaging van veranderinge

Alan Roxburgh beskryf in sy boek *The Sky is Falling* geestelike leiers se tipiese reaksie op verandering. Roxburgh sê dat dit vir die meeste leiers moeilik is om nie antwoorde te hê nie. Hulle begin daarom vinnig om strategieë uit te werk en ant-

[8] Met modernisties, Westerse raamwerk bedoel ek die onkritiese geloof in rasionele, wetenskaplike kennis en ons geloof in ons vermoë om alle probleme op te los met beplanning, strategie en struktuur.

woorde te gee op die uitdagings van veranderinge in die oorgangstyd. Hy beskryf die tipiese reaksie van leiers op die uitdagings van die veranderingsprosesse as die volg van die volgende stappe (Roxburgh, 2005:88):

Samel al die inligting in oor die probleem.

Analiseer elke aspek van die probleem deur dit af te breek tot in sy kleinste bestuurbare elemente.

Ontwikkel moontlike scenarios vir die toekoms en besluit op die gekose scenario.

Werk ʼn strategiese plan uit om die gekose toekoms te bereik.

Belyn al die bronne, mense en programme om saam aan die plan te werk om dit ʼn werklikheid te maak.

Dit is presies wat in 1990 en daarna gebeur het in die Ring van Parow. Die probleem is egter dat dit presies is wat volgens Roxburgh nie gedoen moet word nie!

Roxburgh meen dat bogenoemde ʼn goeie benadering is as jy beplanning doen vir iets wat stabiel is, soos ʼn twee weke oorsese vakansie, of die beplanning van ʼn basaar, of die oprigting van ʼn gebou, maar wanneer jy in ʼn periode van versnellende en diskontinue verandering in ʼn geloofsgemeenskap is, is die benadering gedoem (Roxburgh, 2005:89).

### 5.2.2 Tweede fout: Leiers leer uit die verlede hoe om vir die toekoms te beplan

In die verlede, tot in die 1990's, was leer en verandering in organisasies gebaseer op stapsgewyse verbetering van reeds bestaande prosesse, m.a.w. die verbetering van die status quo. Maar dit het dramaties verander:


"most leadership teams are now **facing a new set of business challenges** that can rarely be successfully addressed with the traditional methods and concepts of organizational learning" (Scharmer, 2000:2).

Scharmer is oortuig dat die nuwe wêreld wat aangebreek het so nuut is dat leiers nie meer die status quo moet probeer verbeter nie, maar innoveerders en radikale revolusionêre moet wees.

"These three contextual changes present today's leaders with a fundamentally new world in which they must be innovators and radical revolutionaries rather than agents of improving the staus quo" (Scharmer, 2000:2).

Scharmer gaan voort om te verduidelik dat leiers in die verlede ʼn model gebruik het vir verandering en leer wat deur Kolb beskryf is as ʼn leersiklus wat veronderstel dat alle leer gebaseer is op refleksie op ervarings uit die verlede waaruit wysheid vir die toekoms gehaal word. Om vir die toekoms te beplan, moet jy reflekteer oor die verlede en daaruit bepaal wat jou volgende planne en strategieë moet wees. Kolb se leersiklus bestaan uit waarneming, reflekteer, beplan en aksie (Kyk Fig. 1) (Scharmer, 2000:5):

Fig. 1: The Conventional Learning Cycle (Learning From Experiences of the Past)




Die probleem met Kolb se leermodel volgens Scharmer is dat dit nie help in tye van diskontinue verandering soos ons nou beleef nie, waar die leiers nie ervaring het van die soort veranderinge wat hulle moet hanteer nie (Scharmer, 2000:2):

"However, several currently significant leadership challenges cannot be successfully approached this way because the experience base of a team often is not relevant for the issue at hand. In order to do well in the emerging new business environments, organizations and their leaders have to develop a new cognitive capability, the capability for sensing and seizing emerging business opportunities."

Dit is in groot mate wat gebeur het met die geestelike leiers in die Ring van Parow. Hulle het die problematiek aangepak op dieselfde manier waarop hulle uitdagings in die verlede hanteer het: Waarneem, reflekteer, beplan en aksie. Die probleem was egter dat dit hierdie keer nie gewerk nie, want die veranderinge was heeltemal anders en groter as wat hulle gedink het.

Scharmer is van mening dat die nuwe uitdagings wat leiers in die oë staar van so ŉ aard is dat die eerste bron van leer (die verlede) nie meer effektief is as die enigste bron van leer nie (Scharmer, 2000:6).

Daarom stel Scharmer ŉ nuwe ontluikende leierskapsvaardigheid voor. Om hierdie nuwe kognitiewe vaardigheid te ontwikkel moet die leiers in ŉ nuwe leersiklus betrokke raak, naamlik *presencing*.[9] Dit is ŉ vaardigheid waardeur leiers vanuit die opdagende toekoms leer hoe om veranderinge te hanteer (Scharmer, 2000:2).

---


[9] Presencing word doelbewus onvertaald geneem uit Otto Scharmer se werk. Met *presencing* bedoel Scharmer die vermoë om vanuit die opdagende toekoms te leer, in plaas van terugskouend (reflektief) vanuit die verlede. Hoofstuk agt word gewy aan 'n meer volledige beskrywing daarvan.

Ons sal later in die studie ŉ hoofstuk wy aan ŉ volledige beskrywing van die ontluikende leierskapsvaardigheid van *presencing* omdat dit in hierdie studie beskou word as die mees volledige fenomenologiese beskrywing van die leierskapvaardigheid geloofsonderskeiding wat ŉ uiters belangrike, ontluikende leierskapvaardigheid is vir geestelike leiers in transformasie periodes. Hier wil ons net daarop wys dat geestelike leiers nie langer die verlede kan gebruik as leerbron om transformasie of veranderinge aan te pak nie. ŉ Nuwe leermetode is nodig.

### 5.2.3 Derde fout: Leiers hanteer komplekse en grootskaalse verandering simplisties

In die verlede het leiers grootskaalse verandering aangepak op ŉ sekere patroon. Die patroon wat gevolg is in die verlede is: ontvriesing, nuwe gedragspatroon ontwikkeling en weer bevriesing (Scharmer, 2000:6).

Verandering vind egter plaas op vyf verskillende vlakke volgens Scharmer (Kyk Fig. 3):




Heftige reaksie van leiers: (Vlak 0 Verandering)

Die leiers reageer heftig op die veranderinge en wend ernstige pogings aan om die veranderinge te stuit. In die kerk sou tipiese reaksie wees om nog meer huisbesoek te doen, beter pastoraat, meer te organiseer en te bestuur, sterker preke, meer bestuursindabas hou, werknemers en leiers aan te spoor tot groter getrouheid, meer kursusse by te woon. Al die heftige reaksies en harder werk loop egter steeds uit op geen noemenswaardige verandering nie (Scharmer, 2000:7).

Herstrukturering van die organisasie of gemeente: (Vlak 1 Verandering)

Die leiers besef iets meer drasties moet gedoen word. Daarom begin hulle die gemeente of organisasie herstruktureer. Dit is op hierdie vlak dat die Ring van Parow probeer reageer het op die veranderinge in Parow. Vir twaalf jaar lank het hulle gedroom oor een groot macro-gemeente in Parow wat die uitdagings beter sou kon hanteer. Die resultaat was onsuksesvol. Bestuurskonsultante sal dit oor en oor bevestig. Die meeste pogings tot verandering deur herstrukturering misluk (Scharmer, 2000:7).

Herontwerp die prosesse: (Vlak 2 Verandering)

Wanneer leiers reeds die veranderende omstandighede probeer hanteer het deur herstrukturering en hulle besef dit misluk, begin dink hulle aan ŉ heeltemal nuwe prosesse en ontwerp vir die organisasie. Dan begin beplan hulle nie net nuwe strukture nie, maar hulle ontwerp ook nuwe prosesse vir die organisasie. Die retraites wat die Ring van Parow gereël het, was ŉ poging om dieper na te dink oor die uitdagings van die Ring. Dit was ŉ poging om nuwe prosesse te ontwikkel vir die Ring van Parow. In 1997 doen die Ringsbeplanningskommissie verslag van hul retraites.

"In die lig hiervan is kreatief en nuut aandag gegee aan nuwe bedieningspatrone, moontlike kerkordelike implikasies, administratiewe en finansiële aspekte en jeugbediening binne die groter opset" (Ringsverslag, 1997:5).

Scharmer beskryf die pogings tot verandering op hierdie vlak as die herontwerp van prosesse.

"Thus, at this level, dealing with issues or problems involves changing both behavior and structure (levels 0 and 1) by redesigning core processes" (Scharmer, 2000:8).

Die retraites het ongetwyfeld gelei tot beter en dieper insigte, maar hul voorstelle was elke keer een groot makro-gemeente *(Vlak 1 Verandering).* Dit is normaalweg nie suksesvol nie. Organisasies en hul leiers besef gewoonlik na so ŉ struktuurverandering poging daar moet baie meer gebeur. Dit het nie gebeur in die Ring van Parow nie. Hulle was vyf jaar later, in 2002, nog steeds niks verder as net ŉ voorstel vir strukturele eenwording in ŉ makro-gemeente *(Vlak 1 Verandering),* ten spyte daarvan dat kennis en insigte gedeel is dat verandering op dieper paradigma vlakke moet gebeur. Dit is selfs duidelik uitgespel deur die beplanningskommissie in 1997 en 1999, Jurgens Hendriks in 2001 en die kommissie vir Getuienis in 2002.

Ontwikkel ŉ nuwe denkraamwerk / filosofie / kultuurskuif*:* (Vlak 3 Verandering)

Ongeveer 70% van alle korporatiewe herstrukturering misluk omdat die onderliggende denkraamwerk van die organisasies nie verander nie. Daarom begin leiers op die derde vlak van verandering werk waar hulle fokus op die verstaansraamwerke, kultuur en veronderstellings waarmee die mense in die organisasie werk. Hierdie is omvattende en baie ingewikkelde veranderingsprosesse en die gesprek hieroor is besig om sterker na vore te tree in die kerk. Op hierdie vlak van verandering word gefokus nie net op aksies, struktuur en prosesse nie, maar terselfdertyd ook op die

verstaansraamwerke en diep onbevraagde veronderstellings van mense in die organisasie (Scharmer, 2000:9).

Dat die verandering op dieper vlakke moet gebeur en ŉ heel nuwe paradigma of denkraamwerk ontwikkel moet word, het begin duidelik word in die Ring van Parow. Spies het reeds in 1990 gepraat van ŉ paradigmaskuif, die beplanningskommissie het in 1997 en 1999 in hul inligtingstukke hierna verwys. Hendriks het dit duidelik uitgespel in 2001 sowel as die Kommissie vir Getuienis in 2002. Dat die Ring nie hiervan werk gemaak het nie, terwyl hulle die insigte gehad het, dui myns insiens op ŉ **gebrek aan transformasievaardighede.** Hoe gaan ŉ geestelike leier te werk om ŉ nuwe denkraamwerk by ŉ geloofsgemeenskap te vestig, ŉ kultuurskuif te maak? Geestelike leiers wat opgelei is om binne ŉ geloofsgemeenskap met ŉ gevestigde identiteit te werk, is normaalweg nie opgewasse om dit te skuif na ŉ projek-identeit nie. Indien leiers se styl onbewustelik op domineer of dryf ingestel is, bly hulleself te sterk funksioneer en skakel hulleself en die geloofsgemeenskap baie moeilik oor na ŉ openheid om te ontvang wat God wil sê.

Herskepping*:* (Vlak 4 Verandering)

Scharmer is van mening dat selfs veranderings-inisiatiewe op vlak drie verandering misluk, daarom beskryf hy ook ŉ vierde benadering tot verandering. Die benadering tot verandering fokus op intensie, doel en wil van die leier en die mense in die organisasie. In hierdie veranderingsproses is daar die geloof dat die ontdekking van ŉ gedeelde visie of gedeelde wil ons sal help om suksesvol te verander (Scharmer, 2000:9).

By die skuif van vlak drie verandering (wat werk met die skep van nuwe denkraamwerke) na vlak vier verandering waar egte herskepping plaasvind is daar ŉ **skuif by die leier self.** Die skuif is volgens Scharmer weg van reflektiewe leer (leer uit die verlede) na generatiewe leer (*presencing*: leer vanuit die aankomende toekoms) (Scharmer, 2000:10).

Dit is hier waar Scharmer ŉ belangrike bydrae lewer, naamlik in die fenomenologiese beskrywing van die wyse waarop ŉ persoon of span leiers beweeg vanuit ŉ "refleksie spasie" (vlak 3 verandering) na ŉ spasie van diep intensie of wil (vlak 4 verandering). (Scharmer, 2000:10).Ons sal die skuif later in meer detail behandel in die studie.

In die NG kerk word tans van sinodale kant op hierdie vlak van verandering gefokus, die van herskepping, deur ŉ skerp fokus op persoonlike roeping van dominees en geestelike leiers. Daar word geglo dat as dominees weer hul roeping ontdek en daarmee identifiseer, sal dit beter gaan. Roeping funksioneer op die vlak van wil en intensie. Die fokus is korrek, maar die wyse waarop dit gedoen word is lomp om een eenvoudige rede:

Nadat die dominee weer bevestig is in sy roeping en sy roepingsbewussyn, beskik hy nog steeds nie oor die leierskaps-vaardigheid om ingewikkelde, vlak 4 veranderingsprosesse van ŉ sosiale organisasie soos ŉ gemeente bewustelik en intensioneel te fasiliteer nie.

Om te weet wat moet gebeur, beteken nog nie jy kan dit doen nie! Hier is die verleiding van die Westerse rasionalisme uiters duidelik. Dit is die oorsprong van die ge-

brek aan leerbaarheid by baie geestelike leiers. Omdat geestelike leiers intellektuele kennis het oor wat die resultaat moet wees, die uiteinde van die transformasie-proses, aanvaar hulle ook dat hulle weet wat en hoe om dit te doen. Scharmer se fenomenologie van die vaardigheid *presencing* wat in hoofstuk agt behandel word, het belangrike nuus vir sulke leiers. Die uitdaging vir suksesvolle transformasie lê diep binne die leier self, nie buite hom/haar nie. Sy/haar eie persoon is op die spel. Daarna keer ons later terug

Sentrale navorsingsvraag

Waarom kon die Ring van Parow oor ʼn twintig jaar periode nie daarin slaag om eers te begin om die uitdaging van verskuiwende demografie behoorlik op die tafel te sit nie? Die selfvertroue waarmee weggespring is en die resultaat van die transformasie poging twintig jaar later, dui op een van twee moontlikhede: Of daar is werklik geen moontlike kans om vanuit die Christelike verhaal verskuiwende demografie aan te spreek nie, of geestelike leiers leef en werk met bepaalde beperkende denkskemas of paradigmas of hulle is onbewus dat hulle leierskapstyl die transformasie saboteer.

## 5.3 WAT MOET LEIERS DOEN IN VERANDERINGSPROSESSE?

Mense en organisasies is ingewikkeld en die versnellende, diskontinue veranderinge soos gedryf deur globalisasie, postmodernisme en post Christendom maak die hantering van veranderende geloofsgemeenskappe baie meer kompleks as ooit tevore. Die toekoms kan nie meer beplan word nie (Roxburgh, 2005:89):

"the future emerges as people live in the ambiguities of transition."

Later sal aangetoon word hoe Otto Scharmer ʼn fenomenologiese beskrywing gee van hoe die "future emerge from ambiguities", in sy beskrywing van die nuwe leierskapvaardigheid van *"presencing*" (Scharmer, 2009:7).

Coenie Burger beskryf in sy boek *Gemeentes in Transito* die oorgangstyd as ʼn *communitas*-fase of "liminaliteit"-periode (1995:31). In die communitas periode is verdiepte verhoudinge, verdiepte spiritualiteit, oorgrens-ervarings of drumpelervarings belangrik sowel as ʼn refleksie proses (Burger, 1991:30).

Die wyse waarop die geestelike leier die oorgangstyd moet hanteer, het dus meer te doen met liefdevolle saamwees en saamluister na God *(communitas)* eerder as fokus op struktuurveranderinge.

Soos wat later meer volledig aangetoon sal word is die ontluikende leierskapvaardigheid om geloofsgemeenskappe in oorgangs tye te lei, die vaardigheid van geloofsonderskeiding. Die voorwaardes vir die gebeure van geloofsonderskeiding is presies wat Coenie Burger beskryf: ʼn *communitas* met verdiepte verhoudings, verdiepte spiritualiteit, drempelervarings wat mense oor grense neem en ʼn refleksie-proses wat lei tot nuwe insigte! Nie die skep of implementering van nuwe strukture nie. Uit die Ringsverslae kan nie afgelei word dat op bostaande sake gefokus is nie. Die fokus was voortdurend juis op aksieplanne en struktuurverandering wat volgens Scharmer vlak 1 veranderinge is.

Roxburgh is van mening dat leiers eerder moet fokus op hoe mense reageer op die veranderinge en die oorgangstyd, eerder as om te fokus op die veranderinge self.

Die rede daarvoor is dat verandering allesomvattend is en nie gereduseer kan word tot ŉ paar veranderinge nie.

Ek bespreek kortliks vier vaardighede wat geestelike leiers moet ontwikkel om die uitdagings van versnellende veranderinge intensioneel en bewustelik te hanteer in geloofsgemeenskappe.

## 5.4 LEIERS MOET LEEF IN ŉ LIMINALE VERHOUDING MET TRINITEIT

Roxburgh beskryf die veranderinge as die aanbreek van ŉ era, as "liminaliteit", die aanbreek van iets nuuts (Roxburgh, 2005:20):

"This is the experience of what I call liminality – or what Merriam – Webster's defines as "the condition of being on a threshold or a beginning of a process."

Kerke en geestelike leiers is bewus dat hulle op die punt staan van iets nuuts wat verandering noodsaak. Die iets nuuts is die resultaat van diskontinue verandering. Dit is ŉ liminale posisie. ŉ Kruispunt.

"A bomb, of sorts has gone off in our hearts and we've become aware that something is amiss, but practically speaking, we don't know what to do about it. We sense that a missional direction is right, but we feel unequal to the challenge". (Roxburgh, 2005:20)

Die veranderinge word gekenmerk deur een uitstaande feit. Daar is geen voorbeeld om na te volg, geen kaart geteken, geen guru na wie ons kan gaan om antwoorde te kry, geen kweekskool wat ons kan voorberei daarvoor nie.

"Liminals" en "emergents" (Roxburgh, 2005:22):

Roxburgh beskryf twee uiteenlopende groepe of soorte leiers wat die uitdagings van verandering in die oë kyk en wil opneem. Die eerste groep noem hy die "liminials". Hulle is die geestelike leiers wat opgewasse was vir ŉ wêreld wat nou verby is, en bewus is dat hulle hulself nou in ŉ ander wêreld bevind met nuwe uitdagings. Hulle is in die liminale posisie en wag vir nuwe insigte en die nuwe wêreld om aan te breek, omdat hulle onseker is oor wat om te doen. Teenoor die "liminals" is daar ŉ ander groep wat Roxburgh noem die "emergents". Hierdie is mense wat slegs verandering ken. Hulle is nie stabiliteit gewoond nie en ken slegs die verandering wat die afgelope veertig jaar deel van die kerklike en gemeentelike wêreld geword het. Daarom is dit verstaanbaar dat "liminals" en "emergents" verskillend te werk gaan in die oorgangsperiode (Roxburgh, 2005:22).

"Liminals" vind die oorgangstyd vreesaanjaend en angswekkend. Die "liminals" ervaar mislukking persoonlik en raak al banger om nuwe dinge te probeer. Hulle beleef diep ontworteling en angs, in sommige gevalle self ontgogeling. Dit is moeilik op ŉ persoonlike vlak moeilik vir hulle om te bly aanpas, aangesien hulle meestal reeds in hul laat veertig en vroeë vyftigerjare is. Hulle is leiers wat geleer het om hul geloofsgemeenskappe met strategiese planne en programme te lei en sukkel nou om nuwe vaardighede te ontwikkel in die middel van die drukgang van die oorgangstyd. Daarom probeer hulle die oorgangstyd en veranderinge wat aanstroom tegnies korrek te bestuur. Hulle het verwag om op die toppunt van hul kennis te wees, maar

vind hulself in ŉ wêreld waar hulle van voor af moet leer om leiding te gee (Roxburgh, 2005:79).

Vir die "emergents" is dit anders. Hulle omhels die verandering en gaan makliker daarmee om. Die "ontluikende groep" ken niks anders as verandering nie en het wonderlike verbeelding en hoop. Hulle is passievol en is bereid om nuwe dinge te doen en risiko's te loop vir die koninkryk van God. Hulle wantrou "liminals" omdat hul die siening het dat hierdie mense archaies en institusioneel dink, vasgevang is in ou paradigma teologiese denke en gewoon uit pas is met die behoeftes van post-moderne mense. Hierdie "ontluikende groep" is ook verward en onseker, want hulle het geen institusionele geheue en bely gemaklik:

"We don't know what we're doing, but of one thing we are sure, we're not going to form churches modeled after outdated denominations and lifeless congregations" (Roxburgh, 2005:21).

Walter Brueggemann beskryf die oorgangstyd as ŉ uiters moeilike plek om te wees, maar erken dat dit presies is waar ons nodig het om te wees. God roep ons om juis in hierdie oorgangstyd te wees:

"I believe we are in a season of transition, when we are watching the collapse of the world as we have known it… the value systems and the shapes of knowledge through which we have controlled life are now in great jeopardy. We can paint the picture in very large scope, but the issues do not present themselves to pastors as global issues. They appear as local, even personal issues, but they are nonetheless pieces of a very large picture. When the fear and anger are immediate and acute, we do not stop to notice how much of our own crisis is a part of the larger one, but it is" (Brueggemann, 1986: 45-46) .

Mary Jo Leddy beskryf die tyd van verandering soos volg in haar boek: *Reweaving the Religious Life* (1990:24):

"One could be tempted to flee from the dilemmas of this moment to some more secure past, to the surface of the present, or to some arbitrary resolution of the future. These are real temptations and they can be met only with the faith that is our hour, our kairos (Greek for "season" or "time"). This is the only time and place we are called to become followers of Jesus Christ; there is no better time or place for us to live out the mysteries of creation, incarnation, and redemption. These are our times and, in the end, God's time."

**Leiers moet erken ŉ nuwe wêreld het aangebreek:**

Leiers moet begrip ontwikkel dat ons in besondere uitdagende tye leef sedert 1990. Hulle beleef wat Otto Scharmer skryf (2009:1):

"We live in an era of intense conflict and massive institutional failures, a time of painfull endings and of hopefull beginnings. It is a time that feels as if something profound is shifting and dying while something else, as the playwright and Czech president, Vaclac Havel put it: "I think there are good reasons for suggesting that the modern age has ended. Today, many things indicate that we are going through a transitional period, when it seems that something is on the way out and something

else is painfully born. It is as if something were crumbling, decaying, and exhausting itself – while something else, still indistinct, were rising from the rubble."

Leiers moet dit erken, daarmee vrede maak en begin leer om daarmee te deel. Veral moet hulle begin bewus word dat hul vaardighede wat in die verlede gewerk het nie meer gaan werk in die nuwe wêreld nie.

In hierdie oorgangs-situasie is geestelike leierskap van uiterste belang, en terselfdertyd stel dit baie hoë persoonlike eise. Daarom skryf Scharmer dat leiers vir die toekoms mense sal wees wat ontevrede is met hul huidige vaardighede en gewoontes, mense wat hul eie voorveronderstellings en kennis uitdaag en luister na hul eie diepste stem.

"For it is only through this listening that we will unlock our collective capacity to create the world anew" (Scharmer 2009:xviii).

**Leiers moet begryp hulle is self die subjek van transformasie:**

Geestelike leiers moet aanvaar hulle is self die subjek van die transformasie van die kerk. Die tyd toe die geestelike leiers ander geleer het om te verander is verby. Hulle moet leer om self te verander. Hulle het nie meer die kennis en insig om dit te kan doen aan ander nie. Hulle moet hul magteloosheid erken soos Parow Ring dit gedeeltelik erken het by hul Ringsitting in 1992. By die Ringsitting van 13 September 1992 en daaropvolgende dae te Oostersee word die volgende besluit geneem:

"In die lig van die voortdurend drastiese daling in lidmaattalle:

Erken die Ring van Parow dat hy probleme ondervind om die mens in en van die stad effektief met die Evangelie te bereik en in die aktiwiteite van die gemeente in te skakel" (Ringsverslag, 1992:42).

Die geestelike leiers het hierdie gedeeltelike erkenning gemaak in 1992 en steeds voortgegaan om strukturele voorstelle te maak oor hoe om die situasie te hanteer. Dit wys hoe moeilik die uitdaging is om te werklik te verstaan wat besig is om met ons te gebeur en hoe ons daarop moet reageer.

Veranderinge gaan nie stabiliseer nie, maar versnel. Tegnologie is steeds besig om groter impak te maak, kennis en die verspreiding daarvan neem daagliks toe. Mense word daardeur steeds meer bemagtig. Diversiteit neem toe, terwyl die mag en die invloed van die kerk en haar leiers afneem. Geestelike leiers wat probeer vashou aan die magsposisies waaraan hulle gewoond was in die vorige era, gaan op 'n baie moeisame wyse ontdek dat die basis van mag vir geestelike leiers geskuif het, van posisie in die kerk, na integrasie in persoonlike lewe.

Om in hierdie wêreld geestelike leiding te gee is noodsaaklik, uitdagend, 'n roeping en stel die hoogste eise. Die rede is eenvoudig. Die modernistiese tydvak toe ons met tegniese en rasionele beplanning en strategiese vaardighede probleme kon "uitstryk" en geestelik leiding kon gee is verby. Ons kan nog die spel van die vergane era goed speel en ken die spelreëls daarvan, maar ons weet ook terwyl ons dit doen in ons diepste self, dat die tyd daarvan verby is. Die uitdaging is nou dieper, groter, meer…

**Leiers moet begin lei vanuit die "inner place":**

Otto Scharmer skryf op sy internet blog (blog.ottoscharmer.com 2010):

"The key leadership challenge of our time is to shift the inner place from which we operate. As individuals, as teams, as institutions, and as societies we all face the same issue: that doing 'more of the same' won't fix flawed and failed systems. We have to leave behind our old tools and behaviors, and immerse ourselves in the places of most potential. We have to listen with our minds and hearts wide open, and then connect with our deep sources of knowing and self. It's only when we pass through this eye of the needle–letting go of the old and letting come the emerging self–that we can begin to step into our real power: the power to collectively sense and create the world anew. *Theory U* [10]describes a social grammar and practical methods for such a transformative leadership journey."

Die storms van verandering het alle leiers, politieke, ekonomiese en geestelike leiers van hul sekerhede ontneem. Die uitdaging vir geestelike leiers is die grootste, om een eenvoudige rede: Geestelike leiers moet die rigting aandui waarheen ons moet beweeg, die waardes aantoon, die gedrag modeleer van die nuut aanbrekende wêreld van die koninkryk van die teenwoordige Jesus. Die leiding sal moet kom vanuit ons diepste geloof en diepste verbintenis aan die teenwoordige Jesus. Vanuit ons diepste self. Die leierskapvaardigheid om leiding te gee midde in die storms van verandering het te doen met selfkennis, persoonlike spiritualiteit, persoonlike geloofdissiplines, verbintenis aan roeping en leef vanuit 'n diep persoonlike verhouding met Christus. Dit kan nie meer effektief gedoen word vanuit die ou rolle, kennis en patrone van die uitgediende, gevestigde identiteit van die NG kerk nie. Dit het die geestelike leiers in Parow oor 'n periode van twintig jaar pynlik aan die lyf ervaar.

**Liminale leiers leef geloofsonderskeidend vanuit Godsvrae:**

Die fundamentele vraag wat volgens Roxburgh die liminale leiers aan die hart gryp midde in die veranderinge is (2005:26):

"How can we be the church of Jesus in the midst of such continual, world altering change?"

Hierdie insig van Roxburgh is van kardinale belang. Geestelike leiers kan nie op soek wees na net nuwe strukture of nog nuwe programme of aksies nie, maar moet juis in die tyd van diskontinue verandering en vloeiendheid die diepste fundamentele vrae luisterend aan die Gees van Christus vra. Meer as ooit het dit nodig geword om in diep afhanklike geloof, nuut te onderskei waaroor kerkwees werklik gaan.

- Wie is die kerk?
- Wie is Christus?
- Wat wil Christus?

---

[10] Otto Scharmer is 'n senior lektor by die Massachussets Instituut van Tegnologie. Teorie U is 'n omvattende fenomenologiese beskrywing van wat Scharmer noem "leer vanuit die opdagende toekoms." Hy is die skrywer van die boek: Theory U: Leading from the Future as it Emerges. 2009.

- Wat beteken dit om in Christus te glo?
- Wat beteken dit dat Christus sê: Die koninkryk is hier?
- Waar is God werksaam in die wêreld?
- Hoe sluit ons aan by Sy werk in die wêreld?
- Hoe volg mens Jesus?
- Wat is die rol van die kerk ten opsigte van Jesus se koninkryk?
- Wat is die waardes wat die kerk moet bevorder in die samelewing?

Vanuit 'n diep persoonlike verhouding met en verbintenis aan Jesus Christus, die Vader en die Heilige Gees moet geestelike leiers nuut begin om tentatief, luisterend, kommunaal en vraend leiding te gee aan die geloofsgemeenskap, voortdurend vanuit 'n liminale posisie, **gereed om te leer en te doen** wat Triniteit openbaar.

Dit het te doen met die integriteit van persoonlike spiritualiteit.

Die tweede vaardigheid wat geestelike leiers moet leer is hoe om *communitas* te skep, sodat gelowiges saam as liefdevolle gemeenskap deur die veranderinge kan werk.

## 5.5 LEIERS SKEP *COMMUNITAS*

In tye van verandering en liminaliteit is *communitas* van uiterste belang. Dit is in *communitas* dat die geloofsgemeenskap leer om saam deur diskontinue verandering hul weg te vind. Communitas is die oop spasie waarin mense beweeg en in dialoog kom oor wat met hulle gebeur. Dit is die versameling van die dorpenaars op die stadsplein om te praat oor wat in die land en die stad aan die gebeur is. Dit is die Nagmaalsnaweek waar mense uitspan in waens in die middel van die dorpsplein en stories uitruil en verklarings vir gebeure voorhou. Dit is die vergadering waar nuwe leiers opstaan en hul stem laat hoor. Die verskil is net die gemeenskap vorm oral, in gemeentes, op Facebook, in Blogs op die internet, in koffie-winkels, by die werk, tussen vriende. Hul gesprekke is geloofsonderskeidend. Wat is aan die gebeur? Wat gaan aan?

Soos die volk veiligheid beleef het in die groep in die woestyn, so is daar behoefte aan *communitas* in die kerk om sin te maak van die veranderinge en te help bou aan 'n nuwe verstaanraamwerk vir mense se lewenservarings. Geestelike leiers moet help skep aan *communitas* netwerke en voorsien vir mense se behoeftes. Hierdie behoefte aan *communitas* is uiteenlopend. Sommige het behoefte aan gesprek, ander aan diens, ander aan dansende lofgroepe, ander aan stilte met simbole en kerse en musiek, ander aan lering in groepe, of aan diensgeleenthede of oorgrens ervarings.

"*Communitas* is the willingness of people to risk entering a new commons where they journey together as God's pilgrim people in order to discern together the future that God's Spirit might be bringing forward to them" (Roxburgh, 2005:111).

Om deur die veranderingsfases te beweeg is nie maklik, reglynig of uniform nie. Dit is moeilik, onseker, verwarrend, stop en beweeg, vorentoe en agtertoe. Dit gaan waarskynlik langer as 'n generasie neem. In hierdie tydperk sal beide liminale groepe

en die opkomende groepe mekaar nodig hê omdat beide insigte en ervaring tafel toe bring wat noodsaaklik is vir gesprek. Ons kan nie terugkeer na die verlede nie, maar ons kan ook nie oor die hede spring en direk gaan na die nuwe toekoms nie.

Roxburgh meen dat die saamwees in die veranderingsproses van kardinale belang is. Ons weet ons nie kan terugkeer na die verlede nie. Ons weet ook nie hoe die toekoms gaan lyk nie. Daarom het ons mekaar nodig. Om by mekaar te bly. ŉ Oorgangstyd is nie ŉ kennistyd nie, die toekoms is nie voorspelbaar nie, dit kan net saam ontdek word langs die pad.

Daarom stel Roxburgh voor dat leiers wat missionale geloofsgemeenskappe wil skep wat luisterend deur die veranderingsprosesse gaan, die tegniese vaardighede van doelwitte en strategiese planne as primêre model van bestuur moet laat vaar. Leierskap gaan in hierdie tye nie oor voorspelbaarheid nie, maar oor vorming van gespreks-netwerke tussen mense. Dialoog, wag en luister, spiritualiteit en nie beplan en bestuur is die vaardighede wat nou nodig is (Roxburgh, 2005:114).

Leiers moet bewus wees van hoe mense die fase beleef. Mense voel uitgelewer en weerloos in die liminale fase, hulle ervaar groot onsekerheid oor hoe om die veranderinge wat oor hulle spoel, te hanteer.

Die volgende is kenmerkend van die liminale fase:

- Mense beleef egte verlies.
- Mense kan nie deur ŉ oorgangstyd gejaag word nie. Dit neem tyd.
- Die meeste mense het geen idee dat hulle in ŉ oorgangstyd is nie.
- Mense reageer emosioneel en dit is ŉ chaotiese tyd.
- Leiers maak die fout om te dink dat tegniese en strategiese planne of nuwe informasie al is wat nodig is om na die volgende fase te beweeg.

Dit is ŉ tyd van regressie of geleentheid, afhangende hoe dit geaddresseer word (Roxburgh, 2005:97)

### 5.5.1 Leiers moet geloofsgemeenskap begelei

In die boek *“Nuut gedink oor Leierskap in Gemeentes”* skryf Arnold Smit in die voorwoord dat daar nuut gedink moet word oor leierskap om die volgende rede:

“Daar was ŉ tyd toe ŉ mens nog kon praat oor die beplanning van verandering. Dit het berus op die aanname dat die samelewing in die toekoms anders gaan wees en dat met planmatige ingrepe op die lewe van organisasies en gemeenskappe voorbereidings vir die toekoms getref kan word” (Smit, 1995:9).

Die samelewing het egter sneller verander as wat verwag is en die veranderinge is besig om steeds meer omvangryk te word en teen ŉ vinniger tempo plaas te vind. Hierdie verandering moet bestuur word en dit is waarom leierskap belangrik is. Leiers se hooftaak is om geloofsgemeenskappe te help om sinvol deur verandering heen te leef, selfs al weet hulle nie presies wat die uiteinde van die veranderinge gaan wees nie.

“Sonder om presies te weet hoe die toekoms gaan lyk, word leiers opgeroep om saam met hulle gemeenskappe en organisasies nuwe weë daarheen (die toekoms) te verken. Terwyl ander dinge verander het, was die gemeente vir baie lidmate ŉ oord van sekerheid, ŉ plek waar tradisies gehandhaaf kon word, ŉ ruimte waar bekende simbole en rituele gereeld in herinnering geroep is” (Smit, 1995:9).

Die kerk gaan nuwe tye tegemoet wat vereis dat radikaal nuut gedink moet word oor kerkwees. Leiers sal dus in nuwe tyd van versnelde en radikale veranderinge nuwe soort leiding moet gee en ŉ ander rol speel as in die verlede.

Die nuwe leierskap gaan nie soseer oor wat die leiers doen nie, maar oor wie hulle as mense is voor God en tussen ander mense.

“Wees is belangriker as doen” (Smit, 1995:10).

ŉ Leierskap van begeleiding is nodig. Peter Hodgson beskryf begeleidende leierskap soos volg (1988:98):

“The fundamental purpose of ministry is to guide and serve the process of ecclessial formation, ecclesial preservation, and ecclesial essence, to be a community of faith, hope and love, a sign and sacrament of the kingdom of God.”

Smith meen dat begeleidende leierskap die volgende moontlikhede ontsluit (1995:30):

Dit laat reg geskied aan die oortuiging dat die gemeente die subjek van die bediening is (nie die objek nie).

Dit waardeer die unieke identiteit van die geloofsgemeenskap wat ŉ eie unieke verhaal het oor hul verhouding met God en ŉ roeping van God.

Dit is nie dogmatiese leierskap nie, maar nooi mense uit om saam te luister na die Skrif, die Gees en na mekaar.

Dit aanvaar dat ŉ geloofsgemeenskap organies en prosesmatig gelei word in diens van Christus.

Die leierskap is nie die suksesfaktor nie, maar die bemagtiging van mense. Leierskap het te doen met die potensiaal-ontsluiting van individue, groepe en ŉ geloofsgemeenskap ooreenkomstig die bedoeling van die Gees.

### 5.5.2 Leiers moet konsentreer op innerlike oorgange van mense

Roxburgh maak ŉ belangrike bydrae wanneer hy beskryf dat twee dinge gelyktydig gebeur met mense in oorgangstye (2005:91):

> Eerstens moet hulle hul ou verstaansraamwerk, gewoontes, waardes en patrone van optrede wat hulle in die verlede geleer het laat vaar. Dit is ŉ allesomvattende en uiters moeilike en ingewikkelde opdrag.
>
> > Tweedens en tegelykertyd moet mense die kernverhale van die Bybel herintegreer en ŉ nuwe verstaansraamwerk, nuwe gewoontes, nuwe waardes en patrone van optrede aanleer.

Daarom moet leiers nie konsentreer op die uiterlike veranderinge nie, maar op die innerlike oorgange wat mense moet maak. Hoe doen die leiers dit?

Roxburgh stel drie dinge voor wat leiers moet doen (2005: 91):

Leer verstaan die respons van mense teenoor die diskontinue verandering. Wees pastoraal met hulle. Ontwikkel begrip dat hulle innerlike oorgange moet maak om by die verandering aan te pas en dat dit nie reglynig gebeur nie, maar interaktief.

Konnekteer mense se ervaring van verandering met die kern stories en tradisies van die Bybel. Help hulle om vanuit die Bybelse verhale God raak te sien in die groot veranderinge waarin hulle hulself bevind. Leer mense om verbeeldingryk oor God te begin droom en dink.

Ontwikkel 'n klimaat waarin mense dialoog kan voer oor verandering. Help hulle om luisterend en in dialoog 'n nuwe verstaansraamwerk te ontwikkel terwyl hulle die innerlike oorgange maak wat nodig is midde in die veranderinge.

Moenie mense afskryf as moedswillig omdat hulle nie dadelik met alle veranderinge saamgaan nie. Dink aan hoe Christus met Sy dissipels drie jaar lank ten nouste saamgeleef het en hulle steeds nie die innerlike oorgange kon maak nie, selfs al het hulle dramatiese veranderinge beleef, wonderwerke, lering soos nog nooit te vore, met Jesus in hul midde. Die innerlike oorgang het drie jaar geneem, en ook eers na die dramatiese ingreep van die Heilige Gees.

Die kerk het 'n bepaalde verstaanraamwerk of sisteemstorie oor baie jare gevestig in mense se lewens en dit kan nie oornag verander nie. Die verstaansraamwerk of sisteemstorie moet skuif en dit gebeur nie na een preek nie!

Die uitdaging rondom verandering is nie die uiterlike verandering nie, maar die innerlike oorgang van mense se verstaans en ervarings raamwerk. Daarom is mense dikwels gemaklik met aanvanklike uiterlike verandering. Hul ongemak begin gewoonlik later ontwikkel as hulle ontdek dat die verandering praktyk word. Hul enigste manier om die verandering te evalueer is vanuit hul bestaande verstaans en ervarings raamwerk. **Dit is 'n innerlike oorgang wat mense moet maak.** Dit geskied individueel en innerlik en is 'n moeisame proses. Daarom is leiers soms geskok as hulle hulself op onverwagte plekke en tye vasloop in individue wat negatief reageer op uiterlike verandering na 'n verloop van tyd. Dit verklaar die feit dat die meeste vernuwingspogings vasloop in weerstand en mettertyd verkrummel. Uiterlike verandering is nog nie oorgang na 'n nuwe verstaansraamwerk of nuut vasgelegde gedrag nie. Dit gebeur innerlik, privaat, persoonlik. Dit is belangrik om te verstaan dat daar 'n verskil is tussen verandering (uiterlike vernuwing) en oorgang (innerlike vernuwing).

Roxburgh se definisie vir verandering is (2005: 41):

- “Change is what happens to us from the outside and over which we have no control.”
- Roxburgh definieer oorgang *(transition)* as (2005:41):
- “Transition is our inner response to the changes we are experiencing and over which we have some control.”

### 5.5.3 Leiers lei die geloofsgemeenskap in ʼn voortgaande reformasie

Die vraag is nie of verandering nodig is nie. Verandering is ʼn gegewe. Die enigste vrae is volgens Roxburgh die volgende (2005:53):

"First, how do we as leaders learn to understand and function in this new world of discontinuity? And second, how do we cultivate our church structures to invite God's people to live and thrive in the midst of this certainty since we have no idea where it will end?"

Roxburgh beskryf verandering as vyf fases.

- **Stabiliteit**

In die stabiele fase is daar hoë mate van voorspelbaarheid en die fase kan baie lank duur. Die waardes, prosesse, gewoontes, tradisies, rolle en norme is gevestig en word oor ʼn baie lang tyd gekontinueer, sodat mense ervaar dit is hoe dit altyd was en altyd sal wees. Die organisasie en die rol van leiers is voorspelbaar. Die vaardighede van die leiers is tegnies en rolbepaald.

"Leadership is based on something outside of the person, such as the authority of their position in the hierarchy of the organisation or the level of their education" (Roxburgh, 2005:58).

- **Diskontiniteit**

Die storms van globalisasie, modernisme, post-modernisme het die gewaande stabiliteit van alle mense en hul organisasies, insluitende die kerk vernietig.

Die resultaat is dat die liminale leiers al harder werk en al verder agter raak by die veranderinge. Dit maak hulle moedeloos en depressief en brand hulle uit. Hulle weet nie meer wat om te doen nie. **ʼn Heeltemal nuwe stel vaardighede** vir die geestelike leiers **is nodig** deur om die diskontinue veranderinge leiding te gee (Roxburgh, 2005:61).

Dit is wat met die Ring van Parow gebeur het. Hulle het besef die stabiele periode is verby, maar het voortgegaan om met hul tegniese vaardighede waaroor hulle beskik, die veranderinge te bestuur. Die veranderinge was egter meer fundamenteel en diepgaande as wat hul voorsien het.

- **Uitmekaarval van sisteem**

Die diskontinue verandering groei totdat die krag van die tradisie uitgeput is en net nie meer die sisteem aanmekaar kan hou nie. Die spanning is op die punt oral in die sisteem. Daar is spanning tussen leiers, tussen gemeenteleiers en die leraars, tussen gemeentelede. Die sisteem begin uitmekaarval. In die diskontinue fase en "uitmekaarval" fase bly die veranderinge aanstroom soos ʼn reeks aardbewings en naskokke. Die verwagting is dat die veranderinge sal stadiger word en dat stabiliteit weer sal terugkeer, maar dit gebeur nie. Die verandering bly aanstroom. Daar is geen einde aan die verrassings nie. (Roxburgh, 2005:64).

- **Oorgang**

Dit is die moeilikste fase. Daar is baie onsekerheid en min helderheid oor wat om te doen. In die veranderingsproses word dikwels beloftes gemaak in hierdie periode dat stabiliteit sal terugkeer en soms gedy gemeentes in sulke tye, veral middelklas, homogene voorstedelike gemeentes. Dit is ook ŉ tyd van besondere geleenthede. Die potensiaal is dat iets spesiaals kan gebeur en na vore kom. Dit is ŉ spanningsvolle periode, maar dit is noodsaaklik dat gemeentes vir ŉ tydperk in hierdie fase is om die toekoms te ontdek waarvoor God hulle geroep het. Dit is hier waar meeste gemeentes hulself bevind. Hierdie tyd moet behoorlik benut word om bepaalde diep geestelike waarhede vas te lê en ŉ geïntegreerde geloof in die teenwoordigheid van die Triniteit te ontwikkel. In hierdie tyd is dit nodig om nuwe geloofspraktyke en gewoontes te ontwikkel, gebed voorop te stel en luisterend en afwagtend op God te leef.

- **Reformasie**

Oor Reformasie skryf Roxburgh (2005:65):

“Reformation happens as the church has negotiated the reinventing of its life through discontinuity, disembedding, and transition, and begins to approach a new period of recreating tradition and finding fresh stability.”

Die Reformasie periode is die laaste deel van die veranderingsproses. ŉ Hele aantal belangrike dinge moet in die veranderingproses/oorgangsfase plaasgevind:

- ŉ nuwe verstaanraamwerk ontwikkel (verstaan van die verhaal van God en die wêreld)
- ŉ nuwe taal
- ŉ nuwe stel rolle vir mense
- ŉ nuwe stel reëls vir gedrag
- nuwe strukture en organisasie
- nuwe verhoudinge tussen mense

## 5.5.4 Leiers laat vaar beheer oor verandering en vertrou die geloofsgemeenskap

Leiers moet pogings om beheer te behou oor veranderinge laat vaar en leer om mekaar te vertrou in communitas, maar veral vertrou dat die Gees van Christus self ons sal lei in die nuwe toekoms, soos Christus beloof het sal gebeur in Johannes 15. Die verandering is te groot en te veel. Die oorgangstyd gaan nie oor beheer van die verandering nie, maar oor **ons innerlike reaksie en respons** daarop. Totdat mense begin ontspan en “laat gaan” in die poging om beheer te hou oor die veranderinge, kan daar nie veel gebeur nie.

Die geestelike leiers het ook ŉ derde belangrike taak en dit is om die sisteemstorie van die Bybel weer nuut te ontdek en te verkondig:

### 5.5.5 Leiers vertel die ware bybelse sisteemstorie waaruit identiteit en roeping herontdek word

Die kerk is wêreldwyd vasgevang in die storms van verandering en gewikkel in ŉ ernstige soeke na die ware identiteit en roeping van die kerk. Die Christendom paradigma en identiteit is uitgedien en dwarsoor die wêreld skuif mense weg van die institusionele kerk wat vanuit die uitgediende Christendom paradigma funksioneer.

Verlies van identiteit

Roxburgh is van mening dat die probleem van verlies van Christelike identiteit ontstaan het omdat daar ŉ fundamentele verdraaing of verwording ontstaan het in die verstaan en praktyk van die Christelike verhaal, die sisteemstorie van die Christelike geloof. Die verhaal van God en die wêreld is in die moderne tyd genuanseer as die verhaal hoe God die individuele mens se diepste behoeftes en nood aanspreek. Die Bybelse sisteemstorie is aangepas as sou dit gaan oor die individu, sy diepste behoeftes en hoe die individu selfvervulling in God en die kerk kan vind. Roxburgh skryf dat die kerk se identiteit geskuif het van die vraag (2005:12):

“Waarvoor het God ons geroep om aan ander te doen?” (Bybelse vraag)

Na die vraag (2005:12):

“Wat kan die kerk my bied?” (Modernistiese vraag)

Roxburgh beskryf die verwording van die Bybelse sisteemstorie verder (2005:99):

“More specifically, our churches have become food courts for the personal, private, inner needs of expressive individuals.”

Roxburgh is krities teen hierdie verwording (2005:12):

“Religion is privatized and individualized. Christianity is no longer communal. Religion has become a consumer product repackaged to meet the needs of the self, not to provide a transcendent framework of meaning larger than that self. The result is a debased, compromised, derivative form of Christianity that is not the gospel at all.”

Hierdie verwording of verskuiwing in kerklike identiteit het oor ŉ lang periode in die kerk ingesluip en is die dominante hermeneutiese sleutel (verstaanraamwerk) waarmee mense in die moderne era oor die kerk dink. Dit het die ware, Bybelse identiteit van die kerk in sy wese aangetas en is die primêre oorsaak van die spanning wat die kerk beleef.

Verworde sisteemstorie

Dit is hierdie verworde sisteemstorie wat die herder-kudde verstaan van gemeentewees voed en steeds die NG kerk in Parow se primêre identiteit vorm. Daarom is die geestelike leiers se primêre uitdaging die herontdekking en herontwikkeling van die kerk se ware Bybelse identiteit. Dit sluit aan by Castells se ontleding van bevestigde identiteite en projek identiteite. Die NG kerk in Parow se gevestigde identiteit is uiters moeilik om te skuif. Om te illustreer kan mens net dink aan die probleem waarmee die VGK worstel. In die apartheidsjare het hulle ŉ projek identiteit ontwikkel in hul

weerstand teen die apartheidsisteem, maar die projek-identiteit laat hul nou in die steek omdat daar geen "vyand" oor is nie en hulle sukkel ook om ŉ nuwe identiteit te ontwikkel. Net so is die uitdaging vir die NG kerk om weg te beweeg van haar gevestigde identiteit as kerk van wit Afrikaners en midde in die storms van verandering ŉ nuwe projek-identiteit te skep van volgelinge van Jesus Christus.

Die storms van verandering het die Christendom en die verworde ideologiese basis daarvan ontmasker. Daarom is die herontdekking van die ware Bybelse sisteem-storie van uiterste belang. Die geestelike leier se taak as teoloog is om dit te ontdek en te verkondig.

"The global discontinuities and anxieties we face require a larger framework of meaning" (Roxburgh, 2005:97).

Dit beteken natuurlik die geestelike leiers moet dit eers self herontdek. Hulle moet eers self en persoonlik hul eie roeping en identiteit herontdek met gepaardgaande nuwe taal, geloofsgewoontes en praktiese vaardighede om dit na die geloofsgemeenskap te bring. (Innerlike bekering).

Eers hierna kan die leier die individuele volgelinge van Jesus (lidmate van die kerk) deur ŉ innerlike veranderingsproses neem om die skewe identiteit van die Christendom waaruit ons almal leef en dink, af te skud en die ware identiteit en roeping van Jesus se volgelinge te begryp en te beliggaam.

### 5.5.6 Leiers moet ŉ koherente bybelse verstaansraamwerk bou

Die ware Bybelse verhaal vertel van God se missie in die wêreld en vir die wêreld en hoe God mense roep om deel te wees van Sy uitreik na die wêreld in liefde. Die ware Bybelse verhaal handel oor hoe mense deel kan raak van God se missie na die wêreld en nie hoe God ons help om ons persoonlike missie te bereik nie.

> "The biblical narrative is about God's mission in, through, and for the sake of the world and how God has called human beings to be part of God's reaching out to the world for God's purpose of saving it in love" (Roxburgh, 2005:12).
>
> "God intended the local church to be a sign, witness and foretaste of where God is inviting all creation to Himself through Jesus Christ" (Roxburgh, 2005:13).
> "The church is to be formed around beliefs and practices discovered through interaction with scripture and not primarily derived from the culture in which it is found, although it must be embodied in translatable forms within a culture" (Roxburgh, 2005:13).

Roxburgh sê dat die kerk besef dat ons op die rand staan van iets heeltemal nuuts. Die kern uitdaging vir die kerk en haar leiers is die volgende (2005:13):

"to return the God we encounter in Christ back to the center of what being a Christian is all about".

Die kerk het ŉ koherente boodskap vir die wêreld wat sin maak. Die wêreld het die evangelie van Jesus nodig. Nie net ŉ evangelie wat individuele verlossing verkondig nie, maar ook sosiale geregtigheid, sorg en omgee vir ongelykheid en die randfigure

van die samelewing. Die koherente boodskap of sisteemstorie van die evangelie is egter so wegverpak van die oorspronklike Jesus dat die kerk self tot bekering moet kom, getransformeer moet word. Dit is wat God besig is om te doen met die teologie van missio Dei, die herontdekking van die hart van God, die hart van die evangelie, die hart van die Joods Christelik tradisie, die kern van die Christelike geloof. Die nuwe sisteemstorie soos dit na vore kom in die missio Dei teologie sal in die volgende hoofstuk nader uitgewerk word.

Leiers moet ŉ nuwe sisteemstorie in die gemeente ontwikkel, ŉ transformerende hermeneutiese raamwerk vir die gemeente-bediening en praktyk. Die verhale en primêre tradisie van die Bybel moet weer deel van mense se verbeelding en lewe gemaak word sodat hulle daaruit kan leef. Hierdeur word ŉ nuwe verstaans en verwysingsraamwerk gebou. Mettertyd, soos die nuwe verwysingsraamwerk begin ontwikkel en mense die nuwe taal aanleer sal die dialoog al makliker met mekaar word. In die proses moet leiers en gemeentes herontdek dat verandering integraal deel is van die kernverhaal van Jesus. Hy is Immanuel. God met ons. Sy koninkryk het opgedaag, is hier en werksaam. Jesus is teenwoordig in die storms van verandering. Die Triniteit is teenwoordig en werksaam in die skepping. Jesus Christus en Sy koninkryk se opdaag en Sy teenwoordigheid is die diepste basis vir verandering. Ons moet leer om in pas te kom met wat Jesus, ons Koning alreeds besig is om te doen in Sy wêreld…en met ons...

Die leiers moet mense help om hul lewens en kontekste te verryk in dialoog met die Bybelse verhale. ŉ Nuwe verstaansraamwerk, identiteit moet gevorm word, soos Castells aangetoon het. Dit is ŉ wonderlike tyd om ŉ nuwe projek identiteit vir die kerk te ontwikkel vanuit missio Dei.

### 5.5.7 In ware bybelse sisteemstorie is nuwe spelreëls opgesluit

Die nuwe spelreëls is volgens Smith die volgende:

Die gemeente is die subjek van die bediening.

Bediening geskied nie aan die gemeente nie, maar deur die gemeente aan die gemeenskap. Die gemeente is nie die objek van die bediening soos in die herder kudde model beoefen nie, maar die gemeente is die gestuurde liggaam van Christus.

Vernuwing gaan oor identiteit.

Vernuwing gaan nie oor programme en strukture nie of selfs nuwe visies en missies wat teen mure geskryf staan nie, maar oor ŉ diep begrip van roeping en identiteit.

"Blywende vernuwing dring dus deur tot die hart, die identiteit, die korporatiewe persoonlikheid van die gemeente" (Smit, 1995:22).

Leiers se primêre taak is om teen die agtergrond van die kultuur en konteks van die gemeente te verseker dat die gemeente se identiteit as liggaam van Christus bewaar en uitgebou word (Carrol, 1991:98).

Gemeenteleiers moet prosesse verstaan.

Die leiers moet begrip hê vir die sistemiese aard van vernuwing en verandering. Die volgende sin verduidelik iets van die sistemiese verweefdheid van Bybelse vernuwing en verandering:

“So process leadership asks questions, clarifies goals, orients people to their mission, maintains and explains the culture, and helps families and other subcongregations take responsibility for their own systemic life. The most direct way to equip the saints for the work of ministry is not to devise strategies for equiping individuals but to equip the church (as a system). Then the church will equip the saints” (Stevens & Collins, 1993:41).

Aanvaarding van diversiteit en pluralisme.

Loren Mead skryf dat dit kenmerkend van die Konstantynse of Christendom Paradigma was om te aanvaar dat geloofsgemeenskappe oral dieselfde is (1991:73)

“Under the Christendom paradigm churches have structured themselves for uniformity and permanence. Congregations in ons place think they need to be like congregations in other places in style, program and behavior.”

Smit skryf die volgende( 1995:24):

“Die werklikheid is tans dat mense binne dieselfde geloofsgemeenskap dikwels nie die Skrif eenders verstaan nie, nie noodwendig dieselfde waardesisteme huldig nie, nie op dieselfde wyse wil aanbid nie en dat almal se geestelike behoeftes nie met ŉ uniforme bedieningsbenadering bevredig kan word nie. Leiers het in sulke tye die genade nodig om te kan liefhê, te kan luister, diversiteit as ŉ rykdom te sien en pluralisme as ŉ bron van kreatiewe moontlikhede vir nuwe visies te benut.”

Dit bring ons by die laaste en vierde vaardigheid wat geestelike leiers moet hê om die geloofsgemeenskap in en deur die verandering te lei, naamlik die vermoë om ŉ luisterpraktyk en kultuur in die gemeente te vestig.

## 5.6 LEIERS SKEP ŉ PRAKTYK VAN LUISTER EN GELOOFSONDERSKEIDING IN DIE GEMEENTE

Transformasie gebeur waar die Heilige Gees nuwe insig bring. Die Heilige Gees van God staan self sentraal in die skeppende dialoog van geloofsonderskeiding waarin ŉ nuwe hermeunetiese storie of verstaansraamwerk na vore kom en tevoorskyn tree. Dit is transformerende dialoog. Daarom moet leiers nie probeer om die nuwe verstaansraamwerk met ŉ preek af te laai op mense nie!

Die leiers moet nadink hoe hulle ruimte skep vir die werk van die Gees. In ons moderne denk en leef wêreld het ons die vaardighede van wag en luister, van vertroue in intuïsie en emosie verloor. Ons het dit in modernisme vervang met beplan, aksie, doen, rede en logika vervang. Nou moet ons dit in postmodernistiese tyd weer aanleer. Ons moet breek met die modernistiese, logiese en beredeneerde liturgie om nuwe liturgiese ruimte te laat (nie “skep” nie) vir die opdaag van die Triniteit om self nuwe identiteit te skep, nuwe drome te laat droom. Daarom moet ge-eksperimenteer word met nuwe patrone van kommunikasie, nuwe verhoudings tussen mense en groter bewussyn van God se handelinge met mense en in die wêreld. Hierdie leier-

skapvaardigheid is geloofsonderskeiding en dit word in groter detail hanteer in ŉ latere hoofstuk in hierdie tesis.

## 5.7 LEIERS SKEP RUIMTE VIR DIE HEILIGE GEES

Die groot gevaar van pogings tot vernuwing is dat die leierskap in die versoeking val om te ywer vir beplanning, programme, en organisasie. Henri Nouwen merk in hierdie verband op dat daar doelbewus stilte geskep moet word in ŉ gemeente, ŉ kultuur van wag op God en luister na die Gees(1987:63):

“Bediening word nie uit planne gebore nie maar in afsondering in die teenwoordigheid van God.”

Daarom is ontwikkeling van persoonlike en korporatiewe geestelike dissiplines ŉ integrale deel van enige vernuwingspoging. Die dissiplines is egter nie ŉ weg na God nie, nog minder ŉ program wat uitgewerk en bestuur word. Dit is inbeweeg in moontlike spasies waar God kan opdaag. Geestelike dissiplines is die geloofsgewoontes wat deel van die gelowige se daaglikse lewe word en as sulks dra dit by tot die karakter van die individu. Dit vorm die Christelike karakter. Die dissiplines of geloofsgewoontes help die bewussyn van om met God op weg te wees deur die wêreld. Dit help die gelowige om in die ruimtes in te beweeg waarin die Gees telkens nuut gehoor en gehoorsaam kan word. Persoonlike en korporatiewe geestelike dissiplines of geloofsgewoontes moet vir geestelike leiers en geloofsgemeenskappe belangrik wees om ŉ gesonde spanning tussen luister en doen, tussen kontemplasie en aksie te handhaaf (Smit, 1995:25).

## 5.8 OPSOMMENDE OPMERKINGS

Die hoofstuk help om begrip te ontwikkel waarom die Ring van Parow nie daarin kon slaag om die uitdagings van die groot demografiese veranderinge in hul konteks aan te spreek of te hanteer nie. ŉ Nuwe wêreld het om hulle aangebreek, waarvoor hulle nie gereed was of opgelei is nie. Hulle is geleer om wit NG gemeentes met gevestigde identiteite te bedien as herders. Nou het daar skielik ŉ totaal nuwe situasie na vore gekom wat hulle sedert 1990 analiseer vanuit die bril van ŉ herder wat sy skape moet oppas. Die “herder” moet “nuwe brille” kry en ŉ “nuwe taakbeskrywing” en “opleiding” vir die “nuwe taak,” dit wil sê “nuwe vaardighede.” Hy moet voor stap en lei, nie agter stap en dryf nie.

Roxburgh sê die waarheid is dat ons in ŉ nuwe wêreld is. Die oorgangstye is uiters moeilik vir die leiers self, want daar is niemand wat hulle kan leer wat om te doen nie. Hulle opleiding laat hulle in die steek en hulle moet tastend en soekend nuwe antwoorde en uitweë soek. Hulle vind egter wonderlike geleenthede in die effek van die storms van globalisasie, naamlik ŉ wêreld wat gekonnekteer is met netwerke wat inligting en vaardighede blitsnel versprei en mobiliteit soos nog nooit in die geskiedenis nie. En… ander leiers wat ook ernstig op soek is na antwoorde en insig.

Een ding is duidelik. Die vaardigheid van geestelike leiers in hierdie oorgangstyd het meer te doen *HOE* hulle dinge doen (styl) en minder met die *WAT* (inhoud).

Die styl van die pastor is nie meer gepas in die oorgangstyd nie. Die pastor was die mees bekendste vorm van leierskap die afgelope twee honderd jaar. Dit was die dorps-dominee wat professioneel geword het. Hierdie leierskapvorm sal egter nie daarin slaag om geloofsgemeenskappe te lei deur die oorgangstyd in missio Dei nie

(Roxburgh, 2005:177). ŉ Nuwe styl van leierskap is nodig, wat Roxburgh noem ŉ apostoliese leierskap styl. Die apostel het ŉ duidelike roeping, missie, erns en rigting. Hulle lei God se mense in die missio Dei (Roxburgh, 2005:171):

"The apostolic function is to lead God's people into the missio Dei, the mission of God."

In die volgende hoofstuk beskryf ons missio Dei as die basis van die Bybelse sisteemstorie wat geestelike leiers moet ontdek en van waaruit hulle die kerk kan help om ŉ nuwe projek identiteit te ontwikkel. Missio Dei is die "nuwe bril" wat ons nodig het in die nuwe wêreld wat om ons aangebreek het. Of anders gestel, die bril wat ons moet herontdek wat ons verloor het in die Christendom waarin ons grootgeword en opgelei is.

# Hoofstuk 6

## 6. MISSIO DEI: BASIS VAN ŉ NUWE SISTEEMSTORIE

### 6.1 DOEL VAN HIERDIE HOOFSTUK

Hierdie hoofstuk beskryf missio Dei as die basis vir ŉ nuwe paradigma of sisteem-storie vir die bedieningspraktyk in die Ring van Parow. So ŉ paradigmaskuif is reeds deur Spies bepleit in sy 1990 studie, die Rings-beplanningskommissie het ook na ŉ paradigmaskuif verwys na hul retraites in 1997.

In hierdie hoofstuk word die rede vir die onvermoë van die Ring van Parow om die uitdagings van die verskuiwende demografie in hul konteks aan te pak meteens duidelik. Die paradigmaskuif wat Spies bepleit het, wat kan bydra om nuwe en alternatiewe bedieningsvorme in die NG kerk na vore te bring, word beskryf in die begrip missio Dei. Hoewel die geestelike leiers uitstekende ekklesiologiese insigte begin ontwikkel het, het hulle steeds vasgehou aan die ontwikkeling van een groot NG kerk in Parow. Die insigte van missio Dei denke was nooit behoorlik sigbaar in die nadenke van die Ring die afgelope twintig jaar nie.

Die hoofstuk is ŉ baie kort oorsig oor die ontwikkeling van missio Dei teologie en die impak daarvan op ekklesiologiese denke. Die hoofstuk probeer ook aantoon hoe missio Dei teologie ons help om ŉ nuwe en positiewe greep te kry op die veranderinge wat deur die storms van globalisasie, postmodernisme en post Christendom teweeg gebring word.

Missio Dei is ŉ nuut ontluikende teologiese paradigma wat besonder waardevol is vir die nuwe en veranderende tye wat die kerk beleef. Dit sal egter nie die ou bestaande Christendom paradigma oornag wegneem of verander nie. Daarvoor is paradigmas of denkskemas net te moeilik om te verander.

“In the natural sciences, for instances, the new paradigm usually replaces the old, definitely and irreversible. After the Newtonian revolution it is simply no longer possible to understand the universe in Copernican, let alone, Ptolemaean, categories. In theology, “old’ paradigms can live on” (Bosch, 1991:186).

### 6.2 ONVOLHOUBAARHEID VAN DIE CHRISTENDOM PARADIGMA

In die studie tot dusver het dit telkens geblyk dat die dramatiese veranderinge in ons leefwêreld die kerk tot in haar fondamente skud. Die een groot waarheid wat soos ŉ refrein deur kerkleiers reg deur die wêreld herhaal word is: Ons het ŉ nuwe kerkbegrip nodig. Die kerk het ŉ nuwe identiteit nodig. Die verstaansraamwerk van die kerk het êrens op ŉ dwaalspoor beland. Wat het gebeur?

Die aanstelling van die Christelike kerk as die staatskerk deur Konstantyn die Grote het die kerk se paradigma, selfverstaan en identiteit beslissend beïnvloed.

“most scholars agree that the central turning point in Western Christianity occurred when the Emperor Constantine adopted Christianity as the official religion of the Roman Empire” (Reinhold, 2004:2).

Die ervaring van staatskerk wees het die kerk se selfverstaan beslissend beïnvloed.

"The first is the established church where the church's self-understanding is that it serves as the primary location of God's presence and activity in the world. This conception of church came into existence in the fourth century with the establishment of Constantinian Christendom, and continues to this day within many catholic countries and in a variety of Protestant state churches" (Van Gelder, 2004:425).

Dit is die oorheersende paradigma en identiteit in die gemeentes van die Ring van Parow. Die kerk is die plek waar God teenwoordig en aktief is. Daarom verwag die kerk onnadenkend dat mense na die kerk toe moet kom. Daar is geen beweging vanuit die kerk na die gemeenskap na buite nie. Geen oor grense gaan nie. Ook die leiers werk vanuit die paradigma. Daarom was daar geen beweging na buite, die enigste aksie was die maak van planne om die strukture te verander. Daarom het die Parow Suid geleentheid so maklik verbygegaan.

Maar daar was tog ook deurentyd die bewussyn dat 'n paradigmaskuif gemaak moet word. Die onsekerheid was: Wat is die paradigmaskuif wat gemaak moet word? Hierdie studie voer aan dat die paradigmaskuif opgesluit is in betekenis van die begrip missio Dei.

## 6.3 AGTERGROND VAN DIE BEGRIP MISSIO DEI

Direk vertaal beteken missio Dei, die sending van God.

Sending het die afgelope ongeveer sewentig jaar 'n subtiele nuwe betekenis gekry. In vorige eeue is sending verstaan in soteriologiese terme, om siele te red uit die kloue van die hel. Of in kulturele terme, om die voordele van die Westerse beskawing te neem na die mense in die Ooste en die Suide (Bosch, 1991:389).

By die Brandenburg Sendingkonferensie in 1932 het Karl Barth een van die eerste teoloë geword wat sending beskryf het as 'n aktiwiteit van God self (Bosch, 1991:389).

Sy invloed was beslissend en het ook sterk deurgekom in die Sendingkonferensie by Tambaran in 1938 toe die volgende belydenis gemaak is (Bosch, 1991:390):

"through a creative act of God His kingdom will be consummated in the final establishment of a new heaven and a new earth, and we are convinced that only this eschatological attitude can prevent the Church from being secularised."

Bosch is van mening dat Barth erkenning moet kry vir die skep van die nuwe paradigma van missio Dei.

"Throughout, the Barthian influence was crucial. Indeed, Barth may be called the firstclear exponent of a new theological paradigm which broke radically with an Enlightenment approach to theology. His influence on missionary thinking reached a peak at the Willingen Conference of the IMC (1952). It was here that the idea (not the exact term) missio Dei first surfaced clearly. Mission was understood as being derived from the very nature of God. It was thus put in the context of the Trinity, not of ecclesiology or soteriology" (Bosch, 1991:390).

Die dogmatiese betekenis van missio Dei is dat God die Vader stuur Jesus, die Seun. Jesus, die Seun, stuur die Heilige Gees. Die verstaan het by Willingen ŉ "nuwe beweging" bygekry.

"The classical doctrine on the missio Dei as God the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another "movement": Father, Son and Holy Spirit sending the church into the world" (Bosch, 1991:390).

## 6.4 MISSIO DEI IS ŉ PARADIGMASKUIF

Vanuit ŉ missio Dei perspektief kry sending skielik ŉ ander betekenis. Sending is om te deel in God se werk. Sending is God se inisiatief. Nie die kerk s'n nie (Bosch, 1991:390).

Sending as deel in God se werk kan nie meer imperialisties verstaan word nie, maar sending bring nou ŉ konneksie met die geïnkarneerde en gekruisigde Christus na vore. So is die toesprake wat gelewer is by die Willingen konferensie ook gepubliseer met die titel: "Missions under the Cross" (Bosch, 1991:390).

Beide David Bosch en Jurgen Moltmann beskryf die missio Dei paradigma op treffende wyse.

"In the new image mission is not primarily an activity of the church, but an attribute of God. To participate in mission is to participate in the movement of God's love toward people, since God is a fountain of sending love"" (Bosch, 1991:390).

"It is not the church that has a mission of salvation to fulfil in the world; it is the mission of the Son and the Spirit through the Father that includes the church" (Moltmann, 1977:64).

Hierdie nuwe paradigmatiese verstaan van God en sending, missio Dei is deur feitlik alle Christelike kerke aanvaar. Ook die Rooms Katolieke kerk het die begrip opgeneem in geskrifte van die *Tweede Vatikaanse Konsilie* (1962-1965) (Bosch, 1991:391):

"After having stated that the church is missionary by its very nature, since "it has its origin in the mission of the Son and the Holy Spirit", the Council's *Decree on Mission* defines missionary activity as "nothing else", and nothing less, than the manifestation of God's plan, its epiphany and realization in the world and in history. Mission is here defined in Trinitarian, Christological, pneumatological, and ecclesiastical terms."

Stephen Neill beskryf die paradigmaskuif van missio Dei soos volg (Neill, 1966:572):

"The age of missions is at an end; the age of mission has begun."

Bosch sê ons kan nie sommer net aanvaar dat wat ons doen, is identies met wat God doen nie (Bosch, 1991:391):

"We cannot without ado claim that what we do is identical to the missio Dei; our missionary activities are only authentic insofar as they reflect participation in the mission of God."

Scherer skryf die paradigmaskuif van missio Dei beteken die kerk is verteenwoordigend van God, die kerk wys na God, vier God, getuig van Sy aankomende ryk en deel in die stryd tussen God se koninkryk en die magte van duister en kwaad (Scherer, 1987:84).

## 6.5 SKADUKANTE VAN MISSIO DEI AS PARADIGMASKUIF

Bosch wys ook daarop dat die begrip missio Dei skadukante het. Daar is teoloë wat dit op so ŉ manier gebruik wat beteken dat die kerk se werk byna oorbodig is. God is self werksaam in die wêreld (Bosch, 1991:391):

"The missio Dei is God's activity, which embraces both the church and the world, and in which the church may be privileged to participate."

Die Rooms Katolieke het ook wyer denke oor missio Dei en Bosch beskryf dit soos volg (Bosch, 1991:391):

"The history of the world is not only a history of evil, but also of love, a history in which the reign of God is being advanced through the work of the Spirit. Thus, in its missionary activity, the church encounters a humanity and a world in which God's salvation has already been operative secretly, through the Spirit. This may, by the grace of God, issue in a more humane world which, however, may never be seen as a purely human product – the real author of this is the Holy Spirit."

Die skadukant van missio Dei is duidelik. Die vraag kan ontstaan: Het die kerk regtig ŉ rol in missio Dei? Die skadukant van missio Dei is dat die kerk tevrede kan wees om met haar gevestigde identiteit voort te bly leef en nie transformeer om werksaam in te skakel by dit wat God doen nie. Die kerk kan passief bly wag dat die koninkryk van Christus kom, sonder om self die waardes van die koninkryk te begin uitleef. Die kerk kan voortgaan met selfbehoud, terwyl hulle die gestuurdes en geroepenes is om saam met God die teenwoordige koninkryk van God sigbaar te maak met hul versorging van die uitgestotenes, die armes, die randfigure, die kinders, die vroue.

## 6.6 MISSIO DEI AS BASIS VIR ŉ KOHERENTE BYBELSE SISTEEMSTORIE VIR DIE KERK

Die huidige sisteemstorie wat onnadenkend die grondslag vorm vir die bedieningspraktyk in die Ring van Parow word steeds gevoed vanuit die Christendom paradigma. Die Christendom sisteemstorie kom in praktyk daarop neer dat die herder kudde model van gemeente-wees mense se denke oor gemeentewees steeds heeltemal oorheers. Die kerk funksioneer soos ŉ klub met ledegeld, die dominee is ŉ betaalde amptenaar en die lede het die reg om aan te dring dat die kerk moet funksioneer soos hulle dit verkies. Die kerk versorg die gebou en mense moet die gemeente se programme ondersteun en bywoon. God is daar om die individu te help om gelukkig en suksesvol te wees. Die predikant is God se verteenwoordiger wat teen betaling die gemeente moet dien!

Dit is onvolhoubaar. Douglas Hall beskryf die metamorfose of verandering wat die kerk beleef in ons tyd soos volg (Van Gelder, 1999:68-69):

"The alteration in the ......shape of Christianity that is occurring in our historical period is a momentous one. It is not to be compared with other historical transitions through which the Christian religion has passed, such as the Great Schism between the East

na West (1053), or ... even the Reformation of the sixteenth century. There is only one previous transformation... that adequately matches, in reverse order, this metamorphis. This is the fourth-century transition of the Christian movement from the voluntary, minority, scattered, and often persecuted church ... to the imperial church of the roman Empire."

Missio Dei teologie het transformerende implikasies vir die bediening van die NG Kerk in Parow. 'n Nuwe era het aangebreek. Soos Patrick Keifert skryf (2006:30):

"In die nuwe era van kerkwees – van gestuurde-kerk-wees – sal gemeentes wat getrou en doeltreffend funksioneer, deel word van God se transformerende missie met die mensdom. Hulleself sal deur die missie verander word – geroep, versamel, gefokus op die Woord en die sakramente, en uitgestuur om deel te neem aan God se werk in die wêreld."

Die nuwe insigte rondom missio Dei het ook gelei tot die besef dat daar 'n verwording en verlies van die fundamentele Bybelse sisteemstorie in die gevestigde, institusionele kerke reg deur die wêreld is. Hierdie verwording en verlies rondom die Bybelse sisteemstorie het ook in die NG kerk in Suid Afrika en ook in Parow gebeur. Ons pluk die sistemiese vrugte daarvan. Ons was intens bewus daarvan reeds in die apartheidstyd en dit het in baie gemeentes tot erge konflik aanleiding gegee. Nou is dit onder die radarskerm, maar net so sterk werksaam as tevore. Die probleem is natuurlik dat dit uiters moeilik is om raak te sien, want die geestelike leiers is self gevorm deur die verworde sisteem-storie en tegelyk die mede-skeppers van daarvan.

Hierdie insig en waarheid is van wesensbelang en gaan die kerk nog vir baie lank aan bande lê. Roxburgh se ontleding van die verskille tussen liminale en ontluikende geestelike leiers met hul wantroue in die bestaande sisteem hou hiermee verband (Roxburgh, 2005:79). Dit is ook verduidelikend waarom geestelike leiers dit so moeilik vind om vernuwing in gemeentes te vestig as hulle self lank in die gemeente is. Indien die leier nie self sy eie veronderstellinge en sisteemstorie uitdaag nie, kan nie veel gebeur behalwe interessante programme nie. Hy/sy gaan onwetend en onnadenkend voort om daaruit te opereer.

**Leslie Newbegin**

Leslie Newbegin het in sy dertig jaar van sendingwerk in Indië besef dat die onderliggende sisteemstorie in die Weste deur die *Verligting* bepaal word en nie deur die Bybelse sisteemstorie nie.

"What he came to see was that the basic story assumed in much of modern Western culture is humanistic and has its roots in the European Enlightenment of the seventeenth and eighteenth centuries. The belief that human reason is the measure of all things and that "knowledge is power" permeated European society. People believed that through science and technology alone, and utterly apart from God, humankind could build a perfect world. Newbegin adamantly maintains that this comprehensive story is unhelpful and untrue. Because it has become the foundation for human life, it also is dangerous. It is a false story, in stark contradiction to the truth of the biblical story." (Bartholomew & Goheen, 2004:19)

**Wat is ŉ sisteemstorie?**

Wat is ŉ sisteemstorie? Dit is die mees basiese verklaring wat ons gee oor hoe dinge in die lewe werk. Dit is ŉ konstruk van waarhede en dinge wat ons glo wat ons help om besluite te neem. Dit is ŉ versameling van waardes, houdings en kennis van waaruit ons opereer, meestal totaal onbewus dat ons vanuit so ŉ sisteemstorie opereer.

" In order to understand our world, to make sense of our lives and to make our most important decisions about how we ought to be living, we depend upon some story. In fact, among some philosophers, theologians, and biblical scholars, there is growing recognition that a "story…is … the best way of talking about the way the world actually is" (Wright, 1992:40).

Daar is klein stories wat ons help om sekere areas van ons lewe te verklaar en ons te help met besluitneming, byvoorbeeld in die veld van ekonomie, sport of politiek is daar kleiner stories waaruit ons wysheid put en ons begelei. Ander stories is fundamenteel van waaruit ons onsself en die lewe verstaan.

"But there are also stories that are basic or foundational: they provide us with an understanding of our whole world and our own place within it. Such comprehensive stories give us the meaning of universal history. These have been called "grand narratives," "grand stories" or "metanarratives." Each of us (whether we are conscious of it or not) has one. To frame and give shape and meaning to our experience of life, all of us depend upon some particular story" (Bartholomew & Goheen, 2004:18).

Leslie Newbegin skryf dat ons behoefte het aan ŉ groot storie van waaruit ons kan leef (1989:15):

"The way we understand human life depends on what conception we have of the human story. What is the real story of which my life story is part?"

Die filosoof Alasdair MacIntyre stem hiermee saam, naamlik dat ons lewenskeuses gevorm word deur ons aannames oor hoe ons inpas by die groter konteks. Dit beteken ons lewenskeuses en besluite word bepaal deur die groter storie wat ek glo oor die lewe.

"I can only answer the question, "What am I to do?" if I can answer the prior question, "Of what story do I find myself a part?" (MacIntyre, 1981:216).

Die storie wat 'n persoon kies om vanuit sin te maak, bepaal sy keuses en het 'n groot invloed.

"Which story a person lives out of makes a huge difference in how one interprets events in life. The modern Western worldview is not the only such grand story available" (Bartholomew & Goheen, 2004:19).

**Kompeterende sisteemstories**

Daar is kompeterende sisteemstories is wat mense gebruik om sin te maak uit hul lewens. Die groot probleem is natuurlik dat ons onbewustelik vanuit 'n sisteemstorie

funksioneer. Verskille, konflik en gesprek ontstaan juis omdat ons vanuit verskillende sisteemstories funksioneer. Die genade is natuurlik ook dat ons 'n keuse het. Ons kan bewustelik kies uit watter storie ons wil leef.

"To be human means to embrace some basic story through which we understand our world and chart our course through it. This does not mean that individuals are necesarily conscious of the story they are living out or of the moulding effect that such a story has had on their thought and actions" (Bartholomew & Goheen, 2004:20).

Dit is baie belangrik om te verstaan dat dit moontlik is om sisteemstorie aan te hang en te vertel sonder dat jy self bewustelik daaruit leef. Dit is die kernprobleem waarom die Ring van Parow nie daarin kon slaag om die uitdaging van verskuiwende demografie in die periode van twintig jaar behoorlik op die tafel te sit en ook nie kon aanspreek in die praktyk nie.

**Christendom sisteemstorie**

Dit is die kernprobleem van die Christendom waarmee die kerk ernstig worstel. In die Christendom sisteem storie word daar nog vasgehou aan die verhale van die Bybel en van God, maar nie meer daaruit geleef nie. Ongemerk en onnadenkend, vanweë verskeie redes het daar 'n vermenging van sisteemstories plaasgevind. Die Bybelse sisteemstorie is aangevul met 'n Westerse rasionalisme en individualisme tot op die punt dat ons dit kan beskryf as 'n unieke sisteemstorie, naamlik die Christendom paradigma: **Dit is 'n kerk vol gelowige mense wat nie meer leef net vanuit die sentrale waarhede van die Bybel nie. Hulle leef ook vanuit 'n Westers-modernistiese lewens en wêreld beskouing wat die Bybel aanvul tot 'n Christendom sisteemstorie waarvolgens hulle hul lewe inrig en waarvolgens hulle besluite neem.**

Leslie Newbegin beskryf die brandpunt soos volg (1986:61):

- "The question is whether the faith that finds its focus in Jesus is the faith with which we seek to understand the whole of history, or whether we limit this faith to a private world of religion and hand over the public history of the world to their principles of explanation."

- Dit is wat die kerk nodig het, 'n nuwe gesuiwerde sisteemstorie en die keuse om radikaal, gelowig, net vanuit die sisteemstorie van die Bybel te leef.

"In other words, the Bible provides us with the basic story that we need in order to understand our world and to live in it as God's people. We know that it is one thing to confess the Bible to be the Word of God, but often quite another thing to know how to read the Bible in a way that lets it influence the whole of our lives. There can easily be a gap between what we say and how we live" (Bartholomew & Goheen, 2004:21).

- In die Christendom sisteem storie is die kerk 'n plek waarheen individue gaan om bedien te word en in hul persoonlike geestelike behoeftes bevredig te word.

Bybelse sisteemstorie

- Die basiese elemente van hierdie Bybelse sisteemstorie is volgens Bartholomew & Goheen die volgende (Bartholomew & Goheen, 2004:27):
- God skep Sy koninkryk: (Skepping)
- Rebellie teen die koninkryk. (Sondeval)
- God kies ’n volk: (Redding en seën word beloof)
- Die Koning kom: (Immanuel: Redding word waar / Koninkryk daag op)
- Die Nuus Versprei: (Sending van die kerk na die wêreld)
- Die Koning keer terug: (Verlossing word voltooi)

**Missio Dei**

Missio Dei in die Bybelse sisteemstorie beteken God is intensioneel besig met Sy ganse skepping en dit is ’n uitspelende drama waarin die kerk, maar ook alle mense deel.

God is werksaam en teenwoordig in die storms van verandering en ook in die verskuiwende demografie in Parow. God is reeds betrokke by die nuwe mense wat in die area intrek en ander tale praat en ’n ander kultuur beoefen. Deur uit te reik in liefde na hulle en hulle in gasvryheid te ontvang en ruimte te maak vir hulle is om aan te sluit by die Triniteit.

In die Bybelse sisteem storie met missio Dei as basis is die kerk ’n plek van waar God se mense gestuur word na die mense buite om ’n seën te wees vir hulle.

Hiervolgens is die Afrikaanse Christene in Parow se roeping om in gasvryheid en diensbaarheid plek te maak vir die nuwe mense wat in die stad ingetrek het, om nuwe netwerke met hulle te vorm, ’n nuwe diverse gemeenskap wat bou op die waardes van Jesus Christus wat alle grense deurbreek om Sy koninkryk se aankoms te vergestalt. Ons neem deel aan Sy bediening as ons bereid is om diversiteit te omhels en prakties veranderinge aan te bring in die aanbied van eredienste, musiek, gedrag wat ander, vreemde mense insluit en nie uitsluit nie. Solank ons voortgaan om aan te dring op die vervulling van eie behoeftes omdat ons betaal daarvoor en dit nog altyd so gedoen het, is die kerk net besig om te leef vanuit die Christendom paradigma, besig met haarself en nie betrokke by missio Dei nie.

Daarom help die insigte van missio Dei ons om weer die ware Bybelse sisteem-storie te ontdek en ernstig te neem. Wie dit doen, begin met nuwe oorgawe Gods-vrae vra: Waarmee is God besig? Hoe kan ek/ons inskakel by God se werk?

## 6.7 IMPLIKASIES VAN MISSIO DEI TEOLOGIE VIR EKKLESIO-LOGIE

Gemeente is gestuurdes:

Die klem op die sturende Triniteit beteken dat die kerk gevorm en gestuur word deur die Heilige Gees wat deur Jesus gestuur is en op Sy beurt deur die Vader gestuur is (Van Gelder, 2004:439).

Gemeente is in liefdevolle verhoudings:

Die verstaan van die sosiale verhouding tussen die drie Persone in die Triniteit, Vader, Seun en Heilige Gees lê klem op die mens wat imago Dei geskape is en in liefdevolle verhoudings met mekaar saamleef (Van Gelder, 2004:440).

Koninkryk-dinge gebeur in die gemeente

Die koninkryk van Jesus is in ons midde wat beteken die kerk moet die koninkryk laat aanbreek in die oorwinning van kwaad, die verkondiging van die evangelie aan die armes, genesing van die siekes, die maak van dissipels, die wees van sout van die aarde en die lig vir die wêreld (Van Gelder, 2004:443).

"The kingdom of God, the redemptive reign of God in Christ, gives birth to the missional church through the work of the Spirit. Its nature, ministry, and organization are formed by the reality, power, and intent of the kingdom of God. In this approach, ecclesiology, our understanding of the church, comes to expression and identity in relationship to God's mission in the world. Congregations are created by the Spirit and their existence is for the purpose of engaging the world in bringing God's redemptive work in Christ to bear on every dimension of life" (Van Gelder, 2004:446).

Bill Reinhold wys op die belangrikheid van *Handelinge* om die missionale kerk te verstaan (Reinhold, 2004:4):

"Today, scholars are discovering compelling parralels with our time both in the culture being addressed by the Gospel and in the way the Holy Spirit led the church (often kicking and screaming) into new understandings of the reconciling work of Jesus Christ."

Reinhold beskryf die karakter van die missionale kerk soos volg (Reinhold, 2004:5):

Die individuele lidmate van die gemeente sal

Bewus wees dat hulle agente van God se missie in die wêreld is. Dit gebeur deur hul doop.

Weet dat hul deelname aan die herinneringsmaal van Jesus Christus hul ŉ gemeenskap maak waar pyn en verdeling oorbrug word en hulle sal versoenend as ŉ familie leef.

Bewus wees dat hulle nie vir God na die wêreld neem nie, maar Hom daar ontmoet.

Sal meer besorg wees oor diegene wat nie in die kerk is as wat hulle begaan is oor hulle wat reeds daar is.

Die missionale gemeente sal

- ŉ Plek wees waar gebed en aanbidding korporatief en individueel plaasvind as voorbereiding vir die bediening.

- Lidmate toerus vir hul bediening op die plekke waar hul leef, werk en speel.
- Sal ware gasvryheid uitleef wat die versoening van Jesus demonstreer.
- Sal in geloofsonderskeiding in gebed die leiding van die Heilige Gees afwag, selfs al neem dit langer.

## 6.8 LIMINALITEIT: VRA VAN GODSVRAE IS VERTREKPUNT VIR AANSLUITING BY MISSIO DEI

Om te leef vanuit ŉ gesuiwerde Bybelse sisteemstorie is moeilik. Die proses van aansluiting by God se werk is nie maklik nie. Die vertrekpunt is die geloof dat God reeds werksaam is in die omgewing van die gemeente en dat die gemeente by Sy werk moet aansluit. Daarom is die vra van Godsvrae die gelowige vertrekpunt dat die Bybelse sisteemstorie nie rasioneel gereduseer moet word nie, of verwater moet word met byvoegings nie, maar gelowig aanvaar moet word. As dit gebeur begin gelowiges met baie groot erns vra:

Waarmee is God besig in wêreld, ons gemeenskap, ons gemeente?

Hoe kan ons aansluit by Sy werk?

Die vra van Godsvrae bring ons by die ontluikende leierskapvaardigheid van geloofsonderskeiding. Ek beskryf die implikasies van missio Dei teologie en die vra van Godsvrae vir geestelike leiers in die volgende hoofstuk. Dit gaan oor die geestelike leiers se vaardigheid om in die gemeente-praktyk geloofsonderskeiding te beoefen in die gemeenskap van gelowiges.

## 6.9 OPSOMMENDE OPMERKINGS

Sentrale navorsingsvraag

Die Ring van Parow kon nie daarin slaag om die uitdagings van die verskuiwende demografie in hul konteks te hanteer nie, want die sisteemstorie waaruit hulle gedink, gewerk en besluite geneem het, was die van ŉ institusie wat onderhou moet word. Hulle denke was gedryf deur die behoefte aan die beskerming en instandhouding van die gevestigde identiteit van die NG kerk instituut.

Mens sou ook kon sê dat Christendom denke die onderbou vorm van die sisteemstorie waaruit hulle beplan en gedink het. Die onderliggende sisteemstorie van institusionele Christendom is dat God NG kerkleiers roep om die NG kerk se lidmate te bedien.

Wie missio Dei denke verstaan en die paradigmaskuif wat dit inhou, kan nie langer so dink nie. God is teenwoordig en aan die werk in Parow en by die mense wat nuut daar aankom. Die Christene wat reeds daar gevestig is, die NG kerk se wit Afrikaners se diepste identiteit, kan nie gevestig wees in Afrikanerwees of NG kerkwees nie, maar hul identiteit moet wees om in aansluiting by Vader, Seun en Heilige Gees uit te reik na die mense by wie se lewe en lot God betrokke is, hulle moet fokus op die sake wat God se skepping skend. Dit is wat die geestelike leiers die gemeentes wie hulle bedien moet leer. Dit is die uitdaging. Nie die instandhouding van die NG kerk instituut nie.

Die skuif van institusionele kerk na missionale kerk sal gebeur in dieselfde mate dat die ou Christendom sisteem storie met sy herder-kudde denke van die kerk in Parow afgebreek word. Dit is nog steeds die bepalende, onderliggende selfverstaan van individuele gelowiges, sowel as ʼn korporatiewe selfverstaan wat onbewustelik kontraktueel die hermeneutiese raamwerk vorm waaruit geleef en besluit word. Dit moet vervang word met ʼn ongereduseerde Bybelse sisteemstorie of verstaansraamwerk oor wie die kerk is, oor wie God is, en oor wat moet gebeur in en deur die gemeente.

Die sisteemstorie bepaal hoe die organisasie werk en bepaal die agenda van die gemeente. Geestelike leiers weet al uit ervaring hulle kan die strukture van die gemeente verander, maar as die ou sisteemstorie in plek bly, verander die gemeente nie, al lyk die strukture ook hoe indrukwekkend.

Vir ware diepgaande verandering moet leiers dus die sisteemstorie verander, die paradigma, die onbewuste, outomatiese denke oor hoe kerkwees werk.

Missio Dei help ons om met nuwe toewyding weer vanuit die ongereduseerde Bybelse sisteemstorie of paradigma te begin leef en werk. Missio Dei teologie beskryf God as teenwoordig en werksaam in die wêreld. Ons moet net by Hom aansluit. Hy het die kerk geroep, versamel en gestuur om saam met Hom te werk.

In die afbreek van die Christendom paradigma en die ontwikkeling van die ongereduseerde Bybelse sisteemstorie sal die volgende die sake op die agenda van die kerk in Parow moet wees:

Verstaan en verkondig die ekklesiologiese implikasies van missio Dei teologie.

Ontwikkel die praktyk van gestuurdheid en oor grense gaan in Parow.

Ontwikkel ʼn spiritualiteit wat rekening hou met teenwoordigheid van Triniteit in die daaglikse, gewone lewe van gelowiges.

Ontwikkel ʼn ongereduseerde Bybelse sisteemstorie en begin besluite neem daaruit.

Maak ʼn diep persoonlike geloofsverbintenis aan Christus en Sy missie in die wêreld.

Ontwikkel die vaardigheid van geloofsonderskeiding in alle areas van die bediening.

Die groot uitdaging is steeds dit wat ons reeds in hoofstuk 5 uitgelig het oor die rol van geestelike leierskap in transformasie prosesse: Om te weet wat jy moet doen, beteken nog nie jy dit kan doen nie.

Daar is ʼn tweede paradigmaskuif behalwe die teologiese paradigmaskuif van missio Dei nodig, naamlik ʼn leierskapvaardigheid wat geestelike leiers moet ontwikkel.

In die volgende hoofstuk beskryf ek ʼn nuut ontluikende leierskapvaardigheid wat geestelike leiers moet bemeester ten einde uit die klem van modernisme en Christendom te ontkom en om geloofsgemeenskappe te help begelei in transformasie. Dit is die vaardigheid van geloofsonderskeiding. ʼn Vaardigheid wat staan teenoor rasionele, strategiese beplanning, maar dit nie uitsluit nie.

# Hoofstuk 7

## 7. GELOOFSONDERSKEIDING AS ROETE TOT TRANSFORMASIE EN DEELNAME AAN MISSIO DEI

## 7.1 DOEL VAN HIERDIE HOOFSTUK

Hierdie hoofstuk beskryf geloofsonderskeiding as die roete na antwoorde oor die problematiek van die Ring van Parow wat saam met die res van die kerk in die wêreld vasgevang is in die storms van verandering.

Sentrale navorsingsvraag

Die Ring van Parow sal eers begin om die problematiek van verskuiwende demografie in hul konteks aan te spreek as hul die Godsvraag begin vra: “Wat moet ons doen met die vreemde mense wat rondom ons bly?” Die stel van die vraag en die soeke na antwoorde in dialoog met God, mekaar en die nuwe mense sal die NG kerk in Parow transformeer. Dit sal hul ook dadelik bring by die nuut ontluikende vaardigheid[11] van geloofsonderskeiding.

Hierdie hoofstuk sal aantoon dat geloofsonderskeiding die enigste wyse is waarop die geloofsgemeenskap in beweging gebring kan word om te begin skuif vanuit die misplaaste herder-kudde identiteit (gevestigde identiteit) wat opereer uit die misplaaste sisteemstorie of paradigma van Christendom. Geloofsonderskeiding is ook die enigste geloofsdissipline en vaardigheid wat ons kan help om in pas te kom met missio Dei in die wêreld en om met Triniteit te begin dans[12] deur die identiteit van gestuurdes te omhels. Elizabeth Liebert, Rooms Katolieke teoloog, beskryf die belangrikheid van geloofsonderskeiding soos volg (Liebert, 2008:ix):

“How are we to live our lives thoughtfully and faithfully in the midst of all the forces, options, and decisions that characterize modern life? Discernment, the Christian practice of seeking God’s call in the midst of the decisions that mark one’s life, may very well be the single most important Christian spiritual practice for dealing with this contemporary dilemma.”

Hierdie hoofstuk beskryf vier elemente van geloofsonderskeiding en toon ten slotte aan hoe die behoefte aan ’n gemeente en bedieningspraktyk van geloofsonder-

---

[11] Ek noem dit ‘n “nuut ontluikende vaardigheid” slegs omdat die NG kerk nie ‘n publieke tradisie het van geloofsonderskeiding nie. Dit is wel ‘n integrale deel van die Christelike geloofslewe wat nou herontdek word. Die meeste predikante en ander geestelike leiers het die woord “geloofsonderskeiding” nog nie gehoor nie, en het nie ‘n duidelike prentjie wat dit behels nie. Dit is die resultaat van beide die Christendom paradigma en ons Westerse sisteemdenke.

[12] Ek gebruik die begrip “dans met Triniteit” om twee redes. Dit verwys na ou die Griekse kerkvaders wat “perichoresis” (Griekse woord vir dans) gebruik het as metafoor vir Triniteit. Eugene Petersen en Karl Barth gebruik ook die woord om Triniteit te beskryf. Dit verwys na die Vader, Seun en Gees wat so intiem verweef is dat dit voorgestel kan word as drie persone wat dans (Petersen, 2008:44). Die tweede rede is persoonlik. My seun Frans wie ons verloor het op twaalfjarige ouderdom aan ‘n breintumor, het in ‘n toestand van beswyming vir my vrou gevra: “Mamma, dans ek? Dit voel vir my ek dans met die Son.”

skeiding ook nuwe leierskapsvaardighede vra. Die behoefte is geestelike leiers wat eerstens persoonlik vaardig is met geloofsonderskeiding en tweedens ook die vaardigheid ontwikkel het om geloofsgemeenskappe te begelei in ŉ praktyk van geloofsonderskeiding. Dit is die enigste manier om God se mense in te lei in die lewe saam met God, en in pas te bring met missio Dei. Dit sal die broodnodige transformasie kan bring.

Omdat geloofsonderskeiding so ŉ uiters belangrike en nuut ontluikende leierskapsvaardigheid is, sal ek die vaardigheid van geloofsonderskeiding in die volgende hoofstuk fenomenologies nader omskryf aan die hand van Otto Scharmer se ontleding van *presencing* as ontluikende leierskapsvaardigheid.

## 7.2 GELOOFSONDERSKEIDING EN MISSIO DEI

Die kerk is deel van God se teenwoordige en voortgaande missie na die wêreld, nie die einddoel van Sy missie nie. Die kerk kan deel in God se beweging na die wêreld, die missio Dei en in die beweging getransformeer word, of die kerk kan verstar in ’n institusionele, selfonderhoudende, sterwende sosiale organisasie.

Die kerk is ’n ware menslike, sosiale organisasie, en tog ook die misterieuse liggaam van Christus, deur die Heilige Gees ingelyf in die lewe van die Trinitariese God. Die kerk is in haar wese ’n dualiteit tussen menslikheid en goddelikheid wat diskrepansie en spanning sal beleef. Dit is die gevolg van die dualiteit tussen haar menslike organisasie-wees en goddelike roeping. Die kerk behoort bepaal, gevorm, omvorm en gedefinieer te word deur die openbaring van die Trinitariese God wat in Sy wese verhoudings is. Die kerk moet dit weerspieël. Die spanning tussen ware menslike sosiale organisasie en die misterieuse liggaam van Christus kan alleen opgelos word word deur die beoefening van die geestelike dissipline van geloofsonderskeiding in *communitas.*

Die praktyk en dissipline van geloofsonderskeiding help die gemeente om in pas te kom met missio Dei, met die Trinitariese God wat reeds die gemeente vooruit is in Sy werksaamheid in die wêreld. Dit kan die sosiale organisasie, die kerk help om te word wat dit is in Christus. Geloofsonderskeiding is nie ’n metode nie, nog minder ’n nuwe bedieningsmodel. Dit is die praktiese identiteit van kerkwees.

“The Christian tradition has long recognized the importance of decision making. Because our identity is formed in part through our decisions, the making of decisions is actually a privileged moment for growing in discipleship. Through our choices, we can become the person God is calling us to be” (Liebert, 2008:7).

Die kerk is ’n sosiale organisasie van mense wat verbind is aan God die Vader se eerste missie, naamlik die versamel van mense, die nageslag van Abraham wat die wêreld moet seën, en verbind is aan Jesus Christus se missie wat verlossing en ook die teenwoordigheid van Sy koninkryk aankondig, maar die kerk is ook verbind aan die missie van die Heilige Gees om alles te onthou en te doen wat Jesus Christus geleer het.

“Discernment, then is the process of intentionally becoming aware of how God is present, active and calling us as individuals and communities so that we can respond with increasingly greater faithfullness” (Liebert, 2008:8).

Die kerk se bestaan word gedefinieer as 'n geloofsonderskeidende bestaan. Waarom?

“Entering into discernment, then, means becoming increasingly able to notice where God is at work in the world and in one’s own life, increasingly desirous of choosing the ‘more,’ and, God willing, increasingly generous with one’s own life in response” (Liebert, 2008:x).

Die behoefte aan geloofsonderskeiding as vaardigheid in veral die Protestantse hoofstroom kerke is duidelik. In die modernisme is Godskennis beskou as rasionele, wetenskaplike kennis wat met die toepassing van korrekte eksegetiese beginsels bekom kan word. Die Christendom paradigma het ontwikkel uit hierdie rasionele verhouding met God.

Elizabeth Liebert beskryf die Protestantse hoofstroomkerke se houding teenoor geloofsonderskeiding treffend in die volgende woorde (2008:X):

“When I first offered a church retreat on discernment to a mainline church more that fifteen years ago, one parishioner asked, ‘What is discernment? Is it New Age?’ That this question surfaced in this well-educated congregation indicates how invisible this ancient Christian practice remains, especially among Protestants.”

In die postmodernisme is verhoudings, emosie en intuïsie saam met rasionele kennis in die spel. God is die grond van alle bestaan, deur Wie en tot Wie alles bestaan. Om Hom te hoor en in pas te kom met dit waarmee Hy besig is, vra meer as net die “wetenskaplike,” teologiese kennis wat teoloë by kweekskole geleer word. Alle gelowiges is deel van die proses om God te hoor en te gehoorsaam. God word ontdek, nie net gepreek nie of van vertel nie. Die prosesgebeure van luister na en wag op God is net so belangrik as die eindresultaat van rasionele kennis.

“...Unless we experience it for ourselves, we will miss the opportunity for spiritual depth that discernment can bring to our ever more complex and fast paced lives” (Liebert, 2008:x).

## 7.3 GELOOFSONDERSKEIDING AS ONTLUIKENDE VAARDIGHEID

Die bedoeling van die studie is hoogstens om die noodsaak van geloofsonderskeiding aan te dui as die wyse waarop die geloofsgemeenskappe van Parow in pas kan kom met missio Dei om so hul ware Bybelse identiteit te ontdek. Dit is myns insiens 'n ontluikende leierskap en kommunale vaardigheid in die omstandighede waarin die kerk haarself bevind. Dit staan teenoor die leierskapsvaardigheid van beheer en kontroleer, beplan en bestuur en teenoor 'n ekklesiologiese praktyk van instandhouding en selfbewaring.

Ter wille van die erkenning van die kompleksiteit van geloofsonderskeiding noem ek net vyf temas rondom geloofsonderskeiding wat in verdere studies ontwikkel behoort te word en nie te sprake kom in hierdie studie nie (Boelhower, 2010:3).

Die belangrikheid van luister na 'n diversiteit van stemme, veral die stemme van die gemarginaliseerdes en ontneemdes.

Die integrasie van die hele persoon, liggaam, verstand, gees en siel in die luister proses.
Verbintenis daaraan dat die waarheid kom vanuit die praxis van algemene menslike ervaring en lewe.
Waardering vir die interafhanklikheid van alle lewe.
Die besef van die noodsaak van beide bewaring en transformasie.

## 7.4 WAT IS GELOOFSONDERSKEIDING?

Geloofsonderskeiding is tegelyk ŉ diep geestelike en ook ŉ uitdagend verstandelike voortgaande proses waardeur geestelike leiers en gemeentes vra na die wil van God vir hul persoonlike lewens sowel as vir die bediening van die gemeente.

Gary Boelhower definieer geloofsonderskeiding soos volg in ŉ voorlesing by ŉ konferensie oor *"Subject, Self, and Soul: Transdisciplinary Approaches to Personhood,"* in Madrid, Spanje (Julie 13-17, 2008), (Boelhower, 2010:4):

"What is discernment? On the individual or personal level, discernment refers to how a person judges among competing possibilities or ways of thinking and acting. On the communal level, discernment refers to how a group weighs options, searches for truth and makes decisions together. In spiritual language, discernment is attempting to hear the creative, transformative call of God luring us into the best possible future. Discernment connotes a way of attempting to know and follow God's will through a discipline that involves deep listening and prayerful consideration to each other and to God."

Geloofonderskeiding behels die gelowige beweeg in spasies van wag en luister na die Triniteit, soekend en versugtend om aangeraak te word deur Hom, bewus te wees van Hom, en so helderheid te kry oor wat **gedoen** moet word in die persoonlike en korporatiewe daaglikse lewe wat in pas sal wees met die missie van God waarmee Hy alreeds besig is in die wêreld, missio Dei.

Ek onderskei vier elemente van geloofsonderskeiding wat aansluit by die vier take van die geestelike leier wat veranderingsprosesse moet hanteer, naamlik:

- Geloofsonderskeiding is korporatiewe liminaliteit.
- Geloofsonderskeiding vind plaas in *communitas*.
- Geloofsonderskeiding herontdek Bybelse roeping en identiteit.
- Geloofsonderskeiding bou ŉ luisterende gemeentepraktyk.

## 7.5 GELOOFSONDERSKEIDING IS KORPORATIEWE LIMINALITEIT

Geloofsonderskeiding is die gelowige beweeg in ŉ spasie van luister, ŉ soeke en versugting om deel te wees van die beweging van God, aangeraak deur Hom, bewus van Hom, meegevoer deur Hom. Dit word gemotiveer vanuit die geestelike behoefte om te deel in missio Dei, om Sy teenwoordigheid te beleef en deur Hom in beweging gebring te word, om te dans met Triniteit.

Geestelike leiers moet voortdurend die gemeente lei in ŉ dieper bewussyn van die misterie van ŉ lewe in verhouding met die Vader, Jesus en die Heilige Gees. Die misterie van Triniteit kan nie net met rasionaliteit of net met mistiek in stand gehou

word nie, maar ŉ gesonde balans moet gehandhaaf word tussen die twee pole. Die leier se persoonlike integrasie tussen rede en mistiek, sy/haar verstaan en belewing van God se teenwoordigheid is van deurslaggewende belang om die gemeente te help om ŉ gesonde ervaring te hê van lewe in die Triniteit. Voortdurend moet die geloofsgemeenskap bewus gemaak word van ŉ liminale lewe in die teenwoordigheid van God. Liminale lewe beteken ŉ bewussyn en geloof in God se teenwoordigheid, ŉ bewussyn van Sy greep op ons lewe, ŉ soeke na Sy wil en ŉ bereidheid om te doen wat Hy vra, om in te skakel by Sy wil vir die wêreld.

"Limininality is not a permanent condition. When the window of liminality is open, it is a potential threshold within which the imagination and creativity of God's people might call forth something genuinely new" (Roxburgh, 2005:109).

Geloofsonderskeiding is ŉ integrale deel van ŉ persoonlike en korporatiewe spiritualiteit.

"By the phrase, 'discerning person,' I mean a person who seeks, in all that he or she does, that which better responds to God's call in the moment. A discerning person begins to desire what God desires more than any other created reality" (Liebert, 2008:x).

Die kwaliteit van ons korporatiewe en individuele geloofsdissiplines en die kwaliteit van die be-oefening van geloofsonderskeiding vorm en bepaal ons verhoudings met God en mekaar, dit vorm ons karakter en lewensingesteldheid en ook ons kultuur wat uniek en eie is aan Christenwees. Geloofsonderskeiding is uniek aan gelowige mense wat eksistensieël kies om sinmakend te leef vanuit die verhale van die Bybel en die openbaring van God.

Dit is soos om na ŉ dans genooi te word, ŉ geleentheid. Wie dit aanvaar kan deur die praktyk van geloofsonderskeiding al luisterend ontdek wat die pad is wat ons moet loop, die pad van mense wat geroep is deur die Trinitariese God wat beslissend in die wêreld ingebreek het met die koms van Jesus Christus en die uitstorting van die Heilige Gees. Geloofsonderskeidend kan ons leer ons dat ons deur God gegryp en gestuur is om te leef binne ŉ wêreld waar God reeds werksaam is en waarin Hy ons gebruik. Die geloofsonderskeidende proses sal ons transformeer as ons onsself daarin werp en daardeur meegevoer word. Natuurlik kan mens ook net intellektuele lippetaal bewys aan die proses van geloofsonderskeiding en dit meganies hanteer. Dit kan vergelyk word met die opdaag by die dans, maar uit vrees en selfbewustheid sit jy heelaand op die stoel langs die muur, verlangend en kyk na dansers op die vloer terwyl jyself nie deelneem aan die dans nie. Om nie net langs die muur te sit nie, maar in beweging gebring te word deur die musiek van missio Dei, moet ernstige vrae gevra word. Godsvrae.

### 7.5.1 Godsvrae is die vertrekpunt

Die missionale denke oor die Trinitariese God het die wins gebring dat gelowiges oor God begin dink as teenwoordig en besig in die wêreld. In ons leefwêreld in Parow, vir altyd verander deur die golwe van globalisasie met sy spesifieke effek in Parow van verouderende wit Afrikaans-sprekende lidmate, sal ons luisterend, biddend en gelowig Godsvrae moet begin vra soos:

- Waarmee is God besig in die wêreld?

- Hoe kan ons inskakel by God se werk?
- Waarheen stuur Jesus ons?
- Hoe kan ons aansluit by dit wat God reeds doen in Parow?

Die vrae open ons oë om nuut te kyk na die wêreld en na gewone gebeure om te soek en te onderskei waar God alreeds besig is (Marais, 2007:24). Leiers wat missionaal oor God begin dink, vanuit missio Dei sit die proses van vernuwing en verdieping en identiteits-soeke aan die gang, deur vanuit die liminale posisie Godsvrae te vra. Die vra van Godsvrae is die begin van ŉ luisterende proses en ŉ nuwe erns maak met God (Marais, 2007:24). Die formulering van Godsvrae help individue en gemeentes om in liminaliteit in te gaan en om erns te begin maak om te luister na die teenwoordige God. Dit is uiters moeilik! En die rede is eenvoudig! Die krag van ons verwording in Christendom met sy geloof in rasionaliteit en intellektuele kennis en die suigkrag van die versoeking om vanuit die verlede te leer en te leef moet nie ŉ oomblik onderskat word nie. Wie in liminaliteit wil ingaan met ŉ ou gevestigde geloofsgemeenskap (teenoor ŉ nuutgevormde geloofsgemeenskap wat nie ou gevestigde denkpatrone of kultuur het nie), moet weet dat hy of sy die grootste uitdaging van sy of haar lewe aanpak. Dit is deel van die innerlike transformasie proses wat in geestelike leiers moet plaasvind om vaardig te raak met geloofsonderskeiding. Die geestelike leier se persoonlike integriteit en menswees is in die proses op die spel soos wat in die volgende hoofstuk aangedui sal word.

Wie vrae oor God begin vra in liminaliteit en in geloof dat God sal antwoord, word in die proses verander. Hy en die gemeenskap begin anders oor God begin dink, begin anders dink oor die kerkwees, oor God se mense, oor die verhouding tussen Triniteit en kerk en oor die wêreld as Triniteit se werkplek.

Die vra van Godsvrae gaan teen die grein van ons modernistiese, rasionele teologiese opleiding en ons praktiese ekklesiologiese ervaring. Enigeen wat ervaring het van die praktyk van kerkvergaderings weet dat om te verander van sake-vergaderings na geloofsonderskeidende vergaderings nie ŉ maklike saak is nie. Een van die redes hiervoor is ons geloof in ons kennis en rasionele vermoëns. Om Godsvrae te vra en te wag op antwoorde wat na vore moet kom op God se tyd is ŉ diepgaande kultuurskuif. Ons is bang vir leë spasies. Godsvrae skep sulke leë spasies. Dit is ŉ ernstige geloofstoets. Sê nou God daag nie op nie? Waarom het God ons ŉ verstand gegee?

"Henry Nouwen once remarked, recalling the well-known aphorism, 'Nature abhors a vacuum,' that one of the things preventing Christians from moving ahead in their spiritual lives is a fear of empty space" (Liebert, 2008:ix).

Die proses en praktyk van Godsvrae vra en luister en wag op die antwoord van God vra nuwe gemeentepraktyke en geloofsgewoontes. Dit is die grondslag vir ŉ verdiepte individuele en korporatiewe spiritualiteit en gemeentepraktyke. Gemeenteleiers is dikwels bang of skugter om "God-vrae" te vra omdat dit ons sisteemstorie van rasionaliteit en kennis bedreig. Elizabeth Liebert bemoedig met haar woorde (2008:xxi):

"Finally, rest assured that the most important activity….is simply to hunger for God's life to come more fully - in you, in others, in the world. All the rest is God's job. And God is faithful, beyond our ability to ask or imagine."

## 7.6 GELOOFSONDERSKEIDING IS ’n COMMUNITAS GEBEURE

Geloofsonderskeiding vind plaas in geloofsgemeenskappe wat mekaar liefhet en mekaar vertrou. Anthony Robinson beskryf geloofsonderskeiding in die gemeenskap soos volg (2003:94):

“Rather, we seek together to discern what Christ would have us to do. We listen to one another because we are listening for the voice of the Spirit, and you never know whom the Spirit will choose to speak through. We wait upon the Spirit, as the people of Pentecost, the Spirit that alone is able to fashion understanding and unity out of diversity.”

Persoonlike integriteit loop hand aan hand met verhoudings met integriteit. Die teen-pool van verhoudings met integriteit is politiekery en magspele met intellektuele, teologiese argumente en agterdogmakende groepvorming. Die tipies menslike gedrag maak diep luister na God en mekaar baie moeilik, indien nie onmoontlik maak. Om wagtend te luister en te soek na God se wil, vra dat verhoudinge onder die groep gemeenteleiers wat geloofsonderskeidend wil vergader om die gemeente te lei, met onkreukbare integriteit en eerlikheid ontwikkel moet word. Hulle moet in hul onderlinge verhoudinge so eg en met liefde na mekaar luister dat hulle God se stem kan begin hoor en onderskei.

“Communitas… is a new kind of commons, an open space where we might discover and learn from one another in powerfully innovative ways” (Roxburgh, 2005:109):

## 7.7 DIT VORM IDENTITEIT

Manuel Castells het aangetoon dat globalisasie die behoefte aan identiteit die mees belangrike saak op die agenda van mense gemaak het. Geloofsonderskeiding as gesamentlike luister na God, is die manier waarop die geloofsgemeenskap saam hul nuut aanbrekende identiteit kan ontdek en daaruit begin leef. Die inbeweeg in ’n nuut aanbrekende identiteit, wat vloei uit die intieme verbintenis met Triniteit deur geloofsonderskeiding en vrae oor missio Dei en die tentatiewe, risiko-nemende leef daaruit, is tegelyk transformerend en asemrowend. Dit verander persoonlike lewens en het die krag om gemeenskappe te verander. Dit is vergelykbaar met die ervaring van Moses en die volk met hul uittog uit Egipte.

“When Moses encountered God in the burning bush, his entire world of safety, control, and identity shattered. He had accommodated himself to a world that was never meant to be his destiny. He had to face the greatest fear of his life – to return to Egypt and demand of the powerfull empire that God’s people be set free. That empire could no longer own the people of God – it was time for change” (Roxburgh, 2005:111).

Die belangrikheid van die soeke na nuwe identiteit word treffend deur Ben en Rosamund Zander beskryf in hul boek: *The Art of Possiblity* (2000:3):

“Revolutionary shifts in the operational structures of our world seem to call for new definitions of who we are and what we are here for. Our customary mindset about who we are may even undermine our ability to have a say in the way things go from here. So this is a book with suggestions for novel ways of defining ourselves, other, and the world we live in – ways that may be more apt for the challenges or our time.

Art, after all, is about rearranging us, creating surprising juxtapositions, emotional openings, startling presences, flight paths to the eternal."

Implikasies vir Parow identiteit

In Parow was en is die praktiserende identiteit van die NG kerk sonder twyfel oorwegend die Christendom paradigma. Daarmee word natuurlik nie bedoel dat mense nie kinders van God is nie, dit beteken net dat ons mense is wat vanuit verskillende identiteite leef. Ons leef onnadenkend en trots vanuit ons identiteit as wit Afrikaners, gereformeerd en Afrikaans, en Westers rasioneel. Dit is egter ook die oorheersende identiteit wat sterker funksioneer as ons identiteit met Triniteit, met missio Dei. Die kultuur is so diep dat dit slegs vir diegene wat buite staan en probeer inkom, sigbaar is. Ons is self onbewus van ons eie diskrepansies. Ons onvermoë om oor die grense van kultuur, ras, taal, liturgie, vorme en strukture te gaan terwyl ons bely dit moet gebeur, verraai ons diepste identiteit. Ons is eers Afrikaners, eers rasioneel, dan gelowige volgelinge van Jesus.

Sentrale navorsingsvraag

Die sentrale navorsingsvraag oor waarom die Ring van Parow nie in twintig jaar daarin kon slaag om die uitdaging van demografiese veranderinge in hul konteks suksesvol aan te pak nie, word hiermee duidelik. Alleen geloofsonderskeidende geloofsdissiplines en praktyke, die vra van Godsvrae en gehoorsame doen (al is dit tentatief) sal ons bring by innerlike oorgange en persoonlike transformasie wat nodig is vir die identiteitskuif vanaf ŉ gevestigde na ŉ projek identiteit.

## 7.8 GELOOFSONDERSKEIDING HERONTDEK DIE BYBELSE ROEPING EN SISTEEMSTORIE

Wanneer Moses, geskok oor die opdrag van God om na Egipte terug te gaan en aan te dring op die vrymaak van die volk Israel, vra na God se naam, kry hy die volgende antwoord: *"Ek is Wie Ek is."* Alan Roxburgh skryf soos volg oor God se antwoord (2005:111-112):

"There were two sides to this naming of God. One was the covenantal promise of God that even in the most difficult and threatening of places, God's presence could be counted on. The other suggests God will never be present as we anticipate or wish. When obeying God, the future cannot be the future of our own making and control. The way forward will never be an extension of our needs, positions, or roles. The future is God's future and so God will be there as God will be there. Communitas is where leaders no longer hold onto their roles, identities, and needs to control, but dare to be formed into a journeying people by *I shall there as I shall be there*."

Aardse wysheid

Die taak van elke gelowige en die gemeenteleiers is om sin te maak van hul geloof, om geloof met begrip te beoefen. Geloof in God is vir die lewe, nie die hiernamaals nie. God stuur ons in die lewe in, nie om onsinnighede te verkondig en uit te leef nie, maar diep aardse wysheid te beoefen. Jesus se hele lewe was gebaseer op aardse wysheid. Juis dit het Hom in konflik gebring met ŉ wysheid wat gebaseer was op ŉ lewe wat verhewe was bo die gewone mundane aardse bestaan.

“Salvation is the game that brings everything that happens, including everything that happens to each one of us, onto the playing field of history and into the play of Christ. This is a game in which there are no spectators – we are all in it, the meaning and outcome of our lives is at stake. The results are eternal” (Petersen, 2005:12).

Petersen skryf verder (2005:12):

“Salvation is not a one night stand. It cannot be isolated from the thick texture of history; it is all encompassing, pulling everything that has happened and happens, and every person, named and unnamed, into relationship with the work of God in history.”

Die uitdaging vir elke gelowige, en soveel meer die geestelike leiers, is om in pas te kom met God die Vader, Jesus, en die Heilige Gees. Dit gebeur in ons daaglikse geskiedenis en lewensgebeure. Ons word gedaag om juis in die praxis van elke dag en die normale geskiedenis van ons alledaagse lewe ons identiteit in God te ontdek. Ons identiteit as mense wat leef vanuit die ongereduseerde Bybelse sisteemstorie. Ons is geroep om as nageslag van Abraham ŉ seën te wees vir alle mense, om dissipels te maak van mense. Om die naaktes te klee, die hongeres te voed, die siekes te besoek en so gestalte te gee aan die teenwoordige koninkryk van Jesus en deel te neem aan missio Dei. Ons het die vermoë om iets besonders saam met God te doen.

“There are few who don’t recognize that the coalitions, structures and forms of life need to be reimagined. The potential of communitas is for something innovative to emerge…” (Roxburgh, 2005:111).

Die herbeelding sal nie kom deur beplanning en tegniese bestuur nie, maar deur ŉ transformerende proses van luister na die God, die Bybel en mekaar in ŉ proses wat ons geloofsonderskeiding noem. Wat Benjamin en Rosamund Zander met kuns wil doen, moet die kerk doen met die luister na God vanuit die Bybel en mekaar.

“Communitas is the willingness of people to risk entering a *new commons* to discern together the future that God’s Spirit might be bringing forward to them” (Roxburgh, 2005:111).

## 7.9 GELOOFSONDERSKEIDING IS ŉ PRAKTYK VAN LUISTER

Frederick Marais het ŉ groot rol gespeel om die aktiwiteit van luister op die voorgrond te bring as belangrike geloofsgewoonte in die NG kerk. Hoewel luister dikwels nog meganies plaasvind, help die blote luister-aktiwiteit alreeds baie om ŉ spasie te skep waarin bewussyn van teenwoordigheid en werksaamheid van Triniteit kan groei en ons in beweging kan kom saam met Hom op Sy missie.

“Luister is ŉ transformerende gewoonte. Ons het ontdek dat luister een van die belangrikste transformerende gewoontes kan wees. Wanneer ons begin luister, gebeur daar meer met ons as ons dalk dink” (Marais, 2007:27).

“ŉ Luisterkultuur help herstel die vertroue tussen mense wat voorheen in konflik vasgevang was. ŉ Luisterkultuur bemagtig mense, wat andersins nooit sou deelgeneem het nie, om wel deel te neem aan gesprekke. ŉ Luisterkultuur help gemeentes om op God te fokus. ŉ Luisterkultuur help gemeentes om oor grense heen te kommunikeer.

Ons sal ontdek dat God praat, dat Hy inisiatief neem en dat nuwe oortuigings en wysheid ons lewe werklik sal verander, vernuwe en bevry." (Marais, 2007:28)

In geloofsonderskeiding is wagtende en gelowige luister die heel belangrikste vaardigheid wat geestelike leiers en gelowiges moet ontwikkel. In die proses van geloofsonderskeidende luister moet die volgende gebeur (Marais, 2007:30):

- **Fokus**: Wat is dit waaroor ons duideliker wil verstaan wat God se wil is?
- **Aflegging**: Ons moet ons eie agenda's doelbewus aflê. Baie prosesse strand gewoon omdat persone nie bereid is om hulle agenda's ondergeskik te stel aan die luisterproses nie. Hulle wag net lank genoeg en dryf dan weer hul agenda.
- **Geloofsgewoontes**: Die proses moet geanker wees in ŉ herhalende en vormende tradisie van die gemeente, die denominasie en die Woord.
- **Luister gefokus:** Luister na die drie bronne:
    - Gemeente verhaal met fokus op die alternatiewe verhaal
    - Die Bybel
    - Die eksterne konteks
- **Integreer** met die verbeeldingstaal van die Gees. Die inligting wat versamel word moet geïntegreer word en hiervoor is metaforiese taal baie handig. Metafore kan ŉ verskeidenheid van idee's saambind.
- **Weeg en toets die uitkoms** van die gesprek binne die geloofsgemeenskap totdat ons bevestiging kry. My antwoorde moet ons insigte word. Hoewel dit tyd neem is dit belangrik om weer en weer te weeg en toets totdat daar konsensus is.
- **Priorisering:** maak dit wat ons geweeg en getoets het ŉ prioriteit in die gemeente.

### 7.9.1 Implikasies vir kerklike bestuur en vergaderings

Kerklike bestuurstrukture in die Christendom paradigma word gekenmerk deur oorheersende rasionaliteit. Dit het verword tot praktyke waar vergaderinge op meganisties-rasionele wyse met skriflesing en gebed geopen word en dan dadelik met die agenda begin word met die doel om besluite te neem.

In die ongereduseerde Bybelse sisteemstorie, en in die lig van die noodsaak om te onderskei hoe God aan die werk is binne en buite die gemeente, kan die verskraling nie meer verduur word nie. In die nuwe Bybelse sisteemstorie is daar ŉ diep behoefte by God se mense aan verdiepte ervarings en bewussyn van God se teenwoordigheid en leiding. Dit veroorsaak dat ons eenvoudig anders in ons verhoudinge met mekaar en in ons geloofsgedrag moet begin optree.

Die praktyk van vergaderings van geestelike leiers moet geïntegreerd begin werk vanuit die teologiese verstaan van missio Dei en met die vaardigheid van geloofsonderskeiding. Wie lippediens aan hierdie twee paradigma-skuiwe lewer, sal steeds voortgaan met hul ou vergaderpraktyke. Wie dit egter verstaan en ernstig neem sal op 'n innerlike en kommunale transformasie reis gaan. Geestelike leiers moet die

Godsvrae ernstig begin vra en ’n kultuur van luister na die Woord en mekaar ontwikkel in plaas van rasionele afhandel van sake-agendas. Die punt is eenvoudig. Deur doodgewoon te kyk na die struktuur van kerklike vergaderings kan beoordeel word met watter teologiese en vaardigheidsparadigma die deelnemers opereer.

Dit kan nie ontken word dat die Ring van Parow gewerk het vanuit die Westerse sisteemstorie met vertroue in hul kennis, rasionaliteit, beplanning en bestuur nie. Daarby was die nood so groot dat hulle haastig antwoorde moes kry. Vir twaalf jaar lank het hulle met groot spoed in een rigting beweeg, naamlik ’n makro-gemeente in Parow en nêrens geëindig.

“This attitude of living in the question seems contrary to the sense of urgency that is often experienced when persons are faced with critical issues that need to be decided. But time and again, maturity requires living in the tension between polarities, embracing the paradox, rather than running full speed ahead in one direction” (Boelhower, 2010:4).

Enige vergadering van geestelike leiers wat Godsvrae ernstig neem oor ’n lang periode kan nie voortgaan met dieselfde vergaderingspraktyke van die verlede nie. Inteendeel, deel van die diskrepansie van kerklike praktyk is die belydenis dat die Heilige Gees in alle gelowiges werk, maar die kerklike praktyk is dat dit lyk of net die dominee deur God gebruik word, want hy/sy neem alle leiding in kerklike vergaderings.

Die inrig en agenda van kerklike vergaderinge moet dus verander ten einde geloofsonderskeidend te begin werk, d.w.s vraend, luisterend, saamluisterend, na die Woord en mekaar, luisterend aan die hand van Godsvrae wat voortdurend gevra word.

Waarmee is God besig in die wêreld?

Waarmee is God besig in ons gemeente?

Hoe kan ons inskakel by God se werk?

Wat wil God hê moet ons doen?

Die leiers wat in kerklike vergaderinge byeenkom om leiding te gee, het die verantwoordelikheid om die vergaderinge so in te rig dat daar eg geluister kan word na die teenwoordige Trinitariese God. Dit is nie ’n maklike en eenvoudige taak nie en vra dat ons ’n kultuurverandering moet ondergaan weg van ons modernistiese, demokratiese, besprekingsgerigte, rasionele, korporatiewe manier van vergader om besluite te neem in die naam van God. In die nuwe kultuur sal ons erns moet maak met die Woord van God, luister na mekaar (ons is immers almal God se mense), intens luister na mense se stories, (God werk in hulle) en na stories oor die konteks van die gemeente (want God is aan die werk daar!) en soek na konsensus, want God wil ons as Sy liggaam gebruik in Sy missie.

Geloofsonderskeiding is meer as net ’n langer besluitnemingsproses, dit is meer as net ’n ander manier van kom by rasionele besluite. Dit is ’n erns neem van God wat teenwoordig is en in elk geval aan werk is, wat ons geroep het en ons stuur om Sy koninkryk aan te kondig, daagliks, geïntegreerd en in klein en groot dinge. Om geloofonderskeiding as doelwit vir vergaderings te stel is ’n intensionele en voort-

durende soeke na die bewuswording van die teenwoordigheid van God en na Sy wil. Geloofsonderskeiding as leierskapsvaardigheid vra ernstige integrasie tussen leer en lewe en beliggaming van geloof deur gelowiges en veral gemeente-leiers.

Geloofsonderskeiding as daaglikse, persoonlike en korporatiewe dissipline en praktyk in die gemeente, sal ŉ transformerende effek op die gemeentelike lewe en die leierskap in die gemeente hê.

## 7.10 OPSOMMENDE OPMERKINGS

Sentrale navorsingsvraag

Om die verskuiwende demografiese uitdagings in Parow aan te pak, sal die Ring van Parow uit hul Christendom en institusionele paradigmas moet beweeg en hul identiteit en roeping van God ernstig begin neem. As gedink en geleef word vanuit missio Dei denke, kan nie langer gedink word vanuit instandhouding van die NG kerk nie. Dan is jou oorheersende vraag hoe om in te skakel by God se werk in die gemeenskap. Die geestelike leiers in Parow moet die vaardigheid van geloofsonderskeiding ontwikkel, persoonlik en kommunaal. Geloofsonderskeiding is juis om individueel en korporatief wagtend en doenend te luister na God. Dit voorveronderstel egte praktiserende geloof in missio Dei sowel as kennis van en geloof in die ongereduseerde Bybelse sisteemstorie.

Die Westerse sisteemstorie sukkel met geloofsonderskeiding en wantrou dit. Die Christendom paradigma wat geloof in God en die Bybel meng met ŉ oorheersende vertroue in die rasionele vermoëns van die mens vind geloofsonderskeiding moeilik. Die Christendom paradigma weet hoe God werk en wat Hy doen, en vertrou die mens se vermoë om dit vinnig vas te stel! In die Christendom paradigma is die verkondigende pastor met kennis, die leier met sekerheid en ŉ strategie, ŉ kerkraad met ŉ goeie plan en sterk strukture nog die manier op die gemeente te bestuur. Dit vind neerslag in die gemeentepraktyk. Die oorheersende Christendom paradigma is die rede vir die onvermoë van die Ring van Parow om die uitdaging van verskuiwende demografie in hul konteks te begin aanpak. ŉ Geloofsonderskeidende reis sou ander resultate gelewer het. Indien die Ring die nuut ontluikende ekklesiologiese insigte wat begin deurskemer het in die retraites in 1997, in 1999, in die inleidende toespraak van Jurgens Hendriks in 2001 en in die verslag van die Kommissie vir Getuienis in 2002 ernstig geneem het sou daar in die praktyk al nuwe moontlikhede begin deurskemer het.

In die sisteemstorie waar missio Dei gelowig en ongereduseerd aanvaar word, word luisterend erns gemaak met die Bybel en die Triniteit wat werksaam is oral rondom ons. By Hom moet ons aansluit. Ons is immers Sy mense. God is reeds by mense, buite die kerk, in die lewe. Ons moet glo dat Hy daar is, saam met Hom begin doen en so by Hom aansluit. Die vertrekpunt van geloofsonderskeiding is dus die vraag: Hoe en waar is God aan die werk?

Die geloofspraktyk en be-oefening van geloofsonderskeiding vorm en bepaal ons verhoudings met God en mekaar, dit vorm ons karakter en lewensingesteldheid, ons lewenshouding, ons ingesteldheid en kultuur wat uniek en eie is aan Christenwees, uniek aan gelowige mense wat sinmakend leef vanuit die verhale van die Bybel en die openbaring van God.

Deur die praktyk van geloofsonderskeiding ontdek ons al luisterend die uitdagings en pad wat ons moet loop, die pad van mense wat geroep is deur die trinitariese God en beslissend in die wêreld ingebreek het met die koms van Jesus Christus en die uitstorting van die Heilige Gees. Al geloofsonderskeidend leer ons dat ons deur God gegryp en gestuur is om te leef binne die wêreld waar God reeds werksaam is en ons wil gebruik. Geloofsonderskeiding begin met die oeroue Christelike gebed (Liebert, 2008:xxi):

- "Come Holy Spirit, fill the hearts of your faithfull.
- Enkindle in us the fire of your love.
- Send forth your spirit and we shall be created
- And you shall renew the face of the earth."

In die volgende hoofstuk belig ek die leierskapsvaardigheid van geloofsonderskeiding verder vanuit die fenomenologiese beskrywing 'n nuutgemunte leierskapsvaardigheid in die "sêkulere wêreld" wat Otto Scharmer *presencing* noem. Scharmer poog om fenomenologies te beskryf hoe hierdie nuwe vaardigheid in die praktyk werk. Sy fenomenologiese beskrywing van die vaardigheid van *presencing* as leierskapvaardigheid sal ons help om die vaardigheid van geloofsonderskeiding beter te verstaan en die vaardigheid vinniger te ontwikkel.

Dit is die vaardigheid wat die geestelike leiers in Parow, moet aanleer, omdat dit die transformasie sal bring wat ons nodig het om in pas te kom met missio Dei. Dit kan die projek identiteit ontwikkel wat ons nodig het om die uitdaging van demografiese skuiwe in ons konteks te begin aanpak.

# Hoofstuk 8

## 8. ONTLUIKENDE LEIERSKAPVAARDIGHEID:PRESENCING:[13] LEER UIT DIE TOEKOMS SOOS DIT AANBREEK

## 8.1 DOEL VAN HIERDIE HOOFSTUK

Daar is op verskeie plekke in die studie verwys na die begrip *presencing*. In hierdie hoofstuk gee ek ŉ meer volledige beskrywing van wat Otto Scharmer met presencing bedoel: Hy beskryf dit as ŉ ontluikende nuwe leervaardigheid vir leiers.

Presencing is ŉ fenomenologiese beskrywing van hoe intuïtiewe leer in ŉ luisterproses plaasvind by leiers in die snel veranderde omgewing. Scharmer het alle leiers in die oog, nie net geestelike leiers nie. Om meer presies te wees, hy skryf met die oog op sakeleiers.

Waarom ŉ hoofstuk oor *presencing*?

As die paradigma-skuif van missio Dei meer is as net ŉ teologiese begrip, moet ons met ander oë begin kyk wat in die groter wêreld aan die gebeur is. Waar is God aan die werk? Hy is verseker aan die werk in ander skrywers, letterkundiges, filmmakers, ekonome, medici, wetenskaplikes en bestuurskonsultante soos Otto Scharmer!

Die groot belang van Otto Scharmer se fenomenologiese beskrywing van *presencing* as ontluikende leierskapsvaardigheid sal blyk soos sy beskrywing ontvou. Volgens hom beleef leiers in die sakewêreld presies dieselfde storms van verandering wat hierdie studie aangetoon het as die waarin kerkleiers moet funksioneer. Sakeleiers kan ook nie meer die verlede gebruik as basis om te beplan vir die toekoms nie. Hulle moet ook leiding gee in ŉ nuwe onbekende, diskontinue aanbrekende wêreld met geen sekerhede.

Scharmer gebruik nie die woord geloofsonderskeiding nie, maar ek sal aantoon dat sy vaardigheid van *presencing* ingebed is in spiritualiteit. Ek sal verder aantoon dat Scharmer se beskrywing van *presencing* as ontluikende leierskapsvaardigheid die beste fenomenologiese beskrywing beskikbaar is van die ontluikende vaardigheid van geloofsonderskeiding. Sy beskrywing help ons om beter begrip te ontwikkel vir die praktyk van geloofsonderskeiding as vaardigheid wat geestelike leiers moet ontwikkel. Die vorige hoofstuk het geloofsonderskeiding duidelik gedefinieer binne die konteks van geloof in Triniteit wat teenwoordig en werksaam in in die wêreld. Dit bly die onderskeidende kenmerk van geloofsonderskeiding.

Die interessante is dat die begrip geloofsonderskeiding ingang begin vind in die sakewêreld.

---

[13] Otto Scharmer se werk is ontwikkel met inagneming van talle filosowe, sielkundiges, bestuurskonsultante en ander skrywers. Sy werk is deurspek met aanhalings van hierdie skrywers se werk. Ek laat Scharmer se verwysings uit na ander werke uit en verwys slegs na Scharmer omdat hy die enigste bron is wat ek gebruik in die beskrywing van *presencing.*

“The term “discernment” seems to be cropping up in unlikely places – unlikely, that is, considering its roots as a Christian spiritual practice. In corporate boardroom, management consultants teach discernment as a substitute for Robert’s Rules of Order. Coworkers go on retreat to discern the new company advertising tagline. Hospital administrations discern the new mission statement for the health-care system. Young people discern their college choice and then their majors. Discernment often seems to be synonymous for decision making: instead of deciding, we now discern” (Liebert, 2008:3).

Sentrale navorsingstema

Ons het die Ring van Parow se bedieningspraktyk van die afgelope twintig jaar gebruik as agtergrond om vas te stel waarom geestelike leiers misluk het in hul pogings om die soort veranderinge wat Spies in sy 1990 tesis beskryf het, behoorlik aan te spreek. Ons het daarop gewys dat hulle deurentyd bewus was dat daar ’n nuwe paradigma na vore moet kom, en dat die paradigma waarin hulle hulself bevind en waaruit hulle leef en werk nie meer werk nie. Die geestelike leiers in Parow was bewus daarvan dat hulle eintlik ’n nuwe paradigma nodig het.

Die **teologiese inhoud van die nuwe paradigma** is die nuwe denke wat na vore kom vanuit **missio Dei**. Wie die nuwe teologiese inhoud verstaan, word gekonfronteer met **nog ’n paradigmaskuif wat nodig is**, naamlik die hoe, die vorm, die praxis van aansluit by God. Om by God se wêreld en Sy missie in die wêreld aan te sluit, moet die geloofsgemeenskap se leiers **geloofsonderskeiding as vaardigheid** aanleer. Dit is ’n vaardigheid waaroor ons nie beskik nie, maar waarvoor ons besig is om begrip te ontwikkel. Hierdie hoofstuk het ten doel om daarmee te help, groter begrip vir die belang en aard van die vaardigheid van geloofsonderskeiding.

Ons het reeds in hoofstuk vyf daarop gewys dat Scharmer aantoon dat leer uit die verlede (volgens Kolb se leerteorie) nie meer effektief is nie, omdat veranderinge so snel gebeur dat ons ’n nuwe manier van leer en beplanning vir die toekoms nodig het. Die Ring van Parow het volgens die *KOLB-model* die veranderinge probeer bestuur. Scharmer noem die ontluikende nuwe kognitiewe vaardigheid wat leiers moet aanleer om in ’n nuwe leersiklus te gebruik: *presencing* (2000:2):

“Organizations and their leaders can develop this capability by engaging in a different kind of learning cycle, one that allows them to learn from the future as it emerges, rather than from reflecting on past experiences. I suggest calling this evolving new learning capacity *“presencing.”* The term refers to the capacity for sensing, embodying, and enacting emerging futures.”


Ek sal in hierdie hoofstuk aantoon dat Scharmer se gebruik van die woord *presencing* ook die ontluikende vaardigheid van geloofsonderskeiding beskryf.

Die tweede bron van leer wat waaruit leiers kan leer is die toekoms, of liewer, die “aankom van die toekoms in die hede” (Scharmer, 2000:4).

Die siklus van leer uit hierdie tweede bron, die toekoms is gebaseer op sien, aanvoeling, of intuïsie *(sensing),* presencing, beliggaming of aksie *(enacting),* eerder as her-aktivering van die patrone van die verlede. (Scharmer, 2000:5).

## 8.2 *PRESENCING* BETEKEN LEIERS GEBRUIK ’n TWEEDE BRON VAN LEER: DIE ONTLUIKENDE TOEKOMS

Figure 2: The Other Learning Cycle (Learning From Emerging Futures)




© 2000 C. O. Scharmer

Scharmer sê die uitdaging vir leiers is om ’n nuwe vaardigheid te ontwikkel naamlik (Scharmer, 2000:4):

- “the capacity to sense, enact, and embody the future as it emerges.”
- Scharmer noem dit die ontluikende leierskap dissipline van *presencing* ( 2000:4)
- The term presencing means to use your highest Self as a vehicle for sensing,
- embodying, and enacting emerging futures.”

In die uitdaging vir transformerende leierskap in die snelveranderende, aanbrekende nuwe wêreld is die begrip van *presencing* as metode vir persoonlike en organisasie leer en verandering, ’n paradigmaskuif. Dit het ook besondere praktiese waarde vir geestelike leiers in hul bediening en rol as geloofsonderskeidende, transformerende leiers.

*Presencing* is ’n presiese beskrywing van wat in geloofsonderskeiding moet gebeur. Geloofsonderskeiding beteken om te luister na ander gelowiges en na die Woord van God in die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Die luisterproses lei ons om die volgende tree (aksie) te neem om so toenemend deel te raak van missio Dei. Dit is ’n diep geestelike proses wat vir die Westerse denke met die klem op rasionaliteit vreemd klink. Ons vertroue in onsself en ons rasionele vermoëns ontmasker telkens ons dieper verbondenheid aan die Westerse sisteemstorie as aan die Bybelse sisteemstorie. Daarom beskryf ek die ***precensing* as ’n praktiese paradigmaskuif**.

Dit is ’n noodsaaklike paradigmaskuif vir geestelike leiers. Om uit te breek uit die houvas van die Christendom paradigma wat gebou is op ’n vermenging van Bybelse geloof en die Westerse geloof in individualisme en rasionele denke. Hierdie studie pleit nie vir ’n opskorting van individualiteit, rasionaliteit en rasionele kennis nie, (asof dit moontlik is!) maar vir ’n verruiming oor ons metode om tot kennis te kom oor ons

toekoms. Ons het nodig om erns te maak met die teenwoordige Triniteit wat transformerend kan opdaag in ons bewussyn. **Die transformerende opdaag van die teenwoordige Triniteit in ons bewussyn is 'n misterie wat deur die kuns van dialoog en luister gebeur.**

Scharmer se fenomenologiese beskrywing van *presencing* help ons om die verruiming en misterie van dialoog te verstaan. Die retraites ervarings van die Ring van Parow het met hierdie vaardighede van dialoog en luister gewerk, en die resultaat was sigbaar in die aanbreek van nuwe insigte, maar dit het telkens vasgeval wanneer daar rasionele, praktiese planne en voorstelle gemaak is.


Waar die Ring van Parow oor 'n periode van twintig jaar die problematiek wou aanspreek met rasionele herstrukturering en beplanning, moet geestelike leiers eerder leer hoe om in egte vertroue in mekaar en in God dialogies en geloofsonderskeidend die toekoms, stap vir stap, tree vir tree te laat aanbreek. Die geestelike leiers moet die **dialoog verder verruim deur die opdagende insigte te beliggaam deur aksies, al is dit tentatief!**

Hoe werk die proses van *presencing* in die praktyk? Hoe lei dit tot nuwe sosiale werklikhede of transformasie?

## 8.3 DIE PROSES VAN SOSIALE WERKLIKHEIDSFORMASIE: BEWUSSYN EN WIL

Hoe kom iets nuuts tot stand? Hoe gebeur verandering? Hoe vind nuwe sosiale werklikhede plaas? Scharmer sê dit vind plaas deur 'n nuwe opdagende bewussyn en die wil om die bewussyn te beliggaam (Fig 4.) (2000:14-15).

Figure 4: Four Levels of Cognition and Social Reality Formation



Wanneer die groep of individu deur die opeenvolging van die eerste drie fases van begrip gegaan het, "aandag gee *(paying attention),* sien, *(seeing)*, aanvoel *(paying attention),* en *presencing*, is die werk maar halfpad voltooi. Dan het bewussyn, 'n "awareness" ontwikkel van die probleem. Die eerste helfte van Figuur 4 handel oor hierdie bewuswording. Die tweede helfte van van die siklus in Figuur 4 is die deurvolg en beliggaming van dit wat "na vore gekom het", waarvan die groep "aware" geraak het, deur vorming, inspirasie en beliggaamde, geaktiveerde wil, of wil formasie. Die proses van sosiale werklikheidsformasie is eers voltooi wanneer dit wat presenteer, deur wil geformeer word in aksie en beliggaming (Scharmer, 2000:14-15):

"The *"gift"* or insights received during the stages of sensing and presencing are only fully realized when embodied in action. The first half of the cycle involves accessing experience and becoming aware, and the second half of the cycle involves forming, inspiring, and enacting will."

Volgens Scharmer is daar drie prosesse in die vorming van nuwe sosiale werklikhede. Dit is nie nuut nie. Wat nuut is, is hoe die kennis oor wat moet gebeur, opdaag. Kom dit vanuit die verlede, of vanuit die toekoms, *presencing?*

**Visonering:** Die vorming van 'n dwingende visie of droom kom vanuit leiers.

**Aksie:** Sosiale realiteit bestaan slegs insoverre dit in aksie gebring word deur mense.

**Institusionalisering**: Sosiale verandering is slegs volhoubaar as dit ge-institusionaliseer is in organisatoriese roetines. Dit is vorming van kultuur (Scharmer, 2000:15-16).

Scharmer beskryf in detail wat gebeur in hierdie prosesse van sosiale transformasie. Hy noem sy teorie: *U teorie*. Daarmee bedoel hy die proses loop in 'n U vorm: Aandag gee, sien, aanvoel, *presencing,* visie, aksie, beliggaam.

Scharmer sê die moeilike deel is dat mense om verskeie redes nie altyd die lang pad van die U wil loop nie. Die belangrikste rede is natuurlik dat mense die model van leer uit die verlede outomaties toepas. Hulle leer uit die verlede en wil hul kennis uit die verlede sonder veel refleksie toepas op die hede. Dit is wat normaalweg in organisasies gebeur.

Scharmer skryf dat daar vier vlakke van kennis is, wat elke keer dieper gaan en gevolglik is elke volgende vlak moeiliker om te bereik. Dit is 'n moeisame proses, maar 'n persoon of groep moet deur al vier hierdie vlakke van kennis gaan om by die onderpunt van die U te kom, waar die diepste kennis is, waar *presencing* gebeur en vanuit die toekoms geleer word. Scharmer sê dit nie, maar die meeste transformasie prosesse wat in sosiale organisasies aangepak word misluk, omdat mense vanuit oppervlakkige vlakke van kennis die transformasie prosesse aanpak. 'n oppervlakkige verstaan van die vier vlakke van kennis sal reeds duidelik wys waarom die transformasie pogings in die Ring van Parow konsekwent misluk het.

Die eerste vlak van kennis is:

- **Aflaai van ou verstaanmodelle (Vlak 1 kennis)**

Vlak een kennis gebeur wanneer leiers oppervlakkig aandag gee aan 'n sosiale situasie en sonder veel gesprek oplossings voorstel. Hulle pas eenvoudig hul ou verstaanmodelle en kennis toe op die situasie. Hulle projekteer hul eie oordeel op die sosiale situasie (Scharmer, 2000:12).

Die oplossings wat kom vanuit die ou verstaansraamwerke en gewoonte-denke werk egter nie meer in die nuwe werklikheid nie (Scharmer 2000:11):

"All deeper and more profound cognition and knowledge creation require the suspension of this habitual judgment, thus opening a space that allows for a more deep and profound encounter with the phenomenon."

- **Refleksie en Herinterpretasie (Vlak 2 kennis)**

Vlak twee kennis gebeur wanneer leiers besef die sosiale situasie is ingewikkelder as wat aanvanklik besef is. Die probleem word nie opgelos met die aanvanklike voorstelle nie. Verdere gesprekke ontwikkel. Daar is meer nadenke en refleksie oor die saak, meer tyd word spandeer daaraan. In die refleksie word nuwe begrip ontwikkel vir die probleem. Begrip ontwikkel hier deur nie die ou verstaansraamwerke af te laai op die fenomeen nie, maar deur herinterpretasie en die verstaansraamwerk aan te pas by die waargenome situasie (Scharmer, 2000:12).

- **Verbeelding (Vlak 3 kennis)**

Die eerste twee vlakke van begrip vir die sosiale situasie is egter steeds baie oppervlakkig. Vlak drie kennis is gebaseer op 'n nog dieper vlak van aandag gee aan die probleem-situasie of fenomeen. Hier word die skuif gemaak van "sien" *("seeing")* na "aanvoel" *("sensing").* Die skuif word genoem 'n skuif vanaf die fenomeen, na die bron wat die fenomeen voortgebring het (Scharmer, 2000:12).

Vlak 3 begrip fokus nie op die fenomeen nie, "but on the coming-into-being of these objects" (Scharmer, 2000:12).

Op hierdie vlak begin mense droom en begin 'n nuwe visie gestalte kry dat iets nuuts gebore moet word. Hul gebruik hul verbeelding en probeer nie die situasie oplos nie, maar begin droom oor hoe dit moontlik kan gebeur (Scharmer, 2000:12).

### 8.3.1 Primêre weet *(presencing)* (vlak 4 kennis)

Scharmer beskryf vlak vier kennis soos volg (Scharmer, 2000:13):

"At level 4 cognition, the quality of attention is at its highest and most subtle level, which **allows it to become one with the intention of the emerging whole**. This level of cognition is what Rosch (forthcoming) refers to as primary knowing of **wisdom awareness**. The discipline here is to become aware that mind and world are not separate but arise together as aspects of the same informational field."

Vlak vier kennis is ŉ diep religieuse ervaring. Scharmer gebruik religieuse taal om dit te beskryf, sonder om dit so te bedoel. Verstaan vanuit die Bybelse sisteemstorie, is wat hy beskryf niks anders as ŉ diep religieuse ervaring nie. Dit is op hierdie vlak van weet dat dans met Triniteit plaasvind, die ontmoeting met God en die transformasie van individue en mense. God is Gees en mens is gees. God is die grond van ons bestaan, uit Hom leef ons beweeg ons en is ons. Die Gees van Christus is in ons. Ons is Sy mense en Hy is onderweg met ons. Daar is kommunikasie tussen ons en God. Ons menslike probleem is ons oormatige klem op ons rasionaliteit en wetenskaplike kennis en ons behoeftes aan beheer. Daarom kom ons min op vlak vier, want ons is bang vir intuïsie en emosie.

Op hierdie vlak is die aandag gekonsentreerd, want ons raak bewus van die teenwoordigheid van die Gees van Christus in hierdie momente. Daar is ŉ bewussyn dat God praat, diep binne ons. Daar is ŉ gevoel van diep sekerheid en dringendheid, ŉ bewussyn van weet en wysheid. Dit is ŉ diep emosionele ervaring wat rasioneel verstaan en beskryf kan word en omgesit kan word in intensionele wil en aksie. Dit is lewenstransformerend.

Scharmer beskryf dit vlak 4 kennis as ŉ **"inskakel by",** dat jy dit net ontvang en nie dit self kan produseer nie (2000:13-14):

"Nothing you do can produce this realization, can produce the original way of being. It's **a matter of tuning into** it and its way of acting. It actually has a great intention to be itself (so to speak) and it will do so if you just let it. When acting on this level of knowing, action appears without conscious control—even without the sense of 'me' doing it."

Dit is die transformasie wat die Gees van Christus bring, misterieus, in die momente van luister en stilword en bewuswees van Sy teenwoordigheid in liefde tussen Sy mense. Sy transformasie vul ons met nuwe sekerheid en intensie. Dit lei tot spontane nuwe aksie, sosiale aksie wat ons laat aansluit in die wêreld by missio Dei.

Die kennis in vlak 4 aan die onderpunt van die U kom van diep binne, dit is ŉ diep weet, ŉ oortuiging, sekerheid wat dieper as rasionele kennis en weet is. En dit lei tot spontane aksie.

"Knowing on such a level differs from our standard way of cognition, by knowing through "interconnected wholes" (rather than isolated contingent parts) and by means of timeless, direct, presentation (rather than through stored re-presentations). Such knowing is "open", rather than determinate; and a sense of unconditional value, rather than conditional usefulness, is an inherent part of the act of knowing itself. Action from awareness is claimed to be spontaneous, rather than the result of decision making; it is compassionate, since it is based on wholes larger than the self; and it can be shockingly effective" (Scharmer, 2000:4).

Dit is hierdie diep 'weet en oortuiging" wat die kerk nodig het en wat sal gebeur, as ons bewusword van die teenwoordigheid van Triniteit. Dit is die "weet" wat ons sal help om oor sosiale grense, wat die verskuiwende demografie gebring het, te gaan en nuwe vorme van kerkwees te skep sodat nuwe lewenstransformerende geloofsgemeenskappe kan ontstaan uit die diversiteit van mense, wat nou saamleef in die demografies veranderende Parow. Dit is die vaardigheid wat geestelike leiers moet

aanleer, die taak wat Roxburgh bedoel wanneer hy sê dat geestelike leiers mense moet help om innerlike oorgange te maak. Geestelike leiers moet mense help om te kom in spasies van bewussyn van die teenwoordigheid van Triniteit.

Dit beteken egter dat geestelike leiers nuwe vaardighede moet ontwikkel, die van liturg, liefde vir mense en diep geloof dat bewuswording van die teenwoordigheid van die Gees van Christus transformasie sal bring. Geestelike leiers moet ook aanvaar dat vlak 1, 2 en selfs vlak 3 kennis, nie vir ons gaan help om transformasie teweeg te bring nie. Op daardie vlakke is daar nog nie bewussyn van die teenwoordigheid van Triniteit nie.

Hierdie fenomenologiese beskrywing van Scharmer oor die vlakke van kennis waardeur ons moet beweeg om aan die onderpunt van die U te kom waar ons bewusword van God se liefdevolle en transformerende teenwoordigheid, onderstreep net dat dit geen maklike leierskapsvaardigheid is om aan te leer nie, nie vir mense wat onnadenkend en onkrities vanuit 'n Westerse sisteemstorie met geloof in rasionele kennis, beplanning, bestuur en tegniek leef nie.

Scharmer het beskryf wat gebeur in die proses van beweeg na dieper vlakke van kennis waar transformasie gebeur. Die vraag is nou: Hoe doen mens dit? Wat is die praktiese stappe wat leiers kan volg om dit te doen?

In die volgende afdeling beskryf ek die doelbewuste, praktiese stappe wat gedoen moet word. Scharmer sê die praktiese manier hoe om dit te doen is om mense te help om hul aandag en fokus te skuif. Dit beteken nie dat Scharmer 'n metode beskryf nie. Dit is eerder sosiale bewussyns vaardighede wat ontwikkel moet word.

## 8.4 HOE BEWEEG JY NA DIEPER VLAKKE VAN KENNIS? DEUR AANDAG TE VERSKUIF

Scharmer sê die proses van aandag gee, ("paying attention") sien, ("seeing") aanvoel, ("sensing"), opdaag ("presencing"), visionering, ("envisioning"), aksie ("enacting") en beliggaming ("embodying") is 'n beskrywing van die oppervlakkige proses van kennis en sosiale werklikheidsformasie. **Dit vertel ons wat gebeur**, **maar nie hoe dit gebeur nie**. Daarvoor moet nog dieper gedelf word volgens Scharmer (2000:16).

Scharmer sê die probleem is dat mense se aandag op die probleem en hul refleksiewe antwoorde daarop toegespits is. **Mense sien hulself as los van die probleem en nie deel daarvan nie.** Om by die diepste vlak 4 kennis te kom waar jy besef jy is deel van die geheel en dat die opdagende kennis transformerend is, moet jy deur die vier vlakke van kennis beweeg om by die onderpunt van die U te kom. Hierdie insig is van wesenlike belang (2000:16).

Die punt wat Scharmer maak is dat leiers oplossings voorstel vir sosiale probleme en nie bewus is dat hulle eie voorveronderstellings en benadering dikwels die oorsaak van die probleem is nie. Die Ring van Parow was reeds in 1990 se beplanningskonferensie bewus van die probleem toe hulle hulself gewaarsku het teen die gevaar van "organisatoriese retoriek". En toe val hulle in elk geval daarin!


Hoe doen jy dit dus? Hoe beweeg jy na dieper vlakke van selfbewussyn en kennis? Hoe kom jy by die onderpunt van die U-kurwe waar die primêre kennis is in

Scharmer se taal, waar *presencing* gebeur? Hoe kom jy by die onderpunt van die U waar in teologiese taal, ons bewus raak van God se teenwoordigheid wat die bewussyn-transformasie teweegbring. **Die enigste manier om dit te doen volgens Scharmer is wanneer mense bereid is om hul aandag te buig.**

In Figuur 5 hieronder stel Scharmer die aandag buigpunte skematies voor as suspensie ("suspension"), rigtingverandering ('redirect"), laat vaar ("letting go"), kristalliseer ("crystallizing"), voortbring ("bringing forth"), en vassluit ("embedding") (2000:16).

In die proses van nuwe sosiale werklikheids-formasie moet die leiers bewus wees van die werking van aandag buigpunte en daarop fokus. Die aandag buigpunte ("inflection points") verskuif die fokus van aandag en help mense om kognitiewe skuiwe te maak waardeur nuwe sosiale werklikhede verbeel kan word, en ook kan gebeur (Scharmer, 2000:16).

Figure 5: Inflection Points of Cognition and Social Reality Formation




Dit is die werklike uitdaging van geestelike leiers, hoe om self en ook hul mense te help om kognitiewe, innerlike skuiwe te maak (Roxburgh, 2005:95).

Die geestelike leier moet self en ook mense help om **subtiele skuiwe in aandag te maak. Die aandagskuiwe is "hekke" wat 'n individu toelaat** om die grens oor te steek van een kognitiewe spasie na die volgende. Die skuiwe is nodig ten einde aan die onderpunt van die U te kom waar die toekoms kan opdaag en nuwe kennis bring oor nuwe sosiale moontlikhede (Scharmer, 2000:16).

Hierdie beskrywing van Scharmer is van uiterste belang vir geestelike leiers wat sosiale transformasie wil bewerk en hulself heeltyd vasloop. Dit is egter uiters belangrik om heeltyd in gedagte te hou dat Scharmer nie 'n voorskriftelike metode be-

skryf nie, maar fenomenologies beskryf hoe sosiale transformasie gebeur. Wie dit begryp en bewustelik begin leer hoe om sy eie en ander se aandaghekke oop te maak, sal ervaar dat die sosiale transformasie begin gebeur.

Scharmer beskryf die volgende ses aandag buigpunte:

### 8.4.1 Aandag buigpunt 1: Suspensie van oordeel

Die eerste aandag buigpunt wat help om na dieper vlakke van kennis te beweeg is die suspensie van oordeel.

"Suspension of judgment is the sine qua non of observing and seeing.

Instead of projecting mental models and judgments onto the world,

one opens up to what is actually happening in the world. By taking off

one's self-created filters, one can see differently" (Scharmer, 2000:17).

Om jou eie opinies en kennis en vooroordele te suspendeer en nie onmiddellik daaruit te opereer wanneer jy gekonfronteer word met 'n situasie is baie moeilik en 'n vaardigheid wat slegs leiers met 'n goed ontwikkelde selfbewussyn kan doen. Dit is 'n vaardigheid wat bewustelik aangeleer kan word. Dit is die eerste hek wat oopgemaak moet word om na dieper vlakke van kennis te gaan en nader aan die opdaag van nuwe transformerende kennis aan die onderpunt van die U.

### 8.4.2 Aandag buigpunt 2: Laat nuwe moontlikhede toe

Die tweede aandag buigpunt is om toe te laat dat nuwe moontlikhede opdaag. Of oop te wees dat iets nuuts kan gebeur.

"By redirection we mean that suspension will lead to very early emerging events, contents, patterns, gestures, whatever. Then you can actually redirect your attention to them. That's where the new is" (Scharmer, 2000:17).

Suspensie van vooroordele en kennis skep 'n spasie, die nuwe opdaag waarin aandag in 'n nuwe rigting geskuif kan word.

### 8.4.3 AANDAG BUIGPUNT 3: LAAT VAAR *("Letting Go")*

Die derde aandag buigpunt is om te laat vaar. Om oor te gee. Dit is weereens religieuse taal wat Scharmer gebruik om dit te verwoord (2000:18):

"Other descriptions of this particular threshold are "surrendering", "surrendering into commitment", or "emptiness".

Die interessante in die aanhaling hierbo, is dat religieuse taal gebruik om die buigpunte te beskryf: *"surrender", "higher, deeper will", "emptiness".* Ook die volgende aanhaling van Scharmer en Buber gebruik religieuse taal (2000:18):

"I think that in some strange sense the absolute key to living a very active life is *surrender.* As Martin Buber says, "You are not *surrendering* to your own will but to a *higher, deeper will."*

### 8.4.4 Aandag buigpunt 4: Kristalisering: *("letting come")*

Die vierde aandag buigpunt in die onderpunt van die U is "kristalisering". Dit is na die hek van "laat vaar" oopgemaak is. Dit is waar vanuit die "leegheid" en "laat gaan" en oorgee aan" iets nuuts aankom, iets nuuts ontluik, aankom, opdaag. Hier is die aanbreek van 'n visie wat gebore word (Scharmer, 2000:18).

In die Christelike lewe is dit die plek waar lewenstransformerende bewuswording van die teenwoordigheid van Triniteit plaasvind.

### 8.4.5 Aandag buigpunt 5: Bring voort / beliggaming *("Turning outward")*

Die vyfde aandag buigpunt is die proses waardeur mense na die skep van 'n gedeelde visie, dit begin aktiveer en begin beliggaming. Hoe bring jy voort wat jy wil hê moet ontluik, opdaag? Hoe lewer jy jou visie af?

Sonder uitwaarts keer *(turning outward)* is daar geen aksie of beliggaming (Scharmer, 2000:19).

### 8.4.6 Aandag buigpunt 6: Vassluit / institusionalisering ("institutional embodiment")

Die sesde en laaste aandag buigpunt gaan oor nuwe organisatoriese roetines en strukture wat die resultaat is van 'n nuwe identiteit en op sigself weer identiteit skeppend is.

## 8.5 BETEKENIS VAN AANDAG BUIGPUNTE VIR VAARDIGHEID VAN GELOOFSONDERSKEIDING

Die bostaande proses is esoteries, spiritueel. Scharmer gebruik voortdurend religieuse taal om die prosesse te beskryf. Die vraag is nou: Hoe hou dit verband met geloofsonderskeiding as leierskapsvaardigheid om Christene te help om in pas te kom met missio Dei en 'n nuwe sosiale identiteit te ontwikkel vanuit ontmoetings met God?

Suspendeer: *("Suspend")*

In die kerk in Parow sal dit beteken dat die kennis van "hoe ons dinge nog altyd gedoen het" en ons kennis van "wie ons is" gesuspendeer moet word sodat die Parow gemeentes oop kan wees dat die Gees van Christus kan opdaag en ons kan transformeer sodat ons aksie kan neem om 'n nuwe sosiale identiteit te ontwikkel en te beliggaam.

Nuwe rigting: ("Redirection")

Dit gaan hier oor oop wees in die geloof dat God nuwe moontlikhede vir ons het, wat kan opdaag, dat in die "suspendering" van ons kennis en idees en metodes ons onsself net rig op God. Nuwe rigting gebeur in die geloofspraktyke van omgee groepe, nuwe manier van vergaderings hou, die vra van Godsvrae, die beoefening van Wandel in die Woord en Wandel in die Wêreld, die beoefening van persoonlike en korporatiewe geestelike dissiplines, en nuwe erns met die Bybel en gebed. Dit is alles deel van om in 'n nuwe rigting te begin kyk, weg van tradisie en gebruike en gewoontes

na God self, wagtend op transformerende bewuswording van Hom. Vir Sy leiding wag.

Laat vaar: (“Letting go”)

Geestelike leiers het baie rasionele kennis hieroor. Ons bid dikwels ook: “Kom Here Jesus, kom vernuwe ons. Ons gee onsself aan U oor.” Maar ons maak nie ons hekke oop sodat dit kan gebeur nie. Ons suspendeer nie ons vooropgestelde idees nie. Ons beweeg nie in spasies waar ons bewus kan word van die teenwoordigheid van Jesus Christus nie. Ons bely Sy teenwoordigheid rasioneel, maar ons ken en ervaar dit nie bewustelik, eksistensieel nie. Want ons weet nie hoe nie. Ons twyfel aan ons ervaring en heg hoër waarde aan ons rasionaliteit, ons kennis en ons planne, as in ons geloof dat ons bewuswording van Hom ons kan transformeer. Ons Westerse rasionele denke en teologiese opvoeding verhinder ons.

Kristallisering: (“Letting come”)

Ons het baie min eksistensiële ervaring hiervan. Ons praat makliker hieroor. Die rede is ons Westerse klem op rasionele denke en emosionele beheer.

Kristallisering is wat gebeur wanneer in die proses van geloofsonderskeiding iets begin gebeur met ŉ groep gelowiges wat die tiende of twintigste keer of baie meer kere dieselfde teks lees en vra: Wat sê God vir ons? As mense werklik begin glo dat God die nuwe sal laat opdaag uit Sy Woord begin leef, dan begin hulle die ervaring van kristallisering ervaar. Die beskamende werklikheid is dat ons so diep vasgevang is in ŉ Christendom paradigma wat die Bybel hanteer as ŉ gewone boek wat met rasionele denke verklaar en verkondig moet word. Al bely ons hartstogtelik dat ons anders glo! Ons moet vir geen oomblik onderskat hoe diep onsself vasgevang is in die Westerse sisteemdenke met dieper geloof in rasionaliteit en wetenskaplike logiese kennis as in die Triniteit nie.

Voortbring (“turning outward”)

In geloofsonderskeiding is dit die plek waar aksie begin volg op dit wat duidelik word, al is dit tentatief en voorlopig en al gaan dit gepaard met risiko. Hier is die plek waar in geloof oor grense gegaan word, ge-eksperimenteer word, gewaag word.

Vassluit ( “institutional embodiment”)

Dit is waar nuwe gemeente-gebruike kultuur en praktyk word, “the way we do things here.”

Sentrale navorsingsvraag

In die proses van verandering waarin Parow Ring die afgelope twintig jaar betrokke is, is nie gefokus op sosiale transformasie nie, maar op herstrukturering. Soos reeds aangetoon is dit vlak 1 verandering. Dit was onmoontlik om sosiale transformasie teweeg te bring omdat die geestelike leiers besig was met “aflaai” van ou verstaanraamwerke. Ten minste het hul geweet dat daar ŉ paradigma skuif moet plaasvind. Die paradigma skuif se teologiese basis is missio Dei. Egte geloof in missio Dei beteken ons moet die praktiese vaardigheid van geloofsonderskeiding bemeester om

so in pas te kom met Triniteit. Om met Triniteit te dans in Sy die storms van verandering, want Sy koninkryk is hier, teenwoordig, in die storms

Dan begin mens anders dink oor die storms van verandering. Miskien is die storms van verandering niks ander as die geboorteproses van 'n volgende fase van menslike geskiedenis waarin die koninkryk van Jesus anders gebeur as wat ons dit tot dusver vir ons voorgestel het.

As ons verstaan hoe geloofsonderskeiding werk, met die verheldering wat Scharmer se fenomenologiese beskrywing bring, sal ons leer hoe om as geloofsgemeenskap in liefde saam in die spasies in te beweeg waar ons bewus kan word van God en ons getransformeer kan word.

Scharmer se werk rondom die leierskapvaardigheid van presencing is van uitsonderlike belang en waarde vir die geestelike leiers in Parow wat diep geestelike transformasie prosesse moet begelei in die jare wat kom.

## 8.6 ALGEMENE BEGINSELS VAN DIE ONTLUIKENDE LEIERSKAPVAARDIGHEID: *PRESENCING*

Dit is belangrik om te verstaan dat *presencing* 'n individuele en kollektiewe vaardigheid is. Scharmer beskryf dit soos volg (Scharmer, 2000:21):

"*Presencing* is as much a collective or organizational phenomenon as it is an individual or personal one. Presencing signifies the process of coming-into-being of emerging futures. Presencing in the context of organizations and large systems is contingent upon and embodied in the following principles."

Scharmer beskryf sewe beginsels van *precensing* wat ek net baie kortliks beskryf omdat elkeen belangrik is vir die leierskapsvaardigheid van geloofsonderskeiding wat geestelike leiers nodig het in die transformasie prosesse van geloofsgemeenskappe op soek daarna om in pas te kom met missio Dei.

## 8.7 BEGINSEL EEN: VOORRANG VAN PRAXIS

Schwarmer is van mening dat die huidige werklikheid van mense die beste plek is om enige veranderingsproses te begin. Daar moet gereflekteer word oor die bewussyn of voorveronderstellings waarmee hulle hul huidige realiteit skep en in stand hou. Sodra mense bewus word van hul voorveronderstellings waaruit hul praxis gebou word kan hulle gehelp word om die aandag te skuif deur aandag buigpunte soos "suspendering van veronderstellings", "nuwe rigtings soek", "laat vaar" (Scharmer, 2000:21).

## 8.8 BEGINSEL TWEE: OMKEER VAN HOUER EN INHOUD

Wanneer mense beweeg van een kognitiewe spasie na die volgende een, d.w.s. deur die kognitiewe spasies van sien, aanvoel, visionering, aksie en beliggaming (Fig. 5) is daar elke keer dieselfde gebeure, naamlik (Scharmer, 2000:23):

"a switch or reversal from one container and content of cognition to the next. During the first switch, which Varela refers to as suspension, the old mental models are moved from the center to the fringes, thereby opening up another cognitive space, the space of seeing. Then, while moving from seeing to sensing, another switch occurs: this time the content of seeing moves from the center to the periphery of at-

tention, thereby opening up a space for the sensing of emerging patterns. Then, the content of sensing moves from the center to the fringes of attention, opening up a cognitive space for presencing the not-yet-embodied world of possibilities, and so forth."

## 8.9 BEGINSEL DRIE: INVERSIE

Die gebaar van "laat-vaar" van voorveronderstellings en "die laat gaan" van ou weet, word omgekeer in ŉ "laat kom", "laat opdaag" van die nuwe (Scharmer, 2000:23-24).

## 8.10 BEGINSEL VIER: MIKRO / MAKRO SKUIF *(GAAN DEUR DIE OOG VAN DIE NAALD)*

Om deur die oog van die naald te gaan is ŉ eksistensiële ervaring. Dit is ook wat Christene in religieuse taal beskryf as bekering of wedergeboorte. Scharmer beskryf dit soos volg (Scharmer, 2000:24):

"Going through the eye of the needle is a threshold experience that happens at the bottom of the U at "point zero" between the downward and the upward path. The eye-of-the-needle experience has been described as "birth" or "breaking through a membrane." Going through the eye of the needle is better understood in terms of what it does to the nature of the individual-collective relationship. The essence and, to some **extent the mystery**, of the eye-of-the-needle experience is a very subtle switch in **how individuals relate to the collective whole** of the community (or team or organization) they are part of."

Wat Scharmer hierbo beskryf as die "gaan deur die oog van die naald" is die essensie van in die teenwoordigheid van Triniteit ingaan en deur die Woord en Heilige Gees vernuwe word, in ŉ oogwenk. ŉ Ervaring wat Christene gereeld behoort te ervaar as synde mense wat glo in die teenwoordigheid van Triniteit. Dat dit so akkuraat beskryf kan word in "sekulêre terme" is vir hierdie skrywer ŉ groot bemoediging en bevestiging van die teenwoordigheid van God in die wêreld en van missio Dei.

Aan die ander kant is die rede waarom Christene hierdie ervaring nie so dikwels ervaar nie, ŉ bevestiging van ons vasgevang wees in die Christendom paradigma, waar ons nog die taal en stories van die Christelike geloof gebruik, maar in die onderliggende verstaansraamwerk waaruit ons werklik in praktyk opereer, hou ons nie regtig rekening met die teenwoordige Christus nie. Ook is ons so vasgevang in die modernistiese paradigma van kennis-oordrag dat ons nie weet hoe die prosesse werk wat God self vir ons gee oor hoe verandering en groei plaasvind nie. In ŉ baie reële sin beskryf Scharmer fenomenologies Godgegewe prosesse hoe Christene saam verandering kan laat plaasvind, in hulself, maar ook kollektief.

Die invloed van ons onkritiese geloof in Westerse voorveronderstellings is enorm. Dit is die oorsaak dat ons vasgevang bly in die Christendom paradigma. Dieper as wat ons besef of kans sien om te erken.

Scharmer beskryf die proses waardeur mense wat vanuit die modernistiese, logiese, wetenskaplike denke opereer na ŉ ander plek van opereer skuif, wanneer hulle deur die "oog van die naald" gaan. In religieuse terme sou ons praat van bekering of wedergeboorte (Scharmer, 2000:25-26):

“Going through the transformative U-shaped process allows individuals and groups to operate from a different place, where their Self becomes an open gate through which new social substance flows into being. The transformation of the old social substance, — i.e., switching from re-enacting the patterns of the past to sensing and embodying emerging futures—can only work if the eye of the needle is at the center of this metamorphosis. It is as if the old social body goes through a deathlike transformation that allows for a different quality of social substance to re-emerge. The emergence of the new social substance is a truly collective phenomenon. But it can only occur when individuals, at the eye of the needle, succeed in turning themselves into instruments of the emerging new.”

Vir Scharmer is daar net twee moontlikhede om nuwe sosiale werklikhede vir ons oop te maak. Vanuit die verlede of vanuit die toekoms. Hy kies om vanuit die toekoms te leer. In religieuse taal sou dit ŉ keuse vir spiritualiteit wees, teenoor institusionalisering, dit sou wees om oop vir en wagtend op God te wees, wagtend dat ons bewus sal word van Sy teenwoordigheid en ons in die proses sal transformeer sodat Sy koninkryk in ons en deur ons kan kom (Scharmer, 2000:26):

“Presencing is a birth-giving activity. It is about bringing one’s Self into being as one accesses the sources of one’s highest creativity. The experience of presencing is twofold: co-creating and giving birth to a new reality and, at the same time, being transformed and born into a new world by the very same process.”

## 8.11 BEGINSEL VYF: SISTEEM AANVOELING: DIE OPDAAG VAN DIE GEHEEL (“THE COMING-INTO-PRESENCE OF THE WHOLE”)

Met “sisteem aanvoeling” bedoel Scharmer daar is ŉ skuif, weg van die plek van waar waarneming gebeur. Die skuif is vanaf die (2000:26):

“external perspective of “spectator consciousness” (cognition levels 1 and 2) toward sensing and dwelling within the phenomenon of a “participatory consciousness.” (cognition levels 3 and 4).

Wat Scharmer bedoel is die volgende: In die proses van *presencing* is daar ŉ skuif weg van individualisme na die ervaring van deel wees van iets groter, meer, van die geheel. Die geheel daag egter altyd op as dele (2000:27):

“If the whole presences within its parts, then a part is a place for the presencing of the whole. … a part is special and not accidental, since it must be such as to let the whole come into presence. This specialty of the part is particularly important because it shows us the way to the whole. It clearly indicates that the way to the whole is into and through the parts. It is not to be encountered by stepping back to take an overview, for it is not over and above the parts, as if it were some superior all-encompassing entity. The whole is to be encountered by stepping right into the parts. This is how we enter into the nesting of the whole, and thus move into the whole as we pass through the parts.”

Daarmee bedoel Scharmer wat Christene baie goed verstaan, naamlik dat God in elke individuele gelowige is, maar ook kollektief in die gemeenskap van gelowiges.

Die gelowige het die gemeenskap van gelowiges nodig en die gemeenskap van die gelowiges kan alleen funksioneer deur die individuele gelowiges.

## 8.12 BEGINSEL SES: ALGEMENE WIL: DIE MAG VAN INTENSIE

Hierdie beginsel wat werksaam is in *presencing* volgens Scharmer, beskryf hoe ŉ algemene wil gevorm word wanneer ŉ groep deur *presencing* ŉ gedeelde visie ontdek en 'n aanvoeling ontwikkel vir die toekoms. Dit maak vir hulle rigting oop. Visie vorming is egter net een stap, daar is heelwat meer betrokke.

"The process of uncovering and accessing common will includes more than what is generally known as "visioning." Common will evolve only after the process of uncovering the layers of reality" (Scharmer, 2000:28).

Die vorming van ŉ algemene wil is ŉ proses wat begin by individuele vrae, verhale en ervarings. Dit gaan voort deur bewuswording van nuwe omgewings en werklikhede wat ander reeds ingegaan het, byvoorbeeld besoeke aan gemeentes wat reeds in ander werklikheidsvelde funksioneer, oorgrens-ervarings.

Die volgende fase is om die buite ervarings te gebruik as klankbord vir eie selfverstaan. Wie is ek? Wat is my roeping? Die fase gaan daaroor om die ontluikende toekoms te konnekteer met my individuele self, maar ook met die kollektiewe self waarin ek my bevind (Scharmer, 2000:28).

"In practice, the process of accessing common will is a deep transforming journey. At the heart of this journey is the crossing through the eye of the needle that was described above. But the principle of intention and will adds another dimension: as intention and will quicken and crystallize, the result is a transformation of one's identity from victim to co-creator through whom new worlds are being brought to the fore" (Scharmer, 2000:29).

## 8.13 BEGINSEL SEWE: DIE FEILBARE SELF (DIE MAG VAN LIEFDE)

In Scharmer se beskrywing van die beginsel van die "feilbare self" in die gebeure van *presencing* is dit weereens duidelik dat sy fenomenologiese beskrywing van die gebeure ook ŉ goeie analise is van wat gebeur in geestelike leiers se transformasie prosesse. Wat hy beskryf in sekulêre terme is niks anders as wat Christene beskryf as die teenwoordigheid van Triniteit in die lewe van elke mens op aarde. Christene glo God is liefde. Scharmer verwys nie na God nie, maar hy skryf:

"William O'Brien, the former CEO of the Hanover Insurance Company, has summarized his experiences in leading change as follows: "The success of an intervention depends on **the interior condition** of the intervenor" (private conversation). In other words, the success of a tangible move in a particular situation depends on the **intangible "interior condition" of the intervenor**. The capacity to create such an interior condition is becoming one of the most significant topics for

future research and practice. Says Jaworski: "When you open your soul and when you **bring your whole heart into the room**, it changes the structure of the room." The question though remains: **What interior conditions allow us to access this mode of presencing?** The principles of micro-macro switch (shift of relationship), systems sensing (shift of mind) and common will (shift of intention) outline three

critical conditions of presencing. Bill O'Brien has touched on a fourth condition--maybe the most important. He says there is only one source that allows this to happen**: love**. He does not mean love as an emotional phenomenon, but love as the source of knowledge and will. According to O'Brien, the essence of love is **"to help others to complete themselves**." Joseph Jaworski made almost the same observation. When I asked him what the single most important insight he had had since publishing his book Synchronicity, he responded, **"The key to all of this is love**" (Scharmer, 2000:29-30).

Die Christelike geloof se diepste verstaan van die missionale God is juis dit: *God is Liefde.* Ons weet dit uit ervaring, ons leer dit uit ons tradisie, uit beide die mistieke en rasionele tradisies. Hier hoor ons die waarheid uit die mond van ŉ sakeleier wat erken is as een van die suksesvolste in die skepping van ŉ positiewe sake-kultuur, William O' Brien (Scharmer, 2000:29-30):

"The key to it all is love."

Scharmer aanvaar hierdie waarneming nie maar net as ŉ geloofsuitdrukking van O' Brien nie, maar beskryf dit as ŉ fenomenologiese werklikheid (Scharmer, 2000:30):

"love may not be the single source of social reality formation today. But it certainly is the only source of operating in that emerging way that I have seen many people operating in and that this paper attempts to describe."

## 8.14 GEREEDSKAP VAN DIE VAARDIGHEID PRESENCING: *LUISTER EN DIALOOG*

Scharmer beskryf die gereedskap tot beskikking van die leier om die vaardigheid van *presencing* te beoefen as luister en dialoog skep. Soos ŉ houtwerker se gereedskap ŉ hamer en ŉ saag is, so is luister en dialogiese vermoë, die leier se gereedskap.


Dit is die enigste gereedskap wat die leier tot sy beskikking het om *presencing* te beoefen. Hoe goed hy in die vaardigheid van presencing sal vaar het dus te doen met hoe goed hy die gereedskap van luister en dialoog kan hanteer. Dit beteken dat die vaardigheid van die leier om te luister enŉ luisterkultuur te skep en die vaardigheid van die leier om in dialoog te gaan en ŉ kultuur van dialoog te skep is die heel belangrikste vaardighede om *presencing* te laat gebeur.

Dit beteken dus dat ŉ leier wat vaardig is in luister en dialoog skep, ook beter sal vaar met geloofsonderskeiding en om ŉ geloofsonderskeidings kultuur te skep. Hierdie insig verklaar ook waarom die NG kerk ook in Parow gesukkel het om ŉ kultuur van geloofsonderskeiding te vestig. Predikante en geestelike leiers is nie geleer om te luister en dialoog te voer nie, maar te verkondig. Die Westerse sisteemstorie is een waarin rasionale denke en kennis, hoër aangeslaan word as luister en dialoog voer.

## 8.15 GEREEDSKAPSTUK 1: LUISTER

Figuur 6 stel vier verskillende plekke voor van waaruit ŉ sisteem kan opereer en luister tussen individue plaasvind.

Figure 6: Shifting the Locus of Listening




**In luister vlak 1** is my aandag net op myself (Ek-in-ego). Wat ek hoor is wat ek alreeds weet. Daarom is al my luister gewoon aflaai (downloading) en bevestiging van my eie verstaansmodelle en vooroordele. Ek kan weet ek luister op vlak 1 as die situasie al my verstaansmodelle en vooropgestelde veronderstellings bevestig (Scharmer, 2000:30).

**In luister op vlak 2** skuif die aandag weg van myself na die periferie. (Ek-in-dit). Ek gee aandag aan elke woord wat gesê word. Ek soek na dit wat my eie verwagtinge en verstaanmodelle kan deurbreek. Ek sien die ander persoon as ŉ “dit”, ŉ “entiteit”, apart van myself. Ek weet ek luister op vlak 2 wanneer ek verras word deur iets nuuts daar buite (Scharmer, 2000:31).

**In luister op vlak 3** ervaar ek nie die ander persoon as ŉ “dit” of “ding” nie, maar as ŉ “jy”, ŉ ander persoon. (Ek-in-jou). Dit is die begin van dialoog. Dit beteken dat jy dit regkry om op subtiele wyse die wêreld deur die oog van die ander persoon te sien (Scharmer, 2000:31).

Hier gebeur ŉ betekenisvolle skuif in die luisteraar, weg van “sien” (vlak 2) na “aanvoeling” (vlak 3). Ek weet ek het buite die grense van myself en my organisasie beweeg wanneer ek selfs net vir ŉ oomblik die ervaring van konneksie, eenheid met die ander persoon beleef (Scharmer, 2000:31).

**In luister vlak 4** is die aandag nog verder weg van self en ego. Hier is ʼn self-transenderende ervaring waar die afstand tussen ek en jy verdwyn en ons beide deelword in iets groter. Hier is die skuif weg van "aanvoeling" na "opdaag' (*presencing*) (Scharmer, 2000:31).

"The difference between the two is that sensing taps into emerging futures in one's environment while presencing uses one's highest self to sense and embody what is about to emerge" (Scharmer, 2000:32).

Ek weet ek gebruik my vlak 4 luistervaardigheid wanneer die grense tussen my en ander verdwyn en die luister geskuif het na die luister na die geheel, na die ander, na alles  (Scharmer, 2000:32).

So ʼn luister is transformerend en dit is die soort luister wat geestelike leiers graag wil kweek, die gesamentlike of kollektiewe luister na die opdaag van Triniteit, die Geheel, God self. So ʼn kollektiewe "hoor van God" sal ons transformeer en ons al-meer maak wie ons werklik is. Dit sal ons nuwe identiteit laat aanbreek vanuit die bewussyn van die teenwoordige God. **Die skuif vanaf die bevestigde identiteit as NG kerk na missionale kerk wat aansluit by missio Dei kan slegs luisterend in geloofsonderskeiding gebeur.**

Hierdie beskrywing van luister as die gereedskap van leiers is baie waardevol en dui ook aan watter vaardighede ons moet ontwikkel by leiers as ons hulle wil help om lewenstransformerende geloofsgemeenskappe te ontwikkel.

Sentrale navorsingsvraag

Dit help ook om eensklaps te verstaan waarom die pogings van die Ring om verandering in die Ring van Parow teweeg te bring nooit wou werk in twintig jaar nie. Fokus op strukture is nie die antwoord nie. Fokus op luister en dialoog is die weg tot verandering. Dit verklaar ook waarom die retraites in die Ring gehelp het om beter insig te bring. Die luister wat in die prosesse plaasgevind het was van waarde. Die kerk is bewus van die waarde van luister. Die vraag is of ons genoeg doen om die vaardighede van geestelike leiers rondom luister en dialoog te ontwikkel?

Dit is presies op die vlak van luister dat ons meer effektief moet begin word en baie het om te leer. Hierdie insigte het baie groot implikasies vir die ontwikkeling van geestelike leiers en hul fasiliterings en liturgiese vaardighede. Die antwoord lê nie noodwendig in meer en beter kennis nie, maar groter vaardigheid in luister en dialoog voer. Dit kan ons help in ons geloofsonderskeidende saamluister na en wag vir die opdaag van bewuswording van God, die "Whole, (W)Hole, (W)Hole-in-One, (W)Holiness."

Luister is groot uitdaging

Dit is ʼn groot uitdaging vir geestelike leiers, want die basis van waar ons opereer is om te praat, te vertel, te verkondig, aan die woord te wees, in die sentrum of beter, op die preekstoel te staan. Ons basis of vertrekpunt moet skuif, weg van die plek waar ons in beheer voel en ons dink ons mag lê, na ʼn ander plek, om te luister, nie net na ander nie, maar veral na die Gans Andere. Die uitdaging is ten diepste, om die hele organisasie, die gemeente te help om te skuif, van praters na luisteraars, na

mekaar en na die teenwoordige Gans Andere. Luister is die roete na dieper bewussyn, daarom is dit so ŉ uiters belangrike vaardigheid. Dit help ons om begrip te ontwikkel van ons deelhê in die groter geheel, die Groter Geheel van missio Dei.

Scharmer beskryf hierdie uitdaging soos volg:

"This account captures a critical challenge that most leaders of organizational change face today: learning to shift from playing the small instrument (i.e., operating from listening 1 and cognition 1, which are bounded by what we already know) to playing the macro violin (i.e., operating from listening and cognition 4, which go beyond the current boundaries and tap into the sources of emergence). From **this view, the essence of leadership is the capacity to switch the place from which a system operates"** (Scharmer, 2000:33).

Die belangrikheid van bostaande paragraaf kan nie onderskat word vir geestelike leiers se taak in hul transformasie pogings nie.

## 8.16 GEREEDSKAP STUK 2: DIALOOG


Die kwaliteit van gesprekvoering van wesenlike belang. Veranderings prosesse faal dikwels omdat dit nie die huidige en ontluikende werklikhede van die sisteem verstaan of oopmaak nie. Die gesprekke/dialoog slaag dikwels glad nie daarin om die kompleksiteit van die onderliggende sisteem te beskryf nie.

"Often, the quality of conversation is unable to capture the system's complexity. Without adequate dialogue, teams are unable to express their tacit, taken-for-granted assumptions about how the system really works or doesn't work" (Scharmer, 2000:33).

Dit het gebeur in die Ring van Parow, dat ten spyte van baie ure en dae en weke se gesprekke en konferensies, die kompleksiteit van die onderliggende sisteem nie na behore verstaan is nie. Die onderliggende sisteem is net baie groter en meer as wat in die gesprekke en dialoog in die Ring se analises na vore gebring is. Daar is nooit werklik met die ander gepraat, op so ŉ wyse dat daar ŉ bewussyn kon ontwikkel van die teenwoordige Ander. In die retraites moes daar sulke ervarings wees, maar dit het elke keer na vlak 1 veranderinge teruggekeer, struktuurverandering, wat nie kon slaag nie.

## 8.17 TAAL-GEE: VIER VELDE VAN DIALOOG

Scharmer beskryf vier velde van dialoog in organisasie of sisteem:




**Veld 1: "Mooi-praat":** Reproduseer of "aflaai" ("download") van bestaande taalspel. Dit is praat sonder dat enigeen eers hoef te dink (Scharmer, 2000:34).

**Veld 2: "Sterk praat":** (Debat) Hier pas die taalspel aan by dit wat werklik in die koppe van die deelnemers aangaan. Gesprekvoering vind plaas oor die werklike probleme en sake. Mense word uitgedaag om te dink (Scharmer, 2000:34).

**Veld 3: "Reflektiewe dialoog":** In hierdie gesprekke word gefokus op die veronderstellings van die verskillende gesigspunte van deelnemers aan die gesprek. Die gesprek ondersoek die onderliggende veronderstellings van die huidige werklik-heid en die aangevoelde opdagende werklikhede. Elke deelnemer ondersoek sy eie voorveronderstellinge tesame met die van ander se voorveronderstellings. Dit is wat by ons bekend geword het as waarderende luister of "appreciative inquiry" (Scharmer, 2000:34).

**Veld 4. "Generatiewe dialoog":** Scharmer beskryf dit as: "going through the space of emptiness and arriving at a timeless sphere and source that reconnects us with our highest potential, both individually and collectively; *presencing*." (Scharmer, 2000:34).

In sy beskrywing van generatiewe dialoog beskryf Scharmer in sekulêre taal die bewuswording van die teenwoordigheid van Triniteit in ons vergaderinge en byeenkomste, maar ook in die raadsale en opleidingslokale van gewone mense in gewone alledaagse maatskappye.

Wie hierdie fenomenologie van gespreksvelde of dialoogvelde begryp verstaan eensklaps hoe ons gesprek/dialoog in ons gemeentes moet ontwikkel om ons in kontak met God te bring en Hom as gespreksgenoot toe te laat, maar dit bring ook insig in die verstaan van die missionale God wat ons nog altyd makliker verbind met die kerk, die Bybel, die kruis, die kansel, kerkgeboue en gebede. Die vraag is: Sal mens Hom werklik vind in die markplein deur die aktiwiteit van luister? Kan Hy wat Homself bekend maak as "Ek is wat Ek is, opdaag sonder dat Hy by naam genoem word? Is dit nog Hy? Is dit Hy wat opdaag in die generatiewe luister van ŉ span leiers wat byeenkom in die Verenigde Nasies se raadsale en saamdink en gesprek voer oor die nood van die wêreld. Of by die span van Microsoft wat byeen is om te droom oor nuwe sagteware wat makliker bruikbaar is deur Afrika kinders? Of is die God van Abraham en Jacob en Isak nie hierby betrokke nie?

## 8.18 TAAK VAN LEIER RONDOM GESPREK / DIALOOG

Die eerste taak van die leier wat verandering begelei is om uit te beweeg uit die veld van "mooi praat" en die vermoë te ontwikkel om met gemak in al vier velde van gesprek te beweeg.

"However, the question remains: What sorts of interventions or speech-acts allow a system to shift the place from where it operates?" (Scharmer, 2000:34).

Want dit is leiers se groot taak, naamlik om mense te help om die plek vanwaar hulle opereer, te skuif *(Leadership = Shifting the Place from Which a System Operates)* (Scharmer, 2000:34).

Leiers moet mense help om gesprek van een veld na die ander te laat beweeg voordat transformasie kan plaasvind. Die skuif van reflektiewe dialoog na generatiewe dialoog (Figuur 8) behels ŉ verdere skuif: ŉ Skuif van ondersoek na eie vooronderstellings na leegheid en oorgee aan die ontluikende nuwe. (generatiewe dialoog of *presencing*)

In *presencing* is die plek waarvandaan ek opereer identies met die plek waar ons opereer. Dit beteken dat die plek vanwaar die leier opereer bepalend is vir die plek vanwaar die groep opereer. Hier is waar die ou spreukwoord vandaan kom, naamlik dat ŉ gemeente nie by die geestelike leier of predikant kan verbygroei nie.

"In *presencing*, the place where I operate is identical to the place where we operate. It emerges from the presence or the coming into being of the larger whole. Thus,

like reflective dialogue, generative dialogue is based on reconnecting what we think and say with what we do and see" (Scharmer, 2000:36).

Die drama van dialoog speel uit in al vier tipes van gesprek. Hoe makliker spanne oor hierdie velde van gesprek kan beweeg, hoe vinniger sal leer en transformasie plaasvind.

Hieruit vloei die uiters belangrike insig dat dit net so belangrik is vir spanne om die vaardigheid en insig rondom gespreksvelde aan te leer as nuwe kennis. Leiers moet hiervan kennis neem en vaardig raak in al die velde van gesprek, maar veral reflekterende dialoog en generatiewe gesprek.

"The essence of moving from fields I, II, and III to field IV (I-in-now) is not only to shift from Type I learning (reflection) to Type II learning (presencing) but also involves a **profound aesthetic experience**. At the heart of this experience is a spheric expansion and enhancement of one's own experience of self" (Scharmer, 2000:36).

As die leier geen idee het hoe om dialoog te voer en nie in die verskillende velde van dialoog beweeg met gemak nie, sal al die kennis in die wêreld nie die groep kan beweeg nie. Daarom is die uitdaging nie net nuwe kennis nie, maar vaardigheid om dialoog te voer. Hierdie vaardigheid is nie maklik om te ontwikkel nie. Dit is presies hier waar die probleem wat aangevoel word rondom kerkkonsultante en die opleiding van predikante by universiteite en kweekskole ook in gedrang kom. Die antwoord op die uitdagings van die kerk is nie net in kennis nie, maar in die hoe van lewe, in die hoe van verhoudings.

Antwoorde daag op, dit kan nie gegee word nie. Transformasie kan nie gebring word na mense nie. Mense kan dit alleen dialogies in verhoudinge ontdek. Transformasie gebeur, dit daag op tussen die deelnemers, dit kan nie van buite af gebring word of aangekondig word nie. Dit is ŉ diep bevestiging van die oer oue waarheid van God wat teenwoordig is by al Sy mense. Gereed is om transformasie en vernuwing te bring. Hulle moet Hom net soek en wag, luisterend.

## 8.19 KONKLUSIE: PRESENCING: ŉ ONTLUIKENDE SESDE DISSIPLINE?

Die uitdaging wat Scharmer beskryf vir leiers vra dat leiers ŉ nuwe vermoë moet ontwikkel. Scharmer beskryf hierdie vermoë vanuit die perspektief van leer, verandering en begrip, terwyl hy sowel die individuele en kollektiewe aspekte van die ontluikende vermoë beskryf. Die naam wat hy aan die vermoë gee is "*presencing*."

"Presencing is both a collective/organizational and an individual/personal experience in which the Self becomes the gate through which the new comes into reality. It is the discipline of bringing one's full Self into presence and use one's highest Self as vehicle for sensing and bringing forth new worlds" (Scharmer, 2000:40).

"The power of presencing may be related to using the Self as the eye of the needle for transforming social substance" (Scharmer, 2000:41).

Die implikasie hiervan is eenvoudig, maar van die uiterste belang:

**"There is only one sustainable tool for leading change in the 21st century. This tool is the leader's Self. Your Self.** It is the capacity of the "I" to transcend the boundaries of its current organization and to operate from the emerging larger whole (I-in-now) both individually and collectively. Building on Schein's definition of leadership as "the ability to rise to the occasion," we can conclude that the leader's real work is to create conditions that allow leaders – that is: everybody who rises to the occasion - to shift the place from which their organization or system operates" (Scharmer, 2000:41).

Dit is wat Jesus gedoen het. Homself op die spel geplaas het. Ons is in so ŉ tyd. Konsultante kan ons help tot op ŉ punt, dan is onsself op die spel. Die bediening het ŉ "blood and guts" bediening geword, nes Jesus s'n. Leiers moet met integriteit ope-

reer vanuit hul diepste identiteit, hul verbintenis aan Jesus Christus. Om strukture te verander wat nie ŉ persoonlike prys van leiers vra nie, sal nie werk nie. Dit het die ervaring in Parow Ring gewys. Daarom het die struktuur planne van die Ring van Parow nie gewerk nie. Die leiers moet bereid wees om elkeen self deur die oog van die naald te gaan, voordat die transformasie proses ŉ aanvang kan neem, by wyse van spreuke. Daar is nie ŉ ander weg nie.

Daarby bly dit die poging tot transformasie van die Ring van Parow ŉ proses van persoonlike leer en veral die aanleer van die vaardigheid van *presencing* wat op ŉ manier ook die praxis van liturgie beskryf, naamlik om die gemeente te lei in die teenwoordigheid van die opdagende God wat ons gaan transformeer.

Sentrale navorsingsvraag

Waarom kon die Ring van Parow in die afgelope twintig jaar, sedert 1990, nie die uitdagings van die groot demografiese verskuiwings in sy konteks, Parow, hanteer nie?

In hierdie hoofstuk oor die fenomenologie van die leierskapvaardigheid *presencing*, het talle antwoorde na vore gekom. Die vraag word finaal geantwoord in die laaste samevattende hoofstuk van hierdie studie.

# Hoofstuk 9

## 9. GEVOLGTREKKINGS VAN DIE STUDIE

## 9.1 DOEL VAN HOOFSTUK

In hierdie hoofstuk beantwoord ek die sentrale navorsingsvraag opsommend: Waarom kon die Ring van Parow in die afgelope twintig jaar, sedert 1990, nie die uitdagings van die groot demografiese verskuiwings in sy konteks, Parow, hanteer nie?

Verder som ek ook die doel van hierdie navorsingstuk op. Die doel hiervan was om die reaksie van geestelike leiers op die uitdaging van grootskaalse verandering in die Parow Ring sedert 1990 te beskryf en ŉ beknopte literatuur studie te doen oor die aard van die uitdagings vir geestelike leiers en om nuwe teologiese perspektief te bring op die praktyk van gemeente-bediening in die toekoms.

Moeilike persoonlike reis vir geestelike leiers

Die geestelike leiers in Parow het die afgelope twintig jaar op ŉ baie harde en moeilike reis ontdek dat die storms van globalisering, postmodernisme en post-Christendom alles verander het. Na ŉ stormagtige twintig jaar is daar net oorblyfsels van ŉ Ring wat eens die grootste in die NG kerk was. Van twaalf gemeentes in 1990 het slegs ses oorgebly waarvan drie van rente en huurinkomstes afhanklik is vir oorlewing. Van ŉ twintigtal predikante is sewe oor, waarvan een ŉ tentmaker is. Die gemeentes het gekrimp van 13193 lidmate in 1990 tot 6188 lidmate in 2010. Die persoonlike koste wat verduur is in prosesse van gemeentes-sluiting en verlies van geestelike leiers in die afgelope twintig jaar is nie berekenbaar nie.

Ons staan aan die begin van ŉ volgende twintig jaar waarin die storms in hewigheid nie gaan afneem nie, maar sal toeneem. Die pyn wat geestelike leiers die afgelope twintig jaar moes verduur, was nie verniet nie. Die pyn en nood van die kerk is so groot dat daar min twyfel is dat gelowiges meer gereed as ooit is om te begin met ŉ diep soeke na God se stem in ŉ geloofsonderskeidende reis.

Die belangrikste rede vir die moeisame reis is omdat ons almal tot die ontdekking moes kom: Die antwoord op die uitdagings van die storms is nie:

in moeisame strategiese beplanningsprosesse, hoewel dit noodsaaklik is,
in meer inligting en bestuurstrukture nie, hoewel dit noodsaaklik is,
in meer kennis en meer programme, hoewel dit noodsaaklik is,
in nog kursusse, in nog ŉ gemeentebedieningsmodel opgedroom deur dominees nie, hoewel dit noodsaaklik is,
in kerk-konsultante en gemeente-bou-prosesse, hoewel dit noodsaaklik is.

Die antwoord op die sentrale navorsingsvraag is in die twee groot paradigma-skuiwe wat die studie beskryf. Spies het reeds aangevoel dat ŉ paradigma skuif nodig is en die Ring het in hul gesprekke en beplanning voortdurend ook gepraat oor die paradigmaskuiwe wat moet kom. Hierdie studie spel die paradigma-skuiwe uit op twee vlakke. **Die leiers het eenvoudig misluk omdat hulle nêrens hierdie paradigmaskuiwe gemaak het nie.**

## 9.2 EERSTE PARADIGMA SKUIF: MISSIO DEI

Die eerste paradigma skuif is ingebed in die missio Dei teologie. Wie oor God begin dink vanuit missio Dei teologie begin verstaan God is aan die werk in die wêreld, buite die kerk, net soos Jesus buite die Joodse godsdiens strukture gewerk het. Die Joodse godsdiens strukture het nie aangesluit by Jesus se werk nie, maar Hom doodgemaak.

Die NG kerk in Parow en haar geestelike leiers moet oor God begin dink vanuit die missio Dei teologie en begin aansluit by Sy werk by mense in die gemeenskap, mense wat anders as ons is, ŉ ander taal praat, wat ander soort eredienste sal hou, ander liedere sal sing, ander soort behoeftes het, ŉ ander kultuur het. Jesus is die beliggaming van die paradigma skuif wat ons moet maak. Hy het oor alle grense gegaan. Sy gesprekke met sondaars en slegte vroue, Sy etes met tollenaars, Sy keuse van dissipels (gewone vissermanne), Sy aanraking van melaatses, Sy opmerking dat wie kinders ontvang, ontvang Hom, is vreemd. As ons Hom werklik volg, sal ons ekklesiologiese denke en praxis skuif. Dit is die teologiese **paradigmaskuif van missio Dei**, om God te volg in dit waarmee Hy reeds besig is.

## 9.3 TWEEDE PARADIGMA SKUIF: GEESTELIKE LEIERSKAP SE ROL EN TAAK IS GELOOFSONDERSKEIDING

Die enigste moontlikheid om bogenoemde inhoudelike paradigma skuif van missio Dei te maak is deur ŉ tweede paradigma skuif. Hierdie tweede paradigma skuif het te doen met die rol en taak van geestelike leiers. Die **ontluikende leierskapsvaardigheid** wat moet ontwikkel, is die van **geloofsonderskeiding.** Die belangrike paradigma skuif wat in hierdie studie uitgelig word kom na vore in die begrip *presencing* soos verwoord in die volgende sin van Otto Scharmer (2000:41):

“The power of presencing may be related to using the Self as the eye of the needle for transforming social substance.”

Die implikasie hiervan is van uiterste belang:

“There is only one sustainable tool for leading change in the 21st century. This tool is the leader’s Self. Your Self (Scharmer, 2000:41).

Jesus het dit verstaan en gedoen. Hy het Homself gegee. Ons is in so ŉ tyd. Die bediening het ŉ “blood and guts” bediening geword. Nes Jesus s’n. Alan Roxburgh praat van apostoliese leierskap wat nodig is in hierdie tyd. Die uitdaging om die paradigma skuif te maak is dit: Leiers sal moet verstaan: Hulle persoonlike integriteit is op die spel.

Persoonlike transformasie

Die probleem is nie daarbuite nie, dit is hierbinne. Die antwoord op die uitdaging is binne myself. Ek moet verander. Persoonlik. Self! Ek kan die verandering nie forseer nie. Ek moet wag, soekend. Versugtend. Dit sal gebeur, soms neem dit ŉ Egipte, ŉ Rooi See, ŉ Woestyn, ŉ Ballingskap na Babilon, maar my bewussyn van Sy teenwoordigheid sal gebeur. Ek moet net persoonlik ingaan in die spasies wat gelowiges deur al die eeue besoek, in die oeroue geloofsgewoontes en dissiplines van die Christelike geloof. Die verandering en transformasie gebeur in hierdie spasies waar ontmoetings met Triniteit, met God ons Vader, met Jesus Christus, die Gekruisigde

en Opgestane Heer en met die Heilige Gees, die Teenwoordige plaasvind. Dit is waar die transformasie gebeur, **in die ontmoetings, in geloofsdissiplines en risiko-nemende doen-spasies**, maar binne myself, om my aan die dans te kry, saam met Triniteit op Sy missie in die wêreld.

Die **ekklesiologiese skuif** om die gemeente te help in pas kom met missio Dei kan alleen gemaak word **as die leiers eers self, persoonlike oorgange gemaak het** in **ŉ proses van innerlike transformasie**, ŉ proses waarin die wysheid van die gebruik van oeroue Christelike geloofsgewoontes ŉ belangrike rol sal speel. Leiers sal hierdie geloofsgewoontes moet gaan soek, bestudeer en inkarneer. Min uiterlike transformasie in die gemeente kan slaag voordat skuiwe gekom het in die geestelike leiers se persoonlike identiteit en selfverstaan nie. Die kwaliteit en integriteit van die persoonlike identiteit van geestelike leiers spoel oor in ŉ korporatiewe gemeentelike identiteit.

Die oorgang van persoonlike identiteit na ŉ korporatiewe identiteit kom deur die ontwikkeling van ŉ praktyk van geloofsonderskeiding. Vir die modernisties ontwikkelde brein is dit ŉ uitdaging, want ons glo onnadenkend en paradigmaties dat ons met ons denke en rasionele beplanningsprosesse, opleiding en kennis alles kan doen. Ons beleef onsself as apart van die gemeente, individueel, afgesluit van die ander. Die paradigma-skuif wat ons moet maak, is dat ons verby ons Westers gevormde sisteemstorie van rasionaliteit, kennis en individualiteit moet beweeg, uit ons Newtoniaanse verstaan van die werklikheid en vanuit ŉ kwantum-fisika verstaan van die werklikheid begin opereer. Ons moet ŉ sensitiwiteit ontwikkel daarvoor dat ons deel is van een Groot Beweging, dat ons leef vanuit die Beweging, die Beweging van missio Dei.

Ons taak as geestelike leiers is nie om net kennis af te laai nie, maar om sensitief te wees vir die beweging van Triniteit. Ons moet leer hoe om saam met Sy mense te onderskei waarmee Hy besig is. Ons moet bereid wees om saam met Hom te begin beweeg, te begin dans, al skuif ons net strompelend oor die dansvloer van die lewe, wetend dat uit Hom en tot Hom is alle lewe, ook alle politieke, ekonomiese en maatskaplike lewe.

Die paradigma-skuiwe vind plaas in liefdevolle gemeenskap, luister, maar ook aksie en doen. Coenie Burger skryf in sy boek: *Die dinamika van ŉ Christelike Geloofsgemeenskap:*

"Daar is geleenthede in die lewe van die gelowige waar eers gedoen moet word en later verstaan word" (Burger, 1991:60).

Ek is oortuig dat ons op so ŉ plek en tyd is.

Dit is hoe ons in die dans met Triniteit ingaan. Soos die eerste keer op die dansbaan, onseker, lomp, maar jy doen, jy maak die bewegings met jou eie lyf, bewus van jou lompheid, jou foute. So kan die nuwe NG kerk in Parow ontwikkel, so kan ŉ nuwe manier van kerkwees en nuwe ekklesiologiese identiteit ontwikkel word. Deur die moeisame weg van leer liefhê, luister, waag en risiko's neem en gehoorsaam wees. Al geloofsonderskeidend.

Dit alles vra nuwe soort leierskap, postmoderne, maar Bybelse leierskap. Die post moderne geestelike leier het geen behoefte om in beheer te wees van die verandering en vernuwing van Jesus se mense en Sy gemeente nie. Die post moderne, Bybelse geestelike leier is meer geïnteresseerd in hoe bewussyn geskep kan word van Jesus se teenwoordigheid by Sy mense, want in die bewussyn gebeur die vernuwing en innerlike transformasie. Die postmoderne geestelike leier vra hoe hy uit die pad moet staan sodat mense bewus kan word van Jesus se teenwoordigheid en transformasie kan plaasvind.

Andrew Purvis skryf in sy boek *The Crucifixion of Ministry* (Purvis, 2007:20):

“Wherever Christ is, there is the church. By sharing in the life of Jesus, we thereby share in God’s continuing ministry. This is the doctrine of our union with Christ, which is the principal work of the Holy Spirit. It is Christ, not we, who does the ministry.”

Die post moderne geestelike leier is meer geïnteresseerd in gehoorsaamheid, risiko en oor grense gaan, doen en beleef, as weet en seker wees. Die post moderne geestelike leier is deur siklusse van sinisme en teleurgesteldheid en het geëindig soos Thomas met ’n vinger in Jesus se wond: “My Here en my God.” (Joh. 20:28)

Die post moderne leier modelleer en praat nie net nie. Wat ons bereid is om te doen of nie te doen nie, gaan die verskil maak. Ons optrede en aksies gaan die verskil maak.

Die leiers se aksies en handelinge gaan of die patrone en sisteem storie van die verlede bevestig. Of die leier se aksies en handelinge gaan stadig maar seker ’n nuwe sisteemstorie en nuwe identiteit vestig.

Die gemeente se aksies en handelinge gaan die ou patrone en sisteemstorie van sterwende Christendom bevestig. Of die gemeente se aksies en handelinge gaan die nuwe ekklesiologiese sisteemstorie en identiteit, geloofsonderskeidend bou vanuit missio Dei.

Ten slotte

Andrew Walls help ons om perspektief te kry op die gebeure in Parow.

“The Christian story…. is not a steady, triumphant progression. It is a story of advance and recession. It decays and withers in the very heartlands, in the areas where it appears to have had the profoundest cultural effects. Crossing cultural boundaries, it then takes roort anew on the margins of those areas, and beyond” (Walls, 2002:12-13).

Kan die wit, Afrikaner, NG kerkmense van Parow die kerk transformeer? Natuurlik. Dit is God se mense. Hy het die kerk al die gawes gegee wat nodig is vir haar taak. Parow het al die gawes van die Gees tot haar beskikking. Vernuwing behels dat die geestelike leiers mense **begelei** om fundamentele skuiwe, innerlike oorgange te maak in hul sisteemstorie en gevestigde identiteit, hul outomatiese, onnadenkende denke en perspektiewe wat oor jare se ervaring gevorm is. Deur oor die grense van die demografiese veranderinge te begin beweeg, skuifelend en tentatief, geloofsonderskeidend en op die maat van missio Dei, kan iets nuuts ontluiks in Parow. Dit

sal egter nooit weer kan wees wat die NG kerk was nie. Dit is verby. Enige poging tot selfhandhawing en selfbewaring is gedoem.

**Die werklike transformasie werk is beide innerlike, bewussynswerk en gehoorsame doen.** Dit is ŉ groot uitdaging. Beide Scharmer en Roxburgh is dit eens. Om enige transformasie suksesvol te maak, moet mense innerlike oorgange maak, van een manier van dink en doen, na ŉ ander manier van dink en doen. Dit is moeilik, want mense moet dinge wat reg voel en jare lank reg was, laat gaan en ŉ nuwe normaal vir hulself ontwikkel. Dit is uiters moeilik. Daarom beskryf Scharmer dit as die beweging deur die oog van ŉ naald.

Mense moet nie as moeilik, liefdeloos, insigloos en negatief afgemaak word as hulle sukkel nie. Christus het drie jaar met Sy dissipels gewerk en hulle het steeds nie verstaan nie. Hy moes eers Homself as offer gee en die Heilige Gees stuur, voordat hulle begryp het. Wie is ons om dit makliker te wil hê? Die vraag wat ons eerder moet vra: **Hoe kry ons dit reg om mense liturgies te bring by ŉ bewussyn van die teenwoordigheid van God sodat ons almal saam deur die oog van die naald ervarings kan hê? Dit is die hart van die geloofsonderskeidende reis op weg saam met die missionale God.**

Ons moet by Jesus self leer oor transformasie: Die oorsprong en bron van transformasie is wat Jesus ons leer oor wat die heel belangrikste is: **Liefde vir God en die tweede wat hiermee gelykstaan, liefde vir mense.**

"Jesus se spiritualiteit behels nie die uiterlike nakoming van geestelike dissiplines nie. Dit gaan nie oor hoeveel keer Hy gebid het, of watter roetines Hy daagliks tydens Sy "stiltetyd" gevolg het nie. Veel eerder gaan dit oor Sy alles oorheersende liefde vir God" (Joubert, 2009:77).

God se transformasie is die innerlike transformasie van denke en hart. God se innerlike transformasie van individue transformeer gemeenskappe en die wêreld in al sy fasette. ŉ Individu wat verander, se verhoudinge verander, sy gesin en werksgenote ervaar dit, elke vreemdeling wat met die individu te doen het, beleef dit.

Mense se veranderingpogings is meestal net in uiterlike, sigbare strukture, maar die mens in die struktuur verander nie. Uiterlike struktuur verandering werk gou uit en mense raak verveeld daarmee. Die Ring van Parow het twaalf jaar lank probeer om die strukture te verander. Dit was futiel.

Die werklike uitdaging is om in dialogiese spasies in te beweeg waar God self die transformasie sal bring deur Sy Woord en Sy Gees. Dit is wat die vaardigheid van *presencing* behels. Vir geestelike leiers om die proses van geloofsonderskeiding ŉ werkende gemeentepraktyk te maak, sal hulle die persoonlike leierskap vaardigheid van *presencing* moet bemeester, anders sal geloofsonderskeiding net nog ŉ teoretiese model bly wat niks transformerend teweeg bring in die kerk nie.

## 9.4 DRIE NUWE HIPOTESES

Die NG kerk in Parow moet fokus op die transformasie van die geestelike leiers se teologiese paradigmas en hul persoonlike verbintenis aan missio Dei.

Geestelike leiers met ŉ nuwe teologiese paradigma moet die vaardighede van dialoog, luister en die beweeg na dieper vlakke van kommunikasie aanleer, aangesien dit ŉ basiese vaardigheid is wat geestelike leiers nodig het om geloofsgemeenskappe op die pad van geloofsonderskeiding en transformasie te begelei.

Die heel grootste uitdaging vir geestelike leiers en geloofsgemeenskappe is om opnuut of vir die eerste keer die teenwoordigheid van Jesus Christus te leer ontdek en uit daardie bewussyn begin leef. **Hoe word mens bewus van Christus se teenwoordigheid?** As ons dit begryp en telkens bewustelik met beide geloofsdissiplines (stilword) en gehoorsaamheid (doen), bewustelik in Sy teenwoordigheid kan inbeweeg, sal transformasie volg.

Hieroor sal baie diep nagedink moet word omdat geestelike leiers se opleiding (ook hul voortgesette opleiding) en funksionering plaasvind binne ŉ Christendom paradigma en diep gebed is in ŉ rasionele Westerse sisteemstorie waaruit ons onkrities leef en funksioneer.

Die genade is, God is self aan die werk in Sy wêreld, Sy koninkryk is reeds hier, aan die gebeur, onafhanklik van ons vermoë of onvermoë. **Ons moet bewustelik begin leef met die wete:** ons leef in Sy teenwoordigheid, op Sy aarde, gekies om deel te hê aan Sy missie, geroep om met Triniteit te dans in die hele aardse lewe.

# BIBLIOGRAFIE


Bartholomew, C. G., & Goheen, M. W. (2004). *The Drama of Scripture. Finding Our Place in the Biblical Story.* Grand Rapids: Baker Academic.

Boelhower, G. (2010). *The possibility of Practical Wisdom: An Interdisciplinary Model for Discernment.* Retrieved September 25, 2010, from www.metanexus.net: http://www.metanexus.net/magazine/ArticleDetail/tabid/68/id/10435/Default.aspx

Bosch, D. J. (1991). *Transforming Mission.* Orbis Books: New York.

Brown, C. (2000). The death of Christian Brittain. Routledge.

Brueggemann, W. (1986). *Hopefull Imagination.* Philadelphia: Fotress Press.

Burger, C. (1991). Die Dinamika van die Christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C. (1995). Gemeentes in Transito. Geleenthede in 'n Oorgangstyd. Kaapstad: Lux Verbi.

Carrol, J. W. (1991). *As one with authority: reflective leadership in ministry.* Louisville, Kentucky: Westminster/John Knox.

Castells, M. (2004). The Power of Identity, the Information Age: Economy, Society and Culture. Cambridge: Blackwell.

Guder, D. (2000). *The Continuing Conversion of the Church.* Grand Rapids: W.B. Eerdmans.

Hauerwas, S. (1990). *Resident Aliens: Life in the Christian Colony.* Nashville: Abingdon Press.

Hendriks, H. J. (1992). Gemeentes vertel: Verandering in 'n Christelike Geloofsgemeenskap. Kaapstad: Lux Verbi.

Hendriks, H.J. (1988, 1). Tendense in die Amerikaanse kerklike situasie en moontlike implikasies daarvan vir die kerk in Suid Afrika. NGTT, 41-54.

Hendriks, H.J. (1992). *Makrobediening.* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Hendriks, H.J. (1992). *Strategiese Beplanning in die Gemeente.* Wellington: Hugenote Uitgewers.

Hodgson:(1988). Revisioning the Church: Ecclesial freedom in the new paradigm. Fortress.

Joubert, S. (2007). *Die perfekte Storm.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Joubert, S. (2009). *Jesus. 'n Radikale Sprong.* Christelike Uitgewers maatskappy.

Keifert:(2006). Ons is nou hier. 'n Nuwe era van gestuurwees. Wellington: Bybelmedia.

Kerkjaarboek (1999).

Kerkjaarboek (2010).

Leddy, M. J. (1990). *Reweaving the Religious Life.* Twenty Third Publications.

Liebert, E. (2008). *The Way of Discernment.* Louisville: Westminster John Knox Press.

Louw, D. J. (1980). *Die Stad in die mens.* Pretoria: NKGB.

MacIntyre, A. (1981). *After Virtue.* Notre Dame: University of Notre Dame Press.

Marais, F. (2007). *Leef Luisteryk.* Wellington: Bybelkor.

McLaren, B. D. (2007). Every thing must Change: Jesus, Crisis and a revolution of Hope.

Mead, L. (1991). The once and future church: Reinventing the congregation for a new mission frontier. The Alban Institute.

Mockler, N., & Sachs, J. (November 2006). Tools for the teaching Profession in Troubled Times. *Australian Association for research in Education Annual Conference.* University of South Australia.

Moltmann, J. (1977). The Church in the Power of the Spirit. A Contribution to Messianic Ecclesiology. London: SCM Press.

Murray, S. (2004). *Post Christendom.* Waynesboro: Paternoster.

Neill, S. (1966). *A History of Christian Missions.* Harmondsworth: Penguin.

Newbegin, L. (1986). Foolishness to the Greeks: The Gospel and the Western Culture. Grand Rapids: Eerdmans.

Newbegin, L. (1989). *The Gospel in a Pluralist Society.* Grand Rapids: Eerdmans.

Niemandt, N. (2007). Nuwe drome vir nuwe werklikhede. Wellington: Lux Verbi.

Nouwen, H. (1987). *The way of the heart.* London: Daybreak.

Osmer, Richard R. 2008. *Practical Theology: an introduction*. Grand Rapids: Eerdmans.

Petersen, E. H. (2005). Christ Plays in Ten Thousand Places: A Conversation in Spiritual Theology. William B Eerdmans.

Purvis, A. (2007). *The Crucifixion of Ministry.* Intervarsity Press.

Reinhold, B. (2004). Retrieved September 19, 2010, from www.churchinnovations.org: http//www.churchinnovations.org_missional/mc_intro.html

Ringsverslag. (1990).

Ringsverslag. (1992).

Ringsverslag. (1995).

Ringsverslag. (1997).

Ringsverslag. (1999).

Ringsverslag. (2001).

Ringsverslag. (2002).

Robertson, R. (1992). Globalization: Social Theory and Global Culture.

Robinson, A. B. (2003). *Transforming Congregational Culture.* Grand Rapids: B. Eerdmans Publishing Co.

Robinson, M., & Smith, D. (2003). *Invading Secular Space: Strategies for Tommorrows Church.* Grand Rapids: Monarch Books.

Roxburgh, A. (2005). *The Sky is Falling.* Eagle, Idaho: ACI Publishing.

Scharmer, O.(May 25-26 2000) *Presencing: Learning from the Future as It Emerges.* Presented at the Conference On Knowledge and Innovation, Helsinki School of Economics, Finnland and the MIT Sloan School of Management, OSG, October 20th, 2000.

Scharmer, O. (2010, July 21). Retrieved July 21 , 2010, from blog.ottoscharmer.com: http://www/blog.ottoscharmer.com

Scharmer, O. C. (2009). *Theory U: Leading from the future as it emerges.* San Fransisco: Berret - Koehler Publishers.

Scherer, J. A. (1987). Gospel, Church, and Kingdom: Comparative Studies in World Mission Theology. Minneapolis: Augsburg Publishing House.

Schreiter, R. J. (1999). *Globalization as a Challenge to the Churches.* Retrieved July 2009, from www.usccb.net: http//www.usccb.et/conference/conference/conference

19/paper-Globalization schreiter pdf

Smit, A. (1995). Nuut gedink oor Leierskap in gemeentes. Kaapstad: Lux Verbi.

Spies, H. S. (1990). *'n Praktykteologiese ondersoek na die daling in lidmaattalle van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Ring van Parow."* Stellenbosch: Tesis ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Stevens, R. P., & Collins:(1993). The equiping pastor: A Systems approach to congregational leadership. The Alban Institute.

Sunter, C., & Ilbury, C. (2001). *The Mind of a Fox.* Cape Town: Tafelberg.

Van Gelder, C. (1999). *Confident Witness, Changing World.* Grand Rapids: Eerdmans.

Van Gelder, C. (2004, Summer). From Corporate Church to Missional Church. *Review and Expositor 101*, 425-450.

Van Rensburg, G., & Hendriks, J. (1994). *Vernuwing in Jeugbediening.* Pretoria: Engedi.

Walls, A. F. (2002). The Cross-CulturalProcess in Christian History. New York: Orbis Books.

Wright, N. T. (1992). The New Testament and the People of God. London: SPCK.

Zander, R., & Zander, B. (2000). *The Art of Possiblity.* Harvard Business School Press.